

Die Soutwaterheks

deur

Martyn le Roux

'n Oudiodrama soos nog nooit gehoor nie!

(belangstellendes wat teks wil koop, sien kontakbesonderhede van skrywer onder op hierdie bladsy)

Mans in Swart, 'n hond met lang ore, 'n kroeg, 'n storm op die see, die Tweede Wêreldoorlog, Nazi's, 'n duikboot, Vreemde Vlieënde Voorwerpe, beeldskone wesens uit die oseaan, talle geheime uit die see en 'n ernstige waarskuwing vir die mensdom ...dit alles kom in **SOUTWATERHEKS**.

DIE SOUTWATERHEKS is 'n **oudiodrama** uit die pen van multi-bekroonde skrywer **Martyn le Roux** wat bekend is vir sy uitsonderlike stories en radiodramas wat op RSG uitgesaai is en vele Mediatokennings en nominasies ontvang het.

SOUTWATERHEKS is opgeneem te **Pionier Studios Pionierdrukkery** te Worcester wat media vir **blindes** in Suid-Afrika verskaf.

SOUTWATERHEKS is 'n **totale nuwe** en heel ander konsep vir **radiodrama** en **teater vir die verbeelding** en is 'n **waterskeidings** produksie, een soos wat nog nooit plaaslik gehoor is nie.

Al die episodes van die oudiodrama word ook vergesel van **volkleur, hoë resoluë illustrasies** wat tonele uit die verhaal sal vertoon terwyl jy luister!

**Soutwaterheks KAN NOU GRATIS op YOUTUBE
geniet word!**

[Volg al 25 Episodes!](#)

Kopiereg berus by:

Martyn le Roux (e-pos: martyn@pcssm.co.za)

Die Soutwaterheks

deur

Martyn le Roux

'n Oudiodrama soos nog nooit gehoor nie!

Mans in Swart, 'n hond met lang ore, 'n kroeg, 'n storm op die see, die Tweede Wêreldoorlog, Nazi's, 'n duikboot, Vreemde Vlieënde Voorwerpe, beeldskone wesens uit die oseaan, talle geheime uit die see en 'n ernstige waarskuwing vir die mensdom ...dit alles kom in **SOUTWATERHEKS**.

DIE SOUTWATERHEKS is 'n **oudiodrama** uit die pen van multi-bekroonde skrywer **Martyn le Roux** wat bekend is vir sy uitsondelike stories en radiodramas wat op RSG uitgesaai is en vele Mediatookennings en nominasies ontvang het.

SOUTWATERHEKS is opgeneem te **Pionier Studios Pionierdrukkery** te Worcester wat media vir **blindes** in Suid-Afrika verskaf.

SOUTWATERHEKS is 'n **totale nuwe** en heel ander konsep vir **radiodrama** en **teater vir die verbeelding** en is 'n **waterskeidings** produksie, een soos wat nog nooit plaaslik gehoor is nie.

Al die episodes van die oudiodrama word ook vergesel van **volkleur, hoë resoluë illustrasies** wat tonele uit die verhaal sal vertoon terwyl jy luister!

**Soutwaterheks KAN NOU GRATIS op YOUTUBE
geniet word!**

[Volg al 25 Episodes!](#)

Kopiereg:

Martyn le Roux (e-pos: martyn@pcssm.co.za)

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 1:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. BELINDA TUTTON
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. HANS CLAASSEN
5. DANIE BRINK

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienommer

UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. KROEG ATMOSFEER BINNE. SEEMEEUE
KNARS BUIE IN VERTE. OSEAAN IN DIEP A/G.

1. HANS : Skink daar vir my nog een, Brinkie.
2. BRINK : Komaan oom Hans. Die son is skaars op.
3. HANS : (WEEMOEDIG) Vir haar sal dit 'n ewige donker watergraf wees... vir altyd.
4. BRINK : (SUG) Kan ek nie eerder vir oom 'n koppie koffie maak nie?
5. HANS : As ek koffie wou hê sou ek gevra het daarvoor.
6. BRINK : Wanneer het oom laas 'n ordentlike bord kos gesien?
7. HANS : Drank is ook kos.
8. BRINK : Magtig, Oom. Jy probeer nou al jare om jousef in 'n bottel te versuip. Ek moes oom al lankal afgesny het.
9. HANS : Is ek nie meer welkom in die Drie Ankers nie?
10. BRINK : (SUG) Die gesuip gaan haar nie terug bring nie.
11. HANS : Dit help my om te vergeet.
12. BRINK : Nege jaar lank? Dit lyk nie juis of dit help nie.
13. HANS : (EMOSIE) Sy sou vandag sewe-en-twintig gewees het.
14. BRINK : Dis haar verjaarsdag vandag? Ek het nie besef nie.
15. HANS : (EMOSIONEEL) Ek moes haar nooit daardie vervloekte dag op die boot geneem het nie. Dis my skuld dat sy dood is...
16. BRINK : Dit was 'n ongelukkige voorval. Dis al. Niemand het beheer oor die elemente nie.

1. HANS : Hulle het... Hulle het. Ek het hulle self gesien... in die water.
2. BRINK : Moet nou nie weer begin nie. Dit ontstel my klante.
3. HANS : Die waarheid is altyd ontstellend. Mense wil dit nie hoor nie.
4. BRINK : Ja, Oom. Maar daar's 'n plek en tyd vir alles.
5. HANS : Hulle het almal gevat, die dieptes in... Die storm ...
6. BRINK : Oom moet ophou met die spookstories.
7. HANS : (NOSTALGIES) Twintig jaar op die oseaan. Maar ek weet wat ek gesien het. Daar was geen sprake van stormweer nie – 'n skoon oop dag, nie 'n wolk in sig nie...
8. BRINK : Dit was 'n wonderwerk dat oom dit oorleef het. Niemand blameer oom vir wat destyds gebeur het nie.
9. HANS : Ek weet wat hulle agter my rug sê. Wat hulle dink. Dat dit Hans Claassen se skuld was dat die boot gesink het.
10. BRINK : Daar sal maar altyd skinderbekke wees, Oom.
11. HANS : Waarom het hulle dan my skippers ticket van my weg gevat, huh? My lewe het saam met haar in die diep oseaan gesink. (EMOSIE) Waarom het hulle my nie ook gevat nie!
12. BRINK : Kalmeer, Oom.
13. HANS : Hulle kan my maar "Crazy Captain Claassen" noem. Ek gee nie om wie my hoor nie. Ek was nie dronk nie. Nooit 'n druppel oor my lippe op die boot nie. Never!
14. BRINK : Sagter, Oom...

1. HANS : Ek weet wat ek daardie dag gesien het...wat my dogter en crew die dieptes ingetrek het...(STEM BREEK). Het ek jou al vertel? Wat gebeur het...daardie dag...het ek?
2. BRINK : Ja, oom Hans. Oor en oor. Nege jaar lank al... Ek's seker oom glo dat oom iets gesien het; maar sulke goed bestaan nie. Nie regtig nie. Dis net stories.
3. HANS : Stories? Hah! Hoekom dink jy het oorlede George Baker die *Calypso* so skielik eendag hernoem na die *Seeheks*?
4. BRINK : Ek weet nie, oom Hans.
5. HANS : Want hulle het dit ook gesien en niemand het **hulle** lisensies weggevat nie, het hulle?
6. BRINK : (SUG) Ja, oom, as oom so sê.
7. HANS : (BEWOË) Sy verjaar vandag... het jou al gesê?
8. BRINK : Ek gaan vir oom Hans sterk koffie maak en iets om te eet.
9. HANS : Nee, dankie. Skink daar vir my iets sterkers. Die dag is nog lank. Ek het baie om te probeer vergeet...

BYK: MUSIEKBRUG: DOOF NA GELUID VAN SEEMEEUE IN AGTERGROND. VISSERSBOTE EN HAWE GELUIDE. 'n MOTOR STOP OP VOORGROND. DEUR GAAN OOP EN KLAP TOE. VROULIKE VOETSTAPPE.

10. BELINDA : (VROLIK) Goeie môre, meneer Baker.
11. FRANS : (MOEG) Wat's so goed omtrent **dié** môre, Belinda?

1. BELINDA : Dis 'n pragtige dag en hier sit jy buite met 'n gesig wat lyk soos 'n pap wiel.
2. FRANS : En met goeie rede.
3. BELINDA : (LAG) Ai, Frans... ek bedoel... meneer Baker, wanneer gaan jy die ding baas raak.
4. FRANS : Ja, lag maar. Maar julle het geen idee hoe dit voel nie. Soos iemand wat jou binnegoed met 'n stomp lepel uitskep.
5. BELINDA : Ek weet. Jy sê dit elke jaar.
6. FRANS : En ek bedoel dit elke jaar.
7. BELINDA : Gelukkig is dit net een keer 'n jaar.
8. FRANS : Ja, daar's altyd iets om voor dankbaar te wees. (POUSE) En vee daai glimlag van jou gesig af, Belinda.
9. BELINDA : (PROESLAG) Jammer, maar jy moet erken dis baie ironies.
10. FRANS : (SUG) Ja, dit is seker so.
11. BELINDA : 'n Marinebioloog en die eienaar van *Baker en Seun Visserye* wat nie naby 'n boot kan kom nie.
12. FRANS : Ek kan nie help dat ek seesiek raak nie. Ek het 'n binne-oor probleem. Dis wat die dokter sê.
13. BELINDA : Wel, ek het die weervoorspelling fyn dopgehou. Julle behoort mooi weer, 'n kalm see en 'n rustige twee dae te hê.
14. FRANS : Great. Kan jy ook iets doen omtrent die boot se geskommel? Ek raak sommer naar as ek net daaraan dink.
15. BELINDA : Nee, maar ek het iets anders gebring wat kan help.

1. FRANS : Wat?

BYK: SKUD 'n PLASTIEK PILHOUER.

2. BELINDA : Seesiek pille. Met al die vitamine C vir binne-oor probleme!

3. FRANS : (NIE BEÏNDRUK) Die voriges het nie juis gehelp nie.

4. BELINDA : Ja, maar hierdie sal. Gewaarborg.

5. FRANS : Dis nie die see of die water wat my pla nie, dis daai deining van die golwe, die beweging van die boot... op en af —

6. BELINDA : (LAG) Stop. Jy's besig om jousef in 'n angsaanval op te werk, Frans... ek bedoel, Mnr. Baker.

7. FRANS : Jy kan my maar Frans noem, Belinda. Dis in die haak. Hoe lank is jy nou al by ons?

8. BELINDA : Drie jaar.

9. FRANS : Is dit al so lank? Voel soos gister toe jy hier aangekom het.

10. BELINDA : Ek voel bietjie ongemaklik om jou op jou naam te noem.

11. FRANS : Wel, jy hoef nie so te voel nie.

12. BELINDA : Dankie. Maar miskien moet ons maar hou by "meneer".

13. FRANS : Kyk, my pa was "meneer" Baker. Ek's die "Seun" gedeelte in *Baker en Seun Visserye*. Ek het nog nooit soos 'n "meneer" gevoel nie. 'n "Meneer" is iets met 'n das en baadjie en 'n lang stok in sy agterent op.

14. BELINDA : (LAG) Ek was nog nooit spyt dat ek aan jou deur kom klop het nie. Nie een dag nie.

15. FRANS : En ek's bly jy het. Ek kon nie vir 'n beter PA gevra het nie.

1. BELINDA : Dankie, Frans... ek bedoel, Meneer Baker.
2. FRANS : Nou ja, ek moet seker maar in my kantoor kom en my goed kry.
3. BELINDA : Ja, amper tyd om die visse te gaan voer... (PROES)
4. FRANS : (LAG) Ja, vryf dit maar in.
5. BELINDA : Kon dit nie help nie. Het jy al ontbyt gehad?
6. FRANS : Is jy sarkasties?
7. BELINDA : (ONDEUND) Miskien moet ons hierdie jaar se personeel funksie op een van die trawlers hou?
8. FRANS : Sal jy nou op hou.
9. BELINDA : (LAG) Kom ek gaan brou jou 'n lekker sterk koppie koffie in die kantoor en dan drink jy die eerste lot pille. Dit sal help voordat jy op die trawler moet klim.
10. FRANS : Wat sal ek sonder jou gedoen het.
11. BELINDA : (LAG) Meer visse gevoer het...

BYK: MUSIEKBRUG. DOOF NA FRANS SE KANTOOR.

12. BELINDA : Hier, neem twee pille nou.

BYK: KOPPIE WORD NEERGEPLAAS.

13. FRANS : Net twee?
14. BELINDA : Ja, vir nou. Drink een elke agt uur soos nodig.
15. FRANS : Ja, ma.
16. BELINDA : As ék jou ma was sou jy beter versorg gewees het. Jy kort 'n vrou om vir jou te sorg.

1. FRANS : Bied jy aan?
2. BELINDA : Stoppit, Frans. Raak ernstig. Drink jou pille.
3. FRANS : SLUK PILLE: En wat laat jou dink ek's nie ernstig nie?
4. BELINDA : Jy's vol draadwerk vanoggend. Buitendien, ek het 'n kêrel.
5. FRANS : (MOMPEL) Johnny Bravo...
6. BELINDA : Ekskuus?
7. FRANS : (KUG) Niks. Watter trawler neem ons uit? DRINK KOFFIE.
8. BELINDA : Die Seeheks.
9. FRANS : Dankie tog vir klein wonderwerke. As dit enige een van die kleiner kotskarre was, het ek dit nie gemaak nie. Hoe laat het Kearney gesê vertrek ons?
10. BELINDA : So sewe uur. Jy't nog 'n paar minute om jou seebene te vind voordat julle vertrek.
11. FRANS : Hopelik skop jou pille in voor daai tyd.
12. BELINDA : Jou oorpak en stewels is in die badkamer. En ek het 'n warm trui ingepak. Netnou kom jy weer half verkleum terug.

BYK: TELEFOON LUI.

13. BELINDA : Toemaar ek sal dit kry.

BYK: GEHOORBUIS WORD GELIG.

14. BELINDA : (VOLG) Frans Baker se kantoor. (POUSE) O, hallo Mev. Steenkamp. (POUSE) Nee, hy's al hier. (LAG) En hy lyk nie te sleg nie. (POUSE) Stuur hom gerus op. Dankie.

BYK: GEHOORBUIS NEER.

1. FRANS : Wie's dit?
2. BELINDA : Kearney is onder by ontvangs. Hy's op pad hiernatoe.
3. FRANS : Reg so. Jy en Mev. Steenkamp moet die fort hier hou.
4. BELINDA : Natuurlik, Frans. Mev. Steenkamp bedryf die plek soos 'n regiments-samajoor. Ontspan. Alles is in goeie hande.
5. FRANS : Ja, sy is ook al hier so lank as wat die maatskappy bestaan.
6. BELINDA : (LAG) Die plek sal nie in twee dae vergaan sonder jou nie.
Dis 'n lekker dag vir 'n seevaart. Gaan en geniet dit!
7. FRANS : Sê jy... nie my idee van 'n fun dag nie.

BYK: KLOP AAN DIE DEUR.

8. FRANS : Morning, Captian Kearney. Kom binne.
9. KEARNEY : Møre, Fransman!
10. FRANS : Møre, John.
11. BELINDA : Morning Kaptein Kearney.
12. KEARNEY : Møre Pretty Belinda. Magtig, meisiekind, jy raak elke dag mooier. Is jy seker jy wil nie met my trou nie?
13. BELINDA : (LAG) Hemel nog een. Wat is dit met julle twee vanoggend?
As dit nie die een is nie dan is dit die ander.
14. KEARNEY : (SKERTSEND) Ek dag ek is jou one and only. Ai, as ek darem net so dertig jaar jonger was...
15. BELINDA : (SPOTTEND) Dan het ek dit miskien oorweeg, Kaptein. Ek meen, watter warmbloedige vrou kan nou daai seemans baard weerstaan.

1. KEARNEY : (LAG) Nou maak jy 'n ou seehond se hart baie bly. Maar ek kan nie meer karre jaag nie; kan net op die stoep lê en blaf.
2. FRANS : Jy's glad nie só oud nie, Kearney.
3. KEARNEY : (SKERTSEND) En ook nie koud nie, hoor. Maar ek kan nog steeds 'n mooi girl op 'n afstand sien kom.
4. FRANS : En los nou my assistent voordat sy 'n sexual harrasment saak teen jou maak.
5. KEARNEY : Nog nooit gesien nie. Ek's soos 'n vaderfiguur vir haar. En sy's die dogter wat ek nog altyd wou gehad het.
6. BELINDA : (LAG) Net omdat ek jou verlede jaar 'n Vadersdag geskenk gegee het.
7. KEARNEY : Sien. Ek sê mos. (ERNSTIG) Het jy enige sukses gehad om jou biologiese ouers te kon opspoor, Belinda?
8. BELINDA : Nee, Kaptein. Maar dankie vir al julle hulp. Daai privaat speurder wat julle aanbeveel het, het regtig alles probeer, maar daar het niks van gekom nie.
9. FRANS : So jammer om dit te hoor, Belinda.
10. KEARNEY : Ek het regtig gehoop hy sou jou kon help.
11. BELINDA : Dis die meeste wat iemand nog vir my gedoen het om te help uitvind wie my ouers is. Maar julle is al familie wat ek regtig nodig het.
12. KEARNEY : Onthou net, ons is hier vir jou. Altyd.
13. FRANS : Ek sekondeer dit.

1. BELINDA : (AANGEDAAN) Ek weet. Dankie julle. Ek gaan loop voordat ek begin tjank. En Frans, onthou een pil elke agt uur.
2. KEARNEY : Ek sal sorg dat hy hulle drink. En ek sal hom in een stuk terugbesorg, met of sonder al sy binnegoed.
3. BELINDA : (LAG) Jy beter Kaptein, anders sit ons almal sonder werk.

BYK: KANTOORDEUR TOE.

4. KEARNEY : Dare'n jammerte daai né Hoe kon enige ouer so 'n mooi meisiekind soos sy verwerp het?
5. FRANS : Sommige mense is nou maar net nie bestem om ouers te wees nie.
6. KEARNEY : Ja, dit is seker so. Steeds. Om op 'n weeshuis se stoep agtergelaat te word soos 'n ou melkbottel.
7. FRANS : Wie weet wat die omstandighede was.
8. KEARNEY : Wel, sy's nou deel van óns familie. Ons sal vir haar sorg. So, as jy reg is, Fransman. Die *Seeheks* wag.
10. FRANS : Ek's bly dis die *Heks*. Sy dobber nie so rond soos 'n badprop nie. Kan jy nie self die voor-inspeksies doen nie –
11. KEARNEY : O, nee Bakertjie. Jy gaan nie so maklik ontglip nie. Dis jou vloot, jy's nou die baas. Doen jou "baas" ding.
12. FRANS : (SUG) Ek verkies om dit van agter my lessenaar te doen.
13. KEARNEY : Jammer, Mr Baker. Nie vandag nie. It's hands-on time.
14. FRANS : Is die bemanning al —

1. KEARNEY : All onboard and accounted for. Vaartplanne is gefile, toerusting gecheck, veiligheidsitems, GMDSS operasioneel, almal se tande geborsel. Net jy kort. Carpe Diem.
2. FRANS : (LAG) Carpe Diem. Reg so.
3. KEARNEY : Kom aan. Die son sit al hoog. Ons moet teen middernag lyn ingooi. Die blinklywe wag.
4. FRANS : Wat skep julle?
5. KEARNEY : (DRAMATIES) Merluccius paradoxus.
6. FRANS : Stokvis? So gedink.
7. KEARNEY : En miskien Monk en Kingklip as by-vangs.
8. FRANS : Wat sal ons doen sonder kerrievis en Kingklip. Genypterus Capensis. Lelikste blierie vis in die see.
9. KEARNEY : Bly om te sien die marinebioloog in jou is nog wakker.
10. FRANS : *Baker en Seun* is nou my lewe. My pa het sy lewe opgeoffer en te hard gewerk om die maatskappy te laat ondergaan.
11. KEARNEY : Jy moes een vir die team vat, Frans, en ons is jou almal dank verskuldig dat jy nie alles verkoop het nie.
12. FRANS : (GEDAGTE) Ek mis hom party dae, jy weet... My pa.
13. KEARNEY : Hy sou trots gewees het as hy jou vandag kon sien.
(OOMBLIK) All right, miskien nie **vandag** nie...
14. FRANS : (LAG) Toemaar, ek weet wat jy bedoel. Die hele Bloubaai weet ek's geen matroos nie.

1. KEARNEY : Ek staan jou vir 'n dop by die *Drie Ankers* as ons weer terug is op land. Kom Fransman, die *Seeheks* en die groot blou dam wag vir jou. Stap gerus voor.
2. FRANS : (SUG) "Kom ons gaan vang vis." sê die hengelaar vir die wurm...

BYK: MUSIEKBRUG SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

MIDDAG-VERVOLGVERHAAL

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 2:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. KAPT. JOHN KEARNEY
3. JANTJIES

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DOOF NA: DIE OOP SEE. BUIE. VROEGOGGEND. DIE SWAAR DREUN VAN GROOT DIESEL ENJINS. BEMANNING SE STEMME KAN IN A/G GEHOOR WORD. KOUE, SKERP WIND WAAI.

1. KEARNEY : Ek moet sê jy hou blooming goed, Fransman.
2. FRANS : Ek dink dis daai nuwe pille van Belinda. BLAAS IN HANDE:
Magtig, maar dis koud hier buite.
3. KEARNEY : Dis altyd op sy koudste net so voor sonop. Ek het lekker warm sop en brood daar binne. Voel jy al lus om iets te eet?
4. FRANS : Dankie. Ek dink ek sal iets in my lyf kan hanteer sonder om oor te kook.
5. KEARNEY : (LAG) Dalk is jy besig om jou seebene te ontdek.
6. FRANS : Ek twyfel sterk. Geniepsige wind. Kan byna nie meer my neus en ore voel nie.
7. KEARNEY : Die seisoen is besig om te draai. Die Agulhas bank sal nou begin opdroog. Teen somer behoort ons weer goeie vangste daar te kry.
8. FRANS : Hoeveel hoeke het julle in die water?
9. KEARNEY : Minder as gewoonlik, siende dat ons vroeg terugkeer.
Tussen 2000 en 4000. 15 KM lyn. Dit kan beter ge-bait word.
Werk die beste op die korter lyne. Die lang lyne vat langer om in te katrol en jy verloor ook heelwat vis met robbe en ander seediëre wat saam vreet.
10. FRANS : Diepte?

1. KEARNEY : Oh, so 350 to 400 meter vir die Kingklip. Die stokvis doen ons so op 150 tot 199 meter.
2. FRANS : Klink reg. Wel, alles lyk in die haak sover. Daar's nog 'n paar laaste toerusting checks wat ons moet saam doen.
3. KEARNEY : Ons kan dit doen na ons eers iets geëet het. Die bemanning gaan ook eers breakfast. Ons sal met eerste lig die vangs begin inbring. Ons behoort so teen skemer vanaand terug te wees by die huis as alles goed gaan.
4. FRANS : Uitstekend. Ons kan sommer die instrumente check doen terwyl ons op die brug is.
5. KEARNEY : Nou, ja toe. Kom ons gaan in. Tyd dat ek daai first mate van my gaan aflos. Hy's al ses ure aan die gang.

BYK: MUSIEKBRUG: OP BRUG VAN BOOT, BINNE. RADIO EN ELEKTRONIESE INSTRUMENTE. ENJIN EN BOOTGELUIDE IN A/G.

6. FRANS : Kan ek nog 'n koppie van daai groentesop kry, Kaptein?
7. KEARNEY : Hou jou koppie. SKINK IN KOPPIE: Dis kouer as 'n heks se neus daar buite. Goeie ding jy't daai lekker dik trui aan.
8. FRANS : Belinda se idee.
9. KEARNEY : Het **sy** dit ingepak? Ek dink sy hou van jou, Fransman.
10. FRANS : (LAG) Nee, ons is maar net goeie vriende. Ons het ge-click van die eerste oomblik wat sy in my kantoor ingestap het. Een van daai dinge, jy weet.

1. KEARNEY : Glo my. Daar's meer as net vriendskap daar.
2. FRANS : Dink jy regtig so?
3. KEARNEY : Natuurlik!
4. FRANS : BLAAS SOP: Ek sou nie omgee as dit so was nie, maar ek's bevrees dis nie die geval.
5. KEARNEY : Het sy daai trui vir jou gekoop uit haar eie sak?
6. FRANS : Ja. SIP AAN SOP: Sal haar moet terugbetaal.
7. KEARNEY : Dit sal nou stupid wees. Dis 'n geskenk, man.
8. FRANS : EET BROOD: Nee, ek dink dis meer 'n geval van sy's bang ek gaan dood van die koue en dan sit sy sonder werk.
9. KEARNEY : Is jy blind, Frans? Ek kan sien hoe sy na jou kyk. Dis die klein dingetjies, weet. Body language.
10. FRANS : (OOMBLIK) Regtig? Dink jy so?
11. KEARNEY : Ten four, Bakertjie. (LAG) **En** ek sien ook hoe jy na háár staar. So asof sy 'n painting is deur een van die groot meester.
12. FRANS : (LAG) Is dit so opsigtelik? Wel, dis moeilik om nié na haar te staar nie. Ek ken haar al drie jaar en ek staar steeds elke dag as sy instap.
13. KEARNEY : Ja. Sy het 'n onaardse skoonheid aan haar, het sy nie?
14. FRANS : SIP SOP Beslis. Daar's net iets omtrent haar... iets wat anders is, jy weet.
15. KEARNEY : Ek weet wat jy bedoel. 'n Spesiale vonk...

1. FRANS : Moet verskriklik wees om nie te weet wie jou ouers is of waar jy vandaan kom nie. Kan jy imagine.
2. KEARNEY : Ek dink haar ma moes 'n baie mooi vrou gewees het.
3. FRANS : Ek moet erken sy's die eerste vroumens wat my weer laat regop sit na Angelique se dood.
4. KEARNEY : Ek's bly om dit te hoor, Fransman. Jy het nodig om aan te beweeg. Jy raak nie jonger nie.
5. FRANS : Ek weet. Dis net so moeilik. Angelique was spesiaal.
6. KEARNEY : Ons het almal gedink julle twee sou eendag trou.
7. FRANS : (EMOSIE) Maak twee van ons. As sy nie daai dag op die verdomde boot geklim het nie...
8. KEARNEY : Ons beheer nie hierdie dinge nie, Fransman.
9. FRANS : Dit was haar 18de verjaarsdag. Ek het vir haar daai goue hangertjie gekoop...
10. KEARNEY : (SUG) Ja, ek onthou, die een met die dolfyn.
11. FRANS : Sy was mal daaroor.
12. KEARNEY : Dit was 'n tragedie wat ons dorpie nog lank nie van sal herstel nie. Soveel lewens is daardeur geraak... óf verwoes.
13. FRANS : Weet jy wat is vir my die ergste?
14. KEARNEY : Verlange? Jy mis die klein dingetjies?
15. FRANS : Nee. Daar's nie eens 'n graf waarby ek kan gaan staan of blomme opsit nie. Niks. Sy's iewers daar in die dieptes...
16. KEARNEY : (SUG) Ai, Frans.

1. FRANS : (EMOSIE) Ek sou graag vandag blomme op haar graf wou gaan sit het... as daar een was.
2. KEARNEY : (BESEF) Dis haar verjaarsdag vandag? En hier sleep ek jou rond in die oseaan op 'n inspeksie.
3. FRANS : Dis beter so. Dit hou my gedagtes besig.
4. KEARNEY : Claassen verdrink homself seker weer by die *Drie Ankers* vir die dag. Arme Brink het seker weer sy hande vol met hom.
5. FRANS : Dis 'n wonderwerk dat hy homself nog nie dood gedrink het nie. Ek het al opgegee op hom.
6. KEARNEY : Arme drommel. Dis 'n ander tragedie **daai**. Hoe oud sou sy vandag gewees het?
7. FRANS : Sewe-en- twintig. Ek sien haar nog steeds met haar fiets en die mandjies vol vis in die dorp ry. Sy's elke dag in my gedagtes. Elke dag...
8. KEARNEY : Sekere goed kan nie eens deur tyd genees word nie. Maar jy's ook al in jou dertigs. Jy raak nie jonger nie, tyd om slag 'n vrou te vat wat na jou kan omsien.
9. FRANS : Jy klink nou soos Belinda. Dis nie juis asof ons dorpie oorloop van moontlike hubare vrouens van my ouderdom nie.
10. KEARNEY : Komaan, Frans! Daar's een letterlik op jou voorstoep.
11. FRANS : Jy bedoel Belinda?
12. KEARNEY : (SARKASTIES) Nee ek bedoel moeder Theresa. Natuurlik!

1. FRANS : Dis nie so maklik nie.
2. KEARNEY : Ja, dit is. Hier's jy. Daar's sy. Vra haar uit. Make a date.
3. FRANS : Sy werk vir my. Ek's haar baas. Jy date nie jou personeel nie.
4. KEARNEY : Voëltjie stront! As jy moet, fire haar en maak haar jou vrou.
5. FRANS : (LAG) Ja, **dít** sal werk. (ERNSTIG) Ek's nie haar tipe nie.
6. KEARNEY : My armpit jy's nie!
7. FRANS : Het jy al mooi na haar gekyk? Sy's meer aktief as 'n kernkragentrale. As sy nie gim nie, hardloop sy kilometers ver, of swem en duik in die see rond.
8. KEARNEY : En jou punt is?
9. FRANS : Jy ken die storie van die haas en die skilpad?
10. KEARNEY : Ja, en?
11. FRANS : Ek's daai skilpad. Sy's die haas. Sy's 'n bondel energie en ek sit meestal op my gat. Al wat ons in gemeen het, is ons liefde vir die see en dat sy vir my werk.
12. KEARNEY : Ek dink jy is verkeerd.
13. FRANS : Buitendien, al sou ek 'n kans met haar staan, sy is reeds betrokke in 'n verhouding met daai ander vent.
14. KEARNEY : Ghmp! Jy bedoel daai narsistiese spierbol met die groot bek wat saam met haar by die Krismis party was verlede jaar?
15. FRANS : (LAG) Die einste. Sy hou van die super jocks.
16. KEARNEY : Hy so blerrie dom soos skottelgoedwater.

1. FRANS : (LAG) Vroumense hou van daai tipes. Spiere en tatoos. Ek verstaan dit nie, maar dis hoe dit is.
2. KEARNEY : Ek dink sy's slimmer as dit.
3. FRANS : Wel, sy's saam met "Stupid" en dis dit. Sy het al geluide gemaak van verloof raak.
4. KEARNEY : Wat? Brandende bloublasies! Wat sien sy in die stuk rooiaas. Ek was vyf minute in sy geselskap en het gevoel ek kon my kop in 'n trawler propeller in druk. Dit sou minder pynlik wees as om na die windgat te sit en luister!
5. FRANS : (LAG) Ek weet wat jy bedoel. Ek moes dit die hele aand aanhoor. "**My** horlosie" en "**my** kar" en "kyk vir **my**". Jý het vroeg geloop as ek reg onthou?
6. KEARNEY : Ek kon dit nie langer uithou nie. Dis soos om na 'n Karoo sonbesie te luister.(BEAT) Belinda is 'n baie intelligente meisiekind, wat sal sy in 'n stuk dryfhout soos daai sien.
7. FRANS : Wel, sy gim baie. Dis logies dat die gim die plek is waar sy ander mans sal ontmoet en 'n verhouding sal aanknoop. Soort soek seker maar soort jy weet.
8. KEARNEY : Nie in die geval nie. Hy pas glad nie by haar nie.
9. FRANS : Wel, sy's 'n volwasse vrou en kan haar eie keuses maak.
10. KEARNEY : Ja, maar moes sy nou wragtig die bottom van die gene-pool gaan staan en skraap het. Daar's iets omtrent daai vent wat my ontstig. Sy blerrie oë sit baie naby aanmekaar...

1. FRANS : Hoe sal ons nou weet. Hulle sê mos liefde is blind... en ook doof, in die geval.
2. KEARNEY : Miskien kom sy gou agter dat watsenaam nie vir haar bedoel is nie.
3. FRANS : (INGEDAGTE) Richard.
3. KEARNEY : Wat?
4. FRANS : Die swierbol. Sy naam. Dis Richard Fredericks.
5. KEARNEY : Richard? Soos die Engels, Dick?
6. FRANS : (PROES) Aye, Aye Captain.
7. KEARNEY : Gepaste naam vir hom. Ek verstaan nie hoekom enige iemand sy kind wil vernoem na iemand se privaatdele nie?
8. FRANS : (LAG) Give it a rest Kearney. Dis haar keuse.
9. KEARNEY : Solank jý nie 'n bloody bachelor sterf nie, Fransman.(BEAT)
Wil jy nog sop en brood hê?
10. FRANS : Nee, dankie. PLAAS KOPPIE NEER: Dit was lekker. Ek dink ek het al 'n halwe brood ingesit.

BYK: 'n TWEERIGTING RADIO KRAAK AAN EN AF TYDENS

VOLGENDE DIALOOG.

11. JANTJIES : (FILTER) Skipper! Skipper kom in.
12. KEARNEY : Wat is dit, Jantjies?
13. JANTJIES : (FILTER) Check jou stuurboord, Skipper.
14. KEARNEY : Hoekom?
15. JANTJIES: (FILTER) Op die horison. Sien jy dit?

1. KEARNEY : Hold on. Frans, gee my daai verkyker agter jou aan.
2. JANTJIES : (FILTER) Do you see it, Skipper? Op die horison.
3. FRANS : Hier, John. Wat's dit?
4. KEARNEY : Dankie, Frans. Nie seker nie. (OOMBLIK) Hmmm.
5. JANTJIES : (FILTER) Skipper?
6. KEARNEY : Ek sien dit, Jantjies.
7. JANTJIES : (FILTER) Dit lyk of dit in ons rigting kom en vinning.
8. KEARNEY : Hmm. Kan nie so duidelik sien nie. Wat is dit?
9. JANTJIES : (FILTER) Not sure, Skipper. Daai's nie bote nie.
10. FRANS : Wat sien jy, Kearney?
11. KEARNEY : Nie seker nie. Iets op die horison. Hier, kyk self.
12. FRANS : (OOMBLIK) Ek sien niks.
13. KEARNEY : Kyk net so links van die gantry.
14. FRANS : (OOMBLIK) Aha! Ek sien dit nou. Ek sien **twee** bewegings.
16. KEARNEY : Twee? Laat ek sien.
17. FRANS : Trawlers?
18. KEARNEY : Nee, ek dink nie so nie.
19. JANTJIES : (FILTER) Skipper come in.
20. KEARNEY : Yes, Jantjies.
21. JANTJIES : (FILTER) Ons gaan die catch begin haul.
22. KEARNEY : Dis reg. Bring die lywe in.
21. JANTJIES : (FILTER) Ten four, Skipper.

BYK: DIESEL ENJINS STOP. BEMANNING IN A/G.

ELEKTRIESE MOTORE. SEEMEEUE.

1. KEARNEY : Dit gaan 'n klompie ure vat om die vangs in te bring.
2. FRANS : Ek gaan so bietjie my oë rus daar op die bunk.
3. KEARNEY : Ek sal jou roep as ons op pad is. Ons kan die laaste checks op pad huis toe doen. Daar's komberse onder die bunk.
4. FRANS : Dankie, John.

BYK: TWEERIGTING RADIO KRAAK WEER AAN.

5. JANTJIES : (FILTER) Skipper! Skipper!
6. KEARNEY : Ja, Jantjies.
7. JANTJIES : (FILTER) Eyeball jy nog daai dots op die horison?
8. KEARNEY : Nee. Moet ek?
9. JANTJIES : (FILTER) Dit kom reguit die kant toe teen 'n snot spoed.
10. KEARNEY : Hang aan. (AAN FRANS) Frans, hang 'n oomblik.
11. FRANS : Sekerlik. Is daar fout?
12. JANTJIES : (FILTER) Daar's beslis twee, maar ek kan nog nie uitmaak wat dit is nie, ek jy het 'n beter POV op die brug, Skipper.
13. KEARNEY : Checking. Checking. (POUSE) Yep, daai's beslis nie bote nie. (POUSE) My magtig! Kan jy nou meer.
14. FRANS : Kearney?
15. JANTJIES : (FILTER) Skipper?
16. KEARNEY : Helikopters.
17. FRANS : Wat?

1. KEARNEY : Dis twee helikopters. Laag op die water.
2. JANTJIES : (FILTER) Come again, Skipper. Het jy gesê helikopters?
3. KEARNEY : Twee, ja.
4. FRANS : Hier op die oop see? So ver uit?
5. JANTJIES : (FILTER) Van waar?
6. FRANS : Sien jy 'n skip iewers?
7. KEARNEY : Nope. Niks.
8. FRANS : Wat de hel doen hulle hier? NSRI?
9. KEARNEY : Ek twyfel. (OOMBLIK) Daar was geen distress calls nie.
(VERPOSING) Ek kan hul nou beter sien. Dit lyk na militêre helikopters. Swart.
10. JANTJIES : (FILTER) Skipper ek kom op brug toe.
11. KEARNEY : Okay, Jantjies. (POUSE) Waarmee is hulle besig?
12. FRANS : Wat's aan die gang, Kaptein?
13. KEARNEY : Ek's nie seker nie. Hulle vlieg gevaarlik na aan die oppervlak.
14. FRANS : Vir wat doen hulle dit?
15. KEARNEY : Hel weet. Miskien iets in die water?
16. FRANS : Duikboot? Dalk 'n militêre oefening?
17. KEARNEY : Damn weird militêre oefening as dit is. Twee helikopters wat in sirkels beweeg teen spoed. (BEAT) Hier kom hulle!
18. FRANS : Daar! Ek kan hulle nou sien!

1. KEARNEY : (OOMBLIK) Boot! Daar's die boot. Ek sien haar nou. Dit volg die helikopters soos 'n hond uit die hel! En hulle pyl reguit op ons af!
2. FRANS : Dink jy hulle sien ons?
3. KEARNEY : Geen idee nie, dit lyk nie so nie, Fransman.

BYK: DEUR VAN DIE BRUG GAAN OOP. HELIKOPTERS

NADER OP A/G.

4. JANTJIES : (UIT ASEM) Skipper daai lot is op 'n collision course met ons en die haul is besig om in te kom Mr Baker!
5. KEARNEY : Is hulle blind! Jantjies! Klim op die sirene!
6. JANTJIES : I'm on it, Skipper.

BYK: SKEEP SE SIRENE BLAAS VYF KEER LUID.

7. FRANS : Hulle jaag beslis iets in die water! Ek kan nie sien wat nie.
8. KEARNEY : Hang aan, Frans. Ek hou nie hiervan nie Not one bit.
9. JANTJIES : (ANGSTIG) Hulle respond nie, Skipper!
10. KEARNEY : (VIES) Ek kan sien, Jantjies. Ek's nie blind nie.
11. JANTJIES : Probeer die PAS, Skipper.
12. KEARNEY : Goeie idee.

BYK: PUBLIC ADDRESS SYSTEM SKAKEL AAN.

13. KEARNEY : (OOR LUIDSPREKER) This is Captain John Kearney on the South African fishing vessel, Sea Witch. Unidentified vessel, please acknowledge. You're on a collision... (course with us)
(BREEK)

BYK: 'n HELIKOPTER SNY LAAG OOR DIE BRUG MET

SKREEUENDE ROTORS EN VERVAAG.

1. KEARNEY : Bliksems! Waar het dáái donner vandaan gekom!
2. FRANS : Shit! Dit was naby. Daai rotors het amper die Radiomas weg
gevat! Hel!
3. KEARNEY : Bloody cowboys! (GIL) Ek gaan julle rapporteer!
4. JANTJIES : Daai chopper het van die agterskip af gekom.
5. FRANS : Ek sien geen kentekens nie. Dis nie militêr nie!
6. JANTJIES : En hulle is tot die tande toe gewapen! Did you see, Mr
Baker! In the door of that chopper!
7. FRANS : Wie de hel ís hierdie mense?
8. KEARNEY : Slaan my met 'n pap snoek... maar dis moeilikheid. Glo my!
9. JANTJIES : Hier kom daai chopper weer terug, Skipper! (OOMBLIK) En
hy kom reguit op ons af!

BYK: HELIKOPTER KOM DREIGEND NADER.

MASJIENGEWEERVUUR KNETTER OOR DIE BOOT.

SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGINGS:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 3:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. KAPT. JOHN KEARNEY
3. JANTJIES

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DOOF NA: NOG 'N HELIKOPTER SNEL OOR DIE BOEG,
'n HARDE SLAG GEVOLG DEUR 'N VREEMDE
SUPERSONIESE KLANK WORD GEHOOR.
VENSTERGLAS SPAT EN BREEK OP DIE BRUG.

1. KEARNEY : Is hulle gek! Waarop skiet hulle!
2. FRANS : Dit was naby.
3. KEARNEY : Te naby.
4. FRANS : My ore! Magtig! Wat was dit daai!
5. JANTJIES : Ek dink daai was 'n diepte bom.
6. KEARNEY : Daai was geen diepte bom nie. Dit het ons coms uitgeslaan,
kyk! Dammit!
7. FRANS : Kan hulle nie sien ons is hier nie. Is hulle blind! Hulle het ons
amper getref!
8. KEARNEY : Daai is beslis nie See Redding nie.
9. FRANS : Ook nie militêr nie. En dis geen oefening nie...
10. JANTJIES : Wat wil hulle hê?
11. KEARNEY : Ek dink nie hulle wil **óns hier** hê nie.
12. FRANS : En wat die duiwel jaag hulle in die water. Kyk!

BYK: **HELIKOPTER HUIWER NABY. LUIDSPREKER. STEM**
MET DUITSE AKSENT : “FISHING TRAWLER ZEE HEKS,
EVACUATE THIS AREA IMMEDIATELY. YOU ARE
TRESPASSING IN INTERNATIONAL WATERS!

1. KEARNEY : International waters! My gat!
2. FRANS : Kearney, miskien moet ons pad gee.
3. KEARNEY : Dis blerrie belaglik! (OP SKEEP LUIDSPREKER) (FILTER)
This is Captain John Kearney of the Sea Witch. Please
identify yourself! (STILTE)

BYK: **HELIKOPTER LUIDSPREKER WEERGALM WEER.**
“FISHING TRAWLER ZEE HEKS, EVACUATE THIS AREA
IMMEDIATELY. YOU ARE TRESPASSING IN
INTERNATIONAL WATERS!

4. KEARNEY : (SWETS) Bloue bliksems! Is hulle doof!
(GIL OOR LUIDSPREKER)(FILTER) Identify yourself!
5. FRANS : Kearney, los dit. Kry ons net hier weg. I have a bad feeling!
6. KEARNEY : Daar’s reëls en regulasie! Hulle het ons koms uitgeslaan met
hulle stront! Wie de hel dink hulle is hulle?
7. FRANS : (DRINGENDER) Kry ons hier weg, Kaptein. Nou!
8. KEARNEY : Maar, Frans...hulle kan nie dit doen nie!
9. FRANS : (ANGSTIG) Hulle het so pas, John! Laat ons nie uitvind wat
hulle nog kan doen nie. Kry ons hier weg!
10. KEARNEY : Suffering sea snakes!

1. FRANS : Kyk na die helikopter wat aan ons stuurboord hang,
Kearney!
2. KEARNEY : (RAMMEL VOORT) Ons is **nie** in internasionale waters nie...
en ek gaan nie dat een of ander Yahoo...
3. FRANS : **Kearney! Kyk!** In die deur van die helikopter. Sien jy dit!
4. KEARNEY : (OOMBLIK) Damn...daai's 'n... (BREEK)
5. JANTJIES : ...vyftig kaliber gatling masjiengeweer...Jees. Ek het al een
van daai op die Tube gesien...
6. FRANS : En dis op ons gerig. (DRINGEND) Kry ons hier weg,
Kearney!
7. JANTJIES : Twaalf sekondes van daai ding en ons is viskos, Skipper.
8. KEARNEY : Wie **is** hierdie mense? Verdomp, hulle het geen reg nie!
9. FRANS : Ek het geen idee nie en ons gaan nie wag om uit te vind nie.
10. KEARNEY : Maar wat van die vangs?
11. FRANS : Sny dit...
12. JANTJIES : Dis 'n klomp geld, Mr Baker. Is jy seker?
13. KEARNEY : Frans?
14. FRANS : Doen dit! As ons hier gesink word sal ons net nog 'n tragiese
storie word om in 'n kroeg te vertel. Daar sal geen haan
daarna kraai nie. Vermis ter see...
15. KEARNEY : Dis jou boot Frans. Jy's die baas. Jantjies, jy't hom gehoor.
16. JANTJIES : Aye, aye, Skipper. Ek sal die bootsman gaan sê.

BYK: DEUR VAN BRUG OOP EN WEER TOE. DIE
HELIKOPTER SE LUIDSPREKERSTELSEL WEERGALM
WEER. STEM : "FISHING TRAWLER ZEE HEKS,
EVACUATE THIS AREA IMMEDIATELY. YOU ARE
TRESPASSING IN INTERNATIONAL WATERS! THIS IS
YOUR FINAL WARNING!

1. KEARNEY : (VIES) Ja, ja ons hoor jou, jou miserabele misbaksel.

BYK: DEUR OOP EN WEER TOE. HELIKOPTER DREUN
STEEDS NABY BUITE.

2. KEARNEY : **lemand** gaan hiervoor betaal. Ek gaan dit beslis rapporteer.

3. FRANS : Wie gaan jy rapporteer, John?

4. KEARNEY : Daai blikemmers daar buite...(BESEF) Verbrands! Jy's reg.

5. FRANS : Presies. Kry ons hier weg!

6. KEARNEY : Hoe lank gaan daai swart brommer nog daar hang?

7. FRANS : Hulle maak seker ons gee pad.

8. KEARNEY : Ek dink ons het iets gesien wat ons nie moes nie.

9. FRANS : En hulle soek nie enige ooggetuies nie.

10. KEARNEY : Hulle lyk na die tipe wat jou hart en longe sal skenk vir navorsing.

11. FRANS : Waarna soek hulle so in die water? Vis?

12. KEARNEY : Bloody vreemde manier om vis te wil vang.

13. FRANS : Geen kentekens. Nie eens op die boot nie. Niks.

14. KEARNEY : Spoke.

1. FRANS : Hoe nou?
2. KEARNEY : Spooks. Donker Ops. Spesiale magte. Geheimediens of iets ergers. Dis wat ek dink.
3. FRANS : In die middel van die oseaan? Hier? Opsoek na wat?
4. KEARNEY : Geen idee nie. Maar dit lyk of hulle dit verloor het. Kyk...
5. FRANS : Ja, ek sien. Wat dit ook al was, is weg.
6. KEARNEY : Vlieg rond in sirkels soos dronk torre.

BYK: **‘N SARSIE MASJIENGEWEER VUUR EN DAN ‘N**
TWEEDE KNAL EN SUPERSONIESE KLANK OP
AFSTAND.

7. KEARNEY : Maria en Josef! Daar gaat hulle alweer. Wat die hel is daai wapen wat hulle gebruik? Ek het nog nooit so iets gesien nie.
8. FRANS : Ek kon daai een deur die romp van die boot voel tot in my voete. Kry ons hier weg voordat hulle besluit om dit op ons te toets.
9. KEARNEY : Ek hoop die Walkie Talkie werk nog. (OP HANDRADIO)
First mate, first mate. (STILTE) Jantjies! Kom in!

BYK: **RADIO KRAS AAN.**

10. JANTJIES : (RADIO FILTER) Jantjies here, Skipper.
11. KEARNEY : (VERLIG) Dank Poseidon... Hoe ver is julle?
12. JANTJIES : (RADIO FILTER) Nog 'n paar minute. Die crew is moeilik.
Hulle wil weet wat aangaan. Wat vertel ek hulle?

1. KEARNEY : Niks. Sê hulle moet hul gatte in rat kry dat ons hier kan weg kom! Ek het 'n slegte gevoel op die krop van my maag.
2. FRANS : (ANGSTIG) Kearney...
3. JANTJIES : (RADIO FILTER) Okay, Skipper. Ek maak so.
4. FRANS : (ANGSTIGER) Kearney!
5. KEARNEY : (IN RADIO) Hang on, Jantjies. (AAN FRANS) Frans? Wat's fout?
6. FRANS : Kyk! Die water! Die see!
7. KEARNEY : Wat?
8. FRANS : Die see. KYK! Die golwe. Sien jy dit! Wat de hel gaan aan?
9. KEARNEY : (BANG) Oh dear lord...
10. FRANS : Sien jy dit? Die kleur! Die water se kleur! Die golwe.
11. KEARNEY : (PANIEK) (OP RADIO) Jantjies! Jantjies! Come in!
12. JANTJIES : (RADIO FILTER) Hier, Skipper.
13. KEARNEY : (PANIEK) STORM DRIL! Maak gereed vir 'n STORM DRIL!
14. JANTJIES : (RADIO FILTER) Wat? Skipper? Waarvan praat jy?
15. FRANS : John? Wat gaan aan? Watse storm?
16. KEARNEY : Kry almal op hul stations, Jantjies! Nou! DOEN DIT!
17. JANTJIES : (RADIO FILTER) Storm? Is dit 'n dril, Skipper?

BYK: SKEEPSALARM WORD GELUI VIR 10 SEKONDES

18. KEARNEY : DOEN WAT EK SÊ! Secure alles! Doen dit nou!
15. JANTJIES : (RADIO FILTER) Maar daar's geen storm waarskuwings nie, Skipper... Waar's die storm? Ek sien niks.

1. KEARNEY : (GIL) Doen wat ek sê! Immersion suits! Nou! Maak gou!
2. JANTJIES : (FILTER) Aye, Skipper.
3. KEARNEY : (SKEEPSLUIDSPREKER) Aandag! Aandag! Dis Kearney.
Brace vir storm. This is not a drill! I repeat, this is not a drill!
Bly weg van enige metaal voorwerpe of relings. Strap in! En
bid...

BYK: SKEEPSBEMANNING STEMME OP DEK. PANIEK.

HELIKOPTER Vlieg oor en in agtergrond in.

4. FRANS : Kearney! Wat is aan die gang?
5. KEARNEY : Moeilikheid, Frans! Groot moeilikheid!
6. FRANS : Waarvan praat jy, Kearney?
7. KEARNEY : Dis die water! Ek het dit al voorheen gesien! Die vader help
ons! Dis in die water! Dis in die water, Frans.
8. FRANS : Wat! Wat's in die water? Kearney! Magtig! Praat met my!
9. KEARNEY : Soos baie jare terug... Doen wat ek sê!
10. FRANS : Verdomp, John! Kalmeer! Waarvan praat jy?
11. KEARNEY : Trek jou PFD aan en gespe in, Frans. Maak gou!
12. FRANS : Nie voordat jy my sê wat de hel aan die gang is nie.
13. KEARNEY : Daar's nie tyd nie! Doen dit net, asseblief! Ons kan nie eens
'n distress stuur nie!
14. FRANS : Waarom het jy die boot op alert geplaas? John!
15. KEARNEY : Dit begin. Sien jy dit!

1. FRANS : (BESEF) My aarde... hoe is dit moontlik... Waar het die digte mis so skielik vandaan gekom? Wat de hel...
2. KEARNEY : Trek jou jacket aan, Frans! Dit gaan vinnig kom...
3. FRANS : TREK AAN: Ek het geen idee waarvan jy praat nie, maar iets baie eienaardig is besig om in die water te gebeur.
4. KEARNEY : (PANIEK) Hier kom dit...
3. FRANS : Liewe hemel... die golwe! Die golwe!! Kearney! Wat is besig om te gebeur!

BYK: GEWELDIGE GOLWE EN STORM WIND BEGIN SKIELIK TEEN DIE BOOT SLAAN. HELIKOPTERS KAN NOG IN AGTERGROND GEHOOR WORD.

4. KEARNEY : (OP RADIO, DRINGEND) Jantjies! Ek gaan vertrek! Strap in! Strap in!
5. FRANS : (VERSTOM) Die see... As ek dit nie met my eie oë sien nie sou ek dit nie glo nie... heilige hemel.... hoe is dit moontlik?
6. KEARNEY : Jy het nog niks gesien nie... hang on!
7. JANTJIES : (OOR RADIO)(FILTER) All secured Captain! Skipper, how did you know...Skipper! Kan jy my hoor! Skipper!

BYK: WIND IS OORVERDOWEND EN GEWELDIGE GOLWE SLAAN OOR DIE BOOT. BEMANNING WAT SKREE EN BEVELE GEE IN A/G. 'N HARDE DONDRSLAG KNAL NABY DIE BOOT. ELEKTRISITEIT KRAAK EN SISSEL OOR BOOT GEVOLG DEUR NOG BLIKSEMSLAE.

1. FRANS : (SKREE TEEN WIND) Kearney! Wat gaan aan!
2. KEARNEY : Elektriese storm! Moet nie aan enige metaal raak nie! Sit.
Hou vas en strap in. Hier gaan ons!

BYK: Kragtige Diesel Enjins Skop in en Dreun Teen

DIE STORM WAT OORVERDOWEND WOED EN WAAI.

3. FRANS : (SKREE IN PYN) Eina,donner! My kop!
4. KEARNEY : Frans! Strap in! Hold on! God help us! Sit Down!
5. FRANS : Kearney! Hoekom gebeur dit! Ek verstaan nie!
6. KEARNEY : (SKREE) Ek weet wat hulle in die water jag, Frans!
5. FRANS : (SKREE TEEN WIND) Wat is daar buite!
6. KEARNEY : (SKREE) Hulle het hulle kwaad gemaak!
7. FRANS : (SKREE) Waarvan praat jy!

BYK: Nog Harde Donderslae Skud die Omgewing. 'N

HELIKOPTER ENJIN SKREE TEEN 'N Hoë

TOONHOOGTE VERBY GEVOLG DEUR 'N HARDE SLAG

EN 'N ONTPLOFFING. STORM WOED VOORT.

8. KEARNEY : (SKREE) Daar gaan hul eerste helikopter! Jy bloei, Frans!
9. FRANS : (SKREE) Dis niks! KEARNEY! Antwoord my!
10. KEARNEY : (SKREE) Jy **weet** alreeds wat in die water is, Frans!
11. FRANS : (SKREE) Wat?
12. KEARNEY : (SKREE) Jare gelede. Ek en jou pa op die oop see.
13. FRANS : (SKREE) Jy bedoel... Dis nie nou tyd vir grappies nie!
14. KEARNEY : (SKREE) Seehekse, Frans! Dis seehekse! In die water.

1. FRANS : (SKREE) Is jy mal! Daar bestaan nie sulke goed nie!
2. KEARNEY : (SKREE) Kyk om jou heen! (LAG HISTERIES) Kyk Frans!
Hoe verklaar jy dit alles!
3. FRANS : (HARD) Ek dink ek gaan naa raak!

BYK: WALKIE TALKIE KRAAK AAN.

4. JANTJIES : (SKREE OOR RADIO)(FILTER) Skipper! Skipper!
Stuurboord! Kyk aan jou stuurboord!
5. KEARNEY : Hier kom dt! (IN RADIO) Jantjies! Get to cover now!
6. JANTJIES : (BID, PANIEK) Ons Jirre wat in die heaven is.... (BREEK)

**BYK: WIND EN GOLWE ORKAAN STERKTE. DIE BOOT SE
ENJIN SKREE VERBETE TEEN DIE ELEMENTE. DAN
WORD HARDE KLAP GELUIDE GEHOOR SOOS
MASSIEWE STUKKE YS DIE BOOT BEGIN TREF.**

7. FRANS : Hael bakstene! Lewendige hel! Die boot! Die boot!
8. KEARNEY : Ek probeer my bes om haar te red, Frans! Ek probeer. Die
Heks sal dit kan vat!
9. FRANS : Nee, nie die Heks nie! Ek bedoel die swart boot! Kyk! Die
maalkolk! Liewe jirre, Kearney, KYK!
10. KEARNEY : Hulle het nie 'n kans nie! Hang aan!
11. FRANS : Waar's die ander twee helikopters?
12. KEARNEY : Een het agter die deining verdwyn.
13. FRANS : Kry ons weg van daai maalgat af, Kearney!
14. KEARNEY : Ek probeer! Ons is op volle krag! Sy kan nie meer nie!

1. FRANS : Gee haar alles wat jy het! Dis 'n blerrie nagmerrie!
2. KEARNEY : Probeer weer die radio! Ek het my hande vol met die stuur!

BYK: KLIK KONTROLES. SKAKEL AAN.

3. FRANS : Mayday! Mayday! Mayday! (STILTE) This is fishing vessel
The Sea Witch from Hout Bay, we are a 150 nautical miles
due West off the South African coast, GPS co-ordinates...
(BREEK)

BYK: STATIESE GERAAS.

4. FRANS : Dis nodeloos, Kearney! Dis dood.
5. KEARNEY : Ons gaan nie onder sonder 'n fight!
6. FRANS : Hoe baklei jy teen 'n monster soos daai!
7. KEARNEY : Hold on! Monster golf aan die kom! Hou vas, Frans!

BYK: 'n GEWELDIGE GOLF BREEK OOR DIE BOOT. BOOT

KRAAK EN KREUN. DIE STORM WOED VOORT IN

ALLE GEWELD. ENJIN DREUN. HAEL.

8. KEARNEY : Bliksems dit was close! Jy okay, Frans! Jou kop. Jy bloei
sleg.
9. FRANS : Ek's fine, John. Die bemanning?
10. KEARNEY : (OP HANDRADIO) Jantjies! Jantjies Come in! Kan jy my
hoor?
11. JANTJIES : (FILTER RADIO) Here, Skipper!
12. KEARNEY : Rapport! SITRAP!

1. JANTJIES : (FILTER RADIO) We're not taking on any water, Skipper.
2. KEARNEY : Crew!
3. JANTJIES : (FILTER RADIO) Niemand oorboord nie! Die boot vat 'n knock Skipper, maar sy float nog goed. Vir nou!
4. KEARNEY : Dank die gode daarvoor. Enige tekens van ons besoekers?
5. JANTJIES : (FILTER RADIO) Nee, Skipper. All gone!
6. FRANS : (SKREE OOR LAWAAI) As hierdie duiwelse storm net wil bedaar! Ek dink nie die boot kan veel meer vat nie!

BYK: DIE WIND BEDAAR SO SKIELIK AS WAT DIT GEKOM

HET. DIE HAEL VAL MINDER EN HOU SKIELIK OP.

GOLWE EN BRANDERS RAAK KALMER .

7. KEARNEY : (VERLIG) Magtig! Dit klaar op!
8. FRANS : Dank die gode!
9. KEARNEY : Dit lyk of hulle jou gehoor het, Frans!
10. FRANS : Komaan, Kearney. Daar's niks wat my "gehoor" het daar buite nie. Dis bloot toeval.
11. KEARNEY : (SNORK) Toeval my gat!
12. FRANS : Dis net 'n frats storm. Ek dink dis wat ons getref het.
13. KEARNEY : Seehekse, dis wat ons getref het... jy het dit sopas aanskou!

BYK SWAAR DONDERWEER RAMMEL WEG IN DIE VERTE.

14. FRANS : Ek het niks gesien nie, Kearney. Net water.
15. KEARNEY : (OPGEWONDE) Ek sê jou hulle is daar buite! Trust me!

BYK: HIPNOTIESE, PRAGTIGE MELODIEUSE VROUESTEM

WEERGALM LUID OOR DIE SEE.

1. FRANS : Wat de hel was dit?
2. JANTJIES : (GIL OOR RADIO)(FILTER) SKIPPER! KYK OP DIE DEK!!

BYK: OPGEWONDE BEMANNING STEMME IN AGTERGROND.

3. KEARNEY : Jantjies? Wat de hel gaan nou aan?
4. JANTJIES : (RADIO. FILTER) CAPTAIN KEARNEY SIEN JY DIT!
5. KEARNEY : Wat nou — (SKOK) Jumping jelly fish!
6. FRANS : (VERDWAAS) JOHN! Onder op die dek! Sien jy dit!
7. JANTJIES : (OOR RADIO) Sê my julle sien haar ook! Asseblief! Iemand!!
8. KEARNEY : (VERDWAAS) Ek sien haar, Jantjies... Ek sien haar... heilige bamboes...I see her...
9. JANTJIES : (STERK EMOSIE)(FILTER) Oh hell captain...hulle is regtig...it's real...they are real! Shit! Kyk...
10. KEARNEY : (EMOSIE) Ek sien haar... So pragtig...Sien jy haar, Frans?
11. FRANS : (GEHIPNOTISEER) Ek sien dit, maar ek glo dit nie...Hemel en aarde... die stories is waar... dis waar...
12. KEARNEY : Sien is glo, Frans...
13. JANTJIES : (OOR RADIO/ FLUISTER) Skipper, wat moet ons doen!
14. KEARNEY : (IN RADIO) Keep your distance... bly weg van haar...
15. FRANS : (IN TRANS) Nooit in my lewe sou ek kon dink... my hemel...

BYK: 'n PRAGTIGE ROEP WEERGALM OOR DIE SEE.

13. KEARNEY : Damn! Daar gaan sy! Sy's in die water! Look at her go!

1. JANTJIES : (FILTER) Sy's gone. Skipper? (STILTE) Skipper is jy daar?.
2. KEARNEY : (EMOSIE) Ek's hier, first mate...ek's hier...net- net...
3. JANTJIES : (FILTER) Daai was 'nHel, Skipper — Seeheks...
4. KEARNEY : Ek weet, Jantjies.... ons almal het haar gesien...
5. FRANS : (BETOWER) Dis geen seeheks nie...
6. KEARNEY : Komaan, Baker! Magtig! Jy't haar ook gesien het jy nie? Sy was daar op die dek in lewende lywe!
7. FRANS : (BETOWER) Ek weet. Ek bedoel... sy is nie 'n heks nie. See – engel, dis 'n see-engel. Wonderskoon. (OOMBLIK) Het jy dit ook gehoor, Kearney?
8. KEARNEY : Die geluid wat sy gemaak het? Ja.
9. FRANS : Nee, nie dit nie... Net voordat sy in die water verdwyn het... Ek het dit duidelik gehoor... duidelik...
4. KEARNEY : Wat? Waarvan praat jy? Wat het jy gehoor?
5. FRANS : My naam... Sy het my op my naam geroep, John...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 4:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. KAPT. JOHN KEARNEY
3. HANS CLAASSEN
4. DANIE BRINK
5. JANTJIES

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. DRIE ANKERS KROEG: BINNE.
KROEGGELUIDE. GEDEMPTE STEMME EN MUSIEK.**

1. KEARNEY : Kan ons nog 'n rondte kry, Brinkie.
2. BRINK : Dit sal die laaste een moet wees. Dis byna toemaaktyd.
3. FRANS : Dankie, Brink. Nog een dan sal ons uit jou hare wees.
4. BRINK : Wat hét daar buite gebeur? (STILTE) Julle lyk of julle die Vlieënde Hollander gesien het.(BEAT) Frans?
5. FRANS : (ONSEKER) Jy kan seker so sê...
6. BRINK : Hoe nou?
7. KEARNEY : Frans is net moeg. (ONTWYKEND) Niks het gebeur nie.
8. BRINK : Daai trawler van jou wat daar in die dokke lê, lyk nie na "niks- wat- gebeur- het- nie".
9. FRANS : (SUG) Ons kan hom seker maar vertel. (BEAT) Kaptein?
10. KEARNEY : (HUIWER) Hoe minder weet hoe beter. Dis veiliger.
11. JANTJIES : Ons het 'n vote geneem, Mr Baker.
12. FRANS : Ek weet, maar dis, Danie. Ons kan hóm sekerlik tog vertel.
13. BRINK : Okay, nou het julle my amptelik nuuskierig gemaak.
14. KEARNEY : Fine met my, Fransman, as jy dink dis veilig.
15. JANTJIES : Ek het nie 'n probleem daarmee nie, Mr Baker.
16. BRINK : Vertel. STOEL NADER EN SIT: Of ek sny julle supply af.
17. FRANS : Ons wás in 'n storm. Een moeder se storm...
18. BRINK : Dit weet ek reeds. Maar hoe is dit moontlik?
19. JANTJIES : Van nowhere af, Mr Brink. Uit die bloute.
20. BRINK : Hoe is dit moontlik?

1. FRANS : (MOMPEL) Vrek weet...
2. JANTJIES : Soos die Bermuda Triangle... UFO's...weird goed.
3. BRINK : Wat? Waarvan praat julle?
4. KEARNEY : (HUIWERIG) Jy sal ons nie glo nie, al vertel ons jou.
5. JANTJIES : Ek was dáár en ék kan dit steeds nie glo nie.
6. FRANS : Maak twee van ons.
7. KEARNEY : Ons het hulle ook gesien... Frans se pa en ek, jare gelede.
8. JANTJIES : (OPGEWONDE) Ons almal het dit gesien. Die hele crew het dit gesien...op die dek...reg voor ons oë...
9. KEARNEY : (GEDEMP) Praat sagter, Jantjies. En sit.
10. FRANS : Hou op om haar 'n "dit" te noem. Sy is nie 'n "dit" nie.
11. BRINK : Haar? Sy? Ek kry die gevoel julle praat nie van die storm nie.
12. KEARNEY : Die storm...ja,en dit wat **in** die storm was.
13. BRINK : (HUIWERIG) Praat julle waarvan ek dink julle praat?
14. KEARNEY : Waarvan dink jy praat ons, Brink?
15. BRINK : Waarvan Claasen altyd praat. Julle weet... Die stories.
(VERSIGTIG) Van... (OOMBLIK) Seehekse?
16. KEARNEY : Vra jy ons, of sê jy?
17. BRINK : (LAG SENUAGTIG) Is julle ernstig? (BEAT) Julle **is** ernstig?
18. JANTJIES : Dink jy **óns** het daai trawler self so verniel, Mr Brink?
19. BRINK : (ONGELOWIG) Magtig. Julle **is** wragtig **ernstig**.
20. KEARNEY : Bring ons bestelling, Danie. Ons het **ernstig** drank nodig.

1. BRINK : Ek dink ek ook. Ek bring. Dis op die huis, maar ek wil alles hoor. (BEWEEG WEG) Details. Ek's nou terug.
2. JANTJIES : (SAG) Doen ons die regte ding? Ons het ons eie mense verbied om iets te sê. Nie eens vir hul families nie...
3. FRANS : Ons kan nie nou terug trek nie. Danie is okay.
4. KEARNEY : Damn. Moet nie nou kyk nie, maar hier kom Claassen.
5. FRANS : Waar kom **hy** nou vandaan, **die** tyd van die aand.
6. KEARNEY : So pas by die deur ingestap.
7. FRANS : Moet hom niks aanbied om te drink nie.
8. HANS : (NADER, ANGSTIG) Hier's julle. Julle **moét** almal vertel!
9. FRANS : (VRIENDELIK) Hallo oom Hans. (DOM) Wat bedoel, Oom?
10. HANS : Almal moet weet. Hulle wil **my** nie glo nie, Hulle sal **julle** glo.
11. KEARNEY : (DOM) Waarvan praat jy, Hans?
12. HANS : Julle het **hulle** gesien, het julle nie? (HARDER) Het julle nie?
13. KEARNEY : Ons weet nie waarvan jy praat nie.
14. HANS : (EMOSIE) Frans. Terwille van Angie se nagedagtenis. Stop die bulldust! Ek het die Seeheks gesien... Julle fool my nie.
15. FRANS : Oom, Hans ek —
16. CLASSEN : Julle het dit oorleef... Ek weet wat gebeur het...
17. KEARNEY : Hans, kalmeer. En sit down before you fall down!
18. FRANS : (SUG) Oom, Hans. Kom sit hier. Jantjies maak plek.
19. JANTJIES : Ja, natuurlik. Kom sit hier, Skipper Claassen.
20. CLASSEN : Dankie, Jantjies. SKUIF STOEL IN En moet my nie "skipper" nie. Daai perd het lankal gehardloop.

1. JANTJIES : Jammer, Skipper... Ek bedoel Mr.Claassen. Ou gewoontes.
2. KEARNEY : Sorry, Hans. Ek het nie bedoel om jou kettings te trek nie.
Nie na wat jy deurgemaak het nie.
3. CLASSEN : Ek weet almal dink ek's die mal dorp dronk wat stories vertel oor goed wat onmoontlik is. Hans Claassen, always good for a laugh...
4. KEARNEY : Vir wat dit werd is, Hans. Ék het jou nog altyd geglo. Ons glo jou... glo my.
5. FRANS : Veral na wat vandag gebeur het.
6. JANTJIES : As ek dit nie met my eie oë gesien het nie...
7. HANS : (OPGEWONDE) Ek het dit geweet! Na al die jare. Iemand wat kan getuig. Die wêreld moet dit weet; hulle moet weet wat met my gebeur het daardie dag. (BEAT) Dit was nie my skuld nie. Dit was daardie duiwels in die water.
8. FRANS : Ek's jammer Oom, maar ons kan nie uit praat nie.
9. HANS : Wat bedoel jy? Natuurlik moet julle. Julle móét dit rapporteer. Koerante toe gaan. Die mense moet weet watse gevaar daar buite is. Ek het nie my eie boot gesink nie!
10. KEARNEY : (DRINGEND) Luister vir my, Hans! Dit gaan nie oor jóú nie. Daar's ander elemente hier betrokke —
11. BRINK : (NADER OP MIK) Laaste rondte, gentleman.

BYK: GLASE EN BOTTELS WORD OP TAFEL GEPLAAS.

DRANKIES WORD GESKINK EN GEDRINK TYDENS

VOLGENDE DIALOOG,

1. BRINK : SKUIF WEER STOEL NADER EN SIT: Oom Hans is jy al weer terug? Niks meer vir jou nie...
2. HANS : (OMGEKRAP) Waarvan praat jy, Kearney? Watse 'elemente'?
3. FRANS : Sagter, Oom Hans.
4. KEARNEY : Trust ons, Hans. Dis beter dat ons dit net eers tussen ons hou. Vir nou.
5. BRINK : Wat gaan aan? Wat het ek gemis?
6. FRANS : Oom Hans wat wil hê ons moet alles gaan uitbasuin daar buite. Dis beter as ons dit alles onder die radar hou. Almal van ons. Is dit duidelik.
7. BRINK : Wel, ék kan niks sê nie, ek weet nog boggerôl.
8. HANS : Maar hulle **móét** weet... julle moet praat! Almal moet weet ek het die waarheid gepraat. Ek het nie gelieg nie.
9. FRANS : Eendag as die tyd reg is oom Hans. Nie nou nie.
10. BRINK : Gaan iemand my nou vertel wat gebeur het of moet ek dit uit julle trek met 'n polisiebakkie en 'n ketting?
11. FRANS : Ek het altyd gedink dis net stories. Mites en legendes. My pa het my baie vertel toe ek nog klein was. Maar nooit in my stoutste verwagtinge het ek gedink ek sou een sien nie.
12. KEARNEY : Ek en jou pa het 'n soortgelyke ervaring gehad, jare terug. You all know about it.(POUSE) Vandag het 'n hele trawler se bemanning dit ervaar. Hans, jy't hulle ook gesien, al daai jare gelede en almal het vir jou gelag.

1. HANS : Ek onthou dit soos gister. Dit was Angelique se verjaarsdag. Sy het aangedring om op die boot saam te gaan. Ek wou eers nie gehad het sy moet saam nie, maar sy was mal oor die see en die boot. Onthou jy, Frans?
2. FRANS : Ja, Oom. Elke dag van my lewe.
3. HANS : Ons was besig om die nette in te bring toe 'n monsteragtige golf vanuit nêrens ons tref. Daar was geen waarskuwing nie, geen tyd om te reageer nie...
4. JANTJIES : 'n Frats golf?
5. KEARNEY : 'n Frats golf? Nie 'n storm nie? Ek dag jy het al die jare gesê daar was 'n storm, Claassen?
6. HANS : Storm. Frats golf. Wat maak dit saak. **Hulle** kan dit doen. **Hulle** het beheer oor die elemente. Oor die oseaan.
7. BRINK : Is dit wat met julle trawler gebeur het, Kearney? 'n Fratsgolf?
8. KEARNEY : Nee, Brinkie. Dit was 'n **moerse** storm vanuit nêrens.
9. HANS : (EMOSIONEEL) My boot het omgeslaan. Die bemanning en Angelique was in die water (BREEK) Ek kon niks doen nie. En toe was hulle daar... oral om ons. Die koue was verlamrend. Ek het my bewussyn verloor. Toe ek wakker word was ek aan boord 'n Chinese trawler.
10. KEARNEY : Ek was sewe-en-twintig, 'n bootsman op die ou *Calypso* toe ek hulle die eerste keer ervaar het.
11. JANTJIES : Jy bedoel die *Seeheks*, Skipper?

1. KEARNEY : Ja, voordat Frans se pa die naam verander het.
2. FRANS : En die meermin op die kant laat skilder het.
3. KEARNEY : Ons was so 150 kilometer van die kus af. 'n Storm het vanuit nêrens gekom, net soos vandag,, vinnig soos 'n gedagte.
4. BRINK : Wat het gebeur?
5. FRANS : Die water... dit het meteens 'n eienaardige kleur geword...'n donker...vuil groen...'n vreemde groen...
6. KEARNEY : Gevolg deur enorme golwe en deininge, mis en reën, stormwinde... net soos destyds, maar baie meer intens...binne minute.
7. JANTJIES : Hael so groot soos 'n man se vuis...skrikwekkend...ek het gedink ons gaan almal vrek...
8. KEARNEY : Ja, ons het gedink ons gaan beslis onder. Daar was 'n elektriese storm nes jare gelede toe ek saam met Frans se pa was. Hulle was in die water... ek weet hulle was.
9. HANS : Ék het hulle ook gesien... hulle het my crew die dieptes ingetrek.
10. KEARNEY : Vandag... Vandag was anders.
11. BRINK : Julle het hulle actually gesien?
12. KEARNEY : Ons het haar gesien... Almal van ons.
13. BRINK : Haar? Net een?
14. FRANS : Glo my... Één is oorgenoeg.
15. HANS : In die water?

1. FRANS : Nee, nie in die water nie.
2. JANTJIES : Net na die storm bedaar het... Sy was op die dek, Skipper.
Reg voor ons op die dek van die boot. Oop en bloot.
3. HANS : Op die dek?
4. JANTJIES : So naby ek kon die kleur van haar oë sien... en watter oë
was dit nie!
5. HANS : Het iemand 'n foto geneem?
6. JANTJIES : Niemand het daaraan gedink nie.
7. HANS : Het niemand 'n selfoon gehad nie?
8. KEARNEY : Dit het so vinnig gebeur.
9. JANTJIES : Daar was nie tyd nie.
10. FRANS : Sy was daar die een oomblik en weg die volgende.
11. HANS : Verbrands!
12. JANTJIES : Ons was almal te geskok, Skipper. Glo my.
13. FRANS : Dit was soos iets uit 'n droom. My hande bewe nou nog as
ek net daaraan dink.
14. BRINK : Damn. (OOMBLIK) Hoe het sy gelyk?
15. JANTJIES : Nie soos 'n heks nie.
16. KEARNEY : Beslis nie...
17. FRANS : Báie ver daarvan...
18. HANS : (MOMPEL) Ek kon net hulle skouers en koppe sien. Die res
was onder water, maar ek het geweet wat hulle was...
19. BRINK : Hoe lyk hulle? Soos in die boeke en films?
20. FRANS : Ja en nee...Soort van.

1. BRINK : Wat bedoel jy? Soort van?
2. FRANS : Wel, dit was net vir sekondes lank, maar daardie beeld het in my brein vasgebrand.
3. BRINK : Ja. En?
4. FRANS : Sy was hemels mooi.
5. JANTJIES : Engel mooi.
6. FRANS : Ek het nog nooit sulke skoonheid gesien nie.
7. KEARNEY : Ja. Dis moeilik om dit in woorde te beskryf. Haar oë...
8. FRANS : Ja, ek onthou haar oë. Dit was ongelooflik.
9. JANTJIES : Baie kleure soos 'n reënboog wat skitter...
10. FRANS : Soos olie op 'n nat teerpad...
11. BRINK : (GEFASSINEERD) Magtig... Regtig?
12. FRANS : Sy was nie skraal en fyn gebou soos in prente en boeke nie.
13. JANTJIES : Oh no...Glad nie. Sy was buff.
14. FRANS : Soos Jantjies daar sê, atleties, breë skouers...
15. KEARNEY : Like an Olympic swimmer. Legs like a gymnast.
16. BRINK : Wat? Wag stop. Legs? Het jy gesê bene?
17. HANS : (VERBAAS) Bene?
18. BRINK : Is julle seker? Nie 'n stert nie?
19. FRANS : Nee.
20. KEARNEY : Twee bene soos ons en twee sterte...
21. BRINK : Twee...sterte? Bene? (BEAT) Wat?
22. JANTJIES : Maar nie voete nie...
23. FRANS : Yep, geen voete.

1. KEARNEY : Haar onderbene het geëindig in hierdie pragtige sterte. Twee sterte, nie voete nie. Ongelooflik. Niks soos wat jy al in prente en boeke gesien het nie. Glad nie.
2. BRINK : Hemel...
3. FRANS : Byna die regte woord om haar mee te beskryf.
4. BRINK : Ek dink ek kort nog 'n refill. SKINK NOG DRANK: Wens ek kon dit sien.
5. HANS : Vir wat wil jy dit sien? Hulle is van die bose... Hulle steel jou verstand met hul stemme! Verleidsters, moordenaars.
6. BRINK : Kalmeer tog oom.
7. HANS : (KALM) Ek kan ook doen met eentjie daar, Brink. Dit was net so 'n skok vir my, jy weet... Net so 'n enkel...
8. BRINK : Nee, Oom. Gee jou lewer 'n break.
9. HANS : My lewer makeer niks. Dis my verstand waaroor ek worry.
10. BRINK : Wel? Moet nie nou opdroog nie. Gaan aan. Vertel.
11. FRANS : Wat wil jy nog weet?
12. BRINK : Magtig man! Alles. Was sy... jy weet...soos meerminne...
13. FRANS : Jy bedoel naak?
14. BRINK : Ja. Het sy 'n vel gehad of skubbe? Was daar vinne?
15. JANTJIES : Haar vel was die kleur van seewater. So groenerig. Blou. Aquamarine? Dit het so gelyk....Ek dink dit was haar velkleur...Ek dink dit was haar vel.
16. KEARNEY : Nee. Dit het gelyk soos vel, maar dit was iets soos 'n baie dun membraan, 'n soort materiaal...

1. FRANS : Kearny is reg. Dit was soos 'n tweede vel. Jy kon elke spier en kontoer sien...
2. KEARNEY : En daar was plenty van daai, Brinkie. Trust my.
3. JANTJIES : Ja, ek dink Mr Baker is reg. Dit was iets soos 'n tight fitting spandex outfit that covered her entire body.
4. FRANS : Haar hande en gesig was oop. Haar gesig was normaal, soos ons...(BEAT) Wel miskien nie soos ons nie, sy was asemrowend mooi, maar haar vel was soos ons sin. Daar was geen skubbe nie...nie wat ek kon sien nie...
5. BRINK : Hel... Sê julle sy het klere aangehad?
6. KEARNEY : Presies.
7. BRINK : Hare? En haar hare?
10. KEARNEY : Goud blond. Lank, vloeiend, dit het my laat dink aan vloeibare sonlig.
11. FRANS : En daar was iets op haar voorkop... soos 'n kopstuk...
12. KEARNEY : Ja, jy's reg, Frans. Dit was iets soos 'n Alice band.
13. JANTJIES : Nee, dit was 'n tiara. Dit het soos goud geblink en daar was 'n groot rooi voorwerp in die middel.
14. KEARNEY : Ja, soos 'n groot juweel, 'n rooi diamant of 'n robyn. Dit was enorm groot.
11. JANTJIES : Haar hande... Moet nie die hande vergeet nie. Daar was webbe tussen die vingers. Ek kon dit duidelik sien.
12. KEARNEY : Yep. Ek het dit ook gesien. Webbe.
13. FRANS : Soos 'n deurskynende membraan.

1. BRINK : En niemand het 'n foto geneem nie? Bloody hell!
2. HANS : Julle móét die mense vertel. Julle móét praat. Óns moet.
3. KEARNEY : Luister, Claassen. Daar het ander goed daar buite gebeur...
4. HANS : Soos wat? Huh? Vertel my.
5. FRANS : Daar was ander...komplikasies, oom Hans.
6. HANS : Komplikasies? Watse komplikasies?
7. FRANS : Daar was drie helikopters.
8. BRINK : Wat? Daar buite? In die middel van die oseaan?
9. FRANS : Ja en tot die tande toe gewapen.
10. KEARNEY : Met geen kentekens nie. En baie vyandig.
11. HANS : Wat het hulle **daar** buite gesoek? Militêre oefening?
12. FRANS : Wel, dis die ding. Ons het eers so gedink. Ek dink ons het op iets afgekom wat ons nie moes nie.
13. BRINK : Soos wat?
14. FRANS : Ons dink hulle was besig om op die meerminne jag te maak.
15. BRINK : Hoe nou? Maar hoekom?
16. FRANS : Geen idee nie. Maar hulle het geweet dat **hulle** daar is en hulle wou ons uit die gebied uit hê.
17. KEARNEY : Hulle het ons gedreig en op ons geskiet. As daai storm nie opgesteek het nie...
18. JANTJIES : Skipper, dink jy hulle sou ons regtig gesink het?
19. KEARNEY : Hoe lank kan jy water trap, Jantjies? As dit nie vir daai storm was nie...

1. FRANS : Ons weet nie wie hierdie mense is, of waarmee hulle besig is nie. As iemand iets sê óf dit bereik die verkeerde ore...
2. KEARNEY : Een van daai helikopters het weggekom. En dit worry my. Ons kan almal in gevaar wees. Hulle weet wie ons is.
3. BRINK : (INGEDAGTE) Dit is alles baie vreemd. Meerminne jag?
4. HANS : Ek's nie verbaas nie. Hulle is duiwelse goed wat skepe en hul bemanning na 'n watergraf lei. Ek het dit gesien!
5. FRANS : Ek dink nie so nie, Oom Hans. Iets so beeldskoon soos daai...kan nie boos wees nie.
6. HANS : Dis wat hulle doen, jou idoot! Hulle verblind jou met hul skoonheid. Kyk hoe lyk jou boot? Kyk wat het met my gebeur. My dogter is dood, my bemanning in 'n watergraf...
7. KEARNEY : Jy mis die punt, Claassen. Iemand daar buite wéét van hul bestaan en wil dit geheim hou. Hoekom? Hoekom die vyandigheid teenoor hulle?
8. HANS : Want meerminne is die boosheid self. Hulle het julle probeer sink! Hulle het my gesink. Iemand moet hulle stop!
9. FRANS : Ek dink nie so nie. Dit hang af van watter kant jy daarna kyk.
10. HANS : Twak Baker! (POUSE) Kearney? They tried to kill me! They tried to kill you! Hoe kán julle dit nie sien nie! Wake up!
11. KEARNEY : Kalmeer, Claassen. Jy bars nou 'n aar.
12. HANS : Weet julle hoeveel groot skepe verdwyn elke jaar spoorloos?
13. BRINK : Nee, maar ek's seker oom gaan ons nou vertel.

1. HANS : Damn right! Hordes! Onverklaarbaar. Verduidelik dit vir my!
Wat dink julle is die rede daarvoor? Huh?
2. FRANS : (SARKASTIES) Seemonsters. Daar kan baie redes voor
wees, Oom. En praat sagter...
3. HANS : Daar's net een rede! En julle wéét wat dit is! Seehekse!
4. KEARNEY : Daai storm het ons gered, glo my. Ek dink hulle het ons
gered.
5. HANS : Vis stront, Kearney! Hulle het met julle breine geneuk! Dis
waarom hulle seehekse genoem word. Duiwelse goed! Hulle
kan ou goed laat sien, goed laat glo wat glad nie daar is nie!
6. KEARNEY : (ONSEKER/KALM) Miskien moet ons hom wys, Frans.
7. FRANS : Ek wou dit nie nou al gedoen het nie, John.
8. JANTJIES : Hy het nodig om dit nou te sien, Mr Baker. Dis sy dogter.
9. KEARNEY : Anders gaan blaker hy netnou alles uit.
10. HANS : (AGTERDOGTIG) Waarvan praat julle? Wys my wat?
11. FRANS : (SUG) Die rede waarom ons moet stil bly, oom Hans.
12. BRINK : Wat gaan aan?
13. FRANS : Okay, Jantjies... Jy het die vloer. Jy was die naaste aan
haar...jy het dit duidelik gesien. Vertel jy.
14. JANTJIES : Ja, Mr Baker.(OOMBLIK) Voordat die seeheks...ek bedoel
die meermin... in die see verdwyn het, het sy iets van haar
nek afgehaal en dit op die dek van die trawler gelos —
15. FRANS : En sy het **reguit** na my gekyk toe sy dit gedoen het...
(OOMBLIK) Jammer Jantjies, gaan aan...

1. JANTJIES : Ja, nes Mr Baker daar sê...en toe los sy dit op die dek.
2. HANS : Wat? Wat het sy gelos? Kom tot die punt man.
3. JANTJIES : Die son se strale het daarop weerkaats... Ek het dit opgetel.
4. FRANS : En hy het dit vir my gebring...
5. HANS : Waarvan praat julle? (STILTE) hou op met bubbles hap en kom tot die....(BREEK) Hoekom kyk julle almal so na my?
6. KEARNEY : Wys hom, Fransman.
7. FRANS : **Dís** was sy op die dek gelos het, Oom. Herken oom dit?

BYK: 'N GLAS EN BOTTEL VAL OM OP TAFEL.

8. HANS : (SNAK) Hemelse genade...(PREWEL) Dis nie moontlik nie... nee, dis nie moontlik nie...(EMOSIE) Jirre tog...dis nie moontlik nie...
9. BRINK : My hel, Frans...maar dis mos jou geskenk aan Angelique...destyds...
10. HANS : (BEWOË) ...dis Angelique se hangertjie, dis haar dolfyn hangertjie! Jirre tog...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

MIDDAG-VERVOLGVERHAAL

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 5:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. KAPT. JOHN KEARNEY
3. BELINDA
4. DANIE BRINK
5. JANTJIES

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer
UZFasb4M9T6a2zZp



BYK:

OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,

DAN NA A/G. DIE DRIE ANKERS KROEG: BINNE.

1. KEARNEY : Is jy seker jy het dit gehoor, Frans?
2. FRANS : Ja, John. So duidelik soos ek j ou nou hoor.
3. JANTJIES : Ek was feitlik by haar, Mr. Baker, en ek het niks gehoor nie.
4. FRANS : Ek het my dit nie verbeel nie. Ek s e julle ek het haar gehoor.
5. JANTJIES : Ek is seker haar lippe het nie beweeg nie. Dit was net daardie fantastiese geluid wat sy gemaak het toe sy op die dek gespoel het. Dis al wat ek gehoor het.
6. KEARNEY : Jy't  n slegte hou teen jou voorkop gekry daar op die brug.
7. FRANS : My kop is fine, Kearney. Ek hoor nie stemme nie, okay.
8. KEARNEY : Nee, maar jy kan dalk  n vorm van harsingskudding h e.
9. FRANS : Dit het niks met die hou teen my kop te doen nie.
10. KEARNEY : Jy moet by  n dokter uitkom. Daai wond gaan  n letsel laat.
11. FRANS : Ek sal nie dood gaan nie. My kop is fine.
12. KEARNEY : Ek het ook niks gehoor nie.
13. FRANS : Ek het my naam duidelik in my kop gehoor.
14. JANTJIES : Jy bedoel soos sonder jou ore, Mr Baker?
15. FRANS : Dis asof ek na iets geluister het deur oorfone.
16. KEARNEY : Jy bedoel soos binne jou brein?
17. FRANS : Ja. Sy het direk na my gekyk, net voordat sy oor die kant is.
18. KEARNEY : Telepatie?
19. FRANS : Dis baie moontlik. Ons weet niks van meerminne af nie.

1. JANTJIES : Maak sin, Skipper. As hulle die weer kan verander...
2. FRANS : Dit verklaar hoekom julle niks gehoor het nie.
3. BRINK : (NADER) Dankie dat julle die front gehou het. PLAAS SLEUTELS NEER OP TAFEL: Claassen is veilig in sy kamer en vas aan die slaap.
4. KEARNEY : Jy bedoel hy het uiteindelik uit-gepass.
5. BRINK : Arme drommel. Nee, ek dink hy het homself nugter geskrik toe Frans daai hangertjie uitgehaal het. Ek het self vir 'n oomblik gevoel die aarde gee onder my pad...
6. JANTJIES : Dit het amper van die dek afgespoel.
7. BRINK : Wat de hel is aan die gang? Wat beteken dit alles?
8. FRANS : Ek wens ons het geweet, Brink.
9. KEARNEY : Geen idee nie. Dis alles baie vreemd.
10. JANTJIES : Die mense in daai swart helikopters het nie gespeel nie.
11. FRANS : Wat my bekommer is die helikopter wat weggekom het. Twee het beslis ondergegaan in daai storm.
12. JANTJIES : En die boot het in daai monster van 'n maalkolk verdwyn.
13. KEARNEY : Ek het 'n vuil voorgevoel dat ons nie die laaste van daai lot gehoor het nie, wie hulle ook al is.
14. BRINK : Waarom jag maak op 'n meermin? Was daar net een?
15. JANTJIES : Ons het net een gesien. Miskien was daar ander.
16. FRANS : Waarom het sy Angelique se hangertjie by haar gehad?
17. KEARNEY : En hoe het sy jou naam geken?

1. BRINK : 'n Honderd vrae en geen antwoorde nie.
2. JANTJIES : Alles voel onwerklik. Haar stem weergalm steeds in my kop...
3. FRANS : Ek weet wat jy bedoel.
4. JANTJIES : Die dorp voel meteens vir my kleiner. Vreemd.
5. FRANS : Ek voel of ek onder water loop... in 'n vreemde droom.
6. KEARNEY : Ons almal se realiteit is vandag sleg geskud.
7. FRANS : **Dis** lig gestel. Dit voel vir my of 'n wolf myne beet gekry het.
8. KEARNEY : (MOEG) Dis laat. Ek dink ons moet almal 'n goeie nagrus in kry.
9. FRANS : Ek weet nie of ek sal kan slaap nie.
10. JANTJIES : Ek ook nie.
11. BRINK : Kearney is reg. Dis laat. Ek sal moet sluit.
12. FRANS : Dankie dat jy so lank oop gebly het vir ons, Danie. Ons het dit nodig gehad.
13. BRINK : Geen probleem nie, Frans. As ek kan help met iets, sê net.
14. KEARNEY : Jantjies hoe gaan jy huis toe?
15. JANTJIES : Kan ek weer 'n lift saam met jou kry, Skipper?
16. KEARNEY : Sure. Frans? Moet ek jou gaan drop?
17. BRINK : Frans? Is jy okay?
18. FRANS : (INGEDAGTE) My kar staan by die werk. Ek het saam met Kearney gekom.
19. KEARNEY : Ek kan jou weer gaan drop, Frans. Dis op my pad.

1. FRANS : My sleutels is by die kantoor. Ek dink ek gaan stap, dankie.
Die vars lug sal my goed doen, my kop bietjie skoon maak.
2. BRINK : Is jy seker? Jy lyk nie lekker nie.
3. FRANS : Nee, ek's fine. Ek sal van daar af huis toe ry.
4. BRINK : Nou goed.
5. KEARNEY : En onthou... Nie 'n woord na buite nie.
6. JANTJIES : Niemand sal ons anyway glo nie. As ek my vrou moet vertel
wat ek gesien het, en dat ek by die Ankers was tot nou toe...
sal sy my nugter klap.
7. BRINK : Wat in die Drie Ankers gebeur, bly in die Drie Ankers.

BYK: MUSIEKBRUG DOOF NA BINNE: FRANS SE KANTOOR.

8. FRANS : SKINK DRANK IN GLAS: (AANGEKLAM) Wel, hier's op jou,
Pa. DRINK: Op Baker en Seun. Die seun gedeelte is so
ietwat onvas op die voete, maar ek het vandag amper die
Seeheks verloor. (PROES) En óók een gevind... Maar sy is
in een stuk in die dokke. Die boot bedoel ek. Gaan 'n
bankroof kos om haar seker te herstel, maar jy moes daar
gewees het om dit te sien, Pa. Om háár te sien. (LAG
DRONK) Daai hoofstuk was nie in enige van my teksboeke
nie. (BEDAAR EFFENS) Al die jare. Al daai stories. Ek het
gedink dis net stories.

BYK: 'n SLIMFOON LUI SKRIL .

1. FRANS : ANTWOORD: Frans Baker se foon. Hy kan nie nou praat nie, ook nie later nie... laat asseblief 'n boodskap —
2. BELINDA : (FILTER) Frans? Dis, Belinda. Frans!
3. FRANS : (HIK) Hey, Pretty Belinda! (PRAAT MET PA SE PORTRET)
Dis Belinda, Pa. 'n Ander engel...
4. BELINDA : (FILTER) Met wie praat jy? Frans? Is jy alleen?
5. FRANS : DRINK: Nee...ek's hier saam met my twee vriende: spook en diesel. Waar's jy?
6. BELINDA : (FILTER) Onder in die parkeer area voor die kantoor.
7. FRANS : Hoekom?
8. BELINDA : Kearney het my gebel. Hy was bekommerd oor jou. Lyk my hy het rede gehad.

BYK: VENSTERBLINDINGS WORD OOPGETREK.

9. FRANS : Ah, daar is jy. Ek sien jou daar onder. (ROEP) Hallo Belinda!
10. BELINDA : (FILTER) Ek kom op.

BYK: SLIMFOON AF.

11. FRANS : SKINK DRANK IN GLAS: Hoe meer siele hoe meer vreugde... (PRAAT MET PA) Het jy ooit een gesien, Pa? Ek bedoel, regtig gesien. Sy was op die dek... ek kon haar met 'n klip raak gooi — nie dat ek háár ooit met 'n klip sou gooi nie — (GIGGEL) Een Mississippi, twee Mississippi, drie Mississippi en toe... POOF! Weg...

BYK: LEë DRANKBOTTEL WORD IN DROM GEGOOI.

1. FRANS : (VOLG) Weg! Abrakadabra, alakazam! (BREEK) Weet jy hoe lank dit vat om jou lewe totaal te verander, Pa? Drie sekondes, net drie sekondes. Drie...

BYK: KLOP AAN KANTOOR DEUR. DEUR OOP EN BINNE.

2. BELINDA : (NADER) Frans?
3. FRANS : (OPGEWEK DRONK) Belinda! So bly om jou te sien.
4. BELINDA : Met wie praat jy?
5. FRANS : Met die ander deel van Baker en Seun. Daar teen die muur.
6. BELINDA : Jou pa se portret?
7. FRANS : George Baker. Einste. Só bly jy't vir ons kom kuier. Welkom!
8. BELINDA : Jy lyk verskriklik.
9. FRANS : Dankie vir die kompliment. Jy lyk fantasties. Altyd...
10. BELINDA : Wat het met jou voorkop gebeur? Hemel.
11. FRANS : Net 'n klein snytjie. (OOMBLIK) Is jy nie bietjie vroeg vir werk nie?
12. BELINDA : Hoe lank ry jy al die driuwe kar? Dis een uur in die oggend.
13. FRANS : (GIGGEL) Beteken dit ek gaan jou moet oortyd betaal?
14. BELINDA : Moet nie verspot wees nie.
15. FRANS : Wie ek? Ek's dood ernstig. Ek betaal jou nie genoeg nie.
16. BELINDA : Wat het daar buite met julle gebeur?
17. FRANS : Niks nie.

1. BELINDA : Niks nie? Ek het my byna in 'n ander bloedgroep geskrik toe julle net verdwyn het op die oop see. Ons almal het. En die trawler... wat de hel, Frans. Dis nie niks nie.
2. FRANS : Het Kearney jou gestuur?
3. BELINDA : Ja. Hy't probeer om jou by die huis te bel om te hoor of jy al tuis is. Toe hy geen antwoord kry nie het hy jou sel probeer maar jy antwoord nie. Toe bel hy my omdat ek sleutels het vir die kantoor en vra my om te kom kyk waar jy is.
4. FRANS : Okay jy het my. Ek's hier. Safe and sound.
5. BELINDA : Jy's safe maar nie baie sound nie. Jou kar is nog in die parkeerarea en al die ligte brand helder in die kantoor.
6. FRANS : (LAG) Al die ligte is helder. Hulle het vandag almal op een slag in my kop aangegaan. DOEF! Helder en duidelik.
7. BELINDA : Praat ons van dieselfde ligte?
8. FRANS : Ek praat van dié hier in my kop. 1000 watt!
9. BELINDA : Jy maak geen sin nie. En jy is so warm mens kan met jou sweis.
10. FRANS : Ek hou van jou slippers... dis 'n mooi pienk daai.
11. BELINDA : Ek moes uit 'n warm bed opstaan vir dit?
12. FRANS : Was jy by hom?
13. BELINDA : Wat?
14. FRANS : Die warm bed. Was jy by hom?
15. BELINDA : Jy bedoel Richard?

1. FRANS : Ja, Johnny Bravo...
2. BELINDA : Moet nou nie weer begin nie. Hy het 'n naam. Dis, Richard.
3. FRANS : Ek sê mos, Dick.
4. BELINDA : Stoppit of ek loop. Richard was reeds nie happy dat ek eenuur in die nag hierheen moes kom nie.
6. FRANS : Sou jy my gemis het as 'n groot seedraak my ingesluk het?
7. BELINDA : (SUG) Jy's onmoontlik.
8. FRANS : Sou jy?
9. BELINDA : Ja, Frans. My senuwees was op. Wat het met julle gebeur?
10. FRANS : Ek mag nie sê nie. See no evil, speak no evil, hear no evil.
11. BELINDA : Fine. Ek kan jou nie hanteer as jy só is nie.
12. FRANS : Soos wat?
13. BELINDA : Jy's nie nugter nie.
14. FRANS : Nee, ek is nie. (DINK) Ek's ontnugter. Ek's 'n ontnugterde mens. Niks is wat dit is nie. Weet jy dit? Dis alles 'n leun.
15. BELINDA : Wat is? Hoe nou?
16. FRANS : Ek het vandag die mooiste ding in my lewe gesien...
17. BELINDA : Waarvan praat jy?
18. FRANS : Daar buite. Dit was daar buite... vergeet dit...
19. BELINDA : Kearney sê julle was in 'n storm.
20. FRANS : Ja, dit was 'n storm. Die moeder van storms...
21. BELINDA : Dit was mooi weer. Dis onmoontlik...
22. FRANS : O, alles is moontlik. Vader Kersfees, spoke, feetjies...

1. BELINDA : Waarvan praat jy?
2. FRANS : Glo jy in feetjies, Belinda?
3. BELINDA : Wat?
4. FRANS : Feetjies? Glo jy in feetjies? Simpel vraag...
5. BELINDA : Ek praat van die storm. Wat's dit met jou en feetjies?
6. FRANS : (FLUISTER) Sjuuuut! Niemand mag daarvoor praat nie.
9. BELINDA : Praat jy van die storm? Hoekom nie?
10. FRANS : Die mure het ore... die ruite het oë...
11. BELINDA : (SUG) Jy maak geen sin nie. Kom ek vat jou huis toe.
12. FRANS : Nee... ek bly net hier. Wil met my pa gesels. Hy weet.
13. BELINDA : Jy kan nie hier slaap nie, Frans.
14. FRANS : Ek's nie lus vir my huis nie... daar's niemand...
15. BELINDA : Jy's besope.
16. FRANS : (PROBEER SARKASTIES WEES) Ek mag besope wees, maar môre sal ek nugter wees en jy...jy...sal...nog altyd...jy sal...nog net so ...(BREEK)
17. BELINDA : Ek sal wat wees, Frans?
18. FRANS : Nog net so mooi soos altyd...soos sy...
19. BELINDA : Wie? (SUG) Kom ek vat jou huis toe. Ek weet nie wat jou so ontstel het nie, maar jy't nodig om dit af te slaap.
20. FRANS : Ek gaan op die bank slaap. Bly hier by my. Ek gooi vir ons 'n night cap en dan praat ons oor die lewe. Net ek en jy.
21. BELINDA : Jy's laf.

1. FRANS : Die lewe, Belinda... die lewe is nie wat jy dink dit is nie.
2. BELINDA : As jy so sê, Frans. Jy't genoeg gehad. Gee die glas.
3. FRANS : Ja, Ma.
4. BELINDA : Ek's ernstig, Mnr. Baker.
5. FRANS : Oeeee! **Mnr. Baker**. Dit klink ernstig.
6. BELINDA : Miskien kan ek sin in **sy** kop praat, want Frans Baker wil nie hoor nie.
7. FRANS : En as hy ook nie wil luister nie?
8. BELINDA : Dan sal jy môre my bedanking op jou lessenaar vind. Ás ek 'n plek kan kry om dit neer te sit tussen al die drankbottels en glase. Hemel hoeveel het jy gedrink?
9. FRANS : Nie genoeg nie.
10. BELINDA : Ek werk nie vir 'n drinkgat nie.
11. FRANS : (BEKOMMERD) Regtig? Jy sal my los en loop?
12. BELINDA : So help my...
13. FRANS : Jy's kwaad.
14. BELINDA : Nee, ek's teleurgesteld. (OOMBLIK) Ek wil jou nie so sien nie. Gaan jy nou kom of nie?
15. FRANS : Jou oë...
16. BELINDA : Wat?
17. FRANS : Hulle verander van kleur as jy kwaad raak...
18. BELINDA : Frans! Magtig! Stop jou nonsens en kom, of moet ek jou hier uitsleep.

1. FRANS : Dink jy, jy sal kan?
2. BELINDA : (VIES) Wil jy uitvind!
3. FRANS : Nee, nie eintlik nie... met daai paar bene van jou...
4. BELINDA : Los my bene. Waar's jou kar sleutels?
5. FRANS : Daar op die lessenaar langs die PC.
6. BELINDA : Kom dat ek jou in die bed kan kry. Jy lyk sleg. En jy ruik erger.

BYK: NEEM SLEUTELS:

7. FRANS : Jy sê altyd sulke mooi goed van my —
8. BELINDA : Shut it, Frans. Kom nou. Asseblief. Staan op.
9. FRANS : Belinda...
10. BELINDA : Ja?
11. FRANS : Ek's jammer.
12. BELINDA : Dis okay, Frans. Jy's nie jousef nie.
13. FRANS : Jy sou vandag baie trots op my gewees het?
14. BELINDA : Hoekom?
15. FRANS : Ek het nie een keer naar geword nie. Nie eens tydens daai storm nie.
16. BELINDA : Dit moet daai pille wees wat ek jou gegee het.
17. FRANS : (SIEK) Maar nou...maar nou...
18. BELINDA : Nou wat, Frans?
19. FRANS : Ek's bevrees ek... gaan nou... (BENOUD) Die toilet —
20. BELINDA : (BESEF) O magtig! Gaan! Vinnig! Harloop!

BYK: TOILETDEUR OOP EN TOE. FRANS BRUL IN A/G

AGTER DIE DEUR. DAN RAAK DIT STIL.

1. BELINDA : KLOP AAN DEUR: Frans? Is jy okay?
2. FRANS : (KREUN) Wat het my besiel.

BYK: TOILET SPOEL. DEUR OOP

3. BELINDA : Voel jy beter?
4. FRANS : (NADER) Ek dink ek het die Drie Ankers daar agter gelaat...
5. BELINDA : (SIMPATIEK) Jy's nie 'n drinker nie, Frans.
6. FRANS : Ek weet. Ek het ook nie die binnegoed daarvoor nie.
7. BELINDA : Wat op hierdie aarde het jou so ontstel? Wat hét daar buite gebeur?
8. FRANS : Neem my nou huis toe dat ek in my eie bed kan gaan sterf.
9. BELINDA : Moenie die onderwerp verander nie. Wat gaan aan, Frans?
(OOMBLIK) Frans? Ek wag. Praat met my.
10. FRANS : (EMOSIE) Angelique. Dis Angelique...
11. BELINDA : Wat?
12. FRANS : Die dolfyn... Sy het dit gebring...
13. BELINDA : Wie? Watter dolfyn?
14. FRANS : Uit die sout...
15. BELINDA : Frans? Kyk vir my. Waarvan praat jy?
16. FRANS : Ons is almal vanuit die sout...vanuit die water...
17. BELINDA : Wat? Ek verstaan nie. Wat probeer jy sê?
18. FRANS : Sy's is in my kop! Haar stem...

1. BELINDA : Wie? Angelique? Sy's dood. Jy maak my bang.
2. FRANS : (EMOSIE) Haar lied is in my brein...Dis in my kop! In my siel!
3. BELINDA : Frans. Kalmeer. Wie is in jou kop?
4. FRANS : Jy sal nie verstaan nie. Sien is glo...
5. BELINDA : Ek wil probeer verstaan. Maar jy maak nie sin nie.
6. FRANS : Hulle het haar geneem...
7. BELINDA : Van wie praat jy?
8. FRANS : Angelique...
9. BELINDA : Frans, Angelique is dood.
10. FRANS : Nee sy is nie... Hulle het haar geneem in die dieptes...
11. BELINDA : Wat? Waarvan praat jy? Wie't haar geneem?
12. FRANS : Die soutwaterengele...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 6:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. BELINDA TUTTON
3. SALACIA
4. KAPT. JOHN KEARNEY

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienommer

UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,

DAN NA A/G. FRANS SE KOMBUIS: KETEL

KOOK EN FLUIT.

1. BELINDA : Ek dink jy kan doen met 'n beker sterk koffie.
2. FRANS : (STEEDS AANGEKLAM) Ek dink ook so.
3. BELINDA : Waar hou jy jou bekere?
4. FRANS : Ek dink daar is 'n paar in die wasbak.
5. BELINDA : Ek was nie jou skottelgoed nie. Het jy nie skoon bekere nie?
6. FRANS : Linkerkantste kas bo jou kop.
7. BELINDA : Dis beter.

BYK: KASDEUR OOP. BEKERS UIT EN OP TAFEL. KASDEUR

TOE.

8. FRANS : Dankie dat jy my dronkgat gebring het.
9. BELINDA : Ek gaan vir jou koffie maak en dan gaan jy slaap.
10. FRANS : Ek is jammer dat ek so lyk. Jy sal my nooit weer so sien nie.
11. BELINDA : Ek hoop nie so nie, Frans.

BYK: SKINK KOFFIE,

12. FRANS : Ek kan die heel nag na jou staar, maar jou boyfriend gaan wonder wat van jou geword het. Miskien moet jy gaan.
13. BELINDA : Hy weet waar ek is. Hy kan bietjie wag.
14. FRANS : Jy's nou by my huis, **nie** die kantoor nie. Weet hy dit?
15. BELINDA : Hy hoef dit nie te weet nie.

1. FRANS : Weet jy, hy hou niks van my nie. (OOMBLIK) Ek hou ook niks van hom nie.
2. BELINDA : Ek het so agter gekom. (SUG) Drink jou koffie.
3. FRANS : SLUK KOFFIE Hoekom?
4. BELINDA : Hoekom wat?
5. FRANS : Hoekom het jy gekom?
6. BELINDA : Want dis my werk.
7. FRANS : Nee dis nie. Dis nie jou werk om my op te pas nie.
8. BELINDA : Okay, ek was bekommerd.
9. FRANS : Oor my?
10. BELINDA : Ja, Frans oor jou.
11. FRANS : Hoekom?
12. BELINDA : Magtig jy's erger as 'n drie-jarige kind! Hoekom, hoekom...
Stop dit. (DRAMATIESE STILTE)
13. FRANS : SLURP KOFFIE: Hoekom is jy by hom?
14. BELINDA : (MOEDELOOS) Moet nou nie weer begin nie. En ek het nie jou goedkeuring of toestemming nodig om met iemand uit te gaan nie.
15. FRANS : Maar ek verstaan nie. Hoekom met **hom**? Ek kan verstaan hoekom hy rondom jou snuif... maar hoekom jy met **hom**...
16. BELINDA : Hoekom nie met hom nie?
17. FRANS : Dis nie 'n antwoord nie. (POUSE) Wat sien jy in hom?

1. BELINDA : Sal jy nou ophou met die third degree.
2. FRANS : (OOMBLIK) Jy kan beter doen as daai windgat.
3. BELINDA : Hier in Bloubaai? Dis nie juis asof hubare jong mans hier die strate vol hardloop nie.
4. FRANS : Hy't die persoonlikheid van 'n wasbak prop.
5. BELINDA : (PROES) Frans... sal jy nou asseblief ophou.
6. FRANS : Ek sê jou. Hy pas glad nie by jou nie.
7. BELINDA : Dis nie waar nie. Ons het baie ingemeen.
8. FRANS : SLUK KOFFIE: Soos **wat** as ek mag vra?
9. BELINDA : Wel, ons hou van gim... (DINK)... en...
10. FRANS : Ja, en?
11. BELINDA : Uit eet. (DINK) Hy is nie so sleg as jy hom eers leer ken nie.
12. FRANS : **Of** as jy hom eers leer ken, dan weet jy hoe sleg hy is...
13. BELINDA : Frans... hemel tog.
14. FRANS : Het hy 'n dag job?
15. BELINDA : Natuurlik.
16. FRANS : Wat doen hy?
17. BELINDA : Hy's 'n personal trainer.
18. FRANS : Nee, ek bedoel wat se **werk** doen hy?
19. BELINDA : Ek sê mos. Dis hoe ons ontmoet het.
20. FRANS : En hoe hét julle ontmoet? By die gym?
21. BELINDA : Op Facebook.

1. FRANS : VERSTIK: Wat? Is jy ernstig? Facebook? (LAG) Komaan.
2. BELINDA : Wat is so snaaks daaraan. Dis 'n moderne wêreld. Mense ontmoet op Facebook, okay.
3. FRANS : Hy kon die blerrie stasiemoordenaar gewees het, Belinda.
4. BELINDA : Jy's laf. (POUSE) Maak klaar jou koffie dat ek kan loop. Ek wil gaan slaap. Dis laat en jy is besope.
5. FRANS : Ek keer jou nie.
6. BELINDA : Goed, dan gaan ek maar...
7. FRANS : Nee, wag. Bly. Ek's jammer. Ek wil eers hoor hoe jy vir Prince Charming ontdek het.
8. BELINDA : Hou op. Sy naam is Richard.
9. FRANS : Ek bedoel Richard... So, hy het jou ge-like op Facebook.
10. BELINDA : (SUG) Nee, ek het gesoek na iemand wat my bietjie kon help met 'n oefenprogram. Ons het begin gesels.
11. FRANS : Wat wil jy met 'n personal trainer maak? Jy het dit wragtig nie nodig nie.
12. BELINDA : Dis iets om te doen.
13. FRANS : Ek sien.
14. BELINDA : Buitendien, hy is regtig goed vir my.
15. FRANS : Wat doen hy?
16. BELINDA : Hy koop vir my die mooiste geskenke. Blomme, sjokolade...
17. FRANS : Klink vir my meer of hy jou probeer omkoop.

1. BELINDA : Jaloesie pas nie by jou nie.
2. FRANS : Wie's jaloers? Ek?
3. BELINDA : Ja.
4. FRANS : Op hom? Hy't niks om op jaloers te wees nie.
5. BELINDA : Nou los ons dan uit. Los hóm uit. Jy ken hom nie.
6. FRANS : Glo my ek wil hom nie beter leer ken nie. Ek het al genoeg gesien en gehoor om te weet dat hy 'n blerrie Narsis is.
7. BELINDA : Dankie Dr. Phil. Wanneer het jy jou graad in sielkunde verwerf?
8. FRANS : Wil jy jousef regtig met 'n Karoo sonbesie opsaal? Hoe hou jy dit uit? Jy's beter as dit, Belinda.
9. BELINDA : Sal jy nou ophou! Asseblief.
10. FRANS : (OOMBLIK) Ek's net bekommerd oor jou. Hy's nie jou tipe nie...
11. BELINDA : Ek kan nie met jou praat as jy besope is nie. Ek dink ek gaan ry dat jy jou roes kan gaan af slaap.
12. FRANS : (KEER) Okay, okay. Ek's jammer. Ek's jammer. Ek sal nie verder oor hom praat nie.
13. BELINDA : Ek sal bly wees. Jy's beledigend.
14. FRANS : Nee, ek's dronk. (OOMBLIK) Jy's reg, ek het niks met jou verhoudings uit te waai nie...
15. BELINDA : Nee, jy het nie.

1. FRANS : Ek sê goed wat ek nie moet nie.
2. BELINDA : Ja, jy doen.
3. FRANS : Dis net —
4. BELINDA : Dis net wat?
5. FRANS : Die afgelope drie jaar wat ek jou ken... Jy het 'n spesiale plek in my lewe kom in neem. Een wat destyds deur Angie...
6. BELINDA : Ek weet, Frans. Jy en Angelique. Julle was baie na aanmekaar?
7. FRANS : Ja.
8. BELINDA : Jy praat nooit veel oor haar nie.
9. FRANS : Sy's dood. Wat is daar om te sê.
10. BELINDA : Ek is jammer, Frans.
11. FRANS : Dis nie jou skuld nie. (POUSE) Toe jy daardie eerste dag in my kantoor ingestap het... vir 'n oomblik het ek gedink... ek het gedink dat jy... sy was.
12. BELINDA : Ek kan nooit sy wees nie, Frans.
13. FRANS : Ek weet dit. Dis nie wat ek bedoel nie. Maar vir die eerste keer in nege jaar... Dit was soos déjà vu.
14. BELINDA : Wel, ek het ook nog nooit iemand soos jy ontmoet nie. Jy is vir my soos familie. Dis vir my belangrik wat jy van my dink en sê... As jy so oor Richard aan gaan... dit maak seer.
15. FRANS : Ek's jammer. Maar dit kom uit 'n goeie plek.

1. BELINDA : Ek verstaan nie wat vandag oor jou lewe geloop het dat jy **so** lyk nie. Ek het jou nog nooit **só** gesien nie. Jy's my beste vriend, my enigste vriend, en ek wil jou nie verloor nie.
2. FRANS : Jy sal nie. Ek weet ek maak nie veel sin op die oomblik nie...
3. BELINDA : Nee, jy maak nie. Wat het jy bedoel toe jy gepraat het van seehekse? Jy klink soos Claassen in die Drie Ankers.
5. FRANS : Ek wil nie daaroor praat nie.
6. BELINDA : Jy moet met iemand praat. Wat het gebeur?
7. FRANS : (OOMBLIK) Jy sal my nie glo nie, al vertel ek jou...
8. BELINDA : Wat? Wat sal ek nie glo nie?
9. FRANS : Nee, ek's nie dronk genoeg nie... en jy ook nie.
10. BELINDA : Seehekse. Praat jy van meerminne? Is dit wat jy sê?
11. FRANS : Sy's in my kop. Ek hoor haar stem oor en oor... Sy was op die trawler. Sy het die dolfyn gebring...
12. BELINDA : Sy? Van wie praat jy? Het julle 'n dolfyn gevang?
13. FRANS : Nee... 'n Meermin...
14. BELINDA : 'n Wat? Jy bedoel seker 'n dolfyn?
15. FRANS : Nee. 'n Meermin. 'n Vlees en bloed meermin.
16. BELINDA : (LAG) Frans. (SUG) Sulke goed bestaan nie.
17. FRANS : Ek weet hoe dit klink, maar ek sweer daar was een op die boot! Op die dek. (OOMBLIK) En sy het my op my naam genoem. (VERPOSING) Moet nie so na my kyk nie...

1. BELINDA : (ONGELOWIG) Okay... Jy sê daar was 'n meermin op die trawler? En sy het met jou gepraat?
2. FRANS : Ja.
3. BELINDA : In Afrikaans?
4. FRANS : Ja... wel ek dink so, ek kon haar verstaan.
5. BELINDA : Jou op jou naam genoem?
6. FRANS : Ja.
7. BELINDA : En wat het sy nog gesê?
8. FRANS : Dat ons is almal uit die sout gebore is...
9. BELINDA : Ek sien... (OOMBLIK) En sy het nie dalk vir jou vertel waar ondersese skatte ook begrawe lê nie...
10. FRANS : (AFGEHAAL) Sien, jy glo my nie. Belinda, ek sweer... Kearney het haar ook gesien. Ek weet hoe dit klink...
11. BELINDA : Presies hoeveel het julle te drinke gehad?
15. FRANS : (DESPERAAT) Almal het dit gesie... Die hele bemanning...
16. BELINDA : Luister net na jousef. Meerminne? Een wat jou naam ken en met jou in Afrikaans gepraat het? Komaan, Frans. Ek dink jy ly aan skok na wat met die Seeheks gebeur het. Jy het 'n slegte hou teen die kop gekry.
17. FRANS : (VIES) Nee, dis nie dit nie... Ek Wag! Die hangertjie! Sy het Angelique se dolfyn hangertjie gebring. Die een wat ek vir haar nege jaar gelede gegee het.

1. BELINDA : Wat?
2. FRANS : Ja,! Sy het dit op die dek gelos!
3. BELINDA : Regtig? Waar is dit?
4. FRANS : Hier, ek sal jou wys... Jantjies het dit opgetel. Ek het dit gehad...(BESEF) Ek hét dit gehad...
5. BELINDA : Wel? Ek wag... in spanning.
6. FRANS : Dis by, Hans Claassen. Ek het dit vir hom gegee...
7. BELINDA : (SUG) Frans, kom dat jy kan gaan slaap. Môre is 'n nuwe dag, dan voel jy beter. Kom ek help jou kamer toe.
8. FRANS : (MOEG) Ja... Môre is 'n nuwe dag. (PREWEL) Ons is almal van die see, almal van die sout, ons kom almal uit die sout... uit die water, uit die see...
9. BELINDA : Ja, Frans. Kom dat ek jou in die bed kan kry.

BYK: MUSIEKBRUG DOOF NA FRANS SE KAMER. 'n PAAR

uur later. wekker tik luid. selfoon lui.

10. FRANS : (DEUR DIE BLARE) Wat de hel...

BYK: TAS NA FOON IN DONKER. STAMP GOED OM.

11. FRANS : (VIES) Wat! (PYN) Ahhh, hel...my kop.(SAGTER) Wat?
12. KEARNEY : (DRINGEND/FLUISTER) Frans! Dis Kearney!
13. FRANS : John? (KREUN) Wat gaan aan? Dis vyfuur in die oggend.
14. KEARNEY : (FLUISTER) Ek's jammer, maar dit kon nie wag nie.
15. FRANS : Wat's fout? Hoekom fluister jy?

1. KEARNEY : (FLUISTER) Hulle was hier! Hulle het ons gevind.
2. FRANS : Wie? En hou op met fluister...
3. KEARNEY : Daai cowboys met die swart helikopters. Hulle was by my huis 'n paar minute gelede. Twee van hulle.
4. FRANS : Wat? In die middel van die nag?
5. KEARNEY : Hulle het baie vrae gevra.
5. FRANS : Wat wou hulle hê?
6. KEARNEY : Nie oor die foon nie. Ek bel van 'n public phone af. Ons word dopgehou. Was daar iemand by jou huis?
7. FRANS : Net Belinda. Ek het eers na middernag by die huis gekom.
8. KEARNEY : Ons het probleme, Fransman.
9. FRANS : Dis al wat ek nodig het. Nog probleme.
10. KEARNEY : Ek sal jou by die kantoor kom sien.
12. FRANS : Nee. Ek gaan nie kantoor toe vandag nie. Ek voel soos 'n ontspoorde treintrok.
13. KEARNEY : Fine. Ek sal na jou huis toe kom.
14. FRANS : Dis nog nagdonker buite. Gee my 'n uur of twee. Ek het nodig om 'n stort te vang en van hierdie massiewe babalaas ontslae raak.
15. KEARNEY : Goed. Hoe laat?
16. FRANS : Agtuur sal veilig wees.
17. KEARNEY : Fine. Wees versigtig. Die mure het ore...

BYK: MUSIEKBRUG DOOF NA FRANS SE BADKAMER.

STORT. KRANE WORD TOEGEDRAAI. DEUR SKUIF

OOP. 'n SPIEËL SE GLAS WORD SKOON GEVEE.

1. FRANS : (SUG) Magtig ek lyk soos 'n vampier. Wat het my besiel...

BYK: BORSEL TANDE EN GORREL. SPOEG IN WASBAK.

2. FRANS : (VOLG) Visbek... bliksem. Ek het nog koffie nodig. Moet seker aantrek en die kantoor laat weet. (OOMBLIK)
Belinda. Hemel wat moet sy nie van my dink nie? Kyk hoe lyk die plek. Kyk hoe lyk ek.

BYK: HOND BEGIN KNOR EN ONSEKER BLAF.

3. FRANS : (VOLG) Frans Baker, slordige, deurmekaar en vuil drinkgat.
(SUG) Wat se totale onsinnighede het ek teenoor haar kwynt geraak laas nag? Ek kan nie die helfte onthou nie.

STEMBOODSKAP OP SELFOON: Mev. Steenkamp, dis Frans Baker. Ek sal nie vanoggend op kantoor wees nie, ek voel nie baie wel nie.

BYK: HOND BLAF OPGEWONDE.

4. FRANS : (VOLG) **STEMBOODSKAP:** Ek verwag mense van die assurance om later vandag te kom kyk na die skade aan die trawler. Ek weet nie presies hoe laat nie, maar ek sal dit waardeer as jy dit sal hanteer. Dankie.

5. FRANS : (ROEP OP HOND) Elmo! Gaan lê!

BYK: HOND BLAF MEER DRINGEND.

1. FRANS : (VOLG) ELMO! Magtig! Waarvoor blaf jy so?

BYK: HOND BLAF HOU SKIELIK OP.

2. FRANS : (VOLG) Dis beter. My kop...

BYK: 'n ASBLIK VAL OM BUITE DIE HUIS.

3. FRANS : (VOLG) Wat de hel?

BYK: HOND MAAK OPGEWONDE TJANK GELUIDE.

4. FRANS : (VOLG) Elmo?

BYK: VOORDEURKLOKKIE LUI HARD EN AANHOUDEND.

**DAAR WORD AAN DIE DEUR GEHAMER. HOND BLAF
OPGEWONDE.**

5. FRANS : (VOLG) Wat op aarde... Kearney?

BYK: DIE VOORDEURKLOKKIE LUI. HOND OPGEWONDE.

6. FRANS : (VOLG) Ek kom! Ek kom! Hou jou broek aan! — Elmo!

MAAK DEUR OOP: Kearney, ek het gesê agtuur —

(BREEK) (GESKOK) O my liewe magtig!

7. SALACIA : (BENOUD) *Su-lonnh!* Moet nie skrik nie, ek kom in vrede,
Francois Baker...In die naam van Neptune... help my
asseblief!

BYK: SLOT KENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 7

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. BELINDA TUTTON
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. SALACIA

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienuommer

UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. FRANS BAKER SE HUIS. DIE BADKAMER:
WATER LOOP IN BAD. KRANE WORD TOEGEDRAAI.
WATER PLAS.**

1. FRANS : (ONSEKER) Is die water reg so? Nie te warm nie?
2. SALACIA : *Talaa. Ruutaroo Meetamaa.* Dit is goed so.
3. FRANS : Wat doen ek hiermee?
4. SALACIA : Plaas versigtig op tafeltjie.
5. FRANS : Wat is dit? Lyk soos 'n Alice band.
6. SALACIA : Nee. *Hhaalhooo Mitre.* Kommunikasietoestel. Sal verduidelik aan Frans Baker in tyd.
7. FRANS : Jy ken my naam?
8. SALACIA : *Eeass.* Jy is Francois Baker. (OOMBLIK) Jy weet wat ek is?
9. FRANS : Hemele help my...ja... My brein probeer desperaat om jou te verwerk...maar ek slaag nie juis daarin nie.
10. SALACIA : *To hisna rendi – to fan sesmuna.*
11. FRANS : Jammer. Ek verstaan nie.
12. SALACIA : Ek bring geen kwaad saam met my. Ek is jou vriend. (OOMBLIK) Jy is baie verward in jou kop. Ek kan dit verstaan. Ons is slegs mites en legendes in julle wêreld... stories in boeke en films... Jy is verbaas?
13. FRANS : Dis lig gestel. Dit was jy op die trawler nou die dag?

1. SALACIA : *Eeas*. Ek vra om verskoning vir my voorkoms en die reuk...
ek moes vir lang tyd in die afvalhoop agter jou fabriek skuil.
Dis al plek waar hulle my nie sou kom soek het nie.
2. FRANS : Wie is "hulle"? Die mense in die helikopters wat jou gejag
het in die oseaan?
3. SALACIA : *Eeass*. *Setantreaya*. Gevaarlike mense. Ek sal alles aan jou
verduidelik. En jy sal weet van *Sessanim* en *Setanim*.
4. FRANS : Ek verstaan nie.
5. SALACIA : *Sessanim*, dis wat ek is: Meermin. Frans Baker is *Setanim*,
Mens. Julle noem ons ook zeehekse?
6. FRANS : Ons het verskeie name vir julle. Meermin, seeheks, sirene,
seenimf, waternimf, see-engel...
7. SALACIA : (OPGEWONDE) Ons leer mekaar se woorde ken, *Eeass*?
8. FRANS : *Eeass*? Ja?
9. SALACIA : Sien jy leer klaar my woorde ken.
10. FRANS : Ek probeer. (OOMBLIK) Is daar genoeg sout in die water?
Ek's bevrees dis al sout wat ek in die huis gehad het. Ek sal
nog gaan koop sodra die winkels later oop maak.
11. SALACIA : Ek sal oorleef... die sout sal help om my te genees. (LAG
FLOU) Hoekom staan jy met jou rug na my?
12. FRANS : Wel... jy is... uhm... sonder klere.
13. SALACIA : Jy mag maar na my kyk, Francois Baker. Ek's nie Medusa
nie, jy sal nie in 'n soutpilaar verander nie.

1. FRANS : Jy bedoel, klip.
2. SALACIA : Klip?
3. FRANS : Mense het in klip verander as hulle na haar gekyk het.
4. SALACIA : O, ja, jy's korrek. Nie sout nie.
5. FRANS : Jy weet van Medusa?
6. SALACIA : En van baie ander ... (OOMBLIK) Kom sit hier by my.
(SPEEL) Is jy bang ek sal jou verdrink?
7. FRANS : (VERLEË) Nee, dis nie dit nie , ek bedoel ...
8. SALACIA : Jou gedagtes...My voorkoms is gebroke...Dit is sleg vir jou?
9. FRANS : Nee, glad nie. Ek bedoel...Jammer as ek staar. Dis net, jy is beeldskoon. (BESEF) Was jy sopas in my kop?
10. SALACIA : Ek sien gedagtes van Frans Baker, eeass.
11. FRANS : In my gedagtes? (VERLEË) Jy kon sien wat ek dink?
12. SALACIA : Eeass (LAG) Jou gedagtebeeld ... dis wat julle 'n kompliment noem? (KREUN/PYN) *Daahsu. Hiss-tii!*
13. FRANS : (KOMMER) Is jy okay?
14. SALACIA : Nee. Dis pyn as ek lag.
15. FRANS : Ek's nie verbaas nie. Kyk hoe lyk jou rug. Daar's geel vloeistof wat uit jou wonde kom. Is dit normaal?
16. SALACIA : Ons bloei ook...
17. FRANS : Dis jou bloed? Hemel. Dis dan soos goue kwiksilwer...
18. SALACIA : Prima Matra in my. Dit genees.

1. FRANS : Jy's die ene kneusplekke en snye. Ek kan 'n dokter laat kom en — Wat sê ek tog. Jammer, ek het nie gedink nie.
2. SALACIA : Nee. Hoe gaan jy al dié verduidelik? My twee harte, óf my vreemde longe. Julle geneeskundiges kan niks vir my doen nie. Ek sal self-genees.
3. FRANS : (VERLEË) Jammer. Dit was 'n mamparra idee.
4. SALACIA : Mamparra? Ek verstaan nie woorde nie. Verduidelik.
5. FRANS : Ek bedoel, soos dom... onnosel. Iemand met lae verstand... intelligensie... stupid?
6. SALACIA : Aha! Stupid. Engels. 'n Primitiewe gees. *Hoof-Ra-dom?*
7. FRANS : Uhm... Presies, ja. Dom. Ek is jammer dat ek na jou gestaar het...in my kop...Ek woon alleen. Ek het nog nooit 'n vrou in my bad gehad nie... en beslis nie 'n meermin nie.
8. SALACIA : My voorkoms laat jou vreemd voel?
9. FRANS : (TERSYDE) Jy het geen idee nie... (HARDOP) Ek weet nog nie jóú naam nie.
10. SALACIA : Salacia. My naam is, Salacia, in julle woorde.
11. FRANS : Salacia... Dis 'n mooi naam. 'n Ongewone naam.
12. SALACIA : *Daahsu*, Francois Baker. "Dankie," in my woorde. Name is belangrik in my wêreld. Name is wie jy is. Wat jy is. Dit is energie. "What's in a name?" Shakespeare het so gesê in Romeo en Juliet. 'n Mooi verhaal in julle boeke. Ek lees dit.
13. FRANS : (VERBAAS) Jy ken ook Shakespeare?

1. SALACIA : *Eeass.* Ek weet baie van julle wêreld: Mozart, Sir Isaac Newton, Tesla, Elvis en ander in julle geskiedenis.

2. FRANS : (VERBAAS) Hemel.

BYK: BEWEEG IN WATER. WATER PLAS.

3. SALACIA : Kennis oor julle wêreld is verpligtend vir almal in my wêreld. Vir die eerste honderd jaar van ons bestaan word ons onderrig in julle aardse kultuur, gebruike, tale en tradisies.

4. FRANS : Eerste honderd jaar? Hoe oud word julle?

5. SALACIA : Tien van julle leeftye.

6. FRANS : 'n Duisend jaar?

7. SALACIA : Jy is verbaas? Waarom? Op julle land is daar baie wat duisend jare al hier is.

8. FRANS : Jy bedoel?

9. SALACIA : Bome. En in die dieptes is daar baie wat miljoene jare ou is.

10. FRANS : In die oseaan? Soos wat?

11. SALACIA : Jy wil eerder nie weet nie... Maar dis nie ongewoon nie. Aan die begin van julle Tyd, voor die Waters en die Land geskei het, het julle ook ons tyd geleef.

12. FRANS : Waters? Waarvan praat jy?

13. SALACIA : In die tyd van die Groot Versinking. Lemuria? Atlantis?

14. FRANS : Jy praat van die Vloed? Noag? Die Ark? In die Bybel?

15. SALACIA : *Eeass.* Methuselah? Die seun van Enoch? In julle Boek.

16. FRANS : Natuurlik. Hy het 'n duisend jaar geleef.

1. SALACIA : Toe Mens van die sout weg beweeg het, van die Essens, het julle lewenstyd verkort, en julle het verdiep geraak in die stof van die aarde...in die suurstof.
2. FRANS : Ek verstaan nie.
3. SALACIA : Jy sál verstaan. Ek sal beskryf. Jy sal leer.
4. FRANS : (OOMBLIK) Hoe oud is jy?
5. SALACIA : Driehonderd van julle jare.
6. FRANS : Hemel. Jy lyk nie ouer as 25 nie. En jy praat baie goed Afrikaans. Hoe is dit moontlik?
7. SALACIA : Ek praat 20 ander tale van die land. Die aanleer van julle tale is vir ons... (SOEK WOORD) Primêr? Belangrik.
8. FRANS : Waarom?
9. SALACIA : Vir ons oorlewing, vir wanneer ons aan die land moet kom.

BYK: BEWEEG IN WATER . WATER PLAS.

10. SALACIA : (KREUN IN PYN) Jammer...
11. FRANS : (BEKOMMERD) Is daar iets wat ek kan doen?
12. SALACIA : Jy het alreeds baie gedoen. Jy het jou deur vir my oop gemaak...vir my water en sout gegee.
13. FRANS : Ek voel so magteloos. Ek wens ek kon meer doen.
14. SALACIA : Jy doen genoeg. Die energie is in die water.
15. FRANS : Jou wonde bloei nie meer nie.
16. SALACIA : Die sout is alles. Dit help my genees.
17. FRANS : Ek sal jou met rus laat. Jou privaatheid gee.

1. SALACIA : Nee, bly hier by my. Deel woorde met my. Dis goed om jou persoonlike spasie naby myne te hê. (OOMBLIK) Jy het baie vrae. Jou gedagtes beweeg soos baie visse wat maal...
2. FRANS : Jy is weer in my kop?
3. SALACIA : Jy het 'n baie interessante kop, Frans Baker.
4. FRANS : (LAG) Jy dink so?
5. SALACIA : My woorde is verkeerd? Jammer, ek sal uit jou kop beweeg.
6. FRANS : Nee, dis alles reg. Jy is in my kop sedert ek jou op die boot gesien het. Die wêreld wat ek gedink het ek ken, het in daardie paar sekondes in skerwe gespat. Alles voel so vreemd...
7. SALACIA : Jammer daaroor. Ek verstaan... jy het... verwarring?
8. FRANS : Meer soos geskok... Ek het 'n duisend vrae...
9. SALACIA : (MOEG) En ek het 'n duisend antwoorde vir jou. Antwoorde, wat jou water verder sal vertroebel.
10. FRANS : Dis alles so fantasties. Ek kan my hand uitsteek en aan jou raak en steeds voel alles so... onwerklik...
11. SALACIA : O, ek is baie werklik. Wil jy aan my raak?
12. FRANS : Nee, ek's pynlik bewus van jou, glo my. (OOMBLIK) Jammer, ek staar al weer. Ek kan nie help nie... maar dis onmoontlik om nie te na jou te wil kyk nie...
13. SALACIA : Ek weet... Dis wat ons is. Moet net nie te lank in my oë kyk nie... jy mag dalk nie weer kan weg kyk nie...

1. FRANS : Jy was heel tyd in my kop... jou stem... ek kon jou hoor, in my kop... oor en oor...
2. SALACIA : Een van ons talle talente. Daar's baie ander...
3. FRANS : Jy lyk glad nie soos die prente in boeke, films en stories nie.
4. SALACIA : (LAG) Dank Neptunus daarvoor...
5. FRANS : Jy is glad nie hoe ek ooit 'n meermin sou voorstel nie.
6. SALACIA : Mense maak hul eie beelde in hul koppe by gebrek aan die ware feite. Daar's só baie wat julle nie weet nie. Jy is kenner van die oseaan? Mariene bioloog? Ja?
7. FRANS : Ja. Maar jý was nie in een van my handboeke nie.
8. SALACIA : (LAG) Nee, ons is nie.
9. FRANS : Ek kan nie help om te wonder nie.
10. SALACIA : Wat wonder jy?
11. FRANS : As jy werklik is... ek bedoel... wat is nog daar buite wat ons aanvaar as bloot mites en legendes?
12. SALACIA : (ERNSTIG) Jy wil miskien nie weet wat werklik alles daar buite is nie, Francois Baker.
13. FRANS : Dis wat ek gedink het. (OOMBLIK) Jy is so... menslik.
14. SALACIA : (LAG) Jy bedoel geen skubbe, vinne of kiewe nie...
15. FRANS : Op die boot... jou voete was sterte... twee sterte.
16. SALACIA : Soos julle son julle oë oor die eeue heen ontwikkel het, so het die soutwater ons ontwikkel en ons die vermoë gegee om tussen water en land te gaan.

1. FRANS : Wat bedoel jy?
2. SALACIA : Ons het 'n lewende konneksie met die land, een wat terug dateer tot die begin van die Skepping. Julle dink aan ons as visse. Ons is nie 'n visse nie, Francois Baker. Ons eet visse.
3. FRANS : (BESEF) Eet? Hemel. Hier sit ek en praat die heelyd, terwyl jy seker sterf van honger en dors. Wat presies eet jy? Vis? Ek kan vir jou vis bring. (DINK) Eet jy dit rou of gaar? In die yskas... ek het...
4. SALACIA : (LAG) Kalmeer, Frans Baker. Ek het nie behoefte aan voedsel nie en ek is nie 'n rob wat gevoer moet word nie. Maar ek kan een wees as jy wil hê?

BYK: SALACIA MIMIEK DIE GELUID VAN 'N SEE ROB WAT BLAF EN VIR KOS BEDEL PERFEK.

5. FRANS : (LAG) Genugtig! Dis ongelooflik! Doen dit weer!
6. SALACIA : (LAG) Miskien later. Die karnaval is verby. Asseblief. Waar mag ek myself neer lê?
7. FRANS : Neer lê? Slaap? Jy bedoel slaap?
8. SALACIA : Eeass. Die water het geen energie meer. Ek moet rus
9. FRANS : My kamer. Jy kan my bed gebruik.
10. SALACIA : Sal jy my help dat ek kan uit bad klim?

BYK: BADWATER PLAS.

11. FRANS : Hemel! Wag! Salacia...ek...jy...
12. SALACIA : (BEKOMMERD) Wat?

1. FRANS : Sit...asseblief...Net 'n oomblik, ek sal iets kry wat jy oor jou kan gooi...ek bedoel aantrek.

2. SALACIA : (BESEF) O, ja...jammer...ek vergeet waar ek is.

BYK: SAK TERUG IN WATER , BADWATER PLAS.

3. SALACIA : (VOLG) Ek het nie gedink nie.

4. FRANS : (LAGGIE) Nee, dis niks... my oë is gelukkig nog in hul kaste.
En ek's nog nie blind nie... hemel...

5. SALACIA : Jou oë? Hoekom sal jy blind word?

6. FRANS : Oor dat jy...Toemaar dis niks.

9. SALACIA : (BESEF) O! (LAG) Jy praat in beelde. Ek het dom gedoen?
Ek is 'n mamma parra?

10. FRANS : Nee, glad nie. Alles behalwe. Wag... Net 'n oomblik.

BYK: MAAK WASGOEDMANDJIE DEKSEL OOP. KRAP ROND.

11. FRANS : Hier. Jy kan een van my hemde aantrek. Dit behoort al die nodige ... uhm... plekke... te bedek.

12. SALACIA : *Daahsu*, Francois Baker.

13. FRANS : Hier jy kan dié handdoek gebruik.

14. SALACIA : Hoekom?

15. FRANS : Dis om jou mee af te droog.

16. SALACIA : O? (OOMBLIK) Hoekom?

17. FRANS : Om die water...ek bedoel jy's nat...om die nat van jou lyf...
Vergeet dit. Kom ek help jou uit.

18. SALACIA : Dankie.

BYK: KLIM UIT BAD. BADWATER PLAS.

1. FRANS : (ONDERSTEUN) Stadig. Jy's dood op jou voete
(OOMBLIK) Lig op jou arms. Steek jou hand deur die mou.
(OOMBLIK) En die ander ...Salacia? Steek jou hand deur.
Daar's hy... nou's jy een van ons... amper.
2. SALACIA : (FLOU LAGGIE) Die hemp het jou reuk. (OOMBLIK)
Jou vibrasies is goed. (VERPOSING) Frans Baker?
3. FRANS : Ja.
4. SALACIA : Help my na jou bed of ek is bevrees ek gaan flou raak op jou
vloer... my bene...my krag...my energie is min...
5. FRANS : Sit jou arms om my nek. (KREUN) Magtig, jy is solied.
Kom ons kry jou in 'n bed... Hou vas. Een tree op 'n slag.
6. SALACIA : (FLOU) *Daahsu. Ruutaroo Meetamaa* Frans Baker van die
Seeheks.
7. FRANS : *Talaa, Salacia.*
8. SALACIA : Jy verstaan reeds my woorde. Ek is jou my dank verskuldig.
Jy is soos kalm water binne my...
9. FRANS : Jy's baie welkom, Salacia van die oseaan.
10. SALACIA : (SLAPERIG/ MOEG) Daar is goeie vibrasies in jou
essens. Jou waters is diep en helder...

BYK: MUSIEKBRUG. BINNE: FRANS SE KOMBUIS. SKINK
KOFFIE. ROER.

1. FRANS : (TOT SELF) Genugtig, Baker, daar's 'n vlees en bloed seenimf in jou huis! In jou bed! (BESEF) Wat die hel gaan ek met haar doen? Ek's uit my diepte hier. (BESEF) Hulp, ek het hulp nodig... vroulike hulp... Belinda.

BYK: KOPPIE NEER. SKAKEL OP SLIMFOON.

2. BELINDA : (FILTER) Môre **Mnr.** Baker.
3. FRANS : Is ons terug by die "meneer"?
4. BELINDA : (FILTER) Na gisteraand... Ek dink dis beter so.
5. FRANS : Ek was nie myself nie, Belinda. Vergewe my.
6. BELINDA : (FILTER) Jy skuld my, Frans. Meer as wat jy dink.
7. FRANS : Ek weet. En ek is jammer.
8. BELINDA : (FILTER) Is jy *normaal* vanoggend?
9. FRANS : Soort van. Ek dink... Ek het jou dringend nodig, Belinda.
10. BELINDA : (FILTER) Wat? En wat beteken dit?
11. FRANS : Ek bedoel, ek het nog 'n guns van jou nodig.
12. BELINDA : (FILTER) Jou kar is nog by die kantoor. Moet ek jou kom optel? Is dit wat jy wil vra?
13. FRANS : Nee. Ek gaan nie kantoor toe nie.
14. BELINDA : (FILTER) O? Voel jy nie goed nie? Kopseer?
15. FRANS : **Nee**, dis nie **dit** nie. Iets het ... uhm... onverwags opgeduik, op my voorstoep beland... kan jy maar sê. Kan jy na my huis toe kom?
16. BELINDA : (FILTER) Hoe nou?

1. FRANS : Moenie kantoor toe gaan nie. Kom hierheen.
2. BELINDA : (FILTER) (VERWARD) Ek moet na jou huis toe kom?
3. FRANS : Ja. En bring van jou klere saam.
4. BELINDA : (FILTER) Wat?
5. FRANS : Klere, bring van jou klere saam.
6. BELINDA : (FILTER) Hoekom? Frans? Waarvan praat jy?
7. FRANS : Nog beter. Bring alles saam wat jy sal benodig soos vir 'n naweek weg. Pak 'n tas vol klere en kom na my huis toe.
8. BELINDA : (FILTER) Wil jy my ontvoer? Wat gaan aan?
9. FRANS : Kyk, ek weet dit klink vreemd.
10. BELINDA : (FILTER) Vreemd is nie die woord wat ek sou gebruik nie...
11. FRANS : Ek sal alles verduidelik as jy hier is.
12. BELINDA : (FILTER) Nee, Frans, jy gaan nou verduidelik of ek gaan nêrens heen nie.
13. FRANS : Ek kan nie. Nie oor die telefoon nie.
14. BELINDA : (FILTER) Wat die duiwel gaan aan?
15. FRANS : Belinda trust my. Kom net, asseblief.
16. BELINDA : (FILTER) Hoekom moet ek my klere bring? Het jy een of ander fetisj?
17. FRANS : Nee, Belinda, dis nie hoekom ek — ag hemeltjie tog! Kyk, kom net, asseblief. Jy sal verstaan as jy eers hier is glo my. (OOMBLIK) Belinda?

1. BELINDA : (FILTER) Ek's klaar in die moeilikheid by Richard omdat ek laas nag so lank by jou huis was. Nou verwag jy van my om 'n tas met klere te pak en weër na jou huis toe te kom? Vir wat?
2. FRANS : Asseblief. Kom net! (OOMBLIK) O, en Belinda?
3. BELINDA : (FILTER) (SUG) Wat, Frans?
4. FRANS : Bring ook van jou onderklere saam...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

EPISEDE 8

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:


1. FRANS BAKER
2. BELINDA TUTTON
3. KAPT. JOHN KEARNEY

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienuommer

UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. FRANS BAKER SE HUIS. DIE SITKAMER.
VOORDEURKLOKKIE LUI. DEUR OOP.

1. FRANS : Kearney?
2. KEARNEY : (ANGSTIG) Ja. Maak oop die deur!
3. FRANS : Jy lyk of die duiwel agter jou aan is.
4. KEARNEY : Miskien is hy. Hy en sy maatjies.
5. FRANS : Kom in.

BYK: DEUR TOE. VOETSTAPPE.

6. FRANS : Wat is aan die gang?
7. KEARNEY : Moeilikheid. Ons het moeilikheid, Fransman.
8. FRANS : Jy praat van jou besoekers.
9. KEARNEY : Ja, soos ek gesê het. In die middel van die blooming nag.
Donker brille, donker klere. Donker alles.
10. FRANS : Regerings tipes?
11. KEARNEY : Ek het eers so gedink. Maar vieruur in die oggend?
12. FRANS : Ja, dit maak nie sin nie.
13. KEARNEY : Regte Gestapo tipes met Nazi tegnieke. Klop jou in die
middel van die nag op. Ek het die sout uit my geskrik en 'n
paar ander goed ook.
14. FRANS : Hel. (OOMBLIK) Kom sit.
15. KEARNEY : Het jy iets om te drink.
16. FRANS : Ek kan koffie maak.

1. KEARNEY : Nee, ek benodig iets sterkers.
2. FRANS : Ek kan self doen met iets sterker.

**BYK: DRANK KABINET DEUR OOP. GLASE UIT. BOTTEL
OOP. SKINK. YS IN GLAS TYDENS DIALOOG.**

3. KEARNEY : Jy lyk nie so goed jousef nie. Hangover van gisteraand?
4. FRANS : Ek het nie veel slaap gekry nie.
5. KEARNEY : Ja, ek is jammer dat ek jou so vroeg moes wakker bel.
6. FRANS : Nee, dis nie dit nie.
7. KEARNEY : Was Belinda hier? Ek het gevra sy moet kom kyk.
8. FRANS : Ja, sy't my huis toe gebring. GEE GLAS: Hier.
9. KEARNEY : Dankie. VAT GROOT SLUK: Dit was beslis daai cowboys met die ongemerkte helikopters wat ons op die oseaan teëgekom het.
10. FRANS : Hoekom sê jy so?
11. KEARNEY : Hulle het allerhande vrae gevra oor wat daar buite gebeur het. Wou weet of ek die Kaptein van die trawler is. Wat ek gesien het? Hoeveel bemanning aan boord was?
12. FRANS : DRINK: Wat het jy gesê?
13. KEARNEY : Ek het hulle gesê om in die oseaan te gaan spring. Wie de hel is hulle om my hier in die middel van die nag te kom opklop? Ek wou weet wie **hulle** is?
14. FRANS : En?

1. KEARNEY : Hulle het gesê dat hulle kasting van die NSA is, kaarte en die lot in my gesig rond geswaai. SLUK DRANK: Twee wittes, een met 'n Duitse aksent en die ander een het Amerikaans geklink. As hulle NSA is dan is my ma Suster Theresa.
2. FRANS : Magtig. Duits? Amerikaans?
3. KEARNEY : Hulle het na jou gevra. Hulle weet van alles, Frans. Ken tot ons name.
4. FRANS : Hier is beslis iets eienaardig aan die gang.
5. KEARNEY : As hulle so ver gegaan het om ons op te spoor, kan jy maar weet dit is so.
6. FRANS : Het jy iets gesê?
7. KEARNEY : DRINK: Nee. Ek het eers dom gespeel maar hulle weet dat ons die helikopters en die boot gesien het. Ek is mooi laat verstaan dat as ek weet wat goed is vir my ek daarvan sal vergeet en nie daarvoor sal praat nie.
8. FRANS : Of wat?
9. KEARNEY : Of hulle sal die lewe vir ons almal baie moeilik maak. Hulle het in soveel woorde gedreig om ons in die oop oseaan te laat verdwyn as ons weer uitgaan. Dat hulle Baker en Seun kan laat verdwyn. Ons lisensies sal laat opskort...
10. FRANS : SLUK DRANK: Kan hulle dit doen? Ek meen, wie is hierdie mense?

1. KEARNEY : Ek wil eerder nie uitvind nie, maar ek kan jou dít sê, hulle is die tipe wat dink hulle hoef nie verantwoording te doen aan enige iemand nie. Mense wat jou sal laat verdwyn of jou dood na 'n ongeluk laat lyk. Gesigloos. Anoniem. Spoke.
2. FRANS : (IN GEDAGTE) Maar hoe het hulle ons opgespoor?
3. KEARNEY : Daai helikopter wat weggekom het.
4. FRANS : Óf hulle het kans gehad om die trawler se naam en registrasienommer te rapporteer voordat daai storm getref het.
5. KEARNEY : Ek weet nie, Fransman. Hulle wou ook weet of ons iets in die water gesien het? Ek het gesê, vis. Net vis.
6. FRANS : Dink jy hulle weet van... jy weet... wat op die dek was?
7. KEARNEY : Ek dink nie so nie. Maar as een van die bemanning sy mond verby praat...
8. FRANS : Ek het almal op verlof gesit tot die *Heks* eers herstel is. Kom ons hoop hulle bly by hul huise en loop nie rond en blaker alles uit nie.
9. KEARNEY : Ons sal almal bymekaar moet kry en waarsku.

BYK: FRANS SE FOON LUI.

10. FRANS : (AAN KEARNEY) Jammer, dis die kantoor. ANTWOORD: Baker. Hallo, Mev. Steenkamp. (LUISTER) Wat? Wat wou hulle hê? (LUISTER) Kalmeer, Margaret. (LUISTER) Pacific Imports? Nee, het nog nooit van hulle gehoor nie.

1. KEARNEY : (FLUISTER) Wat? Wat is dit?
2. FRANS : (AAN KEARNEY, FLUISTER) Ek dink jou vriende. (OP FOON) Moet jou nie verder bekommer nie, ek sal dit hanteer. (LUISTER) Dankie dat jy laat weet het. (OOMBLIK) O, en Margaret, ek en Belinda sal nie vanoggend inkom nie. Daar het iets...uhm...opgeduik, waarmee sy my moet help. Ek het haar die dag afgegee. (OOMBLIK) Nee, dis alles in die haak. Totsiens. (POUSE) Praat van die duiwel!
3. KEARNEY : Wat?
4. FRANS : Jou vriende in swart. Hulle was by die kantoor.
5. KEARNEY : Wat wou hulle hê?
6. FRANS : Hulle wou met my praat.
7. KEARNEY : Gelukkig was jy nie daar nie.
8. FRANS : Margaret sê sy het eers gedink dat hulle van die assuransië af is. Hulle het vrae oor die *Seeheks* gevra en was glad nie vriendelik nie.
9. KEARNEY : Ek hou nie hiervan nie. Ons het beslis op iets af gekom wat ons nie veronderstel wat om te sien nie. Iets wat die wêreld nie mag weet nie, en hulle wil dit so hou... Ek dink ons is gelukkig dat ons nie iewers op die bodem van die see lê nie.
10. FRANS : Dink jy regtig hulle sou ons —
11. KEARNEY : As dit nie vir daai storm was nie...

1. FRANS : Magtig...ek dink jy's reg...
2. KEARNEY : Ek's ook seker hulle hou ons dop. Ek dink nie dis veilig om iets op 'n selfoon te sê nie. Ons moet versigtig wees. Hulle kan enige oomblik aan 'n deur kom klop.

BYK: KLOP AAN DEUR/ VOORDEUR KLOKKIE LUI.

3. KEARNEY : (SKRIK) Floating flotsam! Dis hulle!
4. FRANS : Ontspan, Kearney. Dis net Belinda.
5. KEARNEY : (VERLIG) Dank die hemel.
6. FRANS : (BEWEEG VAN MIK) Net 'n oomblik. Skink vir jou nog 'n dop.
7. KEARNEY : Ek sal. (ROEP) Wil jy nog een hê?

BYK: SKINK DRANK IN GLAS.

8. FRANS : (OP AFSTAND) Nee dankiel!

BYK: VOORDEUR OOP IN A/G.

9. BELINDA : (OP AFSTAND) Frans Baker! Wat de hel is aan die gang?
10. FRANS : (OP AFSTAND) En 'n goeie môre aan jou ook, Belinda.

BYK: VOORDEUR TOE.

11. BELINDA : (NADER) Los die sarkasme. Ek kan doen daarsonder.
Richard praat nie met my na gisternag nie en vanoggend moes ek uit die huis gesluip het soos 'n dief. Met 'n tas!
12. FRANS : (NADER) Kalmeer, ek sal verduidelik.
13. BELINDA : (OP MIK) Wat's met die klere? Wil jy my ontvoer vir die naweek of het jy een of ander siek fetish oor vroue klere?
14. FRANS : Nee, Belinda, jy het dit verkeerd...

1. BELINDA : Hemel behoed my as jy 'n cross-dresser is of so iets.
2. KEARNEY : Wie is nou 'n cross-dresser?
3. BELINDA : Oh, hallo Kaptein Kearney. Het jou nie gesien nie. Jou kar...
4. KEARNEY : Hello, Belinda. Ek het 'n blok verder parkeer.
5. BELINDA : Hoekom?
6. FRANS : Sit asseblief. Ek sal verduidelik.
7. KEARNEY : Kan ek vir jou ook iets skink om te drink, Belinda. Jy lyk ook of jy met iets sterk kan doen.
8. BELINDA : Nee, dankie. Magtig, drink julle twee al dié tyd van die oggend? Frans, het jy nog nie jou les geleer nie?
9. FRANS : Asseblief, Belinda. Kom sit. Geen my die tas — Wat het met jou gewrig gebeur?
10. BELINDA : (ONTWYKEND) Dis niks.
11. FRANS : Wat bedoel jy “dis niks”. Dis potblou. (OOMBLIK) Nee, moenie jou mou oor dit trek nie. Laat my sien.
12. BELINDA : Ek het my gewrig by die gym beseer vanoggend toe ek geoefen het. Los dit nou. Ek wil weet waarom ek hier is.
13. KEARNEY : (MOMPEL) Iemand het met die verkeerde voet uit die bed geklim...
14. FRANS : Dis nie wat jy dink nie. Jy verstaan nie —
15. BELINDA : Jy's heeltemal reg. Ek verstaan nie. Ek verstaan nie hoekom my baas homself papdronk suip en onsamehangende twak kwyt raak nie.

1. FRANS : Ek's jammer...
2. BELINDA : Ek verstaan nie waarom ek 'n tas vol van my klere moet pak en hierheen kom nie! Ek verstaan nie hoekom jy en Kearney agtuur in die oggend al weer aan die suip is nie!
3. KEARNEY : SLUK DRANK: 'n Tas vol klere? Gaan julle twee skelm wegloop?
4. FRANS : (GEFRUSTREERD) Nee! Magtig, sal julle twee stilbly. (OOMBLIK) Asseblief. (OOMBLIK) Waar om te begin...
5. BELINDA : Ek wag in spanning.
6. FRANS : Kearney, ek dink jy moet begin en haar vertel wat gister op die *Seeheks* gebeur het.
7. KEARNEY : Wat? Dink jy dis wys om haar te betrek?
8. FRANS : Sy glo my nie. Ek het probeer verduidelik. Sy sal **jóú** glo.
9. KEARNEY : Is jy seker? Moet ek haar alles vertel?
10. FRANS : Vertel haar net die laaste gedeelte. Dis sal genoeg wees.
11. BELINDA : Vertel my wat?
12. KEARNEY : (KUG) Wel... hoe sal ek dit stel? Jy sien Belinda... daar was... (BREEK) hoes sal ek dit nou stel...
13. FRANS : Hemel, sê dit net, Kearney.
14. KEARNEY : (OOMBLIK) Gister, in die storm, ek bedoel... na die storm... daar was 'n seeheks ... op die *Seeheks*.
15. BELINDA : Wat?

1. KEARNEY : 'n Meermin. Daar was 'n meermin op die trawler. I sweer op my boot se propeller. Ons het haar almal gesien.
2. FRANS : Sy was op die dek. Jantjies het haar ook gesien.
3. BELINDA : (SARKASME) 'n Meermin? Regtig. Met 'n stert en al?
4. FRANS : Nee. Twee sterte.
5. KEARNEY : Ja. Sy het twee sterte gehad. Twee.
6. BELINDA : Wat? (OOMBLIK) Julle is ernstig?
7. FRANS : Lyk dit of ons nie is nie?
8. KEARNEY : Die hele bemanning het haar gesien. Seehekse kan die weer en elemente beheer. Ek dink sy het daardie storm wat die trawler so beskadig het ook veroorsaak.
9. FRANS : Ek dink sy het ons lewens gered met daai storm.
10. BELINDA : Ek volg nie...
11. KEARNEY : Daar was hierdie mense wat haar gejag het...
12. FRANS : Swart helikopters en 'n boot...
13. KEARNEY : Ja, Mans in Swart klere. Donkerbrille. Militêre tipes. Hulle het vanoggend aan my deur kom klop.
14. BELINDA : Stop, stop... Whoa! (BEAT) Julle is waaragtig ernstig?
15. FRANS : Glo my daar wás 'n meermin. Dis wat ek jou gisteraand probeer vertel het. Ek was in skok.
16. KEARNEY : Ek sal ook gewees het as 'n meermin my op my naam genoem het.
17. BELINDA : Wat? Sy het wat?

1. FRANS : Sy het my op my naam genoem. Ek dit duidelik gehoor.
2. BELINDA : Maar hoe? Hoe kan sy jou naam ken? Hoe is dit moontlik?
3. FRANS : Slaan my met 'n pap snoek... soos Jantjies sou sê.
4. KEARNEY : Maar dis nie al nie. Sy het 'n hangertjie, die een wat Frans vir Angelique gegee het op haar verjaarsdag, op die dek gelos.
5. FRANS : Ek het jou dit vertel... Probeer vertel. Onthou jy? (POUSE)
Belinda? Sê iets.
6. BELINDA : (TWYFEL) Ek weet nie wat om te sê nie. Dis alles so fantasties. 'n Meermin.
7. FRANS : In vlees en bloed.
8. KEARNEY : En ons was almal nugter. Nie 'n druppel nie.
9. BELINDA : Weet julle hoeveel keer ek al stories van meerminne moes aanhoor vandat ek hier in Bloubaai kom bly het?
10. KEARNEY : Ek weet dit klink absurd. Maar ek sweer dis waar.
11. BELINDA : (OOMBLIK) Sien is glo... As ek die hangertjie kon sien...
12. FRANS : (OOMBLIK) Dit sal nie nodig wees nie.
13. BELINDA : Wat bedoel jy?
14. FRANS : Ek het iets beter as die hangertjie om jou te oortuig.
15. BELINDA : Soos wat?
16. KEARNEY : Frans? Waarvan praat jy?
17. FRANS : Soos ek gesê het. Iets het opgeduik, letterlik... uit die see.
18. KEARNEY : Hoe nou?
19. FRANS : Die rede waarom jy die tas met klere moes bring, Belinda.

1. KEARNEY : Waarvan praat jy, Frans?
2. FRANS : Vroeg vanoggend was daar 'n klop aan my voordeur. Dit was sy. Sy's in my kamer.
3. BELINDA : Sy? Sy wie?
4. KEARNEY : Van wie praat jy, Frans?
5. FRANS : Ek dink dit sal beter wees as ek julle wys. Dat julle haar vir julself kan sien.
6. BELINDA : (ONGEDULDIG) Wie?
7. FRANS : Soos jy gesê het, Belinda. Sien is glo... Volg my.

BYK: VOETSTAPPE.

8. KEARNEY : Ons is reg agter jou.
9. FRANS : Wees asseblief so stil as moontlik.
10. BELINDA : As jy so sê, Frans.
11. KEARNEY : Wie's in jou kamer, Frans?
12. FRANS : Geduldig, John. Belowe my julle sal nie uit-freak nie...
13. BELINDA : Waarom sal ons uit-freak?
14. FRANS : Glo my julle gaan. (FLUISTER) Hier is ons. Saggies.

BYK: KAMERDEUR KRAAK SAG OOP.

15. KEARNEY : (FLUISTER) Dis donker.
16. FRANS : (SAG) Wag. Ek maak die blinding effens oop.

BYK: TREK BLINDING SAG OOP.

17. FRANS : (FLUISTER) Daar. Ssshhh! Moet haar nie ontstig nie.

1. BELINDA : (FLUISTER) Wat die hel, Frans? Hoekom wys jy ons 'n half naakte vroumens in jou bed? Wat probeer jy bewys?
2. KEARNEY : (FLUISTER) Ja, geluk, Fransman. 'n Blond met ongelooflike bene. Dit lyk of jy 'n lekker tyd gisteraand gehad het.
3. FRANS : Nee...magtig! Gaan nader. Kyk mooi! (POUSE) Kyk!
4. KEARNEY : (GESKOK) Blou bliksems!
5. BELINDA : (SNAK) O, my hemel! O, my genade...
6. KEARNEY : (FLUISTER) Is dit...
7. FRANS : (FLUISTER) Belinda?
8. KEARNEY : Dit is sy... dit is sy...
9. BELINDA : Haar ore...sy's ...dis 'n ...dis ...'n...
10. FRANS : Sien, ek het jou gesê! Ongelooflik is sy nie?
11. KEARNEY : My hel, Frans! Dis wragtig sy. Maar hoe? Wanneer het sy...
12. FRANS : Shhhhh! Sagter, John.
13. BELINDA : Haar hande...dis ...dis...haar ore...
14. FRANS : Glo jy my nou? (POUSE) Belinda?
15. BELINDA : (VERBLUF) Sien is glo... sien is glo...
16. FRANS : Belinda? Is jy okay? Belinda?

BYK: LIGGAAM VAL OP VLOER:

17. FRANS : (OOMBLIK) O, my magtig!
18. KEARNEY : Sy's op die vloer, Frans... ek dink sy't flou geval.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 9:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. BELINDA TUTTON
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. SALACIA

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienuommer

UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA A/G. FRANS BAKER SE HUIS. DIE SITKAMER.

1. FRANS : Belinda? KLAP LIGGIES OP WANG: Belinda? Kan jy my hoor?
2. KEARNEY : Hang aan, Frans. Dit lyk of sy bykom.
3. BELINDA : (KREUN) Wat...wat het gebeur?
4. FRANS : Jy het flou geword.
5. KEARNEY : Hier, Girlie. Drink dit.
6. BELINDA : Wat is dit?
7. KEARNEY : Bietjie suikerwater.
8. BELINDA : SLUK: Dankie. (ONTHOU) Hemel...Frans... in jou kamer.
Daar's 'n meermin in jou kamer. (OOMBLIK) Is sy werklik daar?
9. FRANS : Jy't jou nie verbeel nie, Belinda. Sy's werklik daar.
10. KEARNEY : Dit slaan jou voete onder jou uit, nè.
11. BELINDA : Maar hoe is dit moontlik... Alles voel skielik so onwerklik...
12. FRANS : Welkom by die klub, Belinda.
13. KEARNEY : Kom sit regop. Hier, laat ek help. KREUN: Jy's so wit soos 'n laken.
14. BELINDA : Kan ek nog iets kry om te drink. Ek kan nie my voete voel nie.
15. KEARNEY : Wil jy nog water hê?
16. BELINDA : Nee, ek bedoel iets sterker... wat julle gedrink het...
17. FRANS : (SARKASTIES) Belinda Tutton, vra jý vir drank? So vroeg in die oggend?
18. BELINDA : (FLOU) My hande bewe. Ek's jammer ek was so sarkasties, Frans. Ek het nie beseft nie...ek het begin dink jy is kranksinnig.
19. FRANS : Jy hanteer dit beter as ek, Belinda. Glo my.

1. KEARNEY : Ek dink ons kan almal met iets sterkers doen. I'll get it.
 2. FRANS : In die kabinet, Kearney. Die glase is langsaan.

BYK DRANK KABINET OOP/GLASE UIT/ SKINK/ DRINK ONDER

VOLGENDE DIALOOG.

3. BELINDA : Hemel sy is beeldskoon...soos 'n engel...sy is werklik...'n meermin...DRINK GULSIG: Dankie.
 4. KEARNEY : Stadig, Belinda. Dis skoon brandewyn...
 5. BELINDA : Los my, Kearney. SLUK: Ek het dit nodig. Kan ek nog een kry.

BYK DRANK WORD GESKINK.

6. BELINDA : Dankie.
 7. KEARNEY : Frans, wat het van haar sterte geword? Op die boot...
 Sy het twee sterte gehad. Nou is daar voete.
 8. FRANS : Ek het geen idee hoe sy dit doen nie. Al wat ek weet is sy's hier, in my huis, in my kamer.
 9. BELINDA : SLUK DRANK: Kan ek weer na haar gaan kyk, asseblief.

BYK BELINDA SIT GLAS NEER.

10. FRANS : Ek dink ons moet haar eers met rus laat vir nou. Sy's deur hel.
 11. BELINDA : Asseblief, ek sal stil wees... ek sal haar nie pla nie.
 12. KEARNEY : Ek stem saam met Frans, Belinda. Laat haar rus.
 13. FRANS : Sy gaan nêrens, Belinda. As sy wakker word kan jy haar persoonlik ontmoet. Glo my dís 'n ervaring op sy eie.
 14. BELINDA : (IN VERVOERING) So mooi, sy's só mooi...so ongelooflik. Het julle haar hande gesien?
 15. KEARNEY : Die ore is wat my getref het.
 16. FRANS : Wag dat sy haar oë oop maak. Kaleidoskoop hipnoties.
 17. BELINDA : Ek voel of ek sweef. Ek wil haar weer sien. Naby haar wees.

1. FRANS : Belinda? Is jy okay?
2. BELINDA : Ek weet nie, Frans...ek voel vreemd...buite myself.
3. FRANS : Hulle het 'n magiese effek op mense. Ek dink dis deel van hul natuur om jou te betower met hul skoonheid.
4. BELINDA : Sy's so mooi. Haar liggaam...Haar hare...Sy lyk nie soos enige meermin wat ek al in prentjies gesien het nie.
5. KEARNEY : Dis nou darem waar. Sy's gebou soos 'n resiesperd.
6. BELINDA : Ek wonder of hulle almal so lyk?
7. FRANS : Wel, ek neem aan as jy vir eeue lank in die oseaan moet swem op dieptes waar die water jou kan dooddruk en sterk seestorme moet trotseer, dan gaan jy sekerlik nie soos die Little Mermaid lyk nie, gaan jy? Jy gaan soos sy lyk.
8. KEARNEY : Dit maak sin. Die marienebioloog sal weet.
9. BELINDA : Het jy gesê eeue?
10. FRANS : DRINK: Dis wat sy my vertel het. Sy is 300 jaar jonk, Belinda.
11. KEARNEY : Hoe nou?
12. BELINDA : Wat?
13. FRANS : Julle het my gehoor. Sy is nog betreklik jonk. Sy het my vertel hulle raak tot 'n duisend jaar oud.
14. BELINDA : 'n Duisend jaar? Hemel. En sy praat Afrikaans?
15. FRANS : En 'n horde ander tale. Insluitende Aramees en Enogiaan, die taal van die engele, so sê sy.
16. BELINDA : Hemel. Het sy 'n naam?
17. FRANS : Salacia.
18. BELINDA : (INGEDAGTE) Salacia? Hoe mooi...

1. KEARNEY : Salacia...Ek ken daai naam...Salacia. Dis die naam van die Romeinse godin van sout water. Neptune se vrou.
2. FRANS : Jy verbaas my, Kearney. Jy reg. Dis wat Google ook gesê het. Ek het gekyk.
3. KEARNEY : Maggies. Dink julle sy is dalk...regtig...jy weet...
4. FRANS : Ons sal moet wag en sien.
5. BELINDA : (AFGEMETE) S-a-l-a-c-i-a. (PREWEL) Salacia. Salacia...
6. FRANS : Belinda? Hallo?
7. KEARNEY : Ek dink jy ly aan skok, Belinda.
8. BELINDA : Sy's beseer. Het julle gesien. Wie het dit aan haar gedoen? Die mans in swart waarvan julle gepraat het?
9. FRANS : Ja. Hulle het op haar jag gemaak.
10. BELINDA : Waarom? Waarom wil iemand iets so pragtig jag?
11. KEARNEY : Wie de hel weet, Belinda. Ek weet nie wat hier aangaan nie, maar ek weet een ding: ons kan haar nie in daardie blikemmers se hande laat val nie. Wie hulle ook al is.
12. FRANS : SLUK DRANK: Ek stem saam. Ek dink hulle is agter háár aan. Ek bedoel, hulle het blerrie dieptebomme op haar gegooi!
13. KEARNEY : Bastards!
14. FRANS : Ons moet haar beskerm.
15. KEARNEY : Natuurlik. Wat dit ook al vat.
16. FRANS : Tot ons meer weet, bly haar bestaan tussen hierdie mure. Niemand praat uit nie. As iemand sou vra: sy's 'n ou vriendin wat kom kuier het. Dis al.
17. BELINDA : My lippe is geseël. Maar waarom is sy hier?
18. FRANS : Dit weet ek nog nie, Belinda.

1. BELINDA : Het sy niks gesê nie, Frans?
2. FRANS : Nee. Sy het nog nie kans gehad om my te vertel nie. Maar wat dit ook al is, ek dink dis belangrik, glo my.
3. BELINDA : Ek verstaan nou waarom jy die klere wou hê. (Lag) Ek het regtig begin dink jy het dit verloor. Hoe kon ek ooit raai ...
4. FRANS : Ek weet, Belinda. Dankie, dat jy die klere gebring het. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Sy het naak op my voorstoep opgedaag en in 'n toestand.
5. BELINDA : Hemel. Het sy geen klere nie?
6. FRANS : Nie soos ons nie. Op die trawler toe ons haar die eerste keer gesien het, was sy bedek in iets soos 'n baie dun kostuum, byna soos 'n tweede vel.
7. KEARNEY : Ja, ons het eers gedink dit was haar vel. Maar dit was soos 'n duikpak net baie dunner.
8. BELINDA : Ek's bevrees sy gaan nie in my klere pas nie. Ons is baie dieselfde lengte, maar sy's beslis breër en meer gespierd as ek. Ons sal iets groter vir haar moet aanskaf.
9. FRANS : Sal jy dit hanteer, Belinda? Sy kan nie die hele tyd in my hemde rondloop nie. Ek sal jou my kredietkaart gee. Gaan kry wat jy dink nodig sal wees.
10. BELINDA : Reg so, Frans. Los dit vir my.
11. FRANS : Ek het geen idee hoe lank sy hier gaan wees nie. Ons sal meer weet as sy eers wakker is. Dit kan ure wees. Dis nie nodig dat julle hier moet rond hang nie. Ek sal julle laat weet as sy wakker is dan kan julle haar ontmoet.

1. KEARNEY : Ek tel die minute. (INGEDAGTE) Ons het 'n regte meermin op ons hande... Wens jou pa kon haar sien, Frans. Bloody hell, kan jy dink wat hy sou gese het?
2. FRANS : Hy het altyd geglo, al het hy nooit kon sien soos ons nie.
3. KEARNEY : Wel, ek gaan julle verlaat. Ek kan doen met 'n forty winks. Ek's uit op my voete. SLUK GLAS LEEG: Teveel excitement vir een dag.

BYK GLAS NEER OP TAFEL.

4. FRANS : Ons kry mekaar drieuur by die kantoor in die konferensiekamer. Kearney sal jy Jantjies laat weet?
5. KEARNEY : Ja. En ons gas? Die situasie het nou ietwat verander. Jy kan haar nie hier alleen los nie.
6. FRANS : Ek sal haar saam bring. Ek dink sy sal julle wil ontmoet.
7. KEARNEY : En ons haar.
8. BELINDA : Beslis.
9. KEARNEY : Sal dit veilig wees?
10. FRANS : Ons sal 'n plan maak om haar te vermom.
11. KEARNEY : As hulle die huis dop hou gaan hulle sien as jy met haar in 'n kar vertrek.
12. FRANS : Dis nie 'n probleem nie. My motorhuis is aan die huis gekoppel, Sy kan in die motorhuis in die kar klim en plat lê as ons ry. As iemand die huis dophou sal hulle niks vermoed nie.
13. KEARNEY : Dit kan werk. (BEWEEG WEG) Ek sien julle dan later.
14. FRANS : Totsiens, Kearney. Ek sien jou drieuur.
15. BELINDA : Bye Captain.

BYK VOETSTAPPE. VOORDEUR OOP EN TOE OP A/G

1. FRANS : Belinda, as jy gaan klere soek vir haar, sal jy sommer ook kyk vir kos? Sy het niks geëet vandat sy op my stoep beland het nie.
2. BELINDA : Maar wat eet meerminne? Vis? Beslis nie takeaways nie.
3. FRANS : Ek neem so aan. Hoe eet hulle hul kos? Gaar of rou? Seker rou.
4. BELINDA : Ek het geen idee nie. Maar ek sal vars vis gaan koop en sommer Sushi ook kry, net vir ingeval.
5. FRANS : Goeie idee. Hier, neem my kaart. (OOMBLIK) Jy lyk steeds maar bleek om die kiewe. Is jy seker jy's okay?
6. BELINDA : Toemaar, ek sal oorleef.
7. FRANS : Ek het daai oë van jou nog nooit só blou gesien nie. Jy gaan nie weer flou word nie, gaan jy?
8. BELINDA : (LAG FLOU) Nee, toemaar Frans. Dis net –
9. FRANS : Wat?
10. BELINDA : Alles. Dis net só baie om te verwerk. Ek voel die healtyd ek gaan dalk wakker skrik en besef ek droom... Dat sy nie werklik daar bo in jou kamer is nie. Alles voel net weird.
11. FRANS : Dis 'n skop in die pankreas, is dit nie?
12. BELINDA : (OOMBLIK) Ja, dit is. (BEAT) Frans...voordat ek gaan...
13. FRANS : Ja?
14. BELINDA : Dankie.
15. FRANS : Vir wat? Dis ék wat jou moet bedank.
16. BELINDA : Nee, ek bedoel, dat jy haar vir my gewys het. My vertrou het...My deel hiervan gemaak het.
17. FRANS : Ek móés anders sou jy my nooit geglo het nie.
18. BELINDA : Seker nie.
19. FRANS : Die vader weet wat jy van my moes gedink het.

1. BELINDA : (LAG) Wel, ek moet erken, vir 'n oomblik het ek begin dink dat jy een of ander weird ding oor vroue onderklere het...
2. FRANS : Hemel tog...nee.
3. BELINDA : Maar nou weet ek van beter. Dis steeds so ongelooflik...
4. FRANS : Ek loop self nog steeds op die wolke vandat sy aan my deur kom klop het. Ek het myself nugter geskrik toe sy daar staan.
5. BELINDA : Dit voel asof my hele bestaan tot nou toe een groot leun was en dat sý die enigste werklikheid is...die enigste waarheid is.
6. FRANS : Nou weet jy presies hoe ek voel.
7. BELINDA : As sy werklik is, wat is nóg daar buite waarvan ons niks weet nie?
8. FRANS : Presies my gedagtes ook.
9. BELINDA : Ek kan dit nie verduidelik nie, maar sy borrel in my binneste en terselfdertyd is ek stomverbaas. My brein rebelleer teen alles.
10. FRANS : Dit vat tyd om in te sink. Ek was eers nie seker óf ek jou moes betrek nie.
11. BELINDA : Hoekom?
12. FRANS : Ek was nie seker hoe jy sou reageer nie. Jy was so skepties. Ek het my dinges afgeskrik toe jy flou geraak het...
13. BELINDA : Jammer daaroor. Dit was asof iets in my kop ontplof het.
14. FRANS : Ek kon dit sien.
15. BELINDA : My lewe het so drasties verander vandat ek hierheen gekom het, Frans. En ek bedoel nie net dit wat in jou kamer is nie. Ek bedoel alles. Dis asof goed net begin gebeur het. Asof dit so bestem was...jy weet...
16. FRANS : Soos karma? Déjà vu?

1. BELINDA : Nee. Meer asof dit alles so bestem is. Vir die eerste keer in my lewe het ek ware vriende, amper iets soos 'n familie. Jy en Kearney en... (BREEK) 'n Wonderwerk het gebeur, Frans. Daar's lê 'n wonderwerk in jou kamer. En ek is een van 'n handjievul mense op hierdie planeet wat daarvan weet, wat haar mag aanskou.
2. FRANS : Ek voel self asof ek deur vreemde sterk seetrome meegesleep word. Asof ons saamgegooi is deur magte wat ons nie verstaan nie. Ek en jy...Kearney...Salacia...almal van ons.
3. BELINDA : Frans...
4. FRANS : Ja.
5. BELINDA : OMHELSE EN DRUK HOM: Dankie.
6. FRANS : Waarvoor was daai omhelsing? Nie dat ek kla nie.
7. BELINDA : Sommer. Omdat jy my vriend is, omdat jy...jy is.
8. FRANS : Jy's welkom, Belinda.
9. BELINDA : NEEM SLEUTELS: Ek's nou terug.
10. FRANS : Wees versigtig. Hou jou oë oop.

BYK. MUSIEKBRUG. FRANS SE SITKAMER. MUSIEK SPEEL IN

DIE AGTERGROND OP MUSIEKSENTRUM. 'n OU

STAANHORLOSIE SLAAN DIE MIDDAG UUR. ELMO, DIE

HOND SOEK AANDAG. FRANS WERK OP REKENAAR.

11. FRANS : (PRAAT MET ELMO) Kom tot rus, Elmo. Ruik jy haar aan my?

BYK. ELMO GEE FYN TJANKIES.

12. FRANS : (VOLG) Lyk my sy het jou óók betower. Maar jy kan nie aan die kamerdeur gaan krap nie. Lê nou! En hou op om 'n pyn te wees.

BYK. ELMO SUG. SKOOTREKENAAR. KLIK MET MUIS

1. FRANS : (VOLG) Hmmm. Kom ons sien wat Google sê... Verkeerd...
KLIK MUIS: Steeds verkeerd...nonsense.
 Verkeerd...belaglik. Julle sit die pot so ver mis...

BYK. KLAP SKOOTREKANAAR TOE.

2. FRANS : Nee, wat, Elmo. Daar's niks op die internet wat my gaan help om
 meer te wete te kom oor ons besoeker nie. Hulle het nie 'n
 clue nie. Niemand het nie. Ons sal dit maar uit
 die leeu se bek moet kry...of eerder, meermin... nè.

BYK. HOND OPGEWONDE BLAF.

3. SALACIA : Ek sal graag in tyd 'n regte leeu wil sien.
4. FRANS : (SKRIK) Maggies, my hart...ek het jou nie gehoor nie. Jy loop so
 sag. Elmo! Af!
5. SALACIA : Toemaar, hy kan maar speel. Watter fabriek hond is hy?
6. FRANS : (LAG) Jy bedoel **soort** hond.
7. SALACIA : Ja. (DINK) Soort, tipe, groep, kategorie, aard of klas.
8. FRANS : Soort sal doen. Hy is 'n Basset.
9. SALACIA : (PROE WOORDE) B-a-a-a-s-s-h-e-e-t.
10. FRANS : Ja. Die "a" sê jy korter. "Basset".
11. SALACIA : (HERHAAL) Basset. (DINK) Waarom is sy ore so lank?
12. FRANS : (LAG) Ek's nie seker nie. Ek dink dit het met die voel van
 vibrasies op die grond te doen. Hulle is oorspronklik geteel vir
 jag.
13. SALACIA : (OPGEWONDE) Vibrasies? Ek verstaan vibrasies. Vibrasies is
 alles. Alles is vibrasies. (AAN ELMO) Elmo, lê.

BYK: HOND TJANK SAGGIES EN RAAK DAN STIL.

1. FRANS : (VERBAAS) Hoe het jy dit gedoen?
2. SALACIA : Hoe het ek wat gedoen?
3. FRANS : Elmo. Hy luister na niemand — Vergeet dit. Hoe voel jy?
4. SALACIA : Ek is baie beter, dankie, Frans Baker.
5. FRANS : Wel, jy lyk baie beter.
6. SALACIA : Hoe lank het ek in tyd gerus?
7. FRANS : Byna nege ure. Ek het 'n paar keer ingeloer om te sien of jy wel is. Jy het soos die dooies geslaap.
8. SALACIA : Dooies? (OOMBLIK) Aha, ek vertsaan. Jy maak beeldspraak. Ek het buite myself geslaap. Daar was ander stemme...
9. FRANS : Ek's bevrees ek moes jou teenwoordigheid met twee van my vriende deel. Ek hoop nie jy gee om nie.
10. SALACIA : Jou vriende? Soos jou familie, jou susters en broers?
11. FRANS : Ja. Ek moes hulle in my vertrouwe neem. Ek's uit my diepte hier, met jou, Salacia.
12. SALACIA : *Fuuacho*. Water? Diep water? Jy bedoel water?
13. FRANS : Ja, soos in diep water. Moeilik vir my. Verstaan jy.
14. SALACIA : Ek verstaan. Jy beweeg moeilik in diep water. Ek bring diep water vir jou. Ek is jammer vir ongerief wat ek bring. Ek sal so kort as moontlik in jou spasies vertoef.
15. FRANS : Nee, jy is nie 'n ongerief nie. Alles behalwe. En jy kan bly in my...
...uhm, spasies, so lank as wat jy wil. Dis net... ek bly alleen en ek is nie gewoond om 'n vrou in my huis te hê nie, as ek dit so kan stel... Dis gewoonlik net ek en Elmo.

1. SALACIA : Frans Baker is alleen. Ek verstaan. Jou vriende sal kom help.
Hulle sal my vriende ook wees. Hulle sal my ook help?
2. FRANS : Natuurlik. Een het jy alreeds soort van ontmoet.
3. SALACIA : Die kaptein van die boot, Die Seeheks?
4. FRANS : Hoe het jy geweet? Ek bedoel — jy's alweer in my kop, is jy nie?
5. SALACIA : Jammer. (OOMBLIK) Frans Baker?
6. FRANS : Ja?
7. SALACIA : Mag ek jou persoonlike spasie kom deel?
8. FRANS : Ek verstaan nie.
9. SALACIA : Mag ek langs jou sit?
10. FRANS : Ja, natuurlik. Kom sit hier by my.
11. SALACIA : Dankie. (ONGEMAKLIK) Kan ek jou iets vra?
12. FRANS : (HUIWER) Sekerlik. Dit klink ernstig.
13. SALACIA : Dit is. (OOMBLIK) Ek sterf vir een van julle koffiewaters.
14. FRANS : (VERBAAS) Koffiewaters? Jy bedoel... jy wil koffie hê?
15. SALACIA : *Eeass, Ruutaroo Meetama*. Ek het dit lanklaas ervaar.
16. FRANS : Jy drink koffie? Meerminne drink koffie?
17. SALACIA : *Eeass*. Dis nie die eerste keer dat ek aan die land kom
nie.
18. FRANS : Regtig?
19. SALACIA : Ons beweeg en leef al vir eeue lank langs julle, selfs
tussen julle en in julle sonder dat julle dit weet.
20. FRANS : En ons weet hoegenaamd niks van julle af nie.
21. SALACIA : In my wêreld is dit wet dat ons nooit onself aan die mensdom
mag onthul nie. Ons bestaan nie.
22. FRANS : Wel julle het dit baie goed reggekry.

1. SALACIA : En vir baie leeftye het ons dit baie goed bewaar en onself volkome van julle versteek. Maar ons het julle ook nodig.
2. FRANS : Wat bedoel jy?
3. SALACIA : Ons wêrelde is aan mekaar verbind. Jy het baie vrae in jou kop. Hulle swem rond soos sardyne.
4. FRANS : Waarom is jy hier, Salacia? En hoe weet jy my naam?
5. SALACIA : Jou eerste vraag het te doen met jou tweede. So, ek sal dit eerste antwoord. (OOMBLIK) Angelique.
6. FRANS : (EMOSIE) Angelique...hoe weet jy van haar? Sy het jare gelede verdrink. Sy is dood... Die dolfyn hangertjie wat jy op die boot gelos het...ek het dit vir haar gegee.
7. SALACIA : Ek weet. Jy het dit aan haar gee vir haar dag van eerste bestaan.
8. FRANS : Ja. Haar verjaarsdag.
9. SALACIA : En sy het dit aan my gegee.
10. FRANS : (UIT VELD GESLAAN) Maar hoe is dit moontlik?
11. SALACIA : Maak vir my van julle koffiewater, dan vertel ek jou...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 10:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA
A/G. FRANS BAKER SE KOMBUIS. KOFFIE BEKERS EN ROER.**

1. FRANS : Is jy seker jy het genoeg suiker in daai beker?
2. SALACIA : SLUK KOFFIE: Ja, dis heerlik. Hoekom vra jy?
3. FRANS : (LAG) Jy het byna nege lepels suiker daarin!
4. SALACIA : O? (OOMBLIK) Is dit te min?
5. FRANS : (KEER) Nee, nee! Ek bedoel dit is bietjie baie. Dis stroop.
6. SALACIA : Dit is perfek. Suiker is spesiaal. Koffie is anders. Maar dit het soet nodig. Ek is mal oor die soet. Het jy nog?
7. FRANS : Het ek nog wat?
8. SALACIA : Van dié soet. Ander soet soos die?
9. FRANS : Laat my sien. Daar's stroop en 'n pot heuning —
10. SALACIA : (GRETIG) Heuning? Stroop. Soos Winnie-the-pooh!
11. FRANS : (VERSTOM) Jy ken Winnie-the-pooh?
12. SALACIA : (NONCHALANT) Ja. Natuurlik. Kan ek daarvan kry?
13. FRANS : Sekerlik. Ek sal vir jou kry.

BYK: YSKAS WORD OOPGEMAAK. KRAP ROND.

14. FRANS : Hier's die heuning. PLAAS OP TAFEL: En die stroop. Ek kan vir jou roosterbrood maak om dit op te eet... (BREEK)...of...

BYK: STOOPBLIKDEKSEL EN HEUNINGHOUER OOP.

15. SALACIA : EET GULSIG: Mmmmmh! *Nulma! Fimra dom.*
16. FRANS : ... óf jy kan dit net so uit die blik met 'n vinger verorber...
17. SALACIA : LEK VINGERS: *Nulma!*
18. FRANS : Dis gewoonlik beter op brood. Ek kan vir ons maak —
19. SALACIA : MOND VOL STROOP: Nee, dis nie nodig nie.

1. FRANS : (BESEF) Jy moet dood van die honger wees.
2. SALACIA : LEK VINGERS: Ek sal 'n walvis kan eet, ja. (LAG) Het jy een?

BYK: YSKAS DEUR TOE.

3. FRANS : Ons kan gou een gaan vang.
4. SALACIA : (LAG) Jy maak liefde met my. SLUK KOFFIE.
5. FRANS : (GESKOK) Hoe nou?
6. SALACIA : Jy trek my hare? (OOMBLIK) Jy maak snaaks met my been?
7. FRANS : (KLIEK) Jy bedoel, ek **trek** jou been.
8. SALACIA : *Nema*. Ek maak humor met jou been?
9. FRANS : Nee, ek bedoel, ons sê dat jy — toemaar...
10. SALACIA : SMUL MET MOND VOL: Mmmmmh! *Nulma! Fimra dom*.
In my wêreld is daar geen koffie nie. Geen soet. Geen stroop of suiker nie. Geen bye.
11. FRANS : Geen bye?
12. SALACIA : *Nema*. (SKERTSEND) Bye vlieg nie baie goed onder water nie.
13. FRANS : (LAG) Natuurlik nie. (OOMBLIK) Maar jy kan nie net op soetgoed hier leef nie. Ons moet iets ordentlikes in jou lyf kry.
(DINK) Wat presies eet meerminne?
14. SALACIA : SLUK KOFFIE: (NONCHALANT) Matrose se harte...yumm.
15. FRANS : (SKOK) Ekskuus? Regtig... Jy bedoel —
16. SALACIA : (LAG) Kalmeer, netnou spring j^ó hart uit jou liggaam.
Enige iets uit die see sal doen, behalwe dolfyne en walvisse.
Ek trek net bietjie weer jou hare oor die matrose. Ontspan.
17. FRANS : Ek het net gedink jy bedoel dit ernstig.

1. SALACIA : Dit is wat julle van ons sê, is dit nie? Monsters wat skepe op die rotse lok en matrose in die dieptes aftrek...
2. FRANS : Nou klink jy soos ou Claasen in die Drie Ankers.
3. SALACIA : Claassen? Die vader van Angelique?
4. FRANS : Ja...
5. SALACIA : Die man wat ons gered het?
6. FRANS : Wat? Julle het hom gered?
7. SALACIA : *Eeass.*
8. FRANS : Dís nie wat hý vertel nie.
9. SALACIA : En wat is dit wat hy vertel?
10. FRANS : Dat seehekse sy boot gesink het en hom en sy bemanning aangeval het. Ons het nog altyd gedink hy is bietjie sag hierbo.
11. SALACIA : Dis nie wat gebeur het nie. Ons het die meisie en haar vader probeer red.
12. FRANS : Die meisie. Angelique?
13. SALACIA : *Eeass.* Ons het haar saam met ons geneem.
14. FRANS : (OPGEWONDE) Julle het haar geneem? Waar, waar is sy?
15. SALACIA : Sy is veilig. Maar ons kon haar vader nie saamneem nie.
16. FRANS : Die meisie? Sy lewe nog?
17. SALACIA : Ja, maar nie soos wat jou gedagtes dink nie.
18. FRANS : Hemel. Angelique lewe? Sy lewe...
19. SALACIA : SLURP KOFFIE: Manlike wesens is verbode in my wêreld.
20. FRANS : (ANGSTIG) Nee, vertel my meer van die meisie. Kan ons praat oor die meisie, Angelique.

21. SALACIA : Ek **sal** wanneer die tyd reg is, Frans Baker. Wees nie so ongeduldig nie. Ek sal praat en verduidelik. Jy kan nie in twee rigtings swem op dieselfde tyd nie.
22. FRANS : (AFGEHAAL) Nou goed. Jy sê dat jule haar vader gered het, maar hom nie saam met julle geneem het nie want dis verbode. Sê jy dus daar is nie iets soos 'n meerman nie?
23. SALACIA : *Nema*. Ons is 'n vroulike spesie. Soos in julle Griekse mitologie. Die Amasones.
24. FRANS : Ah! Die legendariese vroulike krygers van iewers uit Asie, as ek reg onthou. Maar dis net stories...Griekse mitologie soos...
25. SALACIA : Soos ons...ja? Net mites en legendes. En hier is ek, is ek nie?
26. FRANS : (BESEF) Jy't 'n punt beet.
27. SALACIA : 'n Punt beet? Verduidelik 'n "punt beet."
28. FRANS : Ek bedoel jy's reg. Maar as daar geen meermanne is nie... hoe doen julle dit...jy weet...ek bedoel...voortplanting...
29. SALACIA : Voortplanting? (DINK, RAMMEL WOORDE UIT KOP) Jy bedoel teling; verwekking; voortbringing, seks — *Taafoowii*
30. FRANS : Ja. Al daai.
31. SALACIA : Onthou jy toe ek vroeër gepraat het van spesiale verbintenis tussen die see en die land; tussen Mens en Meer?
32. FRANS : Ja.
33. SALACIA : Wel, dis waarom ons gereeld aan land moet kom. Wanneer dit ons tyd is... kom ons aan land opsoek na die geskikte manlike essens en keer weer terug na die waters van ons wêreld.

1. FRANS : Jy bedoel julle gebruik ons...Ek het nog nooit só daaraan gedink nie.
2. SALACIA : Ons kies baie versigtig, betower hom, plaas hom in diep slaap. Wanneer hulle ontwaak, onthou hulle niks... óf ons plaas nuwe beelde in geheue.
3. FRANS : Julle kan dit doen?
4. SALACIA : *Eeass. Sessanim* kan vloei soos helder water in gedagtes van *Setanim* en dit verander. Betowering is deel van wíe ons is, van wát ons is.
5. FRANS : O, dis beslis...ek kan daarvan getuig...jou skoonheid...jou stem...jou oë...jy was in my kop die heel tyd.
6. SALACIA : Dis omdat osn suiwer Prima Matra is. Dit vloeie deur ons are en in ons stemme.
7. FRANS : Prima Matra?
8. SALACIA : Die eerste Essens. Die eerste Woord wat deur die Univers vibreer het. Die Energie waarvan alle materie geskep is. Dit wat van ons magiese wesens maak. Julle verhale wat vertel van verleidelike sirenes wat op rotse sit en skepe en matrose met hul skoonheid en pragtige sang na hul dood lok, is 'n storie-beeld waarin die eeu-oue ritueel wat ons met julle deel, versteek en opgesluit lê. Jy verstaan die beelde, Frans Baker?
9. FRANS : (DINK) Die rotse is die land. Die meerminne sit gewoonlik op die rotse, terwyl die matrose in die water is...Land – en water-wesens...wat na mekaar uitreik? Mens en meermin?

1. SALACIA : Eeass. Baie goed. *Sessanim* en *Setanim*. Die oseaan en die skip, is beeld van lewe in skepping wat dryf op waters van die lewe...ons kom almal van die water, vanuit die sout.
2. FRANS : Ek dink ek begin die simboliek verstaan. Die meermin sit op die rotse in die oseaan terwyl die man half lyf in die waters is.
3. SALACIA : Daar's veel meer wat ek het om te vertel, Frans Baker.
4. FRANS : Hoe doen julle dit? Ek bedoel wanneer julle aan land kom om een van ons te neem...hie werk dit?
5. SALACIA : Dis eenvoudige proses. Die beeldskone vrou wat hulpeloos langs die pad staan met 'n pap wiel (BREEK) Of 'n toevallige ontmoeting in 'n kroeg soos die Drie Ankers... die eensame vreemde meisie aan wie jy 'n drankie aanbied en 'n gesprek mee begin omdat jy ook eensaam is... 'n Meisie wat luister en jou hart alreeds ken...
6. FRANS : Die Ankers? Was jy al in die Drie Ankers? Het jy al met mans daar... ek bedoel het jy iemand daar...
7. SALACIA : Ja, Frans Baker. Met een...
8. FRANS : Regtig? Wie?
9. SALACIA : (SARKASTIES) Kaptein Nemo van die Nautilus, Frans Baker.
10. FRANS : (BESEF) O, my magtig... jy bedoel...
11. SALACIA : Hoe dink jy het ek geweet waar jou huis is? Jou naam het ek alreeds geweet. Jý het my hierheen gebring. Ek en Elmo is ou vriende. Nè, Elmo. Ons is geen vreemdelinge nie.

BYK: HOND BLAF SKERP/ OPGEWONDE TJANKIES.

1. FRANS : (VERWARD) Maar ek kan niks onthou nie...niks...as ek met jou sou...jy weet. Dis nie iets wat ek **ooit** sou kon vergeet nie.
2. SALACIA : Natuurlik nie. Nie vrywilliglik nie. Maar Elmo kan my onthou. Elmo weet.

BYK: HOND BLAF SKERP/ OPGEWONDE TJANKIES.

3. FRANS : (STOTTER) Genugtig...het ek en jy... jy weet...het ons twee...het jy my...Het ek jou...het ons...
4. SALACIA : Ek het die aand hier gebly. Ons het gesels. Musiek geluister. Enya, op die tweede rak, eerste CD van links.
5. FRANS : Liewe hemel...
6. SALACIA : Jy het gedink ek is van Skandinawië oor my vreemde Engelse aksent. Ek het jou beter leer ken. **Wou** jou beter leer ken.
7. FRANS : Bliksems...Maar hoekom ek?
8. SALACIA : Angelique. Sy het baie oor jou gepraat, baie **van** jou gepraat. Dit het my geprikkel, my nuuskierig gemaak. Ek het aan haar 'n belofte gemaak... en het kom kyk.
9. FRANS : 'n Belofte?
10. SALACIA : Ja. Die ander rede hoekom ek hier is. Maar ek sal later verduidelik en alles sal vir jou helder raak soos die waters.
11. FRANS : Jy dryf my teen die mure uit met al jou geheime —Hoe lank terug het ons...het jy...en ek...jy weet...
12. SALACIA : Vyf van julle jare, in julle tyd...maar tyd is relatief... Yareli is nou ongeveer soos jong tiener dogter van julle jare.
13. FRANS : Yareli?

1. SALACIA : Ons dogter.
2. FRANS : Ek het 'n dogter? (BEAT) **Ons** het 'n dogter?
3. SALACIA : Een ding op 'n slag. Jy het gevra oor Angelique en die dag van die sinking...
4. FRANS : Nee wag! Jy kan nie dit aan my doen nie. Ek wil weet van my dogter. Yareli. Jy kan nie nou die onderwerp verander nie! Jy kan nie 'n bom op my drop en dan weg loop nie. Komaan!
5. SALACIA : Ek loop nie weg nie, ek is hier. Jy is eienaardig. Jy wil praat oor Angelique? Ek praat nou oor weer oor Angelique.
6. FRANS : Nee...ek bedoel ja. Maar ek wil eers meer weet van...(BEAT) Yareli?
7. SALACIA : Yareli. Dis korrek.
8. FRANS : Vertel my meer van haar!
9. SALACIA : (NONCHALANT) Jy sal weet van haar. Ons sal praat. Eers praat ons oor Angelique. Ja?
10. FRANS : (SUG) Ja...nou goed. Angelique. Ek luister...gaan voort.
11. SALACIA : Soos ek verduidelik het. Menslike oë mag ons wêreld nie aanskou nie en kontak met julle is verbode. Ja, ek weet wat ek nou doen, is teen alles wat ek sê. Die Eerste Wet verbied ons behalwe as dit ons tyd is om essens te neem. Ek het dit daardie dag oortree en haar na my wêreld geneem. Sy was soos julle sal sê, 'n (DINK) "exception", "*uitsondering*". Sy was die eerste mens in baie leeftye om ons wêreld te mag aanskou. Sy sou dit nie weer kon verlaat nie.

1. FRANS : Sy het dus nog gelewe?
2. SALACIA : *Eeass*... Die boot, dit was aan die brand.
3. FRANS : Wat? Claassen se trawler het gebrand?
4. SALACIA : *Nema*. Die geskreeu van die bemanning het ons aandag getrek. Klank trek vêr deur water.
5. FRANS : Hy het gesê daar was 'n frats storm, vanuit nêrens...
6. SALACIA : Daar was.
7. FRANS : Een wat julle veroorsaak het?
8. SALACIA : *Eeass*. Om te probeer help. Om die vlamme van die boot te stop, maar dit was reeds te laat.
9. FRANS : So, dis waar, julle kan die elemente beheer?
10. SALACIA : Slegs oor die oseaan, en die water waar daar sout is.
11. FRANS : Wat het gebeur?
12. SALACIA : Ons wou eers nie gaan nie, hulle aan die noodlot oorlaat. Maar toe hoor ek dit duidelik...
13. FRANS : Wat?
14. SALACIA : Die stem van 'n jong meisie... dit was ongewoon. Ons het al baie die visvangers op die oseaan dopgehou. Nog nooit het ons die stem van 'n meisie gehoor nie. Altyd net mans op die bote...dit was vreemd. Anders.
15. FRANS : Angelique...
16. SALACIA : *Nema*. Sy was vreesbevange. Daar was mense in die water. Party was nog op die boot...aan die brand...hulle het in die water gespring om van die vlamme weg te kom.

1. FRANS : Wat hét Claassen daai dag aangevang?
2. SALACIA : Ek kan dit nie verduidelik nie. Jy sal hom moet vra.
3. FRANS : O, ek sal beslis.
4. SALACIA : Die vuur was geweldig. Die boot was reeds besig om te sink.
Die water wat ons gestuur het, was te laat...ons was te laat om te help...
5. FRANS : En Angelique?
6. SALACIA : Ek het haar gesien. Sy het in die water gespring... probeer swem. Sy was sleg verbrand, die hele een kant van haar liggaam...haar gesig...
7. FRANS : Genade...Ek verstaan nie. Wat van al die toerusting? Die veiligheidmaatreels? Life jackets? Rafts? Waar was dit alles? Wat sou fout gegaan het?
8. SALACIA : Daar was 'n sterk vibrasie deur die water voordat ons die stemme begin hoor het.
9. FRANS : 'n Ontploffing?
10. SALACIA : *Eeass*... Miskien was daar nie tyd nie. Daar was vrees... vrees in hulle gedagtes en bloed in die water... Dit het die skerptande gelok.
11. FRANS : Haaie?
12. SALACIA : Haaie, ja. As die koue van die water hulle nie neem nie, sou die skerptande beslis. Hulle was verdoem...
13. FRANS : En julle het net gekyk?

1. SALACIA : Dit is wat Eerste Wet sê. Ons kón net kyk. Ons moes die natuur sy gang laat gaan. Ons kon nie help sonder om onself te onthul nie. Maar ek kon ook nie kyk hoe hulle 'n aaklige dood sterf nie. Dit was — hoe sal julle dit noem— 'n dilemma.
2. FRANS : En as julle nie help nie sou hulle almal sterf...
3. SALACIA : En as ons hulle sóú help sou ons Die Eerste Wet oortree — ons kon nie toelaat dat hulle gaan vertel nie. (EMOSIE) Jy verstaan...Frans Baker...
4. FRANS : Bedoel jy dat julle hulle almal moes —
5. SALACIA : Hulle sou in elk geval almal verdrink het...
6. FRANS : Genade tog...
7. SALACIA : Ons kon hulle slegs help deur hulle die dieptes in te trek... 'n ander dood te gee, 'n sagter dood... jy vestaan?
8. FRANS : Ek verstaan...
9. SALACIA : Dit was beter as om stuk vir stuk deur die skerptande verskeur te word...
10. FRANS : Was daar nie 'n ander keuse nie? Skepe in die omgewing wat hulle kon help... miskien... (BREEK) Iets... Enige iets?
11. SALACIA : Nee, Frans Baker. Ons het alles oorweeg. Hulle het geen lyding gehad nie.
12. FRANS : (EMOSIE) Dank die hemele daarvoor.
13. SALACIA : Hulle het geglimlag toe ons in die dieptes afgetrek het. Nie een het weerstand gebied nie... hulle het geglo hulle was reeds dood en ons was die engele wat hulle kom haal het...

1. FRANS : (EMOSIONEEL) En Angelique en haar vader?
2. SALACIA : Angelique en haar vader het aan 'n warkstuk gehang en met verbasing na ons gestaar terwyl ons om hulle geswem het om die skerptande weg te hou.
3. FRANS : Hoekom het julle Angelique en haar vader gespaar?
4. SALACIA : Die dolfyn.
5. FRANS : Daar was 'n dolfyn?
6. SALACIA : Nee, die dolfyn blinkertjie om haar nek. Dit het my aandag geneem. Ek het dit al voorheen gesien.
7. FRANS : Hoe is dit moontlik?
8. SALACIA : Dit het geskitter soos in my droom.
9. FRANS : 'n Droom?
10. SALACIA : Ja. Droom jy, Frans Baker?
11. FRANS : Soms, ja...soos nou...Dit voel vir my jý is net 'n droom.
12. SALACIA : Ek's bevrees nie.
13. FRANS : Ek weet...
14. SALACIA : Alles droom, selfs plante en die klippe. Drome is belangrik.
Dis ons vensters op die Dieptes. Die dolfyn is my seegees, my sielsteken... jy verstaan?
15. FRANS : Ek dink so. Jy bedoel soos 'n spirit animal?
16. SALACIA : *Nema*. Dit was 'n boodskap en ek moes gehoor gee daaraan.
Daar was nie meer twyfel oor wat ek moes doen nie. Die water het my gelei... die land, die vuur, die lug en die water was Een.
17. FRANS : En jy het besluit om haar saam met jou te neem...

1. SALACIA : *Eeass.* Hulle het gekyk hoe ons die ander neem. Voordat sy haar bewussyn verloor het, het sy ons gesmeek om haar vader te spaar. Ons het hom 'n dag later naby 'n Chinese vissersboot op 'n wrakstuk gelos. (OOMBLIK) Die res weet jy.
2. FRANS : Maar hoekom **hom** spaar? Hy sou alles gaan uitbasyn het. Is dit dan nie juis wat julle wil vermy nie? Hoekom het julle nie mind verander nie. Jy sê dan dis wat julle kan doen.
3. SALACIA : Wie sou hom glo?
4. FRANS : Jy's reg... Almal dink Claassen is kranksinnig... al die jare.
5. SALACIA : Angelique sou nooit weer kon terugkeer na haar lewe nie. (OOMBLIK) Ek hoor jou gedagtes. Jy kan maar vra...
6. FRANS : Angelique... is sy... (EMOSIONEEL) Lewe sy nog?
7. SALACIA : Sy het nog vir 'n hele paar dae gelewe voordat sy transformeer het.
8. FRANS : Transformeer?
9. SALACIA : Soos jule dood noem. Ons kon haar nie genees nie.
10. FRANS : (AANVAARDING) So, sy's dus dood...ek het gehoop...
11. SALACIA : (SIMPATIEK) Haar liggaam was baie gebroke. Die vuur. Ons kon dit nie behou nie.
12. FRANS : Wat ek nie sou gee om net weer haar stem te kon hoor nie.
13. SALACIA : (VRIENDELIK) O, maar jy kan. Julle twee kan later gesels, sy kan jou alles self vertel.
14. FRANS : (VERBLUF) Ekskuus? Hoe nou? Ek dog jy sê sy is dood...
15. SALACIA : Nema. Net haar liggaam. Ek het háár saamgebring.

1. FRANS : Wat? Waar?
2. SALACIA : Kan ek nog 'n koffiewater kry? En suiker... dan vertel ek jou alles...

BYK: _____ SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 11:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. MAN IN SWART MIB
4. VAN RÖHM
5. BELINDA

Alle regte Voorbehou mheroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OPENINGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA
A/G. FRANS BAKER SE KOMBUIS. KOFFIE BEKERS.

1. FRANS : Ek volg nie. Ek dog jy't gesê Angelique is dood.
2. SALACIA : *Eeass. Dood. Laghima is dood. Ahantima kan nooit sterf nie. Is deel van kosmos, is ewige.*
3. FRANS : (SUKKEL MET UITSPRAAK) La-gh-i-ma? *Ahantima?*
4. SALACIA : (LAG) Jou woorde benodig water om oor jou asemhaling te vloeï om my woorde reg te kan klank. "LAGHIMA". Wat jy kan sien. Soos die oseaan, die branders, die rotse, alles. *Ahantima.* Dit wat alles in die oseean laat beweeg, wat in jou vloeï...soos water...ewig...altyd.
5. FRANS : Ek het geen idee waarvan jy praat nie.
6. SALACIA : Jou IS. Jou Wees. Dit wat jy Is. Soos Essens...Prima Matra.
7. FRANS : (STADIG) Ek dink ek verstaan. Jy bedoel soos jou gees?
8. SALACIA : SLUK KOFFIE: *Eeass! Vonk. Lewe. Drie in Een.*
Laghima, liggaam, Ahantima soos siel en Gharimha, dit wat alles weet. Alles IS. Alles vibreer. Almal kom vanuit die sout, vanuit die water. Jy is marinebioloog?
9. FRANS : Ja.
10. SALACIA : Soos kenner van die see en lewe? Jy weet dat liggaam is soute en water; baie soute soos die in houertjie op kas daar.
11. FRANS : Ja, jy's reg. Gewone tafelsout.
12. SALACIA : *Eeass. Sout in julle is dieselfde as die in waters van oseaan.*
Nul punt vier persent. Ek praat reg?

1. FRANS : (DINK OOMBLIK) Ja. Jy's wragtig reg. Die soutverhouding is presies dieselfde as die konsentrasie in ons liggame.
2. SALACIA : Die res van liggaam is grootliks water. Ja?
3. FRANS : Sestig persent om presies te wees.
4. SALACIA : *Eeass.* Presies te wees. Brein is 73% **water**. Longe 83% **water**... Moet ek meer sê? Jy het kennis van wat ek praat?
5. FRANS : Jy is heeltemal reg. Ons is grootliks water en sout.
6. SALACIA : Maar **julle** is van die grond, **ons** is van die water. Ek is een met die see, ek weet nie waar die oseaan eindig en ek begin nie. Ek is die siel van die see in die gedaante van 'n vrou... Wanneer ons skeiding kom, keer ons terug na die sout en die see. Julle keer terug na die stof. Maar alles is steeds een.
7. FRANS : Ek volg... ek dink.
8. SALACIA : Alles is Een deur Prima Matra wat deur alles vloei. Angelique vloei steeds in *Thimina*... Sy vibreer steeds met ons.
9. FRANS : Thimina?
10. SALACIA : Haar Besef. Dit wat julle energie noem. Is Tyd. Dimensies van energie. Om te Bestaan? Bestaan kan nie stop nie. Is ewig. *Ahantima*. Dit verander maar stop nooit. Ons neem dit.
11. FRANS : Sê jy dat julle haar bewussyn geneem het?
12. SALACIA : *Nulma!* *Ahantima* is soos bestuurder van motor. As motor oud word of breek dan klim bestuurder uit en koop nuwe motor om weer verder mee te beweeg. Bestuurder is Besef. Motor nie.
13. FRANS : (VERSTOM) Maar hoe is dit eens moontlik?

1. SALACIA : Julle verstaan nog nie wat julle is nie, hoe julle is nie. Ons tegnologie en kennis is vêr bokant julle denke en begrip. Vir julle sal dit lyk en klink soos wonderwerke en towerkuns.
2. FRANS : Ons het baie om te leer, het ons nie?
3. SALACIA : Baie, ja. Ek kan dit nie in julle woorde verduidelik nie. Jy kan my net sowel vra om aan Elmo hier te verduidelik hoe elektrisiteit werk.
4. FRANS : Ek dink ek verstaan so effens. Angelique. Waar is sy? Ek bedoel, waar is haar...Besef...haar bewussyn?
5. SALACIA : Op die bodem van die see, sowat tweehonderd van julle kilometer van hier. Binne-in haar.
6. FRANS : Ek verstaan nie.
7. SALACIA : Sy is beseer deur soniese ontploffings.
8. FRANS : Sy? Praat jy van Angelique?
9. SALACIA : (HUIWER) Ja... en nee. *Vhiamana* is beseer. Angelique is veilig in *Vhiamana*.
10. FRANS : Okay, stop. Jy't my nou verloor. Waarvan praat jy? *Wie-ha-manna?* Wat is dit?
11. SALACIA : Dit is nie "wat" nie, maar "wie". *Vhiamana* is meerdimensionele biologiese entiteit. Beste om te verduidelik; dit is soos vaartuig.
12. FRANS : 'n Vaartuig?
13. SALACIA : Eeass! Soos boot, skip.
14. FRANS : Julle het vaartuie? Ek dog meerminne swem net in die oseaan rond?

1. SALACIA : (LAG) En sit op rotse? Net soos julle seker nog steeds loop op land? Ry julle nog perde? Julle het nie op maan geland met ossewaens nie, het julle?
2. FRANS : Natuurlik nie. Ons het tegnologie ontwikkel...
3. SALACIA : Nulma! Ons ook. Tegnologie wat baie leeftye voor julle sin is.
4. FRANS : Dit maak sin. Teveel films en stories...
5. SALACIA : *Eeass*. Ons is net films en stories.
6. FRANS : En Angelique? Haar bewussyn is in hierdie *Vhiamana*?
7. SALACIA : (SOEK WOORDE) *Eeass*. Sy is **in** haar. Sy is deel van **haar**.
8. FRANS : Sy? Haar? Jy praat daarvan asof dit lewendig is?
9. SALACIA : O, maar dit is. Dit is B.I A.N.C.A.
10. FRANS : BIANCA? Wie is dit?
11. SALACIA : Dit is moeilik om in julle woorde te verduidelik. BIANCA is 'n Biologiese Artifisiële Intelligensie. Sy is die *Vhiamanha* en die *Vhiamanha* is sy. Dit vibreer met eie bewussyn soos alles in Univers. (DINK) Is soos dit wat julle nou noem adroide. Maar dit is baie duisende jare voor wat julle nou ken. Soos super intelligensie, super bewussyn. 'n Meerdimensionele wese.
12. FRANS : Jy het gesê dat ek met haar kan praat?
13. SALACIA : Ja, jy sal kan. Maar *Vhiamanha* kan nie beweeg of kommunikeer nie. Die Serpens het haar beskadig.
14. FRANS : Sepens?
15. SALACIA : Slang mense. Die Jagters in swart.

1. FRANS : Die jagters... Die helikopters? Waarom het hulle jou aangeval? Hoe weet hulle van julle bestaan? Wie de hel was daardie mense?
2. SALACIA : Gewetenlose mense wat tegnologie wil besit vir hulle eie selfsugtige doeleindes. **Mer** het ooreenkoms met verkeerde mense in oorlog van die wêreld gemaak. Ons het probeer help...

BYK: **SMARTFOON LUI.**

3. FRANS : Jammer. ANTWOORD: Belinda?
4. BELINDA : (FILTER)(BENOUD) Frans.
5. FRANS : Wat's fout? Jy klink benoud.
6. BELINDA : (FLUISTER) Ek dink ek word agtervolg.
7. FRANS : Waar's jy?
8. BELINDA : (FILTER) In die supermark se toilet. Iemand agtervolg my.
9. FRANS : Is jy seker?
10. BELINDA : Ja. Ek is seker. 'n Donker panel van het my begin agtervolg net nadat ek by jou huis weg is.
11. FRANS : Damn.
12. BELINDA : Ek het eers niks daarvan gedink nie, aangeneem dis iemand wat ook op pad is winkel toe. Dit het my tot by die sentrum agtervolg.
13. FRANS : Kon jy sien wie dit is?
14. BELINDA : Daar is 'n man wat my dop hou. Hy het my tot in die klerewinkel gevolg.

1. FRANS : Shit!
2. BELINDA : Ek het in die toilet kom skuil. Ek is seker hy is steeds buite iewers.
3. FRANS : Hoe lyk die man?
4. BELINDA : Ek sou sê in sy veertigs. Jeans, grys baadjie en donker bril. Dink jy dit kan die mans wees waarvan Kearney gepraat het?
5. FRANS : Ek weet nie... Kan wees.
6. BELINDA : Ek het probeer om so nonchalant as moontlik op te tree en te maak asof ek hom nie gesien het nie. As dit een van die mense is wat na Salacia soek... Wat doen ek nou?
16. FRANS : Kalmeer. Ek dink nie jy't iets gedoen wat Salacia se teenwoordigheid kan verrai nie. Jy was net 'n girl wat gaan klere koop het.
17. BELINDA : Dit beteken hulle hou jou huis dop, Frans.
18. FRANS : Dit lyk so.
19. BELINDA : (PANIEK) Maar dan weet hulle dalk waar sy is?
20. FRANS : Ek dink nie so nie. Hulle weet miskien sy is aan land, maar nie wáár nie. Ek dink hulle hou almal van ons wat op die trawler was dop. Hulle is besig om te vis.
21. BELINDA : Van vis gepraat, moet ek vismark toe gaan? Dit kan dalk vreemd voorkom. Ek het nog nie enige kos kon optel vir ons besoeker nie.
22. FRANS : Jy's reg. Dit mag hulle dalk snuf in die neus gee.

1. BELINDA : Ons sal 'n ander plan moet maak.
2. FRANS : En vinning, want sy's besig om my yskas leeg te eet.
3. BELINDA : (OPGEWONDE) Is sy wakker?
4. FRANS : Soos tien uile.
5. BELINDA : Ek kan nie wag om haar te sien nie!
6. FRANS : Sy gaan nêrens nie. Luister, neem die klere na jou huis toe, moet eers nie hierheen kom nie.
7. BELINDA : Wat van die meeting later vandag by die kantoor?
8. FRANS : Ek sal Kearney kontak en ander reëlings tref. Die kantoor mag dalk nie meer so veilig wees nie.
9. BELINDA : Dink jy so?
10. FRANS : Ons kan nie die kans waag nie. En as jy van jou foon af móét bel gebruik eerder Whatsapp om te kommunikeer, dis encrypted. Ons weet nie wat se tegnologie hierdie mense alles het nie. Hopenlik het hulle nog nie tyd gehad om alles behoorlik in plek te kry nie.
11. BELINDA : Reg so. Moet ek kantoor toe gaan?
12. FRANS : Nee. Mevrouw Steenkamp weet ons kom nie vandag in nie. Sy sal die fort moet hou.
13. BELINDA : Goed. Ek wil net iets gaan kry in my kantoor, dan gaan ek eers huis toe.
14. FRANS : Wees versigtig en hou jou oë oop. Ek sal jou later kontak.

BYK: SELFOON WORD AFGESKAKEL.

1. FRANS : Dit was, Belinda. My assistent. Jou vriende met die swart klere en donkerbrille het haar agtervolg.
2. SALACIA : (VIES) *Gahfooruu! Setannor!* (SEH-tahn-nor) Hulle kleef soos seekatte. (BEKOMMERD) Dis nie goed nie.
3. FRANS : Hulle het nog nie aan my deur kom klop nie.
4. SALACIA : Hulle sal. Julle is almal in gevaar. Ek sal moet gaan...
5. FRANS : Jy gaan nêrens heen nie. Sit.
6. SALACIA : This is bad, Frans Baker. Ek het gevaar na julle gebring. Ek moet dit verwyder. Ek moet myself verwyder. Ek maak fout om hier te kom en jou hulp te vra.
7. FRANS : (OOMBLIK) Hulle weet nie jy is hier nie. Ek dink nie so nie.
8. SALACIA : Hulle hou julle dop. Hulle het jou vriend agtervolg.
9. FRANS : Ja, maar ek dink dis omdat ons ooggetuies was van wat hulle daar buite aangevang het. Dit was iets wat ons nie veronderstel was om te sien nie. En ek dink hulle is besig om seker te maak dat ons nie te veel gesien het nie. Almal wat op die boot was.
10. SALACIA : Miskien...
11. FRANS : Daar is geen rede hoekom hulle jou met my of enige van ons sal verbind nie. Hoekom sal hulle? Meerminne bestaan nie.
12. SALACIA : (DINK NA) *Eeass*. Dit is moontlik... dit wat jy sê...
13. FRANS : Ek dink al rede waarom Belinda agtervolg is, is omdat sy vir my werk. So, jy kan ontspan.
14. SALACIA : Nee. Nie ontspan nie. Hierdie is *Setanor*. Baie slegte mense.

1. FRANS : Ek gee nie om of hulle die duiwel en sy gesante self is nie. Jy is hier. Jy't my hulp gevra en ek gaan jou help as ek kan. Jy kan nie daar buite gaan nie, dis te gevaarlik. Buitendien, ek wil weet van Angelique en my dogter. En, jy het 'n vaartuig wat beskadig is. Jy's gestrand.
2. SALACIA : *Eeass*. BIANCA. Die *setanor* het haar beseer. Sy is in diep slaap...soos in diep droom.
3. FRANS : Die wapen wat hulle gebruik het daar buite op die oseaan...dit was niks wat ek al gesien of van gehoor het nie.
4. SALACIA : Is tegnologie wat van ons geneem is in julle tyd van oorlog, 1943. Tegnologie wat hulle verder ontwikkel het.
5. FRANS : Die Tweede Wêreldoorlog?
6. SALACIA : Ja. Ons het **Mer** tegnologie gewys aan mans in swart. Slegs die basiese, omdat ons hulle nie ten volle vertrou het nie, maar hulle was slim genoeg om dit verder te ontwikkel en te voltooi. Dit kan *Vhiamana* sien en beskadig.
7. FRANS : Is jy alleen of is daar ander daar buite wat jy kan kontak?
8. SALACIA : Ons is baie, maar nie hier nie. Vêr van hier. Net ek en suster. Ek bring suster om te leer van julle wêreld.
9. FRANS : Jou suster? Waar is sy?
10. SALACIA : Hulle het haar geneem.
11. FRANS : Die Mans in Swart?
12. SALACIA : *Eeass*.
13. FRANS : Waar is sy?

1. SALACIA : In plek langs julle land, nie ver van hier nie. Dit is plek wat julle ken, maar nie beseft wat dit werklik is nie. Ondergrond teen water van oseaan is waar suster geneem is.
2. FRANS : Jy bedoel soos 'n ondergrondse basis? Langs die kus?
3. SALACIA : *Eeass.* 'n Plek soos vuil water. 'n Donker plek. Daar is baie van hulle oor julle wêreld. Geheime plekke. Slag plekke.
4. FRANS : En jou suster is hier? In een van hierdie plekke?
5. SALACIA : *Eeass.* Sy is baie swak... het vrees en pyn. Ek kan haar voel... haar hoor. Sy roep na my.
6. FRANS : Julle is verbind? Telepaties?
7. SALACIA : Ja. Ons moet haar help voordat dit te laat is, Frans Baker. Ons het min tyd. Sal jy my help om suster te red?
8. FRANS : Natuurlik. Ek verstaan nie alles wat aangaan nie en ek weet nie hoe nie, maar wees verseker, ek sal help, wat dit ook al is wat jy nodig het.
9. SALACIA : Ek sal alles verduidelik by julle samekoms vanaand in die Drie Ankers kroeg.
10. FRANS : (VERBAAS) Hoe weet jy van my plan om na die Ankers te gaan? (BESEF) Aha, ek het byna vergeet...jy was weer in my kop.
11. SALACIA : Jammer. Die kroeg is goeie gedagtes.
12. FRANS : Dit behoort veilig te wees. En indien iemand probeer om in te luister, sal dit nodeloos wees, nie met al die lawaai daar nie.

BYK: VOORDEURKLOKKIE LUI LUID. HOND BLAF.

1. FRANS : (VOLG) Wie de hel kan dit wees?
2. SALACIA : Jou vriende?
3. FRANS : Nee. Elmo! Shut up!
4. SALACIA : (DRINGEND) *Gahfooruu! Setannor!*
5. FRANS : Wat? Ek verstaan nie.

BYK: VOORDEURKLOKKIE LUI LUID. HOND BLAF.

6. SALACIA : Dis hulle! Donker mans. Ek hoor hulle gedagtes. Ek kan hulle ruik.
7. FRANS : (SNAP) My kamer! Gou, Salacia! Elmo! Shut up!
8. SALACIA : Frans Baker, wees veilig...
9. FRANS : Ek sal dit hanteer. Gaan! My kamer.
10. SALACIA : (VAN MIK AF) Kom Elmo.

BYK: VOORDEURKLOKKIE LUI LUID.

11. FRANS : (ROEP) Ek kom! Ek kom! Wie de hel is aan die brand?

BYK: DEUR OOP.

12. FRANS : Kan ek help?
13. RÖHM : (AKSENT) Mr Baker?
14. FRANS : Yes? Ja?
15. RÖHM : Can we have a minute of your time?
16. FRANS : Sorry, I don't want to buy anything right now.
17. RÖHM : We are not selling anything. We are not salesmen.
18. FRANS : Nou wat is julle dan? Bybel boellies?
19. MIB : Sorry?

1. FRANS : Bible bashers. Are you selling religion?
2. MIB : No. We are none of that. We are here on official business.
3. FRANS : What official business?
4. RÖHM : Can we come inside?
5. FRANS : No. What's this about? Who are you? And do you mind removing your dark glasses. It's like speaking to a two-way mirror.
6. RÖHM : Very well. We can do it out here as well.
7. MIB : We are from the NSSA.
8. FRANS : NSSA?
9. MIB : National State Security Agency.
10. FRANS : Yes I know what it is. And I have to believe you just because you say so?
11. RÖHM : Nein. Here's our cards.
12. FRANS : (OOMBLIK) Hmm...okay, kom ons sê maar ek glo julle. What do you want with me?
13. MIB : Is jy seker ons kan nie inkom nie? Ons sal nie lank wees nie.
14. FRANS : O, jy praat wel Afrikaans. Tensy julle 'n lasbrief het...
15. MIB : (ONVRIENDELIK) Soos jy verkies. *Die Seeheks*, dit is een van jou vissersbote? Jy is die eienaar van Baker en Seun?
16. FRANS : Ja. Wat daarvan?
17. MIB : Jy was op die boot nou die dag?
18. FRANS : Ja. Hoe weet julle daarvan?

1. MIB : Ons weet alles, Mnr. Baker.
2. FRANS : (ASIDE) Nie alles nie...
3. MIB : Ekskuus?
4. FRANS : Ja ek was op die boot. Wat het dit met die NSSA te doen? My vloot is in orde en alle lisensies is geldig. Ons het geen wette oortree nie.
5. RÖHM : That's not what we are interested in. We want to know what you saw out there. I mean...what happened out there?
6. FRANS : (DOM) Waar?
7. MIB : Daar buite. When your boat got damage.
8. FRANS : (ONTHOU) Ah...julle bedoel wat daar buite gebeur het?
9. RÖHM : Yes. What happend out there?
10. FRANS : Hoekom wil julle weet?
11. MIB : Dis nie belangrik nie. (OOMBLIK) Maar as jy moet weet, ons is gekontak deur die NSRI. (POUSE) So, wat het daar gebeur? Kan jy dit beskrywe?
12. FRANS : (ONTHOU) O, julle bedoel die krygsoefening?
13. MIB : (HUIWER) Uhm, ja.
14. FRANS : Wel, ons het blykbaar heel toevallig visgevang in 'n area waar daar 'n militêre oefeninge plaasgevind het.
15. MIB : Ek sien...
16. FRANS : Dit was heel toevallig; nie ek óf die kaptein was bewus van die oefening nie en daar was geen waarskuwing of informasie daaroor toe ons uit is see toe die oggend nie.

1. RÖHM : So, you think it was a military exercise?
2. FRANS : Ja. Ek dink dit was dalk 'n geheime oefening, julle weet...van die boeke af. Kearney het gesê hy gaan 'n complaint file. Maar hy het nog nie.
3. MIB : Wat presies het julle gesien?
4. FRANS : Dit het alles so vinning gebeur. Daar was helikopters en 'n boot...strange looking. (BEAT) En 'n duikboot.
5. MIB : 'n Duikboot?
6. FRANS : Ja.
7. RÖHM : Did you see ein U-boat?
8. FRANS : Nee.
9. RÖHM : You just said that you did.
10. FRANS : Nee, ek het nie een gesien nie, maar ek **dink** daar was een in die water.
11. MIB : Wat laat jou so dink?
12. FRANS : Hulle het na iets in die water gesoek... geskiet.
13. MIB : Geskiet?
14. FRANS : Ja. Ek dink dit was soos bomme wat hulle in die water gegooi het. Soos daai wat jy in die movies sien. Dieptebomme. Maar ek dink nie dit was regte bomme nie.
15. MIB : Hoekom sê jy so?
16. FRANS : Dit het 'n vreemde geluid gemaak. Nie "BOOM" nie. Meer 'n "Whuup" geluid, soos 'n sonic boom...nie soos 'n ontploffing nie. Seker oefen rondtes. Soos ek sê, 'n krygsoefening.

1. MIB : Uhm...ja. Ek sien.
2. FRANS : Daar was 'n skietery, ons is byna getref. En toe is ons gewaarsku om die gebied te verlaat. En soos wetsgehoorsame burgers van die land het ons gehoor gegee. Ons het die hele vangs net so gelaat en uit die gebied geee pad.
3. RÖHM : What happened to your boat?
4. FRANS : (DINK) Ja dit was nogal eienaardig. 'n Fratsstorm. Ons was net op pad om die gebied te verlaat toe 'n storm vanuit nêrens ons tref. Baie eienaardig.
5. MIB : 'n Storm? In helder weer?
6. FRANS : Ek lieg nie. Dit was 'n vreesaanjaende ervaring. Daar was niks en toe binne enkele minute was daar hierdie orkaan wat vanuit nêrens gekom het. Dit het 'n klomp skade aan die boot en die elektronika gedoen. Dit was baie vreemd. Een oomblik helder lug en die volgende oomblik die moeder van alle storms. En toe...weer netso...poof! Weg.
7. RÖHM : And that's all that happened?
8. FRANS : Yes.
9. RÖHM : You didn't see anything... out of the ordinary?
10. FRANS : (DOM) Nee. Soos wat?
11. RÖHM : Anything unusual? Flashing lights? Strange creatures maybe?
12. FRANS : Strange creatures? Nee.
13. MIB : Is jy seker? Niks buitengewoon nie?

1. FRANS : Nee, al wat strange was, was daai helse storm. Ek weet nie wat van daai militêre vaartuie geword het nie. Ons het hulle in die storm verloor. Die sig was feitlik nul. Ons het gedink ons gaan onder...ons het vir ons lewens gevrees...
2. MIB : Woon jy hier alleen, Mnr. Baker?
3. FRANS : Ja.
4. MIB 2 : Jy's nie getroud nie?
5. FRANS : Nee.
6. RÖHM : Do you have a girlfriend?
7. FRANS : Nee. (BEAT) Waarom al die vrae?
8. RÖHM : Just routine. Are you alone in the house right now?
9. FRANS : (ONGEDULDIG) Ja. (BEDINK) Nee.
10. MIB : (AGTERDOG) Nee? Wie is nog in die huis?
11. FRANS : My hond, Elmo...en 'n vriend.
12. RÖHM : A female.
13. FRANS : Nee, Elmo is 'n reun.
14. RÖHM : I can assure you this is not in the least amusing Mr Baker.
15. FRANS : No it isn't. Waarom al die vrae?
16. RÖHM : Just answer the question. Who is in the house with you?
17. FRANS : 'n Vriend. I already told you.
18. RÖHM : A female friend? A blonde woman, perhaps?
19. FRANS : No... (BEAT) Wag 'n bietjie...hoe weet julle dit?
20. RÖHM : We know everything, Mr Baker. There was a blonde woman at you house last night?

1. FRANS : Aha! Julle bedoel my assistente, Belinda?
2. MIB : Jou assistent?
3. FRANS : Ja. Belinda. My P.A.
4. MIB : Is sy nog daar binne?
5. FRANS : Nee. Sy's lankal huis toe.
6. RÖHM : Then who is in your house?
7. FRANS : 'n Mans vriend.
8. MIB : 'n Man? En wat is jou verhouding met die persoon?
9. FRANS : Verhouding?
10. MIB : Ja.
11. FRANS : (VEBAAS) Maar hoe weet julle?
12. MIB : Hoe weet ons wat?
13. FRANS : Van my verhouding...jy weet...met... Sal...
14. RÖHM : Sal? Who is Sal?
15. FRANS : My mansvriend... in die huis... Sal.
16. RÖHM : You mean...you and this, Sal, you are like good friends?
17. FRANS : Ja. (OOMBLIK) Ek het gedink julle weet...julle is die NSSA
...ek's seker julle het 'n agtergrond check gedoen...
18. MIB : So, julle is meer as net vriende? Jy en die Sal?
19. FRANS : Uhm...ja.
20. MIB : En dis hoekom jy nog nie getroud is nie?
21. FRANS : Ja. (BLUF) Maar Sal is, en ek sal dit waardeer as julle diskresie
sal gebruik. Julle weet...sy vrou is nie bewus van ons ...(KUG)
verhouding nie...

1. RÖHM : And this friend of yours, Sal, is in the house right now?
2. FRANS : Yes. Ons was net besig om ... (KUG SKAAM) ... jy weet... toe julle aan die deur kom klop het.
3. RÖHM : (AGTERDOGTIG) And what is his surname?
4. FRANS : Sal? (OOMBLIK) Van der Zee.
5. RÖHM : So. He is Dutch?
6. FRANS : Uhm. Yes. Vêr langs...
7. RÖHM : Can we speak to him?
8. FRANS : Hoekom? Hy het niks met enige iets te doen nie...
9. SALACIA : (MIMIEK MANS STEM WAT ROEP) Frans! Wie is dit? Ek kan nie meer lank bly nie. Kom terug bed toe!
10. FRANS : (HOES) Ek's nou daar, Sal! Ek kom... uhm... liefing...
11. RÖHM : (STUG) I think we've heard enough. What you do in the privacy of your bedroom is of no concern to us, Mr Baker. (OOMBLIK) Heinrich, I think we are done here.
12. MIB : Ja, Herr Röhm. Alles in ordnung.
13. FRANS : Are you guys going? Julle is welkom om gou 'n koffie saam met my en Sal te geniet... dis nie moeite nie.
14. RÖHM : Nein, danke.
15. MIB : Ons sal u nie verder pla nie. (BEAT) Net 'n laaste ding: Jou vriend, waar is hy woonagtig?
16. FRANS : Waar hy bly?
17. MIB : Ja. Van waar is hy? Sy adres.
18. FRANS : (IMPROVISEER) Uhm... Oceanview Drive. Atlantis.

1. MIB : In Cape Town?
2. FRANS : Ja. Hoekom wil julle weet? Gaan julle vir hom 'n krismiskaart stuur?
3. MIB : (IGNOREER SARKASME) En wat doen hy vir 'n lewe?
4. FRANS : Hy swem...ek bedoel...duik. Hy is 'n beroepsduiker. Baie lief vir die oseaan.
5. MIB : Dit sal dan al wees. Dankie.
6. FRANS : (VRIENDELIK) No problem. Ek moet sê julle lyk besonders handsome in julle swart klere. Do you carry big guns as well?
7. RÖHM : (MINAGTEND) Good day, Mr Baker.
8. FRANS : Kom gerus weer. Bel net volgende keer voordat julle weer kom.
9. RÖHM : (BEWEEG WEG) Kom, Heinrich. Der Mann ist ein dummkopf. Hier ist nichts. Es ist eine Verschwendung unserer Zeit.
10. MIB : I agree, Herr Röhm.
11. FRANS : Toodeloo guys! Have a nice day.
12. RÖHM : Es gibt hier nichts auber einem Haufen Homosexueller.

BYK: VOETSTAPPE MOTORDEURE . MOTOR VERTREK.

13. FRANS : (VERVOLG) (TOT HOMSELF) National Security Agency my gat. Van wanneer af praat hulle Duits. Moet seker dink ek's een of ander dom visvoet. Arrogante blikemmers.

BYK: VOORDEUR TOE.

14. SALACIA : (NADER OP MIK) Is hulle weg?
15. FRANS : Ja. (LAG) Hoe de hel het jy daai stem gemaak?

1. SALACIA : Ons kan enige klank of stem wat ons een maal gehoor het namaak. Ek het hulle gehoor, jou gedagtes gesien. Ek moes iets doen om hulle te keer om in die huis te kom.
2. FRANS : Kan almal van julle dit doen? Ek bedoel stemme en klanke namaak?
3. SALACIA : *Eeass.*
4. FRANS : Wie se stem was dit? Dit het bekend geklink.
5. SALACIA : Die een wat homself Van Röhms genoem het. I changed it slightly. He didn't recognize his own voice.
6. FRANS : (LAG) Jitte! Jy's reg. Dis ongelooflik.
7. SALACIA : Hoekom is jy so verbaas? Julle het voëls hier op aarde wat dit kan doen wat ek gedoen het.
8. FRANS : Dis ook waar.
9. SALACIA : Our vocal cords and brains are a bit more advanced...than that of your birds.
10. FRANS : That's an understatement. What else can you do with your voices?
11. SALACIA : You don't want to find out...
12. FRANS : Wel, dit het die dag gered. Hulle's weg. Hopelik vir altyd. As hulle egter daai adres wat ek gegee het check...
13. SALACIA : *Toh-Ungh.* Hulle sal nie maklik weg gaan nie. Hulle sal om bloed swem soos lang tande en weer kom.
14. FRANS : Wel, vir **nou** is ons van hulle ontslae. Maar jy's reg, ons kan nie gerus raak nie. Ek vertrou nie hulle glimlagte nie.

1. SALACIA : Self 'n haai glimlag net voor hy aanval.
2. FRANS : Dalk het hulle vir ons klein toneelstukkies geval, dalk nie. Ons moet seker maak dat hulle jou nie sien as ons later Drie Ankers toe gaan nie.
3. SALACIA : *Eeass.* Ons moet my mismaak.
4. FRANS : Hoe nou?
5. SALACIA : Mismak. Maak my anders lyk. Wegsteek. Toesmeer?
6. FRANS : (LAG) Vermom. Jy bedoel vermom.
7. SALACIA : (DINK) Ja, kamoefleer.
8. FRANS : Ons sal móét en voor vanaand. (DINK) En ek weet van net die persoon wat dit perfek sal kan doen.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 12:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. RICHARD FREDERICKS

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA
A/G. BUIITE TONEEL. BAKER EN SEUN KANTORE
PARKEERTERREIN. HAWE GELUIDE. VERKEER IN A/G**

1. BELINDA : (ONTSTELD) Jy het wat?
2. RICHARD : Ek het nie juis 'n keuse gehad nie.
3. BELINDA : (WOEDEND) JY HET WAT!
4. RICHARD : Wat het jy verwag? Soos wat jy optree.
5. BELINDA : Ek kan my ore nie glo nie!
6. RICHARD : Wat sou jy gedoen het as dit ék was wat so opgetree het?
7. BELINDA : My laat agtervolg? Regtig? **Regtig!**
8. RICHARD : Ek móés weet wat aangaan. Jy't gisteraand verdwyn —
9. BELINDA : Wat bedoel jy “verdwyn”? Ek het dan aan jou verduidelik! Maar soos altyd luister jy nie! Jy hoor net jou eie stupid stem.
10. RICHARD : Jy het watter tyd laas nag teruggekom.
11. BELINDA : Dis vir my werk, ek het jou dit gesê.
12. RICHARD : Jou werk? Moet my nie laat lag nie. Van wanneer af werk jy tot ná middernag by jou baas se huis?
13. BELINDA : Maar ek het aan jou verduidelik. Kaptein Kearney het gebel. Frans was in die moeilikheid...daar was probleme by die werk—
14. RICHARD : O, nou noem jy hom op sy naam?
15. BELINDA : Hemel tog! Klim van jou mishoop af en luister 'n slag na wat ék sê. Al wat jy hoor is jou eie stem!
16. RICHARD : Ek weet wat aan die gang is! Jy fool my nie.
17. BELINDA : Nee, jy weet nie. Jy het geen clue nie!

1. RICHARD : Ek's nie onnosel nie.
2. BELINDA : (ASIDE) Daaroor kan ons debatteer...
3. RICHARD : If it walks like a duck and quacks like a duck, it's a duck.
4. BELINDA : Waarvan praat jy?
5. RICHARD : Jy en jou baas. Frans Baker. Ek weet jy het al lankal die hots vir hom, het jy nie? Die manier waarop jy van hom praat. Frans dit en Frans dat! As hy sy vingers klap dan spring jy.
6. BELINDA : Dis glad nie wat jy dink nie.
7. RICHARD : O, nie! Wat het julle twee gisteraand tot ná middernag in sy huis aangevang, huh? Koffie gedrink en kumbaya gesing? En vanoggend is jy weer uit die huis soos 'n dief met 'n tas, weer reguit na sy huis toe. Met 'n tas!
8. BELINDA : Is dit wat jou waghondjie vir jou rapporteer het? Hoe lank hou jy my al so dop. Jy's siek, weet jy dit.
9. RICHARD : That's besides the point. Wil jy dit ontken? Wil jy ontken dat jy by sy huis was vanoggend? Met 'n tas!
10. BELINDA : Ek ontken dit nie. Maar jy verstaan nie — En ás ek jou sou vertel sal jy my anyway nie glo nie.
11. RICHARD : Hoekom was jy daar met 'n tas?
12. BELINDA : Ek kan jou dit nie sê nie.
13. RICHARD : Nes ek gedink het. Wat was in die tas? En moet nie vir my lieg nie.
14. BELINDA : My klere.

1. RICHARD : Aha! Jou klere? Ek het so gedink.
2. BELINDA : (SARKASTIES) Dis wat mens gewoonlik in 'n tas sit.
3. RICHARD : Is jy besig om my te verlaat? Ek het jou gesê ek is jammer oor wat nou die dag gebeur het. Hoeveel keer moet ek nog sê ek is jammer.
4. BELINDA : Nes die vorige keer en die keer daarvoor...jou jammer beteken niks. En dis nie asof jy op my toon getrap het nie, is dit! Ek het jou gesê as jy weer aan my raak...
5. RICHARD : Ek sê mos ek is jammer. Ek weet ek het 'n probleem...
6. BELINDA : Ja, jy het. Teveel steroids...en jou humeur.
7. RICHARD : Ek werk daaraan. Maar jy maak my mal as jy so optree. Ek's regtig lief vir jou, Belinda.
8. BELINDA : Jy't 'n vreemde manier om dit te wys.
9. RICHARD : Ek wil jou nie verloor nie.
10. BELINDA : Wel, na wat jy nou gedoen het...
11. RICHARD : Asseblief... vergewe my, maar dit is jou skuld dat ek— jy soek daarvoor...
12. BELINDA : Wat! Hemel, nou is dit weer my skuld. Dis nooit jôú skuld nie.
13. RICHARD : Is jy besig om uit te trek? Is jy besig om by hom in te trek?
14. BELINDA : Nee, Richard. Die tas met klere was vir iemand anders.
15. RICHARD : Soos wie?
16. BELINDA : Ek kan jou nie sê nie. Jy sal nie verstaan nie.
17. RICHARD : (ONTPLOF) Donners! Daar doen jy dit weer! Jy lieg vir my!
18. BELINDA : Eina! Jy maak my seer. Los my arm!

1. RICHARD : Jammer... ek's jammer...ek het nie bedoel nie...Maar daar's iets aan die gang tussen julle. Jy kan dit net sowel erken!
2. BELINDA : Ja, daar is.
3. RICHARD : I knew it! I bloody knew it!
4. BELINDA : Ons is goeie **vriende**. Vriende help mekaar.
5. RICHARD : Moenie vir my vertel perde drolle is vye nie. Hoeveel ander "goeie vriende" het jy hier in die dorp, Huh? Is dit hoekom jy Durban moes verlaat? Dinge het te warm geword?
6. BELINDA : Jy's walglik! Ek kan dit nie meer hanteer nie. Ek dink regtig al die steroids en spiere is besig om jou brein toe te druk. Miskien moet jy daai spiere tussen jou ore 'n slag begin exercise!
7. RICHARD : Sê jy ek is 'n idioot?
8. BELINDA : (MIMIEK) If it walks like a duck...
9. RICHARD : Na alles wat ek vir jou gegee en gedoen het...
10. BELINDA : Jy bedoel my probeer koop het...
11. RICHARD : As ek my sonde nie ontsien nie...ek sal —
12. BELINDA : Raak weer aan my...ek sweer...waag dit net.
13. RICHARD : Jy gaan wat? Huh? My moer?
14. BELINDA : Ek gaan nie 'n scene maak hier in die parkeerarea reg voor my werk nie. Jy gaan my nie uitlok nie. Ek's klaar met jou. Hoor jy my! Dis verby. Ek weet nie wat ek in jou gesien het nie. Frans was reg, jy is 'n blerrie narsis en jy is sosiaal totaal wanaangepas vir die samelewing. Gaan speel met jou gewigte by die gym.

1. RICHARD : (KIL) Ons sal sien... Ek sal jou nie laat gaan nie.
Jy's myne... en Frans Baker... hy beter sy visbek van my naam
afhou as hy weet wat goed is vir hom.
2. BELINDA : Jy bly van Frans af weg. Hy's tien van jou soort werd.
3. RICHARD : Daai snoekgevrete moet nie dink hy kan jou van my af
wegrokkel nie. Jy beter huis toe kom vanaand of —
4. BELINDA : Of wat?
5. RICHARD : Jy sal sien... jy sal sien. Julle sal al twee sien.
6. BELINDA : Jy's 'n blerrie kind. Probeer jy net iets en **jy** sal jou **gat**
sien...hoor jy my!
7. RICHARD : As jy nie vanaand by die huis is nie, verbrand ek jou klere!
8. BELINDA : Jy's 'n verdomde sigopaat, weet jy dit. Hemel wat het my al
hierdie tyd besiel om met jou my tyd te mors.
9. RICHARD : Jy gaan jammer wees.
10. BELINDA : Ek's alreeds jammer. Jammer, vir die maande van my lewe
wat ek op **jou** gemors het. Hier vat jou stront. GOOI GOED VIR
HOM: Jou horlosie, jou ringe...Ek wil niks van jou hê nie. Ek's
klaar met jou.
11. RICHARD : (DREIG) Maar **ek's** nie klaar met **jou** nie, jou ondankbare teef.
(STAP WEG) Jy gaan spyt wees. **jý** en jou nuwe boyfriend.
Julle gaan al twee jammer wees...hoor my.
12. BELINDA : (AGTERNA) En haal jou skoothondjie van my gat af. As ek
hom weer sien gaan ek meer as net sy wiele vir hom afblaas!

FX: MOTORFIETS. START. TREK WEG MET SKREEUENDE**BANDE. MUSIEKBRUG: FRANS BAKER SE WONING.****BINNETONEEL. LATER DIE DAG.**

1. FRANS : Hy't wat gedoen?
2. BELINDA : Jy't my gehoor. Dis Richard wat my laat agtervolg het. 'n Privaatspeurder.
3. FRANS : Vir wat? (OOMBLIK) Nee, wag, ek dink ek weet. Dis omdat jy hier was?
4. BELINDA : Dis nie net dit nie —
5. FRANS : Ek het nie gedink dit sou soveel moeilikheid veroorsaak nie. Dis my skuld. Ek sal hom kontak en verduidelik...
6. BELINDA : Nee, asseblief, dis nie nodig nie. Dit kom al 'n geruime tyd aan, glo my. Die agtervolgery was net die laaste strooi wat die kameel se rug vir my gebreek het. Dis verby.
7. FRANS : Vergewe my as ek nie sê ek's jammer daaroor nie. Jy weet hoe ek oor hom gevoel het van die begin af.
8. BELINDA : (LAG) Toemaar, Frans. Ek weet. Om die waarheid te sê, ek's eerder verlig dat dit verby is. Jy was reg. Hy is nie my tipe. Ek wou dit al beëindig het maar kon dit nie vir hom sê nie.
9. FRANS : Hoe het jy van jou skaduwee ontslae geraak?
10. BELINDA : Het twee straatkinders elk vyftig rand gegee om die van se wiele af te blaas in die parkeerterrein.
11. FRANS : (LAG) Slim! 'n Girl so na my hart.

1. BELINDA : Wel, ek moes 'n plan maak om daai vis vir ons gas te gaan kry.
Ek kon nie met leë hande hier opdaag nie, sy moet eet.
2. FRANS : Ons was egter nie so gelukkig nie. Hulle was hier.
3. BELINDA : Hulle? Jy bedoel?
1. FRANS : Ons misterieuse vriende in swart. Twee van hulle. Het hulleself
voorgedoen as staatsamptenare.
2. BELINDA : En? Wat wou hulle hê?
3. FRANS : Ek dink hulle het kom vis om uit te vind wat ons agtergekom
het daar buite op die oop see. Maar ons het van hulle ontslae
geraak. Ek en Salacia.
4. BELINDA : Salacia? Het hulle haar nie gesien nie?
5. FRANS : Nee. Maar as dit nie vir haar was nie...
6. BELINDA : Wat, wat het sy gedoen?
7. FRANS : Sy kan ongelooflike goed met haar stem doen.
8. BELINDA : So van haar gepraat. (FLUISTER) Waar is sy?
9. FRANS : In die boonste badkamer. Dryf in 'n soutbad. Besig om haarself
te genees. Dokters en hospitaal is nie deel van hulle wêreld
nie.
10. BELINDA : Hulle kan dit doen? Selfgenesing?
11. FRANS : Yep, en ek het 'n gevoel dis net die tip van ysberg. Ek dink nie
ons wil uitvind wat sy alles kan doen nie.
12. BELINDA : Ek kan nie meer wag om haar te ontmoet nie. Hemel, tot my
hande bewe...kyk...

FX: ELMO GEE OPGEWONDE BLAF.

1. FRANS : (ASIDE) Praat van die meermin...dan trap jy op haar stert.
(AAN SALACIA) Hallo, Salacia. Voel jy beter?
2. SALACIA : (NADER TOT OP MIK) *Eeeass*, Frans Baker. Ek voel byna volkome herstel. Soos 'n nuwe goue pond.
3. FRANS : (LAG) Ons sê sikspens.
4. SALACIA : (DINK) Ja, soos 'n nuwe dollar. (AAN BELINDA) Hallo?
5. FRANS : Salacia, dit is, Belinda. Belinda, ontmoet, Salacia.
6. BELINDA : (SENUWEEAGTIG) H...hallo, Salacia...
7. SALACIA : Hallo.
8. BELINDA : (SENUAGTIGE LAGGIE) Ek het vis en klere gebring...ek bedoel ek is bly om jou sien...ek bedoel te ontmoet...
9. SALACIA : (AFGEMETE) Beee-lin-daaa. (OOMBLIK) TUT – ton. Belinda Tutton. Pretty Belinda...van Durban...
10. BELINDA : (VERBAAS) Hoe weet jy wat my van is en —
11. FRANS : Een van haar vele talente...ek het jou gesê...
12. SALACIA : (SNUIF DIE LUG) *Feeesh! Kraah! Meesuloo?* (BEWEEG WEG) In die kombuis. Belinda Tutton bring voedsel vir my!
13. BELINDA : (FLUISTER AAN FRANS) Sy kan gedagtes lees?
14. FRANS : Soos 'n boek...
15. BELINDA : (EKSTATIES) Genade, sy's betowerend mooi... Ek voel effens duiselig...ek dink ek moet sit....
16. FRANS : O, nee. Jy gaan nie nou weer flou raak nie. (LAG) Kom, sy's op pad kombuis toe. (BEWEEG WEG) Jy moet haar sien eet. Dis 'n belewnis! Kom! Roer jou riete, Belinda.

FX: MUSIEKBRUG. BINNE. FRANS SE KOMBUIS. MINUTE

LATER.

1. SALACIA : (SMUL) Hmmmm...Dankie, Belinda Tutton. (LEK VINGERS)
Kraah, very good! Meesuloo, favorite feesh. (SUG)
2. BELINDA : *Kraah? Die kreef?*
3. SALACIA : Ja. En *Meesuloo*. Dít is. Sien. *Meesuloo*.
4. BELINDA : Aha. Mossels! Ek verstaan. *Meesuloo!* (OPGEWEK) Ek leer meermin praat, Frans.
5. FRANS : Ek dink daar is nog baie wat ons van haar gaan leer voor hierdie dag verby is.
6. SALACIA : *Aquan* is my woorde. Belinda Tutton en Frans Baker leer my woorde, en ek leer julle woorde, Afrikaans, English.
Ons leer van mekaar? *Eaass?* Dit is goed?
7. BELINDA : O, beslis. Én ek het so pas geleer dat 'n week se voorraad vis skaars genoeg is vir een ete. Hemel, waar sit jy dit alles in?
8. FRANS : (LAG) Én sy't my yskas ook leeggemaak.
9. SALACIA : Ek het verkeerd gedoen?
10. BELINDA : Nee, nee! Ons spot sommer net. Ek sal môre nog vis gaan kry.
Daar's baie in die see. En Frans is gelukkig in die regte bedryf.
11. SALACIA : (GEMOEDELIK) Frans Baker. Visserman. Seeman. Seesiek man.
12. FRANS : Nee, magtig. Weet die hele wêreld van my probleem?
13. BELINDA : (LAG) Ek's bevrees jou geheim is uit, Frans! Wat gaan nog in daai kop van hom aan, Salacia? Loer bietjie.

1. FRANS : (KEER) Okay stop! Sal julle twee nou ophou.
2. SALACIA : (PROES) Frans Baker. Ons trek net jou bene.
3. BELINDA : Ja, beide van hulle.
4. SALACIA : Al twee van ons. Belinda, Salacia is vriende. Susters.
5. BELINDA : (GEVLEI) Dankie, Salacia. Ek sal enige dag jou suster wil wees.
6. FRANS : Ek moet sê julle twee lyk nogal baie na mekaar, behalwe vir die ore en hande kon julle amper sussies gewees het.
7. BELINDA : O nee, ek sal nog baie gewigte in die gym moet gaan rond gooi om naastenby soos sy te kan lyk.
8. FRANS : So van “lyk” gepraat, ons sal vinnig 'n plan moet maak om haar te vermom, voordat ons vanaand by die Ankers bymekaarkom.
9. BELINDA : Die Ankers?
10. FRANS : Ja, change of plans. Ons kan nie by die kantoor vergader nie. Ek het gedink die Ankers sal ideaal wees. Dis publiek, lawaaierig en wie ons ook al dophou gaan nie weet ons gaan daar wees nie. Ek kan nie aan 'n beter plek dink nie.
11. BELINDA : Jy's reg. Ek stem saam. Het jy al die ander laat weet?
12. FRANS : Nee. Ek sal Kearney and Jantjies laat weet. Brink weet wat gebeur het, ons het hom vertel. Ek dink Hans Claassen moet ook by wees.
13. BELINDA : Dink jy **dís** 'n goeie idee?
14. SALACIA : Hans Claassen? Vader van Angelique?
15. BELINDA : Ja, Salacia.

1. FRANS : Hy weet van die hangertjie. Ek dink hy het nodig om Salacia te ontmoet. Sy het my iets vertel wat ek dink almal moet hoor. Die waarheid.

BYK **FOON LUI.**

2. BELINDA : Jammer, dis myne.
3. FRANS : Jy kan maar eers antwoord.

BYK **FOON WORD DOODGEDRUK.**

4. BELINDA : Pes-pos oproep.
5. FRANS : Belinda, as ek reg onthou, was daar sertifikate vir skoonheids terapie en haarkappery in jou aansoek gewees destyds?
6. BELINDA : Dis reg, Frans. 'n Ander lewe in Durban.
7. FRANS : Sal jy kan help om haar te vermom?
8. BELINDA : (OPGEWONDE) Na tuurlik! Dit sal nie 'n probleem wees nie.

BYK **FOON LUI.**

9. BELINDA : Jammer...

BYK **DRUK FOON DOOD.**

10. BELINDA : Party mense weet nie wanneer om op te hou nie. Sorry.
11. FRANS : Ek het gedink as ons haar hare kan kort knip en kleur gaan dit al klaar 'n groot verskil maak.
12. BELINDA : Ek het dieselfde idee gehad. Ek wou dit voorstel, maar jy het my klaar voorgespring.
13. SALACIA : Waarom kyk julle so na my?
14. BELINDA : Salacia, ons het nodig om jou te vermom. Jy verstaan?
15. SALACIA : Ek weet ja. Frans Baker en ek het reeds gepraat oor vermom.

1. FRANS : Presies. Voordat ons na die Drie Ankers toe gaan vanaand.
 2. BELINDA : Sodat jou vriende in swart nie snuf in die neus kry nie.
 3. SALACIA : Snuf in die neus? Verduidelik snuf in die neus.
 4. FRANS : Om jou te kan herken. Agterdogtig word.
 5. SALACIA : Julle wil my versteek sodat hulle my nie kan ruik nie? *Eeaash?*
 6. BELINDA : (GLIMLAG) Soort van, ja.
 7. SALACIA : (OPGEWONDE) Julle gaan my hare sny? My hare was nog nooit kort nie.
 8. BELINDA : (DINK) Dit sal 'n verskil maak. Laat my sien. As ons jou hare kort knip, jou borskas in bind, jou ore onder 'n hoody versteek en daai oë agter 'n donkerbril, kan jy maklik op'n afstand en in skemer lig deurgaans vir 'n goed geboude jong man. Juou skouers is breed genoeg.
 9. FRANS : Met haar fisieke bou gaan dit nie moeilik wees nie. Met die regte klere behoort dit beslis te werk. Hulle is op soek na 'n meermin, 'n vroulike wese, nie 'n jong man nie.
 10. BELINDA : Wat van haar hande? Dis 'n dead give-away.
 11. FRANS : Handskoene. Dis saans koud buite. Niemand gaan snaaks dink nie. Of sy kan haar hande in die sakke hou as sy buite beweeg.
 12. BELINDA : (PEINSEND) Ek sal nie haar hare té kort kan sny nie. Haar ore gaan lol... (DINK) KLAP VINGERS: Ek het 'n idee.
 13. FRANS : Jy doen wat jy die beste dink.
- BYK** **FOON LUI WEER SKRIL.**
14. BELINDA : (VIES) Verdomp! FOON AF

1. BELINDA : (VOLG) Jammer. Waar was ons?
2. FRANS : Haar hare. Ore. (AGTERDOGTIG) Belinda, is daar fout?
3. BELINDA : Nee, toemaar. Dis niks nie.
4. SALACIA : Kan ons my hare groen maak?
5. BELINDA : (LAG) Nee, ek dink nie dit gaan werk nie.
6. SALACIA : Hoekom nie? Ek het al mense met blou en pers hare gesien.
7. BELINDA : Ons wil nie aandag trek nie. 'n Nutrale kleur. Bruin of swart, én dis tyd om jou uit daai hemp van Frans te kry. Baie sexy maar onprakties. Jy kan nie so in die Ankers in stap nie.
8. FRANS : (LAG) Sal nogal interessant wees as sy sou!
9. BELINDA : Frans!
10. FRANS : Ek maak net 'n grap.
11. SALACIA : Ek trek mens-klere aan?
12. BELINDA : Beslis. Ons gaan jou een van ons maak, Sally.
13. SALACIA : Sally? (DINK) Belinda maak my naam korter soos my hare?
14. BELINDA : (Lag) Jy kan so sê. 'n Bynaam. Jy is "Sally" van nou af. Deel van jou vermomming. Frans se niggie, Sally.
15. SALACIA : Sally. Ek hou daarvan. Sally en Belinda is susters. Frans is Familie.
16. BELINDA : Net so!
17. FRANS : Het jy iets waarmee jy haar hare kan kleur?
18. BELINDA : Nee, maar ek sal gou gaan kry hier onder by Maxies.
19. FRANS : Wat sou ek sonder jou gedoen het... Is daar iets wat ék kan doen?

1. BELINDA : Ja. Uit ons pad bly en iets gooi om te drink.
2. FRANS : Geen probleem. Wat wil julle drink?
3. SALACIA : (VINNIG) Suiker-koffie vir my, Frans Baker!
4. BELINDA : (LAG) Maak dit twee suiker-koffies Frans. Maar lig op die suiker vir my, okay! Ek's nie 'n kernreaktor soos Salacia nie.
5. FRANS : Twee suiker-koffies, coming up! Ek gaan net eers almal laat weet oor vanaand se meeting by die Ankers, dan bring ek.
6. BELINDA : Kom, Sally! Ek en jy het 'n afspraak met 'n skêr in die badkamer. (WEG VAN MIK) Daar's so baie wat ek jou wil vra omtrent jul wêreld, jou lewe...(DOOF)

FX **ELMO BLAF OPGEWONDE.**

7. FRANS : Ja, en jy? Hoekom het jy my niks gesê van Salacia nie? Verraaiier. Nee, dit help nie om nou witvoetjie te soek nie.

FX **ELMO BLAF WEER OPGEWONDE.**

8. FRANS : Jy's reg, Elmo. Al die jare alleen en eensaam in die huis en nou's daar meteens twee beeldskone vroumense in ons huis.(OOMBLIK) Okay een is 'n meermin. Hemel. Hoe gaan my hart dit oorleef...

BYK: **SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:**

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 13:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. BELINDA
5. JANTJIES
6. BRINK

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienommer

UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA
A/G. BINNE TONEEL. DIE DRIE ANKERS KROEG. KROEG
AKOESTIEK

1. FRANS : Danie, dankie dat ons hierdie privaat hoek van jou kroeg kan gebruik. Het jy vir Claassen die boodskap gegee?
2. BRINK : Geen probleem, Frans. En ja, ek het.
3. KEARNEY : Of hy nugter gaan opdaag, dis 'n ander vraag.
4. JANTJIES : Bied hom 'n gratis dop aan en hy sal beslis kom.
5. FRANS : Jantjies, weet jou vrou jy's hier?
6. JANTJIES : My vrou dink ek is by 'n emergency meeting by die kantoor. As sy moet weet ek's in die Drie Ankers, gaan ek oorlede Jantjies wees, Mr Baker.
7. FRANS : Toemaar. Ons sal vir jou cover.
8. BRINK : Geen probleem nie, Frans. Enige tyd. (OOMBLIK) Is sy hier?
9. FRANS : (LAG) Ja, sy is. Sy en Belinda is net gou in die Dames.
10. BRINK : (SENUAGTIG) Magtig. Daar's 'n meermin in my kroeg...
11. KEARNEY : Kalmeer, Brinkie. Sy's nog nie eens hier nie en jy trap al klaar jou ken op die vloer vas.
12. BRINK : Is julle seker ek kan nie 'n vinnige foto vat nie?
13. FRANS : Nee, Danie. Jy kan nie.
14. KEARNEY : (SPOT) En jy vra óók nie haar handtekening nie.
15. BRINK : Ek's so senuagtig soos 'n muis by 'n kattedans. My hart klop in my keel. Kyk hoe sweet my palms.
16. JANTJIES : Watter taal praat sy, Mr Baker? Gaan ons haar kan verstaan?

1. FRANS : Ja, Jantjies. Sy verstaan en praat Afrikaans en Engels redelik goed, sowel as vyf-en-twintig ander tale.
2. JANTJIES : Hel...really? Hoe roep ons haar? Juffrou? Mejuffrou?
3. FRANS : Net, Salacia. Belinda het haar herdoop na, Sally, toe. Ek weet julle het baie vrae en brand om te weet wat aangaan. Ek ook. Sy't my al heelwat vertel, maar ek weet ook nog nie alles nie. Ek is seker sy sal alles verduidelik. Maar wees verseker dat julle wêreld geskud gaan word.
4. JANTJIES : Ek slaap al klaar nie meer nie, Mr Baker...na wat op die boot gebeur het.
5. FRANS : Ek dink nie een van ons slaap meer lekker vas nie, Jantjies. (OOMBLIK) Net 'n paar house rules voor ons begin: Een: moet nie te lank in haar oë kyk nie. As jou kop begin swem, kyk weg.
6. JANTJIES : Genuine, Mr Baker?
7. FRANS : Genuine, Jantjies. They mess with your mind. En twee: plaas 'n wag voor jou gedagtes...
8. JANTJIES : Jy bedoel sy kan minds read, Mr Baker?
9. FRANS : Soos 'n boek, Jantjies... lees en skryf...
10. JANTJIES : O, donner, Mister Baker. Regtig? Moet nie dit sê nie.
11. BRINK : Bedoel jy hulle kan goed in ons koppe plant?
12. FRANS : Ja, Brink. En jou gedagtes wegneem, soos in permanent.
13. BRINK : Jitte.
14. FRANS : En laastens: Kry álles wat julle ooit gedink het julle van meerminne af weet uit julle koppe. En ek bedoel álles.

1. KEARNEY : O, beslis ek kan daai een beaam. Ek het haar gesien by Frans se huis. Sy's beslis nie die Little Mermaid nie. Sy's gebou soos 'n reisesperd.
2. FRANS : Presies. Vergeet wat jy al in boeke, tydskrifte, films, en stories gehoor of gelees het. Weinig daarvan is enigsins naastenby die ware feite. Maar julle sal self sien.
3. JANTJIES : Nou is ek nog meer nervous. Ek het net 'n glimps van haar op die boot gehad. Ek het my gat weggeskrik.
4. BRINK : My senuwees is gaar. Ek gaan vir ons drinkgoed haal. Ek dink ons kan almal doen met iets om ons te kalmeer. Wat sal dit wees?
5. KEARNEY : Gaan jy drinkgoed kry, Brinkie, of soek jy verskoning om weg te hardloop? Ek sien hoe bewe jou broekspype.
6. BRINK : Not a damn, ek wil haar sien. Maar ek kort 'n kalmeermiddel.
7. FRANS : (LAG) Net koffie, Brink. Vir almal. Niks alkohol nie. Ons het almal nodig om vars te bly vanaand.
8. BRINK : (SUG) Nes jy verkies, Frans. (DINK) Wat drink sy? Seewater?
9. FRANS : Nee, Brink. Koffie soos ons.
10. BRINK : Regtig? Sy drink koffie?
11. FRANS : Ja. Mal daaroor. (BEAT) En bring baie suiker.
12. BRINK : Hoekom?
13. FRANS : Sy het 'n effense soet tand.
14. BRINK : Koffie is dit dan, vir almal. Ek bring. (BEWEEG VAN MIK)
Liewe hemel, daar is 'n meermin in my bar...in my flippin bar...

1. FRANS : Kearney, jou vriende met die donker suits was by my huis.
2. KEARNEY : Wragtig. Wanneer?
3. FRANS : Nie lank nadat jy by my weg is nie.
4. KEARNEY : Blistering blue bottles!
5. FRANS : Hulle het my ook die third degree probeer gegee, maar ek het dom gespeel.
6. KEARNEY : Het hulle jou gedreig?
7. FRANS : Nee, maar ons word beslis dopgehou, almal wat op die boot was. (BEAT) Jantjies? Was daar niemand by jou huis nie?
8. JANTJIES : No, Mister Baker. En ek het seker gemaak ek word nie agtervolg nie, soos jy gevra het.
9. KEARNEY : Is jy seker?
10. JANTJIES : Ek's seker, Skipper. Ek het ge-double check.
11. FRANS : Kearney?
12. KEARNEY : Alles stil sover. Dalk het hulle besluit om die aftog te blaas. Miskien het ons hulle oortuig ons weet niks.
13. FRANS : (INGEDAGTE) Miskien...
14. KEARNEY : Ons kan maar net hoop die res van die crew hou hul smoele dig toe en blaker nie alles uit nie.
15. JANTJIES : Ek het vir hulle gesê ek voer die hele blierie lot vir die haaie as ek hoor dat een sy bek oopgemaak het.
16. FRANS : Ek dink nie daai sluipers in swart weet dat Salacia hier is nie. Hulle probeer slegs uitvis hoeveel ons gesien het al dan nie.
17. KEARNEY : Hulle het my gedreig, Fransman.

1. FRANS : Hulle bluf, Kearney. Maar, ons kan nie té versigtig wees
2. KEARNEY : Ek vertrou ook nie die vrede nie.
3. FRANS : Van nou af as julle met een van ons móét kommunikeer, gebruik slegs WhatsApp. Ek en Belinda doen dit alreeds.
4. KEARNEY : Hoekom?
5. FRANS : Al hulle oproepe en teksboodskappe word swaar ge-encrypt en beskerm. Dit behoort veilig te wees self al word dit onderskep.
6. KEARNEY : Goeie idee, Frans.
7. JANTJIES : Reg so, Mr Baker.
8. BELINDA : (NADER TOT OP MIK) Jammer, julle. Ons moes net eers gou 'n draai in die badkamers gaan maak het.

BYK **STOELE SKUIF UIT.**

9. BELINDA : (VOLG) Julle hoef nie op te vlieg nie! Kalmeer. Dis nie die aartsengel Gabriel nie.
10. KEARNEY : Hallo, Belinda.
11. JANTJIES : Hallo, Miss Tutton.
12. FRANS : En dít, is, Salacia. Salacia, dis Kaptein John Kearney en dit is Jantjies.
13. SALACIA : Hallo, vriende van, Frans Baker. Ek is bly om julle ontmoeting te mag maak.
14. BELINDA : Almal, sit asseblief, julle hoef nie te staan en staar nie.

BYK **STOELE SKUIF IN. ALMAL SIT.**

15. KEARNEY : (FLUISTER) Suffering sea snakes! Sy praat wragtig Afrikaans, Fransman!

1. FRANS : Sy doen, Kearney. Ek het mos so gesê.
2. KEARNEY : (IN VERVOERING) Hallo, Salacia. Ek is Kaptein John Kearney. Dis amazing om jou te ontmoet...Ek bedoel dis 'n blerrie miracle om jou te ontmoet. Welkom...welkom...
3. SALACIA : (VRIENDELIK) Hallo, Kaptein Kearney. Aangenaam om jou kennis te kan maak.
4. JANTJIES : (SENUWEES) J...J...Jantjies. Ek's Jantjies.
5. SALACIA : Hallo, I'm very glad to meet you, Jantjies.
6. JANTJIES : (SENUWEES/HAKKEL) Ek ook. Ek... ek bedoel my...my naam is M...M ...Mervin, dis my naam...J...J...Jantjies. Jammer, ek hakkkel as ek gestres raak...j...jammer.
7. SALACIA : Hallo, Mervin Jantjies. Jy is die bootsman van die *Seeheks*. Jy was op die boot nou die dag...ek sien jou...jy sien my.
8. JANTJIES : (VERBAAS) Ja...ja...dis reg! Ek is...ek was.(ASIDE) Sy't my onthou...!
9. KEARNEY : Wat het hulle met jou aangevang, girlie? Waar's jou pragtige hare? Jy lyk bietjie anders vandat ek jou laas in Frans se huis gesien het.
10. SALACIA : Ek is kamoeflering gemaak.
11. BELINDA : Ons moes haar vermom, Kearney.
12. KEARNEY : Well, julle het 'n bloody goeie job gedoen.
13. FRANS : Dis alles Belinda se handewerk.
14. JANTJIES : (FLUISTER) Ek het haar amper nie herken nie, Skipper.

1. FRANS : Lyk my Belinda het 'n té goeie job gedoen. (AAN SALACIA)
Salacia, sal jy omgee om die donkerbril af te haal en die kappie van die baadjie te laat sak. Anders gaan hulle nooit ophou wonder nie.
2. BELINDA : Jy kan die handskoene ook verwyder. Ons is redelik uit die oog hier, dit behoort veilig te wees.
3. SALACIA : Sien is glo, is wat julle sê? VERWYDER ITEMS: Is dit beter?
4. KEARNEY : (GEFASSINEERD) Floating, flotsam...daar is sy nou...
5. JANTJIES : (SNAK) O my ma... Is jy seker ons kan nie iets sterkers bestel nie, Mr Baker?
6. FRANS : Nee, Jantjies. Slegs koffie. (LAG) En maak toe jou mond dis brommertyd.
7. JANTJIES : (SKAAM) Jammer, Mister Baker...maar dis net....hells bells...
8. FRANS : Sy is nogal iets om aan gewoond te raak, is sy nie? Dankie, Salacia, ek dink hulle is oortuig.
9. BELINDA : Waar's, Danie?
10. FRANS : Hy het vir ons drinkgoed gaan haal.

BYK SKINKBORD MET KOFFIEBEKERS RATEL NADER.

11. FRANS : (VOLG) En praat van die duiwel.
12. BRINK : (NADER TOT OP MIK) Jammer, ek het so vinnig as moontlik gemaak. Het ek iets gemis...(ONDER STEM) Bliksems...

BYK SKINKBORD WORD HARD EN VINNIG NEERGESIT OP TAFEL.

13. BRINK : Jammer...

1. FRANS : Danie, dis Salacia ons besoeker uit die dieptes.
2. BRINK : (SENUAGTIG) Shit...ek bedoel...H-allo, juffrou, Salacia, ek is Dranie Rink...ek bedoel Danie Brink. A-a-an – gename kennis. Welkom in Die Branders...ek bedoel Die Ankers.
3. SALACIA : Hallo, Danie Brink. Ons het al voorheen ontmoet, maar jy sal nie onthou nie.
4. BRINK : (VERBAAS) Ons het? Ek dink nie so nie, ek sou jǒú beslis nooit kon vergeet het nie, glo my.
5. SALACIA : Nie vrywillig nie... (RUIK) Hmmm, is dit suiker-koffie!
6. BRINK : Hoop nie julle gee om nie, maar ek het vir my 'n glas wyn gebring. Koffie laat my roes.

BYK KOFFIE WORD GESKINK EN GEDRINK ONDER

VOLGENDE DIALOOG.

7. FRANS : Dankie, Danie.
8. BRINK : Hans Claassen is op pad.
9. FRANS : Dan kan ons begin. Almal van julle weet van dít wat daar buite op die oseaan gebeur het nou die dag. Julle is ook bewus van wie hier sit. Ek weet dis 'n kultuurskok vir ons almal, maar glo my sy het 'n manier om op jou te groei. Sy het ons hulp nodig. Maar sy sal self verduidelik. Salacia as jy reg is?
10. SALACIA : Ek sal probeer om alles reg in julle woorde te sê. Ek sal begin by die begin, maar sal in Engelse woorde ook verduidelik, want my Afrikaanse woorde is nie volledig nie.
11. KEARNEY : Geen probleem nie. Ons verstaan altwee.

1. SALACIA : All of my kind are bound under a strict law which we call The First Directive. Dit is 'n belangrike wet. Dit is Eerste Wet. Dit is nie altyd moontlik om die wette van my wêreld te gehoorsaam nie. Ek het Eerste Wet twee keer in my tyd oortree. Een keer om hulp te gee aan mense en nou om hulp te vra van mense.
2. BELINDA : Die wette? Wat bedoel jy, Sally?
3. SALACIA : *Ffluegane na setanim na sessanim*, Belinda Tutton.
4. KEARNEY : Huh? Wat het sy gesê?
5. BELINDA : (AFGEMETE) *Setanim...sessanim...* Mens en Meermin. *Ffluegane...* Die Eerste Wet? Me-rs en Me-ns mag nie openbaar word nie? Nee... wag... gesien word nie. (VERBAAS) Hemel, hoe het ek dit verstaan? Wat het so pas gebeur?
6. FRANS : Belinda? Vertaan jy wat sy gesê het?
7. BELINDA : (VEDWAAS) Hemel...ja...ek het...
8. FRANS : Hoe is dit moontlik?
9. BELINDA : Ek weet nie...ek kon dit wat sy sê in my kop sien...soos beelde.
10. FRANS : Salacia, is jy in Belinda se kop?
11. SALACIA : Nee. Belinda Tutton, vibreer saam met my.
12. FRANS : Hoe nou? Ek verstaan nie.
13. SALACIA : Ek sal later verduidelik. Nou verduidelik ek eers aan vriende?
14. FRANS : Ja, natuurlik. Gaan voort. Die vloer is joune.
15. SALACIA : Vloer is myne? Verduidelik hoekom die vloer myne is.
16. FRANS : Ek bedoel jy kan maar praat. Ons luister.
17. SALACIA : *Nulma*. Ek swem in diep water.

1. BRINK : Wat bedoel jy?
2. SALACIA : In oseaan, swem altyd net vorentoe, kan nie agteruit swem nie. Soos nou. Ek het vriende van Frans Baker se hulp nodig en kan nie anders nie. Ek moet dit doen. Hulp vra.
3. FRANS : Wat sy probeer sê is dat dit normaalweg verbode is vir hulle om enige kontak met mense te maak. Die wet.
4. SALACIA : Behalwe in tyd van *Taafoowii*. *Sessanim* kom hier en neem *Paaepooh~paash* vir *oowii*. Mers kom aan land om vriende te maak met *paaepooh~paash* en gaan weer terug met essens.
5. KEARNEY : Hoe? Waarvan praat sy, Frans?
6. FRANS : (FLUISTER) Seks, Kearney. Konsentreer.
7. KEARNEY : Huh? What?
8. FRANS : Daar is geen meermanne in hul wêreld nie. Hulle is 'n suiwer vroulike spesie, baie soos die legendaries Amasone.
9. BRINK : Geen meermanne nie? Regtig?
10. FRANS : Nope!
11. BRINK : Hel. Maar hoe...hoe plant hulle dan voort?
12. FRANS : Dis 'n complicated storie. Maar sy het dit aan my verduidelik. Wanneer hulle tyd kom om voort te plant, kom hulle aan land en soek 'n geskikte manlike donateur. Is dit reg, Sally?
13. SALACIA : *Eeaash*. Frans Baker sê dit reg. *Taafoowii*. *Tyd van liefde*.
14. BELINDA : Ek verstaan! It's like a mating ritual...
15. FRANS : Presies. Soos die ou legendes omtrent meerminne wat skepe en matrose met hul magiese kragte op die rotse lei.

1. BRINK : Ek volg steeds nie.
2. FRANS : Dis alles allegories. Simboliese verhale waarin ons verbintenis met hulle vir leeftye versteek lê.
3. SALACIA : Eeaash. Allegoriese. Verbeeldings portrette.
4. BRINK : Wag, wag. So, as ek dit reg verstaan, kom julle aanland om 'n manlike donateur te vind en keer dan weer terug na julle wêreld as dit verby is?
5. SALACIA : *Eeaash*, Danie Brink. Elke honderd jaar tydens *Taafoowii*. Ons kom hier na Terra en huwelik met man van ons keuse vir een aand. Ons neem ons ander deel vir een aand om onself te kan herskep.
6. BRINK : Julle ander deel? Wat bedoel jy?
7. SALACIA : Ek sal verduidelik. Wees geduldig.
8. BRINK : Hoe is dit moontlik dat so iets al vir eeue plaasvind en niemand weet daarvan nie?
9. JANTJIES : Ek het gehoor meerminne betower hulle slagoffers en as hulle klaar is, dan maak hulle die aremsalige siel dood...
10. SALACIA : (ERNSTIG) Ja, Jantjies Bootsman, ons trek hulle die dieptes in en verdrink hulle sodat geen hond daarna sal blaf nie...of is dit die kat sal knor?
11. FRANS : (LAG) Haan sal kraai, Sally.
12. SALACIA : O? Ek bedoel, geen haan sal kekkel nie.
13. JANTJIES : (KOMMER) Genuine? Julle maak hulle dood? Dis waar?
14. FRANS : Nee, Jantjies! Sy's besig om met jou te speel.

1. JANTJIES : (LAG SENUAGTIG) O...ek sien...ek het net gedink...
2. SALACIA : Ons maak geheue skoon, neem ondervinding weg in diep slaap.
3. BRINK : En die persoon kan niks onthou nie?
4. SALACIA : Somtyds in diep drome, sal miskien onthou, maar nie verstaan.
5. BRINK : Jy het netnou gesê jy ken my... dat ons al ontmoet het.
6. SALACIA : Die Drie Ankers is bekend aan ons. Baie van my susters kom hier in tyd van *Taafoowii* en ontmoet man vir essens.
7. BRINK : (BESEF) Hemel...beteken dit dat ek en jy...jy weet...dat ons...
8. SALACIA : (GEAMUSEERD) Nee, Danie Brink. Ons het nie. Nie ek nie. Maar ander van my susters het hier gekom vir *oowii*.
9. BRINK : Is dit hoekom jy hier is? Om met een van ons...te oo-wie?
10. FRANS : (ONGEDULDIG) Nee, Danie. Gee haar kans om te verduidelik.
11. BRINK : Ekskuus. Ek bly nou stil. Jammer. Ek het net gewonder...of ek dalk een van hulle kon wees...
12. SALACIA : Jy wonder gedeeltelik reg. Ons het hierheen gekom vir essens. Maar nie vir my. Dit is nie my tyd nie, maar vir my suster.
13. BELINDA : Suster? Daar is nog van julle hier?
14. SALACIA : *Eeass*, Belinda. My jongste suster. Nerissen. Ek bring haar om te leer. Dit is haar eerste tyd vir neem van liefde.
15. BELINDA : Waar is sy?
16. SALACIA : Sy is in hande van *Setannor*. (SKEL) *Dehiifaa!*
17. BELINDA : *Setannor?* Slegte water... Vuil water...mense? Die slegte mense. Slegte mense het haar geneem?
18. SALACIA : *Eeass*. Sy is in groot gevaar.

1. KEARNEY : Jy praat van die mans in swart? Hulle het haar?
2. SALACIA : *Eeass.* Hulle beskadig Vhiamanha in aanval op see en neem suster na baie donker plek.'n Baie slegte plek.
3. KEARNEY : Vhi-a-man-ha? Wat is dit?
4. FRANS : 'n Baie gevorderde multidimensionele tuig waarmee hulle reis. (BEAT) Ja, ek weet julle is verbaas. Maar soos ons het hulle ook oor baie eeue heen tegnologie ontwikkel.
Tegnologie wat ligjare voor ons sin is.
5. JANTJIES : Ek dog meerminne swem net rond in die see, sit op die rotse en kam hulle hare.
6. SALACIA : (LAG) No, Jantjies. Maybe in your stories.
7. JANTJIES : So, wat wil daai mense hê? Hoekom het hulle jou suster geneem?
8. SALACIA : Hulle jag Mer vir tegnologie en Prima Matra.
9. KEARNEY : Okay, hang aan. Hierdie mans in swart wat jou suster het, is dieselfde klomp cowboys met hulle swart helikopters wat op ons geskiet het daar buite? Hulle weet van julle bestaan en is agter julle tegnologie aan?
10. SALACIA : That is correct, Captain John Kearney. Especially, Prima Matra.
11. JANTJIES : Prima... watse goed?
12. FRANS : Prima Matra, Jantjies. Dis die krag wat binne hulle is.
Hulle Essens. Dis wat hulle so magies maak. (OOMBLIK) Ek dink jy moet van vooraf verduidelik, Salacia soos wat jy aan my verduidelik het. In detail.

1. SALACIA : Ek sal poog. Daar sal baie wees wat julle nie sal verstaan. Om te verstaan moet ek begin waar alles begin het, waar Lewe begin het. Ons en julle. Mer en Man. *Sessanim* en *Setanim*
2. ALMAL : ADLIB: Regso/ Ons luister/ Dis reg/ Gaan voort.
3. SALACIA : Die eerste deel van julle Boek van die Skepping spreek van die storie van julle begin. Dit beskryf baie tyd in min woorde.
4. BRINK : Jy bedoel Genesis in die Bybel?
5. SALACIA : *Eeaass*. Genesis. The beginning of your reality. The seven days of creation as explained in the very first six verses. You all know this?
6. KEARNEY : Ek dink ons almal ken daai storie.
7. SALACIA : Nee, nie 'n storie nie. All correct. But time not correct. Time is not like you understand. This is Cosmic Time. This is time within time. Nie tyd soos julle dink nie.
8. BRINK : Kosmiese tyd?
9. SALACIA : Everything I'm about to tell you now, happened in that time many millions of years **before**, you, *Setanim*, even began. You only came into being towards the end of your Creation story. I speak correct, yes?
10. FRANS : Ons is eers geskep op die sesde dag as ek reg onthou.
11. SALACIA : En die waters en alles wat daarin is, is gebore voor die tyd van die land. Ja?
12. BRINK : Dis korrek.
13. FRANS : Dis reg, ja. Die see en die lewe daarin was voor ons.

1. KEARNEY : Die marinebioloog sal weet.
2. SALACIA : Laat my probeer om dit te plaas op 'n manier wat julle die tyd beter sal kan verstaan. Think of the timeline of the whole of creation and your existence as a time picture like the one on the wall over there.
3. BELINDA : Jy bedoel die kalender?
4. SALACIA : Yes. Like kalender. Imagine Cosmic kalender is one year long, starting with January and ending with December. You see picture?
5. ALMAL : ADLIB:Ja,/ Yes/ Ek volg/ Ek's by.
6. SALACIA : Now, imagine you, and all your history, **everything** that has ever happened from the beginning of your creation story until now, and paint it on this calendar. It would fit into the 31st of December. And then not even the entire day, but probably only the last eight hours of that day... The rest of the calendar is **time before** you were created...
7. KEARNEY : Damn! So wat jy sê is dat ons nog nie baie lank hierrond is nie?
8. SALACIA : *Eeas*. What you **think** you know is a drop, what you still don't know is a vast ocean.
9. FRANS : Ek begin dít te besef.
10. BELINDA : So, ons is nog soos in ons kosmiese kinderskoene?
11. SALACIA : Meer soos julle het nog nie geleer om te loop nie.
12. BRINK : Hel.

1. JANTJIES : Soos ons het nog nie mooi onder die klip uitgekruip nie.
2. SALACIA : *Eeas*. Soos klip. Soos Klipvissies in klein poeletjie by die see wat nie weet van eindelose groot oseaan net langsaan nie. Julle begin nou sien deur groter, beter teleskope en begin stadig besef waar julle is, waar julle dryf in Kosmiese oseaan...
3. JANTJIES : Daai's die truth. Ek't al gesien op die TV. Daai Hubble telescope. Dis blerrie groot, die universe, ek bedoel. Ons is soos 'n stofkorreltjie, een sandkorreltjie op die strand.
4. SALACIA : Dit wat julle TYD noem en die Kosmos om julle is beide oneindig groot. Julle tyd hier en alles wat julle in Tyd gedoen het tot nou, is soos julle sê, 'n druppel in die glas.
5. BELINDA : Emmer. Ons sê " in die emmer".
6. SALACIA : Emmer, ja. Soos water in die emmer.
7. FRANS : (Lag) Dis naby genoeg, Sally.
8. KEARNEY : Maar waar pas ons en julle dan in?
9. SALACIA : Ons kom van die tyd voor julle tyd. Van die tyd voor die land daar was. In die tyd van die water en die sout...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 14:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. BELINDA
5. JANTJIES
6. BRINK

Alle regte Voorbehou mheroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer

UZFasb4M9T6a2zZp



BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA A/G. DIE DRIE ANKERS SOOS VORIGE TONEEL. MINUTE LATER.

1. SALACIA : Ons is geskep lank voor julle eens 'n gedagte was. Julle storie van Skepping het woord “water” oor en oor daarin? En dit is soos dit is. Soos **Mer**, kom **Man** vanuit die water en die sout. Even to this day you are water and salt.
2. BRINK : Wat bedoel jy?
3. SALACIA : Your bodies, they are mostly water, yes?
4. FRANS : Sy’s reg. Ons is feitlik tagtig persent water. Ons almal.
5. SALACIA : And most people they have a natural attraction to water and the ocean. My woorde is korrek? Yes?
6. KEARNEY : Oh you bet. Ek dink ek het seewater in my are.
7. BELINDA : Dis waar. Die oseaan het my nog altyd soos 'n magneet getrek.
8. FRANS : Dieselfde hier. My hele lewe het nog altyd om die see gedraai.
9. JANTJIES : Ek stem saam met daai een. As ek te lank van die water bly gaan ek 'n bokkom raak.
10. SALACIA : When your babies are created do they not swim and breathe in the water inside your women like **Mer**? Only at birth when they leave the water do they take **Atma** using their lungs for the first time?
11. BELINDA : *Atma*? Suurstof? Asem?
12. SALACIA : *Eeas*. Om te asemhaal. Every time new human is born it is the Creation Story re-told. Sien julle dit?

1. BELINDA : Hemel, jy's reg. Ek het nog nooit só daaraan gedink nie.
2. SALACIA : When **our** creation story began Terra was still a watery orb covered in a thick moist fog. We were created by the Nephilim. We had our being in Them, we breathed, lived and existed in Them.
3. KEARNEY : Nephi-lim?
4. SALACIA : The Creators of Dimensions, Time and Space. What you might speak in your words as Gods? They created us as you were created millions of years later when the water and the earth was separated by **your** creators, the Elo-him, the Lords of Mind, Spirit and Form. Nephilim created Mer in Their image; Elohim created Atdamos from the elements of the land, from the so-called "dust" came **Man** and made them, **Hu**-man.
5. FRANS : Atdamos? Adam?
6. SALACIA : Man breathing atmos... yes. *At-da-mo*. Air breathing not water breathing. They formed the land.
7. BELINDA : Atmosfeer. Suurstof?
8. SALACIA : *Eeass*. But the Lords of Creation shared the water with the land and also placed atmos within water so water and land can inhale Atmos, like we do. Man cannot. Only get atmos from air.
9. BRINK : Ek dink ek begin verstaan. Die land en die water...mens en meermin. Maar wat het gebeur? Waarom het julle verdwyn, en julleself van ons verwyder? Hoekom die geheimhouding al die eeue?

1. SALACIA : Om Prima Matra te beskerm.
2. BRINK : Teen wie?
3. SALACIA : You. **Hu**-manity. I shall explain. Just like you were in the beginning of your creation, and walked close to your Creators the Elohim, so we were close to **our** creators, the Nephilim. They made us to be magical creatures. Inside us we carried Prima Matra, the First Essence.
4. KEARNEY : Julle het julle skeppers geken?
5. SALACIA : Yes, Captain. As did **you**, in the beginning. You walked with your Creator Lords and talked to them. Yes?
6. BRINK : Dis waar. Dit staan so geskryf.
7. SALACIA : This was time of splendor and harmony. They gave us their magical voices so we sat at Their feet and sang to Their glory and greatness...we were created to entertain Them. This was in time before Man came and brought sorrow and trouble for all...
8. KEARNEY : Trust mense om alles op te neuk...
9. JANTJIES : We always do...don't we? Doen altyd die verkeede ding.
10. SALACIA : Your Book of Life refers to this time briefly and tells of time when "sons of god" and "giants" walked on Terra. Voor julle bestaan was daar ander hier op aarde. Die Nemmir, die Soffhir, Alithir en die Aessir. Die Aessir was hier op aarde in die begin van julle tyd. Hulle was reuse en het seuns en dogters verwek by die eerste mense. Hulle beendere lê nog in julle aarde.

1. KEARNEY : Dis ook in Genesis. Die reuse wat op aarde was. Ek het dit nooit mooi verstaan nie; altyd gedink dis die dinosaurs.
2. SALACIA : Nee, Kaptein. Tyd van die reptilewesens was nog later.
3. KEARNEY : Reptielwesens? Jy praat nie nou van dinosaurisse nie?
4. SALACIA : Nee. Hulle het gekom en aan die mens kennis gebring, vebode kennis wat julle soos die gode sou kon maak, soos ons kon maak. You see, in the beginning all was good and we had favour and Life of Creator gods and we grew old like them, like we still do today.
5. BRINK : Hoe oud word julle?
6. SALACIA : 'n Duisend van julle jare.
7. BRINK : Magtig. Dis amazing.
8. SALACIA : So did you, in the time of the great abundance of waters.
9. BRINK : Jy bedoel die Vloed? Soos in die tyd van Noag?
10. JANTJIES : Het daai dudes nie soos in baie oud geword nie?
11. BRINK : Ja. Metúsalag het byna 'n duisend jaar gelewe? Ek onthou dit van Sondagskool af.
12. FRANS : Negehonderd nege-en-sestig jaar om presies te wees. Ek het dit gaan opsoek nadat ek en Salacia vroeër gepraat het.
13. BRINK : Hoe oud is jy?
14. BELINDA : Danie! Jy vra nie so iets aan 'n dame nie.
15. BRINK : Maar sy tel mos nie. (SKAAM) Ekskuus. Ek...ek bedoel sy is 'n meermin. Dis anders. Is dit nie?

1. SALACIA : (LAG) Dis alles wel, Belinda. Ek is driehonderd van julle jare.
Dit is ongeveer dertig jaar in my tyd.
2. BRINK : Jitte...
3. SALACIA : You see, when you lost favour with your Creator Lords you
were banished from *Erewohn Adan*.
4. BELINDA : *Erewohn...Adan... Eden...Die paradys?*
5. SALACIA : Eeas, dit is wat julle noem die Eden paradys. Dit is waar
julle die slegte vibrasie geleer het en uit *Erewohn* verban is.
6. BRINK : Vibrasies? Ek verstaan nie.
7. SALACIA : Alles is vibrasie. Lig, klank, kleure, tyd, ruimte, bome, plante,
planete, hitte, koue, sterre, alles. As jy vibrasie ken, maak jy
gesond. Verkeerde vibrasie maak siek. Vibrasies kan vorm en
skep, of dit kan vernietig. Alles sing. Alles het klank.
8. JANTJIES : Jy bedoel soos radiogolwe? Dis oral om ons maar ons kan dit
nie hoor nie.
9. SALACIA : Ja. Die Kosmos sing met Stem van Skepper. As julle
kon hoor, alles in kosmos is musiek. When the Lords of
Creation spoke in the beginning, all things were formed by the
vibrations of Their Voices. They Sang and all was created.
Your scientists call this the Big Bang ...
10. BRINK : Jy praat van die begin van die skepping? (OOMBLIK) Ek dink...
11. SALACIA : Eeass, Danie Brink. To understand me, to understand my kind,
you have to understand all this.
12. BRINK : I'm trying to.

1. SALACIA : Big Bang is vibration of single heartbeat of Creator Lord. We all live and have our being in echo of that vibration. When echo of heartbeat ends, all will end, yet not end...
2. BRINK : Jy bedoel soos die einde van tyd?
3. SALACIA : Nee. You do not understand Time. Here you speak of Time. Sunrise and sunset. You say one day. Time. Out there no Time at all. All is just Creator Lord. Prima matra. Shadow material. Energie is ewig. But everything returns to Creator Lord. That is one heartbeat, one Cosmic second. Billions of Existences Time is like that for Them. Then when Heart beats again, All shall begin new. All expand anew...Cosmic day starts anew.
4. FRANS : Ek dink nie ons breine kan lekker die enormiteit van wat jy sê begryp nie. Ons probeer by bly. (OOMBLIK) Ja, Jantjies?
5. JANTJIES : Hel, Mister Baker dit wat sy sê is soos daai Hubble teleskoop. Dit wys so baie sterre en galaxies daar buite, my kop kan dit nie lekker hanteer nie. My kop voel soos sokkies in 'n tumble dryer as sy praat.
6. FRANS : (LAG) Ek weet wat jy bedoel. En jy hoef nie elke keer jou hand op te steek as jy iets wil vra of sê nie, Jantjies. Dis nie skool nie.
7. KEARNEY : Ek verstaan nog nie wat jy bedoel met "alles is vibrasie" nie.
8. SALACIA : Ek sal wys. Vibrasies is in alles. In tyd sal julle besef dat alles vibreer op verskillende note, soos musiek.
9. KEARNEY : Alles?

1. SALACIA : Elke ding op aarde en in kosmos het eie noot, eie klank, maar alles vibreer op die Eerste Vibrasie.
2. KEARNEY : Ek volg nie. Eerste vibrasie?
3. SALACIA : The first Note of Creation, the first Word uttered by Lords of Creation. Prima Matra. Once your scientists realise this, once you discover this you will begin the return journey to *Erewohn Adan*, to your Creator and your evolution will enter the next level. (OOMBLIK) Danie Brink, kan ek die glas van jou wyn kry?
4. BRINK : My wynglas? Sekerlik, Salacia.
5. SALACIA : Plaas dit hier op tafel waar almal dit kan sien.
6. BRINK : Okay. PLAAS GLAS OP TAFEL: Is dit reg so?
7. SALACIA : Dis goed so daar.
8. BRINK : Wat gaan jy doen?
9. FRANS : 'n Demonstrasie ek dink...
10. SALACIA : Yes. De-mon-stra-sie. If you know vibration of object you can make good, give pleasure, and bring healing. I'll use my voice to make crystal molecules in glass move with happiness.

BYK SALACIA UITER SAGTE SONIESE KLANK . DIE GLAS

SING EN VIBREER SAAM OP WISSELENDE

TOONHOOGTES BYNA MUSIKAAL.

11. KEARNEY : (VERBAAS) Heilige seebamboes! Kan jy nou meer.
12. BELINDA : Dis ongelooflik mooi.
13. FRANS : Dít het ek nog nie gesien nie.

1. JANTJIES : Dis soos wanneer jy jou vinger in wyn druk en op die rant van 'n wynglas beweeg. Sy doen dit met net haar stem!

2. BRINK : Nee...dis meer... luister...hoor julle dit? Luister! Hells bells!

BYK DIE VIBRASIE VAN DIE GLAS AFFEKTEER AL DIE GLASE

IN DIE KROEG. DIE KLANK VERSPREI EN

VERMENIGVULDIG EN VIBREER DEUR DIE KROEG.

3. BELINDA : Dis orals...dis in al die glase!

4. BRINK : Hel, dis deur die hele kroeg...

5. KEARNEY : (LAG) Damn, Brinkie, die glase in jou bar is besig om met mekaar te praat!

6. JANTJIES : Nee, hulle praat nie Skipper, hulle sing!

BYK SALACIA STAAK. DIE VIBRASIE EINDIG. VERBAASDE

GEDEMPTE UITROEPE EN STEMME UIT DIE KROEG.

7. SALACIA : As jy vibrasie verander kan jy glas verander. Danie Brink, ek vra nou jammer vir jou kristal...

8. BRINK : Hoekom?

9. SALACIA : Ek sal slegte vibrasie vir kristal gee...

BYK SALACIA UITER 'N ANDER TOON. DIE GLAS VIBREER

WILD OP TAFEL EN SPAT UITMEKAAR MET 'N SKERP

KLAP GELUID.

10. BRINK : Hemel!

11. KEARNEY : Suffering sea snakes!

12. JANTJIES : Jeez...Mr Brink ek dink al jou glase in die bar is dood...

13. BRINK : Wat? Jy bedoel – (al my glase in die bar is stukkend)

1. FRANS : Toemaar, Danie. Relax. Ek dink dit was net die een glas.
2. BRINK : Dankie, tog! Ek het net gedink...
3. BELINDA : Ontspan, Danie. Jy's bleek om die kiewe...
4. BRINK : Ek beter gaan kyk of alles okay is daar binne. Frans, ek gee nie om wat jy gesê het nie, maar ek gaan vir ons iets sterkers kry. Dié is 'n kroeg, nie 'n koffie-bar nie. En ek dink nie een van ons gaan hierdie aand oorleef sonder iets sterker in die sisteem nie.
5. JANTJIES : I second that Mister Brink. Ek het amper iets in my broek gedoen toe daai glas ontplof!
6. KEARNEY : So van alkohol gepraat. Don't look now folks, maar Hans Claassen het so pas ingestap.
7. FRANS : Waar?
8. KEARNEY : Hy't nou net by die deur verby gestap. Soek seker na ons.
9. BRINK : Ek sal hom gaan kry. Ek's nou terug. Moet nie voortgaan sonder my nie. Ek wil nie iets mis nie.
10. SALACIA : Claassen? Vader van Angelique?
11. FRANS : Ja, Salacia. Ek het gevra dat hy hier moet wees. Ons wil almal die waarheid hoor omtrent wat daardie dag gebeur het toe sy boot onder gegaan het. Na wat jy my vertel het...
12. SALACIA : (DINK) *Nulma*. Miskien dis goed. Julle gedagtes vertel verkeerde verhaal van gebeure. Vals beelde... Vader van Angelique praat nie ware woorde nie.
13. FRANS : Presies.

1. SALACIA : Vader van Angelique het nodig om in refleksie te kyk en eie monsters te sien. Ek sal help.
2. KEARNEY : Wat bedoel julle? Frans waarvan praat sy? Wat se monsters.
3. BRINK : (NADER TOT OP MIK) Okay, gedoen. Hulle sal ons drinks bring. Wat's dit nou van monsters?
4. FRANS : Ons praat sommer van Claassen en sy stories. (OOMBLIK) So terloops, waar is hy nou?
5. BRINK : Ek het hom eers by die kroegtoonbank sit gemaak met 'n glas. Hy lyk steeds of hy 'n spook gesien het.
6. FRANS : Seker die dofynhangertjie van Angelique wat steeds by hom spook.
7. BELINDA : Wag tot hy vir Salacia sien...
8. JANTJIES : Ja, ek dink skipper Claassen het meer as een monster waarmee hy elke dag worstel.
9. BELINDA : Arme man.
10. KEARNEY : Hy was 'n bloody goeie trawler kaptein op sy dae.
11. BRINK : En Salacia...geen verdere demonstrasies nie, asseblief. You killed some of my glasses at the bar. En party van my customers het 'n helse skrik gevang. Ek ook...
12. SALACIA : (LAG) Dis goed so Brink van Drie Ankers. Ek sal nie meer glas beseer nie. (BEAT) So, ek sal verder verduidelik?
13. FRANS : Ja, natuurlik, Sally. Gaan voort.
14. KEARNEY : Ons luister.
15. JANTJIES : Ek's die ene ore.

1. BRINK : (LAG) Yes, we've noticed, Jantjies.
2. FRANS : Stop dit julle twee. (BEAT) Salacia, gaan voort.
3. SALACIA : Before man came, we were there. We were like our creators.
We created from ourselves. Mer did not need other pole to reproduce. We were male and female. We were one.
4. FRANS : Jy bedoel julle was hermafrodities?
5. JANTJIES : Herman wie?
6. FRANS : Hermafrodities, Jantjies. Tweeslagtig. Male and female.
7. JANTJIES : Hel, hoe werk daai? Sorry maar ek het nie biology op skool gehad nie.
8. BRINK : Is dit moontlik?
9. FRANS : Natuurlik, Brink. Dis meer algemeen as wat mense dink.
Verskeie vissoorte soos sommige spesie salmvis, see bas en goby visse is almal hermafrodities. Daar's ook verskeie plantsoorte wat tweeslagtig is. As ek reg onthou is daar sowat ses-en –vyftig duisend spesies van diere, insekte en plante op aarde wat tweeslagtig is.
10. SALACIA : When Elohim meet Nifilheim they create Man. They make Mer sleep deep and take force from us and give to Elohim.
11. FRANS : Jy bedoel soos julle manlike deel?
12. SALACIA : Yes. They take positive creative force and formed Atamos from earth elements, and breathed Atama into him on land.
13. FRANS : Adam. Die eerste mens.

1. SALACIA : Yes. Thus Man was created, part earth, part ocean. Forever connected to Mer, like in pictures in your story books and paintings of Mer embracing man in sea and sitting on rocks with man in arms...
2. BELINDA : Die allegoriese uitbeelding van die mens se eeu-oue verbintenis met julle...and we had it all wrong.
3. SALACIA : Female Prima Matra remain with us. Half of us was now in the water, half of us was now on land and part of Mankind. Thus even to this day you still carry Nifilheim inside your every cell. And Mer must come to man on land to seek creative force and man still has deep affinity for ocean and water. Cannot be without water and will die.
4. BELINDA : Ek dink ek begin te verstaan...Dit is waarom julle aan land moet kom om voort te plant.
5. SALACIA : *Eeaas...ons kom haal ons ander helfte.*
6. BELINDA : Dis die link tussen ons en julle...
7. BRINK : Magtig...dit maak soveel sin.
8. SALACIA : But Man could not make others. Man was only One pole now, just like us. Then Man became unhappy and complained about many things. Not happy with what was. Creator Lords listen to Man and gave him a mate because he was lonely. So, Lords of Creation made Man sleep, like they did Mer, and took Prima Matra from Man and divided it into Male and Female.

1. JANTJIES : Okay, daai een vang ek. Jy praat van Adam and Eve? Die Garden van Eden? Eva is gemaak van Adam se ribbeen. Ek glo nie daai storie nie. Hoe maak jy 'n girlie van 'n ribbebeen? Dis mos nie possible nie.
2. SALACIA : *Eeas*, Jantjies. So sê julle storie in die boek. Maar dit was nie wat julle dink dit is nie. Nie van rib nie...maar dit wat in rib was...binne in die been...In the marrow... see. The Tree of Life...that which you have only recently begin to understand and decode with computers...the building blocks of Life, the notes of devine vibration...DNA...
3. FRANS : Hemel. Natuurlik! DNA. Vir die eerste keer in my lewe begin die storie van die rib vir my ook effens sin maak!
4. BRINK : Wat het daar gebeur? Ek bedoel met Adam en Eva...Ek het nog nooit daai storie mooi verstaan nie. Wat het hulle so vreeslik verkeerd gedoen?
5. KEARNEY : Wil ek ook weet?
6. JANTJIES : Ja. Wat is al daai stories van 'n slang en 'n boom en appels en vye en toe word ons sommer uitgeskop uit die paradys soos sleg tenants wat nie hul rent kon betaal nie.
7. SALACIA : Ek het nie die tyd om alles te verduidelik. Maar alles in Boek van julle Lewe is soos stories en verhale oor Mer. Beeldverhale wat waarheid wegsteek en slegs ten volle verstaan kan word wanneer bewussyn van Mens eendag reg is om te begryp.
8. FRANS : Om dit wat ons nie nou verstaan nie, verstaanbaar te maak?

1. SALACIA : *Eeass*. Brink. Jy vra oor Val van Mens? Dit is soos die storie van Mary Shelly. Frankenstein. Jy ken dit?
2. BRINK : Frankenstein? Ja, ek het nie die boek geles nie, maar ek ken die storie. Ek weet waaroor dit gaan.
3. SALACIA : Good. Lords of Creation create Life. Create like themselves. Even now Man is doing the same, tries to create like himself. Make machines in own image like life-like robot called, Sophia. You have seen this on your internet? Well, like Victor Fankenstein create in his image, so Lords of Creation create Life. Creator loves creation, and all is good, but then creation wants more, creation alone and not happy. Creation becomes sinful monster. So, Lords of Creation sad and want to destroy creation...like in story with water. Makes creation drown in water.
4. KEARNEY : Die Vloed? Jy praat van die vloed?
5. SALACIA : Even before the great waters. Even before the man you called Noah. In Time before that your creators wanted to destroy you, but didn't ... Man's brain grows like snake, think evil things, do evil things...over and over...even today.
6. BELINDA : Wel, dis verseker...ons kan onself nie help nie.Kyk wat doen ons aan ons planeet, aan mekaar...
7. SALACIA : When Man fell into disfavor with Creator Lords, magic link was broken, devine flame was put out, voices of Lords were not heard anymore and Man was left out in the dark to fend for self.

1. BELINDA : Ons is uitgeskop.
2. SALACIA : Yes. To be self, create from woman, create with pain and suffering until the time you return to **your** Paradise...
3. KEARNEY : En waar is dit? Parady. Is dit eens werklik?
4. SALACIA : Oh it is real, Captain. But not here...Nie plek waar julle nou al kan gaan nie... When you were cast out , Man lost the magic of the Creator. Mer has kept it, we have Prima Matra. Therefore, Mer may not share with Man. It, is forbidden, it is First Law. It is Law of Creator. It is this what Men in Black wants from us. Prima Matra is very powerful. It is what makes us magical, it is the energy that drives our cities, our vhiamanas, heals us, powers all our technology. It is inside the blood. Inside the cells. One drop of it will power one of your cities for ten years...
5. KEARNEY : Bloody hell. Jy bedoel dis soos kernkrag?
6. SALACIA : Kernkrag is primitiewe enegie, giftig en vernietigend. Teenoor Prima Matra is dit soos 'n flitslig teen die son.
7. KEARNEY : En dit is binne-in julle?
8. SALACIA : Dit is orals. Is soos bloed binne julle, soos asem binne longe. Dit is binne ons, suiwer en baie.
9. FRANS : Maar hoe weet hierdie Mans in Swart van julle bestaan, van julle tegnologie en Prima Matra, terwyl die res van die mensdom salig onbewus is van wat aangaan?

1. SALACIA : Because of the mad man who wanted to rule Terra for a thousand years... the man who believed that he was from Atlantean blood, that he was a descendant from the Gods... The man you all know as, Adolf Hitler.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 15:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. BELINDA
5. JANTJIES
6. BRINK
7. HANS

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA
A/G. BINNE TONEEL. DIE DRIE ANKERS. KROEG.**

1. SALACIA : Despite the First Directive, my kind has reached out to Mankind in Time. We help and teach silently, quietly, but only with the greatest minds of Mankind, evolved souls to whom we could reveal ourselves. One such, was a man called, Plato.
2. FRANS : Was Plato nie die eerste persoon wat van meerminne melding gemaak het nie?
3. SALACIA : Eeass! Plato het ons in die bewussyn van Mens geplaas toe hy geskryf het van Atlantis in die **Timaeus**. We remained myth and legend. In 1939 met begin van Tweede Wêreldoorlog het ons bekommerd geword oor julle ontdekking van kernkrag en die ontwikkeling van kernwapens. Ons het geweet wat dit kon doen en wat die gevare was...in verkeerde hande...We watched and waited...to see what would happen, how Man would use this new power. Will you do the right thing, or true to your nature, use it for wrong...
4. KEARNEY : En ons het die verkeerde ding gedoen, het ons nie?
5. SALACIA : Eeaas, Captian. Like in Eden. Lords of Mind gives you fire and you use knowledge to burn the earth...kill your fellow man...
6. BRINK : Wat het Hitler en die Nazi's hiermee te doen?
7. SALACIA : Die *Ahnenerbe*.
8. JANTJIES : Anna wie?
9. BRINK : Wat is dit?

1. SALACIA : *Die Ahnenerbe*. An organization founded by the man called Heinrich Himmler, the Reichsführer of the Schutzstaffel.
2. KEARNEY : Schutzstaffel?
3. FRANS : Ek dink dis die SS, John.
4. SALACIA : *Die Ahnenerbe* was verantwoordelik vir alles waarop die Nazi Party hul geloof en optrede gebaseer het. It was behind the racial doctrines embraced by Adolf Hitler specifically the idea that the modern Germans descended from an ancient Aryan race seen as biologically superior to other racial groups. They believed that they were connected to the Gods and actively send out expeditions all over the world to search for magical items such as the Holy Grail and the Ark of the Lord, powerful relics that they believed could assure them complete domination of the world and start a new World Order.
5. JANTJIES : Jeez, dis soos daai Steven Spielberg movie van Raiders of the Lost Ark? Indiana Jones? Jy bedoel daai was genuine?
6. SALACIA : I think the film was based on what really happend during the war, Jantjies, bootsman. Die man, Himmler, was in beheer van die projek.
7. JANTJIES : Jy ken ons movies?
8. SALACIA : Yes, Jantjies. Ons monitor julle radio's, TV, internet. Soos die leer van julle tale en ander.
9. BRINK : Ek het iewers gelees dat die Nazi's 'n geheime basis op Antarktika gehad het.

1. SALACIA : Dit is waar, Brink. Daar is honderd en veertig van hierdie plekke vandag Dit word nou egter vir ander redes gebruik. Donker redes.
2. BRINK : Daar is baie stories en gerugte dat hulle hoogs gevorderde tegnologie bekom het en aan vele geheime projekte gewerk het net voor die einde van die oorlog. **Baie** gevorderde goed.
3. JANTJIES : I saw that too. Dit was op History Channel.
4. KEARNEY : Het die Nazi's gevind wat hulle gesoek het?
5. SALACIA : No, Captain Kearney...they found **more** than what they bargained for...they found **us**...and our **technology**.
6. KEARNEY : Blistering blue bottles...jy bedoel...die swart brommers daar buite...hulle is...
7. FRANS : Nazi's?
8. SALACIA : Yes, but that is not the name they call themselves today. They are now known as *Ordnung des Schwarzen Wolfes*.
9. BELINDA : Die Orde van die Swart Wolf. (BEAT) Graad 12 Duits op skool...
10. SALACIA : Yes, Belinda. Hulle is...hoe sal ek dit stel... *afstammeling* van die Schutzstaffel? Net meer fanaties as hulle voorgangers en veel meer gevaarliker.
11. FRANS : Maar hoe het hulle toegang tot julle tegnologie gekry?
12. SALACIA : (SKAAM SKULDIG) Ons het dit aan hulle gewys...
13. BELINDA : Wat?
14. BRINK : Maar hoekom?

1. KEARNEY : Wat van julle Eerste Wet?
2. JANTJIES : Yes, what about that? Hoekom sal julle so 'n stupid ding doen?
3. SALACIA : Because of Trinity.
4. BRINK : Wie's dit?
5. FRANS : Nie wie nie, wat. Dit was die eerste suksesvolle kern toets op 16 Julie 1945 in New Mexico.
6. SALACIA : It plundge humanity into the atomic age. You discovered a power you were not ready to own or understood... At the time World War II broke out in Europe, the Nazi's aready made huge advances in their nuclear development as early as 1939. The fear that they might win the nuclear race gave birth to a top-secret program of nuclear testing and development, codenamed "The Manhattan Project" by the people of the New World.
7. BRINK : Jy bedoel Amerika?
8. SALACIA : *Eeass*. Its goal was the development of the world's first atomic bomb. "Now I have become death, the destroyer of worlds."
9. KEARNEY : Ek ken daai woorde.
10. FRANS : Robert Oppenheimer. Hy het dit gesê nadat hy die verskriklike resultaat van die bom gesien het op die dag van die eerste kern toets in New Mexico.
11. SALACIA : Yes. He realized what they had done. Wat dit is wat hulle ontdek het, wat die gevolge kon wees...
12. FRANS : And then we dropped it on Japan...Twice.

1. SALACIA : Yes, you did. But...what your scientists did not realize, and still don't, are the effects that nuclear explosions have on the invisible worlds surrounding you. One such is the *Rift*.
2. BRINK : The Rift? Wat is dit?
3. SALACIA : 'n Elektromagnetiese Netwerk van energielyne en paaie wat dwarsoor die Univers alles in die Kosmos met mekaar verbind soos 'n groot perfekte spinnerak.
4. BRINK : Huh?
5. SALACIA : I shall paint a picture. (DINK) Imagine your head as the entire Universe and the inside of your brain, the neuron networks of dendrites and synapsis, as this Cosmic Web inside that, and you'll have an idea of what the *Rift* is. It is just millions of times bigger than your brain and connects everything. A vibration in any part of the Web can be felt through the entire network. Baie soos 'n vlieg wat op jou toon kom sit, jy sal dit kan voel. Julle verstaan?
6. FRANS : En toe die ontploffing in New Mexico plaasgevind het?
7. SALACIA : ...is dit deur die Kosmos gevoel. You announced your arrival in the nuclear age, but you had no idea what you had discovered. You were like children playing with petrol and matches in the backyard. Ironically, Oppenheimer's words on that day were true... and it still is. You **have** become death and the destroyer of worlds and you didn't even realized it.
8. BRINK : Wat bedoel jy?

1. SALACIA : Hierdie web is soos 'n kosmiese kommunikasie netwerk, maar meer as dit, dit is ook 'n super highway wat ons en ander wesens, gebruik om tussen wêrelde te reis. Julle het reeds begin ontdek hoe geweldig groot die Kosmos is. Om fisies tussen die sterre te reis is onmoontlik.
2. FRANS : Die geweldige afstande?
3. SALACIA : Ja, Frans Baker. Selfs teen die spoed van lig, sal dit leeftye lank neem om self net binne julle eie sterrestelsel te reis. Julle liggame is ook nie gemaak daarvoor nie. Die web laat ons toe om baie vinniger tussen wêrelde te reis in 'n fraksie van die tyd. Soos julle internet...teenoor die boodskap stuur met 'n vliegtuig...sien julle die verskil? Julle verstaan my woorde?
4. JANTJIES : Sê jy daar is ander mense daar buite? Ander wesens. Aliens?
5. SALACIA : (LAG) Yes, Jantjies. "Aliens" as dit is wat jy verkies om hulle te noem. The Lords of Form loves wonderful variety, look at your own world, look at me, and imagine what is out there...
6. JANTJIES : (OPGEWONDE) Ek het dit geweet! Ek het altyd gesê daar's ander life daar buite. Die X-files is true! Ons is nie alleen nie. I knew it! Kan jy ons meer vertel, asseblief!
7. KEARNEY : Kalmeer, Jantjies. Blinking bluebottles! Jy stamp nou die tafel om.
8. SALACIA : (LAG) Nee, julle is nie alleen nie. Daar is baie soos die sandkorrels by die see.
9. BELINDA : Nie nou nie Jantjies. Daar's nie tyd nie.
10. JANTJIES : Damn...maar ek sal nooit weer so 'n kans kry nie...

1. KEARNEY : Sit, Jantjies!
2. JANTJIES : Sorry, Skipper.
3. BELINDA : Wat doen die kernontploffings, Sally? Waarom sê jy dis gevaarlik? Is dit die radioaktiwiteit?
4. SALACIA : Behalwe dit, wanneer ontploffings plaasvind veroorsaak dit versteurings in die Kosmiese Web wat dit kan beskadig. Julle is besig om ook die planeet waarop julle woon te beskadig...In 1939 het ons die Nazi's probeer keer en om hul eksperimente te laat vaar. Ons het probeer om een vuur met 'n ander dood te maak, maar nooit gedink die mense van die Amerikas sal dit so gou bemeester nie.
5. KEARNEY : Die Nazi's? Jy sê julle het hulle omgekoop om hul kernprogram te laat vaar? Hoe het julle dit gedoen?
6. SALACIA : By giving them something far more advanced.
7. KEARNEY : Which was?
8. SALACIA : Electromagnetic propulsion technology. Wingless craft that can travel at very high speeds like our Vimanas. Antigravity technology. Flying machines.
9. JANTJIES : UFO's! Vlieënde pierings?
10. SALACIA : Yes, Jantjies. Selfs vandag is dit baie gevorderde tegnologie vir julle wêreld en nog meer so terug in 1939. We showed them just enough and they actually succeeded in building and flyig their own craft like the *Haunebu*, a saucershaped craft that could fly at super fast speeds.

1. BRINK : Die *Haunebu* was werklik?
2. SALACIA : Affirmatief. When the War ended the Americans and Russians took the blue prints and continued developing the technology at places like those you know as Area 51 and others like it.
3. JANTJIES : My hel! Dis julle. **Julle** is die aliens wat mense dink ...dit maak skielik baie sense. Die Russe het gedink dit was Amerikaanse secret weapons, die Amerikaners het gedink dit is Russian. Meantime was dit julle?
4. SALACIA : Back then they called our crafts "foo fighters".
5. JANTJIES : Wat van Roswell? Wat het daar gebeur?
6. SALACIA : Amerikaanse *Vhiamanha* eksperiment wat verkeerd geloop het... baie verkeerd.
7. BELINDA : Hemel... waarom het julle dit aan hulle gegee. Kon julle nie iets meer eenvoudiger aan hulle verkwansel het nie?
8. SALACIA : We thought we could help the world, stop the killing and the terrible loss of souls...your world was like a sinking ship with many drowing in the ocean. We did not realise at the time what they would become or what they would do. Their scientists were some of the most brilliant minds on earth...we thought they would do the right thing for once...we were wrong...

BYK. 'N SLIMFOON BEGIN VIBREER.

9. BELINDA : Jammer. DRUK FOON DOOD: Jammer, Sally. Gaan voort.
10. SALACIA : When we realised what they were planning, we withdrew our help, we tried to erase their minds.
11. FRANS : Hoekom het julle nie?

1. SALACIA : The damage was done. It was too wide spread and we did not want to expose ourselves. We destroy what we could and went back into secrecy and left them with just a few bits and pieces of some older technology.
2. BRINK : Soos wat?
3. SALACIA : Light vibration and colour systems, sound vibration system, valcro, binary computer...technologies that could help humankind not kill and not destroy...make life better...for all.
4. BRINK : Maar...
5. SALACIA : Maar dit was te laat. They figured the rest out for themselves and engineered their own versions of our technology. It worked but was primitive, because we did not explain how the fuel system for it all functioned. Even today, the wingless craft you see and the technology your Americans has mastered are all very advanced for your time, but not correct. It lacks the correct power source.
6. BRINK : Not correct? Wat bedoel jy?
7. SALACIA : It works with your nuclear technology but lacks magical functions like *Vhiamanha*. *Vhiamanha* is a magical craft and fly through mountains, oceans, it can enter the **Rift** and fly through all dimensions free from Time and Space...Without the correct fuel...they never will. They need the correct energy source...
8. FRANS : Your Prima Matra?
9. SALACIA : Yes. Prima Matra. The Creative substance. The God particle.
10. FRANS : (BESEF) En dit is binne-in julle? Die energie.

1. SALACIA : It is everywhere. All that you see come from what you can't see. It is all around you, like your person Nicola Tesla, showed you. Energy is abundant. Getting the energy, harvesting it, that is the problem. Prima Matra is binne ons, dit is deel van ons essens soos geur van 'n blom. Jy kan dit tap uit die blom...
2. FRANS : En dit moet ontrek word soos essensiële olies...
3. SALACIA : Eeass, Frans. From our blood...from our cells...
4. BELINDA : Maar hoe? Hoe doen hulle dit? En hoe weet hulle daarvan?
5. SALACIA : Dit is 'n nader verhaal. Na die oorlog het baie van die Duitse wetenskaplikes oorgeloop na die Amerikas en hulle geheime tegnologie en kennis met hulle gedeel.
6. KEARNEY : Sê jy die Nazi's en die klomp Amerikaners werk nou saam?
7. SALACIA : Al sedert die einde van julle oorlog. Stealth technology, wingless flying machines, sound cannons, laser weapons, internet, artificial intelligence, robotics, all in a matter of sixty years... all after the end of the war. Ever wondered about it all?
8. KEARNEY : Genugtig.
9. SALACIA : Your world is run by a dark government that calls themselves the Majestic Twelve, some call them The Illuminati, some say Kabaal. But they are keeping you all in the dark, lie to you and control what you think you know.
10. JANTJIES : Hel...sê jy ons lewe in 'n tipe van 'n Matrix?

1. SALACIA : Not exactly like that that, Jantjies, but, yes, you actually do. That is why you do not know of what is out there, why you are not aware of our existence. Look at how fast your communication technology advanced, your weaponry and many other things, but in a hundred years, your motor cars, your planes all still functions on fossil fuels. No progress. No advancement and you are controlled to buy and accept dirty energies, poisonous energy, while zero point, clean free energy for all your needs has been shown to you many years ago by the man called Tesla who showed you the way!
2. BRINK : My kop spin...Maar dit maak alles sin. Perfekte sin.
3. KEARNEY : Hierdie Prima Matra...kan jy dit vir ons wys?
4. SALACIA : Ek kan, maar dit is in *Vhiamanha* op bodem van see. Ek sal dit moet gaan haal...(DINK) maar...daar is 'n ander manier om te demonstreer.
5. KEARNEY : Wat bedoel jy?
6. SALACIA : Ek benodig skerp voorwerp...
7. BELINDA : Sally? Wat gaan jy doen?
8. BRINK : Jy gaan nie weer my glase en bottels breek nie?
9. SALACIA : Nee, Brink. Gee my die glasskerf wat voor jou op die tafel lê, Jantjies.
10. JANTJIES : Die een?
11. SALACIA : Nee, die groter een.
12. JANTJIES : Jy bedoel dié een?

1. SALACIA : (OOMBLIK) Ja, dit sal doen. Dankie.
2. BELINDA : Sally...wag...Gaan jy doen wat ek dink jy gaan doen?
3. SALACIA : Toemaar, Belinda. Ek sal wys. Dis al manier. Kyk...
4. JANTJIES : Jislaaik! Ek kan nie bloed staan nie...
5. FRANS : Dis in die haak, almal, kalmeer...
6. BRINK : Nee wag! Wait! Wait!
7. SALACIA : Toemaar dis net 'n ligte sny...ek sal nie doodgaan nie.
8. KEARNEY : Ligte sny? Hel, jy't jou arm oop gesny, Girlie! Shiting
sailships!
9. BELINDA : Brink kry 'n handdoek!
10. BRINK : Maggies... kyk!
11. JANTJIES : Hells bells...dis amazing...
12. KEARNEY : My aarde...
13. BELINDA : Jou bloed...
14. FRANS : Wonderlik, is dit nie.
15. BRINK : Dis dan goud...
16. JANTJIES : Soos vloeibare sonlig...
17. KEARNEY : Dis soos goue kwiksilwer...
18. SALACIA : Prima Matra is in ons bloed. Dit is nie soos julle bloed nie.
19. KEARNEY : En dis wat hulle wil hê? Dis hoekom hulle julle jag?
20. FRANS : Ja, John. Haar suster is in die hande van hierdie mense in 'n
ondergrondse laboratorium nie vêr van hier nie. Sy
is in telepatiese kontak met haar suster en dit lyk nie goed nie.
Haar tyd is min en Salacia het ons hulp nodig.

1. SALACIA : *Eeass*. Suster is in slegte toestand. Hulle is besig om essens van haar te neem. Ek moet haar vinnig kry en terugneem na tuis-wêreld anders sal sy sterf.
2. FRANS : Maar daar's 'n ander probleem. Haar voertuig...
3. SALACIA : *Vhiamanha*.
4. FRANS : Dit is beskadig deur die aanval wat ons nou die dag op die oop see gesien het. Hulle beskik oor 'n soniese wapen wat die tuig kan befoeter en verlam.
5. KEARNEY : Soos daai vreemde affêre wat hulle in die water gegooi het?
6. FRANS : Yes, Kearney. Wat ons gedink het, is 'n dieptebom.
7. SALACIA : Ons is afgesny van die Rift. Ons kan nie kontak maak met Atlantea nie.
8. BRINK : Atlantea?
9. SALACIA : My tuiste. 'n Waterplaneet baie soos Terra vernoem na ons vorige beskawing wat vroeër hier was voor die groot waters. My suster sal sterf as sy nie betyds terug gaan na waters en vibrasies van Atlantea nie.
10. KEARNEY : Die tuig, kan ons dit gaan haal?
11. FRANS : Nee, Kearney. Dit lê baie diep in die oseaan, omtrent 200 km van die kus af waar dit tot stilstand gekom het.
12. JANTJIES : Maar sal daai ouens in swart dit nie kan opspoor nie?
13. FRANS : Sally?
14. SALACIA : It is protected by very advanced cloaking technology. It cannot be detected by any earthly means. Maar dit kan nie beweeg nie. Ek het nodig om haar te genees.

1. KEARNEY : Jy kan dit doen?
2. SALACIA : Ja. Ek dink so. Met hulp van vriende.
3. KEARNEY : Wat moet ons doen, sê net.
4. FRANS : Hier is 'n lys van materiaal wat sy sal benodig om die nodige herstelwerk aan die tuig te doen. HAAL PAPIER UIT: Ek het haar vroeër vanmiddag gehelp om dit te probeer uit-figure. Dis meestal elektroniese items. Brink, jy't mos vroeër 'n rekenaarbesigheid gehad, nie waar nie?
5. BRINK : Yip. My vorige lewe. Laat ek sien. GEE PAPIER AAN HOM: Hmm. Glasvesel kabel, piso electrical IC's, electric tricyclic motor Hall sensors, aluminum plating... Dis 'n klomp goed.
6. FRANS : Kan jy dit kry?
7. BRINK : Ek's nie 'n ekspert op elektronika nie. Van die goed op die lys is glad nie bekend aan my nie.
8. FRANS : Maar kan jy dit in die hande kry?
9. BRINK : Ek kan probeer. Ek ken iemand wat dalk kan help.
10. FRANS : Ons het min tyd.
11. BRINK : Hoe lank het ek?
12. FRANS : 'n Dag of twee.
13. BRINK : Hel, dis min tyd. Wat as ek goed moet laat kom of bestel?
14. FRANS : Courier dit oornag, maak nie saak wat dit kos nie. Whatever it takes, Brink.
15. BRINK : Fine. Los dit vir my. Ek sal kyk wat ek kan doen.

1. FRANS : Sodra ons alles het, sal Salacia terugkeer na haar tuig en die nodige herstelwerk doen. As sy weer aan land is, sal ons deel twee van die plan in werking stel.
2. KEARNEY : En dit is?
3. FRANS : Om haar suster uit daai plek te gaan haal. Ons sal weer hier ontmoet. Elkeen van julle sal 'n rol moet speel om die plan te laat werk.
4. KEARNEY : Lyk of jy alreeds die hele besigheid beplan het, Frans.
5. FRANS : Nie regtig nie, John. Ons het slegs 'n basiese idee.
6. JANTJIES : Sê net wat ek kan doen, Mr Baker. Ek sal Brinkie help met die electronics goed op daai papier. Ek het ook 'n paar contacts in die trade, vriende wat goed teen 'n *bargain price* kan bekom, as julle weet wat ek bedoel.
7. FRANS : Niks onwettig nie, Jantjies.
8. JANTJIES : (ONSKULDIG) Nee, never, Mr Baker. All above board.
9. FRANS : Ons het nie nodig om **nog** aandag te trek nie.
10. JANTJIES : Just say the word, Mr Baker. Anything.
11. HANS : (NADER TOT MIK) O, hier kruip die lot van julle weg...ek het begin wonder waarom julle my hierheen laat kom het, net om my die hele aand by die kroegtoonbank te laat sit. Is julle skaam vir my?
12. FRANS : Nee oom Hans. Ons was net besig met 'n werksvergadering.
13. HANS : Hier in die kroeg? dié tyd van die aand? Wat's dan fout met daai fancy conference room daar by julle kantore?

1. KEARNEY : Jy weet hoekom nie, Claassen. Het jy vergeet waaroor ons nou die dag gepraat het?
2. HANS : Oor wat daar buite op die oseaan gebeur het?
3. KEARNEY : (ONGEDULDIG) Ja, Hans. Kan jy onthou?
4. HANS : Natuurlik. Ek was nie gesuip nie. Maar ek moet mos my bek toe hou oor die seeheks wat julle gesien het. Een wat kastig Angeline se hangertjie gebring het. Ek weet nog steeds nie hoe julle dit gedoen het nie, maar dit was 'n goeie truuk.
5. FRANS : Dit was geen truuk nie, oom Hans. Kom sit.
6. HANS : Jý weet en ék weet dat dit nie moontlik is nie. Julle het my goed geflous. Jy kon daai hangertjie enige plek gekoop het, dis 'n common een wat jy enige plek kon gekry het.
7. FRANS : Oom, Hans. Ek het daai hangertjie spesiaal laat maak. Daar's nie nóg een soos dit in die wêreld nie...
8. HANS : Nonsens. Ek weet. Ek glo nie wat julle sê nie.
9. FRANS : Jy hoef **ons** nie te glo, maar dalk sal jy **haar** glo.
10. KEARNEY : SKUIF STOEL: Kom sit hier, Claassen. Ons wil hê jy moet iemand ontmoet; iemand baie spesiaal.
11. HANS : Wie?
12. BRINK : Die rede hoekom jy hier is, Hans. Hoekom ons jou laat kom het.
13. FRANS : Hans Claassen, ontmoet vir Sally...
14. HANS : (BESEF NOG NIE) O, jammer ek het jou nie gesien in die skemerte nie. Hallo, Salacia... is jy nuut by die company...
15. FRANS : Sy's nie van Baker en Seun nie, Hans...

1. HANS : Ek het jou nog nie voorheen gesien nie... maar jy lyk effens bekend, en ek...(BESEF/ STOTTER) Jou, jou...hand...jou hande...jirre...jou oë...jy...ek onthou jou oë...**jy**...dis jy! Jy's die...een...

2. SALACIA : Hallo vader van Angelique. Long time no see...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 16:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. BELINDA
5. JANTJIES
6. BRINK
7. HANS CLAASSEN
8. ANGELIQUE

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND, DAN NA
A/G. BINNE TONEEL. DIE DRIE ANKERS. KROEG.**

1. HANS : Hulle het almal verdrink...my hele crew... (MEER DRIFTIG) hulle is na 'n watergraf gesleep, my boot is gesink...my dogter...dit was hulle. Angelique se moordenaars...
2. FRANS : (AFGEMETE) Oom Hans...
3. HANS : ...daar was ander...daar was meer...meer soos sy. Dit was donker...maar ek onthou alles...alles...ek onthou hulle oë...
4. FRANS : (HARDER) Oom, Hans!
5. HANS : Oë net soos sy. (BESEF) Jy! Dit was jy! Jy was by my, jy het my dogter geneem! Jou oë! Jy't haar lewe geneem...my lewe verwoes! See monster! Heks!
6. FRANS : (HARDER) Oom, Hans!
7. HANS : Duiwel! See duiwel! Heks! Water demoon!
8. FRANS : (SKREE) Oom Hans!
9. HANS : (STEEDS DRIFTIG) Dit was sy, Frans! Sy het Angelique vermoor! **SÝ** het my lewe vernietig! Ek herken haar.
10. FRANS : Nee, sy het nie! Sy het jou blerrie lewe gered!
11. HANS : Wat? Nee sy het nie! Hulle het my vernietig...ons moet die polisie kontak! Haar arresteer!
12. KEARNEY : (BULDER) SKIPPER CLAASSEN!!
13. HANS : (SKRIK) Huh? Wat?
14. KEARNEY : Dis genoeg! DIS GENOEG! Sit voordat ek jou maak sit!
15. HANS : (FLOU/ PROTESTEER) Maar...dis sy...ek sê julle...

1. KEARNEY : SIT! En hou jou mond!
2. FRANS : Dankie, John. (OOMBLIK) Oom Hans, ek weet wat daardie nag gebeur het. Sy het my alles vertel. Ek weet alles...jy hoef nie verder voor te gee nie.
3. HANS : (ONTWYK) Ek weet nie waarvan jy praat nie. Julle wou my nie glo nie! Daar sit die bewyse! Wat sy ook al vir julle vertel het is 'n leun! Sy lieg! Ek was daar! Jy was nie! Jy kan haar nie glo nie! Sy's 'n seeheks. Hulle lieg en bedrieg, hulle mors met jou kop...laat jou goed sien en glo wat nie so is nie...
4. SALACIA : Ek het nie jou geheue aangeraak nie...jou gelos, soos vir jou dogter. Jy weet dit, Claassen, vader van Angelique.
Waarom veroordeel jy my?
5. HANS : Ek praat nie met monsters nie...julle moet haar nie glo nie.
6. FRANS : Wel, ék glo haar.
7. HANS : Van wanneer af is see water dikker as bloed? Hoe kan jy haar glo, en nie jou eie soort nie? Meerminne is uit die bose, sy lieg!
8. FRANS : Nee, oom Hans. Jy's die een wat al hierdie jare vir jouself en vir ons gelieg het.
9. BRINK : Waarvan praat jy, Frans?
10. FRANS : Skipper Claassen hier, is die een wat verantwoordelik was vir wat daardie nag daar buite in die oop see gebeur het.
11. JANTJIES : Wat hét gebeur?
12. BRINK : Wil ek ook weet.
13. KEARNEY : Ek ook.
14. HANS : Leuns, alles leuns.

1. FRANS : Dis beslis nie die storie wat hý al die jare aan ons opgedig het nie. (LAG) Ironies is dié deel van sy storie oor die meerminne, wat ons gedink het 'n versinsel was, die heilig waarheid en die res 'n groot vet leun. Nie waar nie, oom Hans? (HARDER) Nie waar nie oom Hans?
2. HANS : (EMOSIE) Jy glo hierdie seeduiwel bo my?
3. KEARNEY : Ons het nog nie die hele storie gehoor nie, Claassen. Maar as Frans so sê dan glo ek hom.
4. BELINDA : Wat hét presies daardie nag gebeur?
5. FRANS : Salacia? Vertel hulle wat jy my vertel het.
6. SALACIA : Nee, ek sal nie vertel nie...
7. HANS : Ha! Sien...daar is dit! Want dis leuns! Duiwelse leuns!
Verleidsters van die see! Sy't julle almal gebrein wash! Dis wat hulle doen! En julle val daarvoor.
8. SALACIA : (KALM) Ek sal nie vertel nie. Ek sal aan almal wys.
9. BELINDA : Wat bedoel jy, Sally? Hoe wys?
10. SALACIA : *Bavverissi baveras ruutaroo meetamaa.*
11. BELINDA : Ek verstaan nie...water vloei? Tussen waters vloei?
12. SALACIA : Vloei van my na julle. My mind to your mind, from my soul to yours. Ons gedagtes sal vloei en meng soos water. Ek wys binne julle. Ons vermeng gedagtes soos water.
13. BELINDA : Jy bedoel telepaties?
14. SALACIA : *Eeass.* Julle sal sien soos films, binne brein...sien en hoor wat vader van Angelique daardie nag gesien en hoor het.
15. HANS : (AGTERDOGTIG) Wat...wat bedoel jy? Jy los my kop uit!

1. SALACIA : Ek sal jou ware gedagtes laat vloei na almal hier. Hulle hoef my nie te glo nie. Hulle sal **jou** glo...voel, pyn en vrees, hoor alles, sien alles...soos daardie nag.
2. BRINK : Ons almal? Jy kan dit doen?
3. SALACIA : *Eeass*. Soos helder droom in slaap. Maak toe oë en sien wat ek gesien het, wat Hans Classen gesien het...
4. HANS : Nee! Jy bly uit my kop uit! (PYN) Aaaaah! Los my...ek wil nie...klim uit my kop! Ek wil nie sien nie...ek wil nie...
5. SALACIA : *Rhagtoo, setama sumata chromaat*... don't fight me, Hans Claassen...relax...en wys die waarheid....
6. HANS : Los my!.(PYN) Haaaaa!. Los...my...los... (HIPNOTIES) Hang aan Angelique! Hou net vas. Iemand sal kom...

FX **TERUGFLITS: DIE OOP OSEAAN. NAG VAN DIE**
TRAGEDIE. BEMANNING SPARTEL IN WATER, BOOT
BRAND. 'n DONNERSTORM WOED IN A/G. WIND.

7. HANS : Hang aan, Angelique! Hang aan! Moenie los nie.
8. ANGELIQUE: Help my, pappa...help my...dis so donker...so koud...
9. HANS : Ek is hier... hang aan...jirre wat het ek gedoen...vergewe my...
10. ANGELIQUE: Die boot...die boot...pappa...die boot...wat is besig om te gebeur? Waar het die storm vandaan gekom!
11. HANS : Ek weet nie. Hang aan...Angie! Dis aan die brand...die boot brand. Dis besig om te sink...
12. ANGELIQUE: Wat het gebeur, pappa? Ek kan nie sien nie...waar is jy?
13. HANS : Ek's hier Angelique. ...ek is hier... by jou...hou net vas...iemand sal kom...

1. ANGELIQUE: My gesig...ek kan nie my gesig voel nie...wat het gebeur...
2. HANS : Daar was 'n ontploffing...
3. ANGELIQUE: Daar was diesel...ek het dit geruik...diesel dampe...
4. HANS : Ek weet nie hoe dit gebeur het nie...
5. ANGELIQUE: Die bemanning...is hulle veilig?
6. HANS : Ek's bevrees...nie almal nie. Die ontploffing dit was geweldig...
7. ANGELIQUE: Ek kan hulle hoor...in die water...gaan ons sterf, pappa, gaan ons almal hier sterf? Ek wil nie so sterf nie...
8. HANS : Nee, Angelique...hang aan...iemand sal kom...hou moed...
9. ANGELIQUE: Wie gaan kom? Was daar 'n May Day? Pappa?
10. HANS : Daar was nie tyd nie...
11. ANGELIQUE: Wie gaan kom? (HUIL) Ek wil nie hier doodgaan nie...my hande is koud...ek is so- so- so koud...
12. HANS : Iemand sal kom, Angie...hou moed...hang aan...iemand gaan kom...iemand moes die ontploffing gesien het...iemand.
13. ANGELIQUE: Wie...wie gaan kom? Ons is alleen in die middel van die oseaan...
14. HANS : Ek's so jammer...daar was nie tyd nie...die ontploffing was so skielik...ek kon nie 'n boodskap stuur nie...die reddingsboot...die storm...alles...alles is verlore...
15. ANGELIQUE: K...koud...so...bitter koud...die water is vriesend...my gesig brand...waarom brand my gesig pappa...my gesig...dit voel vreemd...warm...anders...Dis donker...
16. HANS : (EMOSIE) Dis niks, Angelique...moet nie laat los nie...ons sal olraait wees...iemand gaan ons kom red...

1. ANGELIQUE: Nee...jy weet dis nie waar nie...ek kan nie meer my onderlyf voel nie...pappa...ek is bang...ek is bang...

FX BOOT KRAAK en SINK, METAAL,DOWWE ONTPLOFFING.

2. HANS : Daar gaan sy nou...jirre...daar gaan my lewe...wat het my besiel...
3. ANGELIQUE: Wat het gebeur, pappa...die ontploffing...wat het op die boot gebeur?
4. HANS : Niks...spaar jou energie...
5. ANGELIQUE: Jy was in die masjienkamer...voor die ontploffing...
6. HANS : Nee...ek was nie...
7. ANGELIQUE: Maar jy was...jy was daar saam met die bootsman...ek het julle gehoor...gehoor wat julle gepraat het...oor die boot...oor die geld...wat het julle gedoen? Wat het jy gedoen?
8. HANS : (EMOSIE) Niks...niks...
9. ANGELIQUE: Stop dit, pappa!
10. HANS : Ek is so jammer, Angie...dit was nie wat moes gebeur het nie...dit was 'n ongeluk...niemand was veronderstel om seer te kry nie...veral nie jy nie...

FX DIE STORM BEGIN BEDAAR EN RAMMEL WEG.

11. ANGELIQUE: Wat het jy gedoen! Hemel wat het jy gedoen...
12. HANS : Vergewe my...vergewe my...dit was 'n ongeluk...net 'n ongeluk.
13. ANGELIQUE: Waarom...waarom...pappa...
14. HANS : Ssssjt! Spaar jou krag...hang aan...
15. ANGELIQUE: (FLOU) S...so moeg...so k...k...koud...so moeg...

1. HANS : Praat met my, Angie...moet nie slaap nie...Angelique!
Angelique! Hoor jy my...bly wakker.
2. ANGELIQUE: My verjaarsdag...dis my verjaarsdag... vandag.
3. HANS : Ja, ja dit is...bly wakker...beweeg jou bene...
4. ANGELIQUE: Ek kan nie my bene voel nie...ek kan niks voel nie...

FX BEMANNING WAT GIL. VREESBEVANGE.

5. HANS : Jirre...nie dit ook nie...hemel nee...
6. ANGELIQUE: Wat gaan aan...pappa...wat gebeur...?
7. HANS : Niks, Angie...hou net vas...niks om jou oor te bekommer nie...

FX BEMANNING WAT GIL. VREESBEVANGE.

8. ANGELIQUE: Wat gaan aan? Pappa! Hou op om vir my te lieg...Hou net op lieg!
9. HANS : Daar's...daar is haaie in die water...die vader help ons...wat het ek gedoen...ek is so jammer my dogter....vergewe my...almal VERGEWE MY...(DOOF)

FX OORGANG: KRUISDOOF NA DIE KROEG. DIE HEDE.

10. HANS : Nee! Stop, ek wil nie meer sien nie! (EMOSIE) Dit was nie hoe dit moes gebeur het nie...dit was 'n ongeluk...(BREEK) ek wil nie meer sien nie, stop asseblief...maak haar stop...
11. KEARNEY : Stop the bulldust, Hans!
12. BRINK : Het jy jou boot opgeblaas vir die assuransiegeld?
13. JANTJIES : Hell, Skipper. Really? Het jy jou eie trawler gesink?
14. FRANS : (EMOSIE) En Angelique ... en jou bemanning...Hemel oom Hans wat het jou besiel.

1. HANS : Die wolf was by die deur...ek het die geld nodig gehad. Julle kan maklik daar sit en praat. Ek was bankrot...niemand was veronderstel om seer te kry nie...
2. KEARNEY : Suffering sea snakes, Claassen! Jy't jou hele bemanning en jou pragtige dogter vermoor!
3. HANS : (PYN) Neeeee! Moet nie dit sê nie! Moenie dit sê nie...dit was nie bedoel om so te wees nie...Angelique...Angelique...Stop. Stop...ek wil nie sien nie...maak haar stop...asseblief...
4. SALACIA : Toe ons daar kom was die skerptande reeds daar...

FX TERUGFLITS VOLG: BEMANNING WAT GIL.

VREESBEVANGE.

5. ANGELIQUE: (EMOSIE/PANIEK) Ek wil nie so sterf nie...ek wil nie gevreet word nie...
6. HANS : Hou vas...moet nie skop nie...wees stil...moet nie beweeg nie...dalk sien hulle ons nie...
7. ANGELIQUE: (BEVANGE) Kan jy hulle sien? Pappa, kan jy hulle sien?
8. HANS : Ja.
9. ANGELIQUE: Hoeveel is daar...is hulle naby? Waar is hulle?
10. HANS : Moet jou nie bekommer nie...wees stil...hou vas...
11. ANGELIQUE: Dalk sal die vlamme hulle weghou...
12. HANS : Die boot het gesink, Angelique. Minute gelede al...

FX BEMANNING WAT GIL. VREESBEVANGE.

13. ANGELIQUE: Is daar bloed in die water? Daar is bloed in die water...die bemanning...liewe hemel....

1. HANS : Ek's bevrees meer gaan kom...hou moed...dalk is ons gelukkig...
2. ANGELIQUE: (WRANG) Gelukkig? Waarvan praat jy pappa? Gelukkig om te verdrink of om opgevrete te word...miskien sal dit beter wees...dit sal genadig wees ek wil nie blind deur die lewe gaan nie...ek sal Frans nie weer kan sien nie...
3. HANS : Jy's nie blind nie, Angie...dis net 'n hou teen die kop...
4. ANGELIQUE: Die ontploffing...my gesig...ek het gebrand...jy hoef my nie te spaar nie, pappa...ek het gevoel...my gesig...EK WEET NOU...
5. HANS : Ek is so jammer my kind...

FX 'n VREEMDE KREET WEERGALM OOR DIE OSEAAN. DIE

GILLE VAN DIE BEMANNING STAAK SKIELIK.

6. ANGELIQUE: Wat gaan aan? Wat gebeur?
7. HANS : Ek weet nie, Angie. Dis donker...
8. ANGELIQUE: Waarom is dit skielik so stil? Waar's die haaie?
9. HANS : (OPGEWONDE) Angie! Daar's 'n lig! Daar's 'n lig! Ek jou gesê!
10. ANGELIQUE: Waar! Waar, Pappa? Is daar 'n boot?
11. HANS : Nee. Dis nie 'n boot nie. Dis ... dis... in die water.
12. ANGELIQUE: In die water?
13. HANS : 'n Helder lig...onder ons in die water!
14. ANGELIQUE: Hoe is dit moontlik? Waarvan praat jy, Pappa?
15. HANS : 'n Duikboot! Dis dalk 'n duikboot. Ons is gered!

FX 'N VREEMDE POLSENDE GELUID KOM NADER.

16. ANGELIQUE: Hoekom sal hier 'n duikboot wees?
17. HANS : Wat anders kan dit wees?

1. ANGELIQUE: Wat se geluid is dit?
2. HANS : Ek hoor dit! Dit kom van die lig af, van onder die water.
3. ANGELIQUE: Wat is dit? Is dit 'n duikboot, Pappa?
4. HANS : Ek weet nie...dis diep...maar helder...
5. ANGELIQUE: Wat gebeur? Praat met my! Wat sien jy!?
6. HANS : Dis besig om nader te kom...dit kom oppervlakte toe...die lig...dis geweldig helder...verblindend...soos sonlig...
7. ANGELIQUE: Ek kan niks sien nie! Wat is dit? Wat is dit!
8. HANS : Ek weet nie, Angie. Hang aan. Wat dit ook al is, ons is gered!
Dank die hemele!
9. ANGELIQUE: (LAG FLOU) Ons is gered...ons is gered...

**FX 'n VREEMDE SKREE-GELUID WEERGALM OOR DIE
WATER EN EGGO LUID. DIT WORD GEVOLG DEUR
'N SONIESE SKOKGOLF.**

10. HANS : Hemel! O heilige hemel!
11. ANGELIQUE: Wat gaan aan? Pappa! Wat was dit!?
12. HANS : (VERDWAAS) Dis nie moontlik nie...
13. ANGELIQUE: Pappa! Wat gaan aan?
14. HANS : In die water...hulle is in die water...oral om ons...
15. ANGELIQUE: Die haaie...is dit die haaie? Is hulle terug?
16. HANS : Heilige Josef en Maria...Angelique...hulle is in die water...
17. ANGELIQUE: Is dit die haaie! Pappa! Wat sien jy? Praat met my!
18. HANS : Nie haaie nie...die haaie is weg...dis nie haaie nie...
19. ANGELIQUE: Waarvan praat jy, Pappa? Wat is in die water!
20. HANS : Hulle is werklik...o my siel...hulle is werklik...

1. ANGELIQUE: Pappa! Wat is dit! Wat sien jy!
2. HANS : (LAG SENUAGTIG) Hemel...so pragtig...onder ons...rondom ons...jirre dis ongelooflik...oral in die water...
3. ANGELIQUE: Wat? Wat is dit! Pappa!
4. HANS : See-engele...
5. ANGELIQUE: Wat?
6. HANS : Meerminne...in die water...in die lig...
7. ANGELIQUE: Wat?!
8. HANS : Meerminne...dis meerminne...seehekse...Angie...oral...om ons.
9. ANGELIQUE: Hemel!. Is jy steeds besope! Dis nie snaaks nie. Daar is nie sulke goed nie. Dis die haaie wat jy sien...die koue...dit is besig om jou brein aan te tas...

FX MEERMINSTEMME FLUISTERING. WATER BEWEEG.

10. SALACIA : (VRIENDELIK/ VAN MIK) Hallo...
11. ANGELIQUE: (GESKOK) Wie...is daar? Wie is dit? Pappa?
12. SALACIA : Ek is Salacia. En dis my susters.

FX MEERMINSTEMME WAT FLUISTER GROET EN GIGGEL.

13. SALACIA : (VOLG) Moet nie vrees nie. We came to help...
14. HANS : (PREWEL) Onse Vader wat in die hemel is...(ADLIB/DOOF)

FX OORGANG: KRUISDOOF NA: DIE KROEG.

15. HANS : Dit was 'n goeie plan. Die bootsman, Adams het my gehelp. Die bemanning het almal saamgewerk. Ons sou die boot laat brand, almal veilig hou, 'n noodsein uitstuur en —
16. FRANS : En toe loop dinge lelik verkeerd.

1. HANS : Angelique...ek wou nie dat sy op die boot klim nie...onthou jy Baker...ek het probeer om haar om te praat...maar sy het aangedring om saam te gaan...sy wou nie ingee nie...
2. BELINDA : En toe blameer jy die meerminne...maak 'n storie op...
3. HANS : Hulle wás daar...dit was nie 'n storie nie...daar sit een van hulle...ek het nie gelieg nie, het ek?
4. KEARNEY : Nee, jy't net die waarheid totaal versuip, Hans! Van waar ek staan het sy en haar susters jou backside gered.
5. HANS : Dit was 'n ongeluk, die boot was 'n ongeluk —
6. KEARNEY : My arm pit! Daai trawler het nie vanself aan die brand geraak nie! Daar was van my vriende op daai boot, Claassen!
7. HANS : (EMOSIE) Okay...okay...dit was my skuld, ek erken dit...ja...ek erken dit, maar sý het my dogter en my hele bemanning die dieptes ingesleep! Ek weet hulle het dit gedoen. Sy't gesê hulle sal ons help...Leuns! Daar sit julle moordenaar!
8. FRANS : Om hulle 'n afgryslieke en pynlike dood te spaar! Hemel oom Hans, Salacia hier, het julle probeer help, Angelique se lewe gered en joune gespaar...en steeds blameer jy haar!
9. KEARNEY : Hulle moes jou vir die haaie gelos het, Claassen...ek sou. Ons het alles gesien, Claassen. Sy het ons álles gewys. Stop met jou stories.
10. BRINK : Dis geen wonder jy probeer jousef al hierdie jare met drank versuip nie. Ek sou ook as ek jy was. Ek kan nie glo wat ek gehoor en gesien het nie. Hoe kon jy?

1. HANS : (VERKRUMMEL) Ek het dit nie bedoel nie...dit was nie wat moes gebeur het nie...asseblief...vergewe my...vergewe my...
2. BRINK : Hoekom moet óns jou vergewe, oom Hans?
3. KEARNEY : Jy het nodig om jouself te vergewe vir wat jy aangevang het. Claassen.
4. BELINDA : Jy behoort Salacia te bedank.
5. JANTJIES : You should apologize to her, Skipper.
6. FRANS : Hulle het Angelique nie verdrink nie, oom Hans. Hulle het haar saam met hulle gevat. Haar gered. Sy het nog geleef.
7. HANS : Wat? Is dit waar? Waar is sy nou? Lewe sy nog?
8. SALACIA : Nee, vader van Angelique. Haar beserings was te diep. Maar sy was baie gelukkig saam met ons tot haar transformasie.
9. HANS : Transformasie?
10. BELINDA : Sy bedoel haar dood.
11. HANS : Julle moes my ook geneem het...my verdrink het...my al hierdie jare se pyn gespaar het...Waarom het julle my nie ook geneem nie?
12. SALACIA : Angelique dogter het gevra dat ons jou moes spaar. Ons het jou deur die nag lewendig gehou en jou die volgende dag naby 'n vissersboot in die water gelos.
13. HANS : Ek kan nie onthou nie. Ek kan niks daarvan onthou nie. Die boot, die haaie, ek kan jou onthou en wat jy gesê het...niks verder nie...soos 'n ontwykende droom...
14. SALACIA : Ek het belofte gemaak aan Angelique. Om eendag boodskap te bring saam met blinkertjie.

1. HANS : Boodskap?
2. SALACIA : Ek moes dolfyn blinker los by Drie Ankers met boodskap-brief vir Frans Baker wanneer ek suster bring vir haar eerste kontak. Ek bring suster om te leer. Ons was nie veronderstel om so te ontmoet nie. Maar mans in swart het situasie verander.
3. FRANS : Jy't 'n boodskap vanaf Angelique? En jy sou dit hier in die kroeg los, sonder verduideliking?
4. SALACIA : Dit is beste wat ek kan doen – mag doen. Ek weet dit sou groot verwarring en vrae laat ontstaan het by julle, maar julle sou weet van haar...dat sy nog geleef het. Gelukkig was.
5. FRANS : Waar is die boodskap nou?
6. SALACIA : Dit is verlore met aanval deur mans in swart. Nerissen het papier brief verloor op land toe ons aangeval is.
7. FRANS : (TELEURGESTELD) Dis dus verlore.
8. SALACIA : Nee, boodskap is veilig. Dit is ook hier.
9. FRANS : Waar?
10. SALACIA : Hier. Binne *Hhaaloo*. Ek het dit saamgebring. Hier.
11. FRANS : Die tiara?
12. KEARNEY : Dis die Aliceband wat sy op die boot aangehad het.
13. BELINDA : Jitte, dis beautiful! Kan ek dit vashou?
14. JANTJIES : Jislaaik. Daai is kief jewelry! Is dit 'n diamond in die middel?
15. FRANS : Dis nie bling nie, Jantjies.
16. BRINK : Wat is dit? Ek bedoel... wat doen dit?
17. FRANS : Dis 'n kommunikasie toestel.
18. BELINDA : Dit voel warm...lewendig.

1. SALACIA : *Eeass. Is Hhaaloo. Versterk breingolwe. Kommunikeer met vhiamanha en BIANCA. vhiamanha gaan soos ons dink. Waar gedagte vibrasies gaan, daar gaan vhiamanha. Vinning soos gedagtes. Angelique is binne Hhaaloo. Hhaaloo is deel van vhiamanha. Soos sirkel binne sirkel.*
2. BELINDA : Jy't my totaal verloor.
3. SALACIA : Boodskap vir Frans Baker is gestoor binne ruimte van *Hhaaloo*. Plaas *Hhaaloo* op tafel, Belinda. Ek sal wys.
4. BELINDA : Hier, so?
5. SALACIA : Ja, dit is goed so. Ek dink Brink moet deur toemaak sodat buitemense dit nie kan sien nie. Dit sal aandag trek. Beter as dit nie gesien word nie.
6. BRINK : Ek maak gou die deur toe.

FX STOEL UIT. DEUR TOE. KROEGGELUIDE VERDOF.

7. BRINK : (ANGSTIG) Okay. Wys.

**FX VREEMDE ELEKTRONIESE GELUID. SAGTE, LAE
FREKWENSIE VIBRASIE.**

8. JANTJIES : Wow! Dis 'n hologram...damn. Look at that!
9. BRINK : Jitte!
10. HANS : Angelique! (EMOSIE) Dis Angelique...my dogter...
11. ANGELIQUE: (FILTER) Hallo, Frans. Wanneer jy hierdie boodskap kry, sal ek lankal aanbeweeg het na my nuwe bestaan. Moet nie vir my ween nie, want die mees wonderlikste ding het met my gebeur. Ek is in die ongelooflikste plek, een wat jy in jou wildste drome nooit sou kon op tower nie. Ek is in Eden, Frans.

1. HANS : Wat bedoel sy?
2. BRINK : Shhhht!
3. ANGELIQUE: (VOLG) Of tenminste ek dink dis hoe dit moet wees. Ek is in 'n wêreld vêr van julle af, tussen wesens so na aan ons, so deel van ons, maar tog so ontsettend vêr van ons verwyder. Miljoene jare deel van ons en ook nie. Ek wens jy kan dit sien, Frans. Ek wens jy kan **hulle** sien...Hier waar ek is...
4. HANS : Waar is sy?
5. KEARNEY : Shhhht! Claassen.
6. ANGELIQUE: Jy wonder waarvan ek praat? Onthou jy die stories wat jou pa ons vertel het, van wat hulle in die see gesien het? Meerminne. Ek praat van meerminne, Frans. (LAG) Ja, ek kan jou gesig sien, maar hulle bestaan, hulle is werklik. Die nag wat my pa se trawler gesink het, het hulle ons kom help.(BEAT) Die trawler het... gesink. My pa...hy het iets onbesonne aangevang, Frans. Iets verskrikliks. Iets onvergeefliks. Al die lewens... die hele bemanning is dood. Daar was haaië...
7. HANS : (EMOSIE) Vergewe my...vergewe my...
8. ANGELIQUE: Maar ek het hóm vergewe... dis al wat ek kon doen. Hier waar ek nou is, is geen nag nie, geen haat, geen sonde geen kwaad. Daar's 'n meermin, haar naam is, Salacia. Sy is die een wat my gered het en my pa gespaar het. Haar susters wou nie toelaat dat sy my neem nie, maar sy is besonders, Frans. Spesiaal.
9. BELINDA : O, ons weet dit reeds.

1. ANGELIQUE: Hoe wens ek nie jy kon haar en hierdie wêreld aanskou nie!
Sy het my versorg, my sig genees...(POUSE) My gesig...
ek's bly jy kan my nie so sien nie...dat dit jou gespaar is...die
ontploffing...die brand...(LAG FLOU) Ek lyk nie meer so goed
nie. Dis beter as jy my onthou soos ek was.
2. HANS : (EMOSIE) Jirre tog...vergewe my...dit was 'n ongeluk...ek is so
jammer...Angelique...so jammer...
3. KEARNEY : Jammer? Jammer, help nie. Dis nie asof jy op haar damn toon
getrap het nie, Claassen!
4. BRINK : Sal julle twee stilbly!
5. JANTJIES : Shhhht!
6. FRANS : Maar sy lyk dan nomaal, soos ek haar onthou...
7. SALACIA : *Eeass*. Dit is omdat *Hhaloo* **jou** gedagte-beelde gebruik om
beeld vir Angelique te skep.
8. ANGELIQUE: (VOLG) Toe ek wakker word, ek het gedink ek is dood en dat
ek hemel toe gegaan het. Hier is soveel skoonheid, dit is oral
om jou. Salacia, ek het gedink sy is 'n engel...'n see-engel.
Ons het baie gepraat. Het jy geweet, hulle praat ons taal! Ek
het haar meer Afrikaans probeer leer en sy het my van hulle
wêreld geleer. Daar is so baie wat ek wil vertel. Dit wat hulle
kan doen...Hemel, Frans, ons lewe in 'n leun...al hierdie
eeue...'n enorme verskriklike leun...ons wêreld is besig om in al
die valshede te verdrink. Ons weet so min van enige iets af...
9. BELINDA : Dit kan sy weer sê.

1. FRANS : Ek weet. Yareli.
2. BRINK : Wat?
3. FRANS : Yareli. Haar naam is Yareli. Salacia het my tenmiste **dit** vertel.
4. BRINK : Vrek! Ek gaan sjampanje kry mense! This needs celebration.
5. KEARNEY : Hells bells Fransman, en hier dink ons die heelyd jy gaan 'n bloody bachelor sterf.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 17:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. KAPT. JOHN KEARNEY
4. BELINDA
5. JANTJIES
6. BRINK
7. HANS
8. RICHARD FREDERICKS

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. BINNE TONEEL. DIE DRIE ANKERS. KROEG.**

1. HANS : Is julle seker daar is nie 'n boodskap vir my nie?
2. FRANS : Nee, oom Hans. Dit was al. Salacia het mos nou al twee keer so gesê.
3. HANS : Sy het niks van **my** gesê nie. Niks nie.
4. KEARNEY : Sy hét darem gesê sy vergewe jou, Claassen. (SNORK) Dis meer as wat jy verdien.
5. BELINDA : Ja, sy het darem dít gesê.
6. HANS : (AFGEHAAL) Sy het... (AAN SALACIA) Daar's nie nog 'n boodskap in daai bangle ding van jou nie, seeheks?
7. SALACIA : Nee vader van Angelique.
8. BRINK : Hemel oom Hans...give it a rest. En hou op om haar "seeheks" te noem. Sy het 'n naam. SALACIA. (ASIDE) Magtig.
9. HANS : Sy het my miskien vergewe maar nie dít wat ek gedoen het nie... nie eens 'n woord nie...niks nie...sy verag my...my eie vlees en bloed verag my...
10. FRANS : Ek's seker dis nie só erg nie, oom Hans.
11. HANS : Hier, Baker. Vat die hangertjie. Dis joune. Sy het dit vir **jou** gestuur...nie vir my nie.
12. FRANS : Oom kan dit gerus hou.
13. HANS : Nee. Dis joune. Hier. Dit behoort aan jou. Vat dit.
14. FRANS : Nou goed. Dankie, Oom.
15. HANS : (BEDRUK) Ek gaan maar huistoe.
16. BRINK : Ek sal oom gaan af-drop.

1. HANS : Nee, dis nie nodig nie. Ek gaan stap.
2. BRINK : Dis nie moeite nie.
3. HANS : Ek wil stap. Die vars lug sal my goed doen.
4. BRINK : Nou goed.
5. HANS : (HUIWER) Ek...ek wil net sê...dat ek jammer is. Oor alles. Ek het probeer om goed te doen...
6. KEARNEY : Jy kon na een van ons toe gekom het vir hulp, Claassen.
7. HANS : 'n Man het sy trots. Ek het baie op my gewete, maar ek sal dit reg maak... ek sal...
8. JANTJIES : Hoe gaan jy daai wil doen, Skipper?
9. HANS : Ek weet nie...maar ek sal dit reg maak...(BEAT/ AAN SALLY)
Ek skuld jou en jou susters 'n verskoning, meermin. Ek sien dit nou...Hier, hier is my hand...
10. SALACIA : (VERWARD) Wat moet ek met jou hand doen?
11. FRANS : Hy maak verskoning, Sally. Hy wil hê jy moet sy hand skud.
12. SALACIA : O, jammer. Natuurlik. Ek het vergeet van julle hande vat maniere. Ek gee jou my hande ook. SKUD HAND
13. HANS : Dankie dat julle na my dogter omgesien het, so fantasties soos wat dit is...Dat julle my crew 'n wrede dood gespaar het... miskien moes julle dieselfde met my gedoen het daardie nag...my saam met hulle geneem het. Dit sou genadiger gewees het...
14. FRANS : (SIMPATIEK) Sit oom Hans. Jy hoef nie nou al te gaan nie. Kan ek vir oom iets kry om te drink? 'n Loopdop?
15. HANS : Nee... nee. Niks vir my nie. Nag.

1. KEARNEY : Nag, Hans.
2. BRINK : Nag, Oom.
3. JANTJIES : Goodbye, Skipper.
4. FRANS : Nag, oom Hans.
5. BELINDA : Nag, oom Claassen.
6. HANS : (BEWEEG VAN MIK) Ek sal dit regmaak, ek sal dit regmaak...
7. SALACIA : (OOMBLIK) Vader van Angelique se gedagtes is soos baie diep waters wat kolk en draai.
8. BRINK : Ja, hy lyk nie lekker nie. Dink julle hy sal okay wees? Magtig, dis die eerste keer dat ek hom drank sien weier.
9. KEARNEY : Laat hom dit af loop. Hy het baie om oor na te dink. Dit sal hom goed doen.
10. BRINK : Wat doen ons met die inligting wat ons nou het? Ek bedoel oor Claassen en wat gebeur het.
11. FRANS : Niks. Niemand gaan ons glo nie. Buitendien dis jare gelede.
12. KEARNEY : Yep. Moenie slapende hond wakker maak nie. Dis verby. Bygones.
13. JANTJIES : Ja, die seël is klaar op die brief geplak. Help nie ons wil dit nou lek nie.
14. BELINDA : Die arme man sal maar sy eie demone moet besweer. Dalk is dit 'n goeie ding dat die waarheid uit is. Miskien slaan hy 'n nuwe bladsy om en hou op met drink.
15. KEARNEY : **Of** dit gaan nog erger word.(BEAT)Dink julle dis veilig om hom so te laat gaan? Wat as hy alles wat hier gebeur het daar buite gaan uitblaker?

1. FRANS : Ek hoop nie so nie. Ek dink ons moet almal maar gaan slaap.
Dit was 'n lang dag met baie dinge.
2. KEARNEY : Ek stem saam. My kop draai behoorlik.
3. BRINK : Maar wat is nou verder die plan van askie?
4. FRANS : Soos ek gesê het, ons het 'n plan, ek en Salacia. Een wat dalk kan werk. Maar ons moet nou eers vir Salacia help om haar vaartuig te herstel. Ons moet daai items kry waarvoor sy gevra het.
5. BRINK : Eerste ding môreoggend op my agenda.
6. JANTJIES : I'm on top of it, Mr Baker.
7. FRANS : Goed. Sodra dit gedoen is, moet ons haar suster gaan red.
8. BRINK : En hoe gaan ons dit doen?
9. FRANS : Ek sal verduidelik sodra ek en Salacia verder gepraat het.
(AAN SAL) Salacia, hoe lank sal dit jou neem om die *Vhiamanha* te herstel?
10. SALACIA : Een ligdag, as alles wel gaan.
11. FRANS : Goed. Ons sal weer hier bymekaar kom. Ons sal dan die plan aan julle verduidelik. Haar suster het nie baie tyd oor nie. Ons sal moet vining maak. Elke uur tel...

BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND.

KRUIS NA BINNE-MOTOR AKOESTIEK. Foon VIBREER.

12. FRANS : Hemel, Belinda. Wie is so knaend op jou spoor? Dit gaan al heel dag so aan.

1. BELINDA : Ek's jammer. Dis Richard. Ek het jou mos vertel van die uitval wat ons gehad het.
2. FRANS : Jy het. Wat is sy probleem?
3. BELINDA : Hy weet nie wanneer om "nee" vir 'n antwoord te aanvaar nie. Ek's klaar met daai narsistiese sosiopaat.
4. FRANS : lyk nie of hy met jou klaar is nie. Ek hoop nie jy oorweeg dit om vanaand terug te gaan na hom nie.
5. BELINDA : Nee, ek's nie so simple nie. Ek wou juis gevra het of ek by jou kan slaap vannag...(BEAT) Okay, daai het verkeerd uitgekom, ek het bedoel —
6. FRANS : (LAG) Toemaar ek weet wat jy bedoel. Natuurlik. Jy hoef nie eens te vra nie. Jy's meer as welkom.
7. BELINDA : Dankie, Frans.
8. FRANS : Wat van jou besittings wat nog by hom is?
9. BELINDA : Gelukkig het ek die tas met klere wat ek gebring het. Hy het vroeër vandag gedreig om al my goed te verbrand.
10. FRANS : Laat hy dit net waag. Ek sal môre saam met jou gaan om jou goed te gaan haal.
11. BELINDA : Nee, eerder nie. Dit gaan net meer moeilikheid veroorsaak. Ek sal later my goed gaan kry. Ek weet in elkgeval nie eens waarheen om te gaan nie. Ek sal 'n nuwe blyplek moet soek.
12. FRANS : Jy kan in die woonstel aan my huis kom bly. Dis groot en staan leeg. Dis joune vir solank as wat jy dit wil gebruik. En jy hoef nie 'n sent huur te betaal nie.
13. BELINDA : Hemel, Frans...ek kan nie dít doen nie.

1. FRANS : Hoekom nie?
2. BELINDA : Wat sal mense sê?
3. FRANS : Hulle kan sê wat hulle wil. Dis my huis en ek kan maak wat ek wil daarmee. Jy trek in die woonstel in sodra jy kan en ek wil niks verder hoor nie.
4. BELINDA : **As** ek dit doen, gaan ek tenminste huur betaal.
5. FRANS : As dit jou beter sal laat voel...fine...maar wat my betref is dit net een van die perks wat Baker en Seun jou aanbied.
6. BELINDA : Ek weet nie wat om te sê nie...
7. FRANS : Sê "ja".
8. BELINDA : (EMOSIE) Dankie, Frans. Ek waardeer dit. Dit sal seker net tydelik wees.
9. FRANS : Nes jy wil, Belinda. Maar soos ek gesê het, jy kan bly solank as jy wil. Die plek is joune vir so lank as jy dit wil hê.
10. SALACIA : Belinda se gedagtes is *Feenwaa*.
11. BELINDA : *Feenwaa*? Ek verstaan nie dit nie.
12. SALACIA : Soos water wat diep en donker is...troubled. *Setantreaya* in Belinda se lewe maak ongelukkige gedagtes wat vloei...
13. BELINDA : *Setantreaya*... ek het daai woord al voorheen gehoor.
14. SALACIA : *Eeass*. Soos mans in Swart klere. Slegte vibrasies...
15. BELINDA : Nie mans nie, Sally. Net **een** in dié geval. Richard Fredricks. Die grootste fout van my lewe.
16. SALACIA : Hierdie man, Fredricks...hy swem saam met jou?
17. BELINDA : Ek het so gedink...ja.
18. SALACIA : As hy liefde het vir jou, waarom het hy jou so beseer?

1. FRANS : Wat?
2. BELINDA : Jy weet?
3. SALACIA : Ek sien...ja...binne jou.
4. FRANS : Het daai vent aan jou geslaan, Belinda?
5. BELINDA : Dit was net een keer...
6. SALACIA : Gedagtes vertel anders.
7. BELINDA : Sally, klim uit my kop uit. Nie nou nie...asseblief.
8. FRANS : Ek het dit geweet! Bliksems! Die blou kolle...
9. BELINDA : Los dit net...altwee van julle. Dis verby.
10. FRANS : Magtig Belinda. Dit was nie gim-beserings nie, was dit? Ek het geweet jy kan nie so blerrie lomp wees nie.
11. BELINDA : (EMOSIE) Los dit net, Frans. Asseblief.
12. FRANS : Nee, ek gaan nie. Hoe lank doen hy dit al?
13. BELINDA : (ONTWYK) Ek wil nie daaroor praat nie.
14. FRANS : Salacia?
15. SALACIA : (OOMBLIK) Dit het drie kalendermaande terug begin.
16. BELINDA : (SARKASTIES) Dankie, Sally.
17. SALACIA : (VRIENDELIK) Nie te danke nie.
18. FRANS : Nou word alles vir my duidelik. Ek het gewonder hoekom jy die laaste paar maande kort-kort van die werk weggebly het. Ek het niks vermoed nie. Hoekom het jy nie iets gesê nie. Hemel, Belinda hoe kon jy dit toegelaat het?
19. BELINDA : Ek was verward...bang...skaam.
20. FRANS : (KWAAD) Ek is lus en gaan donner hom so diep in die aarde weg dat niemand hom met sonar sal kan opspoor nie.

1. BELINDA : Asseblief, Frans. Los dit net. Hy sal nie weer die kans kry nie.
Ek gaan nie terug nie. Dis verby.
2. FRANS : Ek hoop so.
3. BELINDA : Kalmeer voordat jy 'n aar bars.(OOMBLIK) Dankie, vir jou
besorgdheid, maar ek sal my eie probleme oplos.
4. FRANS : (KOOK STEEDS) Ek wil eerder nie vra wat hy alles aan jou
gedoen het nie.
5. BELINDA : Jy wil eerder nie weet nie. (AAN SALACIA) En Sally, bly uit my
kop, jy sê niks. Nie 'n woord nie.
6. SALACIA : Ek het nie woorde gepraat nie. Maar ek voel jou seer... Frans
Baker het reg om woede te ervaar. Richard Fredericks is vuil
water in 'n stink poel.

BYK: SLIMFOON LUI WEER. MOTOR KOM TOT STILSTAND.

7. FRANS : Verdomp! Dis nou genoeg. Gee hier.
8. BELINDA : Nee, wag, Frans! Gee die foon terug.
9. FRANS : Nee. Iemand moet daardie blikemmer se fortuin vir hom vertel.
10. BELINDA : Jy gaan dinge net vererger. Hy's onstabiel. Jy ken hom nie.
11. FRANS : En hy ken my nie. ANTWOORD FOON: Belinda Tutton se
foon.
12. RICHARD : (FILTER) Wie's dit die?
13. FRANS : Frans Baker.
14. RICHARD : Baker? Wat maak jý met Belinda se foon? Waar's sy?
15. BELINDA : (FLUISTER) Frans! Gee die foon!
16. FRANS : Sy's waar jy nie weer jou hande op haar sal kan lê nie jou siek
stuk rooi-aas.

1. RICHARD : Wat?
2. FRANS : Jy't my gehoor, Fredericks. Ek weet wat jy gedoen het. Sy het my alles vertel.
3. BELINDA : (FLUISTER) Frans! Magtig! Gee die foon.
4. RICHARD : Sy's daar, is sy nie? Ek kan haar hoor. Ek wil met háár praat, nie met jou nie. Bly **jy** uit my sake.
5. FRANS : **Sy** wil nie met **jou** praat nie. Wat jy vir haar wil sê kan jy vir my sê. Jy bly van haar af weg. As jy ooit weer naby haar kom gaan jy spyt wees.
6. RICHARD : (LAG) En wat dink jy gaan jy doen?
7. FRANS : Jy wil nie uitvind nie.
8. BELINDA : (DRINGEND) Frans, los dit...
9. RICHARD : (FILTER) Huh? Wat dink jy gaan jy kan doen?
10. FRANS : Ek gaan jou tussen al daai plastic spiere van jou kom soek en as ek jou kry, gaan jy jammer wees. Jy's 'n lafaard, Fredericks. Hoor jy my! Net 'n lafaard slaan aan 'n vroumens.
11. RICHARD : (KWAAD) Jy beter watch wat jy sê Mr Visvoete. Ek waarsku jou. Jy sal klippe dingies as ek met jou klaar is.
12. FRANS : (SARKASTIES) Ek bewe in my boots. Jy's 'n vroueslaner, Dick. Niemand hou van 'n vroueslaner nie. Veral nie die howe nie...en veral nie in 'n tronk nie...
13. RICHARD : Dreig jy my?
14. FRANS : Oh, you bet!
15. RICHARD : Jy dink jy's die bom, Baker. Mr Big Shot. Dis jy wat haar teen my opgesteek het, is dit nie?

1. FRANS : Is dit die steroids wat nou praat?
2. RICHARD : Jy dink jy kan my meisie van my afvry en daarmee wegkom...haar teen my vergiftig...
3. FRANS : Hou aan praat, Fredericks, dalk raak jy iewers iets intelligent kwyd vir een keer in jou lewe.
4. RICHARD : Wag maar, Baker. Wag maar...Jy gaan spyt wees.
5. FRANS : Al waaroor ek spyt is, is dat sy so lank geneem het om jou te drop.
6. RICHARD : Al wat gaan drop is jy as ek jou in die hande kry. Ek gaan jou blerrie nek vir jou breek.
7. FRANS : Al wat jy breek is winde. Hierdie gesprek verveel my. Laat haar met rus. As jy weer naby haar kom gaan ek 'n saak van aanranding en teistering teen jou maak, hoor jy my.
8. RICHARD : Good luck with that, Fish Boy.
9. FRANS : Jy gaan baie gewild wees in een van die plaaslike tronke.

BYK: SLIMFOON AF. MOTOR VERTREK WEER.

10. BELINDA : Dankie, Frans, maar dit was baie stupid. Hy gaan dit nie daar laat nie. Hy gaan moeilikheid maak.
11. FRANS : Hy beter my ernstig opneem. Ek sal hom wragtig laat toesluit.
12. BELINDA : Ek wou nie my probleme joune maak nie, Frans. En nou het ek.
13. FRANS : Jý is nie 'n probleem nie, Belinda. Jy's familie. As Kearney hiervan hoor gaan hy Fredericks deur 'n hoek haak en hom vir aas gebruik.

1. SALACIA : *Eeass*, Belinda is family.
2. BELINDA : Dankie, Sally. (EMOSIE) Hoe kon ek so dom gewees het. My hele lewe lank... ek doen altyd die dom ding...ek weet nie waar ek vandaan kom nie; ek weet nie waarheen ek gaan nie ek kan nie deur mense soos Richard Fredericks sien nie...ek's dom, (TRANE) Ek's net nog 'n verdomde dom blonde wat nie eens weet wie haar ouers is nie...
3. FRANS : Jy's nie dom nie, Belinda. Richard Fredericks is 'n blerrie sosiopaat. Dr. Phil sou nie deur hom kon sien nie. Jy is nie alleen nie. Jy het nie die verkeerde besluit geneem toe jy hierheen gekom het nie. Jy het vir ons. Vir my, vir Kearney en nou ook vir Salacia.
4. SALACIA : Belinda Tutton is suster.
5. FRANS : (LIGHARTIG) Sien! Hoeveel mense daar buite kan sê hulle het 'n meermin vir 'n vriend!
6. BELINDA : (HERSTEL EFFENS) Ek weet...ek's emosioneel oor wat gebeur het. Dis net...ek voel so simple, vuil... Die goed wat hy vir my gesê het, wat hy gedoen het...hoe kon ek dit toelaat...hoe kyk ek weer na myself in 'n spieël?
7. FRANS : Hy sal nie weer naby jou kom nie, Belinda. Ek gee jou my woord. Ek weet dit gaan tyd neem om oor hom te kom, maar jy is sterk, jy sal. Ek sê weer, jy's nie alleen nie. Ons is hier vir jou.
8. BELINDA : Ek weet... dankie, Frans.
9. FRANS : Hier. GEE SAKDOEK:

1. BELINDA : Dankie. SNUIT NEUS: Jammer, oor jou sakdoek.
2. FRANS : Vergeet die sakdoek. Ek het 'n laai vol van die goed. Voel jy beter?
3. BELINDA : Ja, dankie. Kom ons praat oor iets anders. Dit was so 'n ongelooflike dag, ek wil dit nie met Richard se stront spoil nie.
4. FRANS : Goeie idee. Ons is byna by die huis. Lyk nie of ons enige stertjies opgetel het nie.
5. SALACIA : Stertjies?
6. FRANS : Jou vriende in swart. Dit lyk nie of iemand ons agtervolg nie.
7. SALACIA : Aha! *Setantreaya*.
8. FRANS : Okay, die slaap-situasie. Belinda jy kan in die gastekamer slaap. Sally, ek neem aan jy gaan weer in die bad slaap?
9. SALACIA : Eeass, Frans Baker. Ek benodig sout en water.
10. FRANS : Sout en water is dit. Belinda jy kan die badkamer aan my kamer gebruik terwyl Salacia die gastebadkamer kan gebruik. Die bad daar is veel groter en dieper vir haar gebruik.
11. BELINDA : Dis reg so, Frans. Dankie, nogmaals dat ek by jou kan bly.
12. FRANS : Dis nie al dag dat ek twee beeldskone vrouens in my huis het nie. As ons by die huis kom gaan ek eers vir ons iets warmes maak om te drink.
13. BELINDA : Ek sal maak. Het jy warm sjokolade in die huis?
14. FRANS : Ja, ek dink so.
15. BELINDA : En ek hoop jy't vars melk in jou — (ONTSTELD)Hemel tog...nee...
16. FRANS : Belinda? Wat's fout?

1. BELINDA : Die motorfiets voor jou huis...
2. FRANS : Magtig! Ek sien dit. Salacia miskien moet jy plat lê op die sitplek.
3. BELINDA : Nee, dis nie nodig nie. Ek weet wie sin dit is.
4. FRANS : Wie?
5. BELINDA : Richard. Dis Richard se motorfiets. En hy staan voor op jou grasperk...kyk.
6. FRANS : Fok tog.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 18:

Uitsaai datum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. RICHARD FREDERICKS

Alle regte Voorbehou mheroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. FRANS SE MOTOR. BINNEKAJUIT
AKOESTIEK. AAN BEGIN VAN DIALOOG MOTOR
VERMINDER SPOED EN KOM TOT STILSTAND. LUIER VIR
OOMBLIK EN DAN AF.**

1. FRANS : Bly julle twee in die kar, ek sal die probleem gou uitsorteer.
2. BELINDA : (PLEIT) Nee, Frans. Dit gaan net 'n bakleiery veroorsaak.
3. FRANS : Laat hom slaan. Ek weet hoe om myself te verdedig.
Buitendien, ek dink hy verkies om vrouens te slaan.
4. BELINDA : Asseblief, Frans. Kan jy asseblief die testosteroon in jou sak
druk vir een oomblik. Ek sal met hom gaan praat. Dis my fight,
my probleem nie joune nie.
5. FRANS : Not on my watch. Ek wil nie hê jy moet naby hom kom nie. Net
die feit dat hy ons hier kom in wag het, spreek boekdele. Jy bly
in die kar. Ek sal van hom ontslae raak.

BYK: MOTORDEUR GAAN OOP.

6. BELINDA : (VERBAAS) Sally? Wat doen jy?
7. FRANS : (VERBAAS) Salacia, wag! Klim terug in die kar.
8. SALACIA : Ek sal met Richard Dick gaan praat. Bly julle in kar.
9. BELINDA : Nee, Sally. Hy mag jou nie sien nie. Klim terug. Wag!
10. SALACIA : Te laat. Hy het my klaar gesien. Julle sal in kar bly. Hou die
ruite toe en plaas julle hande oor julle ore wanneer ek die teken
gee.
11. FRANS : Teken? Watse teken? Salacia! Wag! Kom terug!
12. BELINDA : Stop haar, Frans. Moet nie net daar sit nie!
13. FRANS : Ek kan nie...

1. BELINDA : Wat bedoel jy, jy kan nie?
2. FRANS : My bene wil nie beweeg nie...shit...wat gaan aan?
3. BELINDA : Dis, Sally. Ek dink sy't iets aan ons gedoen...ek kan ook nie beweeg nie. Sally!

BYK: MOTORDEUR TOE. BUIITE AKOESTIEK. BUURT KLANKE.

4. RICHARD : (BARS) Wie de hel is jy, Charlie? Nog een van háár boyfriends? Waar's Belinda?
5. SALACIA : Ek's nie Charlie nie en Belinda is nie hier nie.
6. RICHARD : Rubbish! Sy's in die kar saam met daai lafaard Baker—Ek kan hulle sien en... (VERBAAS) Jou stem...Jy's 'n vroumens? Ek het gedink jy's 'n dude.
7. SALACIA : Nee, ek is ook nie 'n “dude” nie. Ek is Mer. *Sessanim*.
8. RICHARD : Hoe nou? Wat ook al, ek wil nie met jou praat nie. (ROEP) Belinda! Kom hier!
9. SALACIA : Belinda wil nie met jou praat nie, ek het jou reeds gesê. Jy praat met my. Ons praat.
10. RICHARD : Het daai lafaard Baker jou gestuur? Kruip hy agter 'n vroumens weg? Wie's jy anyway?
11. SALACIA : Familie van Belinda.
12. RICHARD : (LAG) Twak! Sy het nie familie nie. Sy's 'n weeskind. Haar ma en pa het haar weggegooi. Ék is haar enigste familie.
13. SALACIA : Nee, jy is nie. Jy is nie familie nie. Jy is vrot water.
14. RICHARD : Wat? Wat het jy gesê?
15. SALACIA : Jy't my gehoor. *Hoof-Ra-dom*. Primitiewe gees.
16. RICHARD : Kyk hier, Miriam, of wat jou naam ook al is...

1. SALACIA : Salacia. My naam is Salacia.
2. RICHARD : Wat ook al. Ek het nie lus om met jou te praat nie. Ek wag al ure lank hier. Jy mors my tyd.
3. SALACIA : Tyd? Wat weet jy van tyd? Jy verstaan nie tyd nie.
4. RICHARD : Wat? Waarvan praat jy? (SKREE) Belinda! Baker! Klim uit die kar! Of moet ek julle daar kom uithaal?
5. SALACIA : Is daar fout met jou gehoor? Of verstaan jy nie jou Afrikaanse woorde nie? Sy wil nie met jou praat nie.
6. RICHARD : Gee pad voor my! (OOMBLIK) Wat dink jy doen jy?
7. SALACIA : Ek staan voor jou.
8. RICHARD : As jy weer voor my inloop gaan jy spyt wees...
9. SALACIA : Regtig? En wat gaan jy doen om my spyt te maak?
10. RICHARD : Ek gaan daai hoody en donkerbril van jou kop af klap, hoor jy my! Vroumens of nie! Jy gaan gedonner word...
11. SALACIA : Aha. Ek verstaan. Donder. Jy hou van klap en slaan aan vrouens...soos jy gedoen het aan Belinda? Jy donder en bliksem soos slegte weer? (BEAT) Slaan my asseblief.
12. RICHARD : (VERBAAS) Wat?
13. SALACIA : Jy moet my donner. Hier, laat ek dit vir jou makliker maak.

SCENE SWITCH **FRANS SE MOTOR/ BINNE MOTOR AKOESTIEK,**

14. FRANS : Miskien moet ons die polisie bel, Belinda?
15. BELINDA : En hoe verduidelik ons háár aan hulle? Is jy gek.
16. FRANS : Jy's reg. Maar ek kan nie net hier sit nie.
17. BELINDA : Ons het nie juis 'n keuse nie, het ons.
18. FRANS : Nee ons het nie. Magtig ek moet haar gaan help.

1. BELINDA : Ek dink nie sy wil ons hulp hê nie. Buitendien, iets in Salacia se oë toe sy uitklim... ek dink sy het gesien wat hy aan my gedoen het. Sy was in my kop, ek kon haar binne my voel, maar ek kon ook háár emosies voel...iets donker. Ek dink sy was woedend.
2. FRANS : Sy het nie woedend gelyk nie. (BEAT) Hoe lyk 'n meermin wat kwaad is anyway?
3. BELINDA : Ek weet nie, en ek dink nie ons wil uitvind nie. Ons beter in die kar bly soos sy gesê het.
4. FRANS : Maar dit lyk of hy haar dreig. Hy's tweemaal haar grote en vol steroïdes gepomp... Wat as daai gorilla besluit om aan haar te slaan?
5. BELINDA : Iets sê vir my **dit** sal die grootste fout van sy lewe wees.
6. FRANS : Ek kan nie hoor wat hulle sê nie. Miskien moet ons 'n ruit afdraai, ek kan tenminste my arm beweeg.
7. BELINDA : Nee! Sy was beslis. Die ruite moet toe bly.
8. FRANS : Hemel, wat doen sy nou? Kyk!
9. BELINDA : KLOP TEEN RUIT: (ROEP) Nee, Sally! Wag! Moenie... Wat as ons dopgehou word! Salacia! Nee!

SCENE SWITCH **FRANS SE GRASPERK . BUIITE AKOESTIEK. AAND.**

10. SALACIA : Daar. Nou kan jy my mooi sien. Niks nodig om klere van my af te klap nie.
11. RICHARD : (SLUK) Wat de hel...is jy gek. Trek aan jou klere. Wat probeer jy doen?
12. SALACIA : Sien ek is vroumens soos Belinda. Sien jy my?

1. RICHARD : (SENUWEES) Ja, ek kan dit goed sien... (BEAT) Damn, ek moet sê jy's omtrent gebou. Jy slaap seker in die gym.
2. SALACIA : Nee. Ek slaap in Frans Baker se badkamer.
3. RICHARD : Hoe? Wat?
4. SALACIA : Wat is gym? Ek gym nie.
5. RICHARD : Ek het jóú nog nooit by die gym gesien nie... Is jy nuut in die dorp? Een van Belinda se vriendinne van Durban?
6. SALACIA : Ja, vriende met Belinda, maar nie van Durban nie. Jy wil my hand skud?
7. RICHARD : Nee. Dis die laaste ding wat ek met jou sal wil doen, goose. Trek jou klere aan...jy ontstig my.(BEAT) Wat de donner...jou jou..hande...
8. SALACIA : Aha! Jy kan my nou mooi sien?
9. RICHARD : Wat het met jou hande gebeur? Is jy gebreklik?
10. SALACIA : Kom nader dan wys ek jou in die lig...
11. RICHARD : Shit! Jou hande! Jou ore! Wat is jy? Wat de hel is jy? Bly weg van my af! Back off!
12. SALACIA : (SENSUEEL) Ek dog jy hou van my, Richard? Is ek nie mooi nie? Wil jy my nie donner en blits nie?

FX 'n VREEMDE SONIESE PULS BEGIN KLOP.

13. RICHARD : Ek waarsku jou... bly weg... ek sal jou neuk! (ROEP) BELINDA!
14. SALACIA : Belinda kan jou nie hoor nie...
15. RICHARD : Wat ís jy! Wat is hier aan die gang...Wat wil jy hê?
16. SALACIA : Ek wil hê jy moet aan my doen wat jy aan Belinda gedoen het...

1. RICHARD : (VREES) Nee, ek wil nie! Ek wil nie weer in jou oë kyk nie.
Daar gebeur iets in my kop...daar's 'n seekat om my
brein...jirre kry hom uit my kop, asseblief, asseblief....
2. SALACIA : (LAG) Jy's nie so dom as wat jy lyk nie. Dalk het jy tog 'n brein.
3. RICHARD : (KWAAD) Vlieg in jou moer! Wie dink jy is jy om so met my te
praat! Jou nimfomaniese seehoer!
4. SALACIA : (SUG) Maar dan, miskien **is** jy so dom as wat jy lyk... Dis reg,
baklei terug, dalk is jy nie so 'n groot seeslak soos ek gedink
het nie! Slaan my! Komaan! Give me your best shot!
5. RICHARD : (WOEDE) Ek sal jou bliksem jou muggie!
6. SALACIA : Dis presies wat ek wil hê jy moet doen jou vrot stank!

FX KORT STRUWELING. BENE BREEK. RICHARD GIL.

7. RICHARD : (IN PYN) My gewrig! Jou teef! (KREUN IN PYN) Jy't my
hand gebreek... (BYNA IN TRANE) Aaahah! My
hand...jirre my hand... (KLA EN KERM) Ahhh! Shit! My
hand. Jou feeks. (KLA EN KERM)
8. SALACIA : Hou op kerm. Wees bly dit was nie jou nek nie.
9. RICHARD : (KIL) Jy's dood...hoor jy my...ek gaan jou vrek maak!

SCENE SWITCH FRANS SE MOTOR/ BINNE MOTOR AKOESTIEK. RICHARD

SE GEKERM IS DOF IN AGTERGROND.

10. FRANS : Hemel! Het jy dit gesien!
11. BELINDA : Sy't sy gewrig gebreek...
12. FRANS : Ek het nog nooit iemand so vinning sien beweeg nie!
13. BELINDA : Hy het wragtig na haar geslaan!

1. FRANS : Ek het geen empatie met die idoot nie. Besef hy nie waarmee hy te doen het nie! Kan hy nie sien nie. Is hy blind?
2. BELINDA : Nee, hy's te blerrie dof om te sien wat sy is!
3. FRANS : Shit, Belinda! Miskien moet ons dit stop. Sy gaan die bastard vermoor. Kyk! O my magtig! Sy's besig om hom in die grasperk vas te druk. Hemel sy is ongelooflik sterk!
4. BELINDA : (GENIET DIT) Ry hom soos 'n Harley Davidson, Sally!
5. FRANS : Plaas jou hande oor jou ore! Daar's die teken...
6. BELINDA : Ek het dit gesien!

SCENE SWITCH **FRANS SE GRASPERK BUIE AKOESTIEK. RICHARD SE KOP WORD IN DIE GRASPERK GEDRUK. STRUWELING.**

7. RICHARD : (MUFFLED) Hmmm...hmmm. Klim van my af! Klim van my rug af! Jirre...los my....(PYN) Aaaahh! Eina bliksem! (SPOEG)
8. SALACIA : Jy het 'n mond soos 'n rioolpyp. Maak hom toe. En maak jou ore oop.
9. RICHARD : Vlieg in jou moer jou ding uit die hel—

FX **VLEES EN BEEN KRAAK EN KLAP. RICHARD GIL IN PYN.**

10. RICHARD : (MUFFLED)(GIL VAN PYN) Okay....okay! Ek verstaan. Ek luister. (HUIL) Asseblief...stop...stop....ek luister...
11. SALACIA : (OP MIK/ DREIGENDE TOON) Hier, draai jou kop...so...laat ek dit mooi in jou ore kan fluister...luister mooi na my stem...
12. RICHARD : (HUIL) Ek luister...haal hulle van my af...asseblief...
13. SALACIA : Belinda Tutton is verbode water...jy sal nie weer naby haar swem nie...Frans Baker is verbode waters, jy sal nie in sy gebied kom nie...

1. RICHARD : Waarvan praat jy?

FX **VLEES EN BEEN KRAAK EN KLAP. RICHARD GIL IN PYN.**

2. RICHARD : (PYN/HUIL) Ek verstaan...ek verstaan...

3. SALACIA : Frans Baker is verbode water...

4. RICHARD : Hmmm...hmmm...verbode water....

5. SALACIA : As jy ooit weer naby hulle kom, sal ek jou kom haal, jou versuip en jou hart vir die lang tande voer...

6. RICHARD : (MOMPEL/PYN) Ek sal nie weer naby haar kom nie...

7. SALACIA : Jy sal op jou fosielbesoedeling klim en vertrek en haar vergeet... jy sal alles hier vergeet...

8. RICHARD : Ek sal haar vergeet...ek sal vergeet....

9. SALACIA : Jou woorde en gedagtes is nie dieselfde nie. Steeds donker...jy wil moor en beseer...

10. RICHARD : Nee... ek wil nie....ek sweer...ek verstaan...klim van my af...

11. SALACIA : Leuns...

12. RICHARD : Ek sweer...

13. SALACIA : Leuns...vals woorde...ek sal vir jou sing...

14. RICHARD : Wat? Wat bedoel jy?

15. SALACIA : Ek sal vir jou sing en jou dan laat gaan...

FX **'n KRAGTIGE SONIESE TOONLEER VUL DIE LUG.**

RICHARD GIL. AS DIT EINDIG IS DIT STIL VIR 'N OOMBLIK.

HONDE BEGIN ORAL BLAF EN TJANK, MOTOR- EN HUIS

ALARMS GAAN AF IN DIE BUURT.

16. SALACIA : (VOLG) Jy kan gaan. Ek dink jy het jou les geleer.

17. RICHARD : (IN TRANCE) Ek sal gaan...

1. SALACIA : Nou weet jy waarom ons sirenes genoem word.
2. FRANS : Waarheen gaan hy? Dit lyk of hy die duiwel agter hom het.
3. SALACIA : Waar hy een sal word met vuil skuim en water soos hy.
4. FRANS : Wat bedoel jy?
5. SALACIA : Richard Dick, sal nie weer vir julle pla nie.
6. BELINDA : Hy het jou gesien, Sally. Ons moet hom stop, Frans. Hy kan alles vir ons gaan verongeluk.
7. SALACIA : Verongeluk? Ja, dit is soos dit sal wees.
8. FRANS : Ek dink ons moet eerder binnegaan voordat iemand jou sien. Jy's al te lank hier buite. Daai lot in swart kan dalk die huis dophou.
9. SALACIA : Nee, hulle is nie hier nie.
10. FRANS : Hoe seker is jy daarvan?
11. SALACIA : Geen vibrasie. En ek sou hulle geruik het. Hulle stink.
12. BELINDA : Kom, Salacia laat ons jou uit die koue kry en in die huis. Netnou kry jy dubbele longontsteking of so iets.
13. FRANS : (LAG) Ek dink nie hulle kry so iets nie, Belinda. En ek twyfel of sy koud kry. Kyk na haar. Nie een hoedervleis nie...
14. BELINDA : Frans. (BEAT) Kyk ander pad...
15. FRANS : Bietjie laat daarvoor...buitendien dít is hoe sy op my stoep verskyn het. (BEAT) Sy het wel die tiara op haar kop gehad.
16. BELINDA : Kom, Salacia. Ons gaan in die huis. Mansmense...
17. FRANS : Wat? Ek maak net 'n grap. Gaan julle twee solank. Ek sal haar klere bring. Ek gaan net eers die kar intrek en sluit.

FX **KORT MUSIEKBRUG. DOOF NA A/G****MOTORFIETS JAAG TEEN HOË SPOED. 'n SPOOKAGTIGE
FLUISTERING IN A/G.**

1. RICHARD : (TOT HOMSELF) Ek sal ry... ry tot by die water...ry tot by die sout...(PYN) Belinda Tutton...Wie is sy? (KREUN) Aaaaah....my kop...pyn...ek kom...ek kom...

FX **HIGH PITCH RINGING IN EARS.**

2. RICHARD : (VOLG) Aaaaah! My ore...ry....hou aan met ry...ek weet wie sy is...Hoekom weet ek nie wie sy is nie...Wat is jy? Wat is jy?
(PYN) My gewrig...my hand...hande...haar hande...dit was ander hande...ander vlees...wat is sy...ek weet wat sy is...ek weet...(PYN) Aaaaaha...klim uit my kop jou Heks...
Heks?...See? Ek sal jou in die see versuip...in die blou dieptes omhels...in die oseaan...seeheks...seeheks...

FX **MOTORFIETS BANDE SKREE. SWAAI BUIE****BEHEER. ENGINE REV. SPOOKAGTIGE STEMME.**

3. RICHARD : Ek kom my beminde...ek kom ...ontmoet my in die blou...maak my deel van die sout...van die waters...los my op in jou dieptes...

FX **BANDE SKREE. GEWELDIGE SLAG. ENGINE REV.****TREF WATER. METAAL WAT SKEUR EN BREEK. GILLE.****SEE EN BRANDERS. DOOF NA A/G.**

SCENE CHANGE: FRANS SE KAMER.BINNE. KLOP AAN DEUR. ELMO BLAF.

1. FRANS : Elmo! Af! Wie's daar? (BEAT) Belinda?
2. BELINDA : Hallo Frans. Ek het gesien jou kamerlig brand nog. Kan ek inkom?
3. FRANS : Ja, natuurlik, Belinda.
4. BELINDA : Ek kan nie slaap nie.
5. FRANS : Ek ook nie. Wat 'n dag nè. Kom sit hier op die bed. Elmo, af!
6. BELINDA : Dankie. Ek het vir 'n oomblik ingesluimer en met 'n helse nagmerrie wakker geskrik.Ek kon nie weer slaap nie. My brein wil nie afskakel nie.
7. FRANS : Oor wat?
8. BELINDA : Richard.
9. FRANS : Dan was dit beslis 'n nagmerrie.
10. BELINDA : Nee, dis nie dit nie.
11. FRANS : Wat dan?
12. BELINDA : Ek het gedroom hy is besig om te verdrink...Hy het iets probeer sê, maar daar het visse by mond en ore uitgekom...sy oë was glasig...dood...soos die van 'n dooie vis...
13. FRANS : Seker maar al die gebeure van die dag wat by jou kom spook het.
14. BELINDA : Seker. Maar dit was só werklik. Ek kon die see ruik...proe... (BEAT) Dink jy Salacia het iets aan hom gedoen?
15. FRANS : Ek dink sy het dalk sy brein in kompos verander. Sy't hom omtrent verrinneweer. Die arme drommel het nie geweet wat hom getref het nie.

1. BELINDA : Ek kan nou verstaan waarom meerminne so 'n slegte reputasie het. Herinner my om haar nóóit kwaad te maak nie.
(OOMBLIK) Wat as hy polisie toe gaan?
2. FRANS : Ek dink nie hy kan so dom wees nie. Wat gaan hy sê? 'n Meermin het hom aangerand?
3. BELINDA : Wat dink jy het sy bedoel met “Richard Dick sal julle nooit weer pla nie.”
4. FRANS : Ek weet nie, maar ek glo haar. Ek het 'n gevoel ons sal nie weer van hom hoor nie.
5. BELINDA : Dit sal my goed pas. Sal jy môre saam met my kom as ek my goed by sy huis gaan haal?
6. FRANS : Natuurlik, ek het mos so gesê. (LAG) Miskien moet ons Sally saamvat? Net vir ingeval.
7. BELINDA : (LAG) Eerder nie. (OOMBLIK) Dink jy sy's oukei in die badkamer?
8. FRANS : Soos 'n vis in die water.
9. BELINDA : Dis baie stil. Miskien moet ek gaan kyk of alles nog reg is.
10. FRANS : Dis nie nodig nie. Sy piekfyn, glo my.
11. BELINDA : (HUIWERIG) Frans...
12. FRANS : Ja?
13. BELINDA : Kan ek hier by jou slaap vannag?
14. FRANS : (VERBAAS/BLY) Wat?
15. BELINDA : Ek wil nie alleen wees nie.
16. FRANS : Natuurlik. Dis 'n groot bed. Én as jy nie omgee om met Elmo te deel nie.

1. BELINDA : Elmo is fine. Hy kan tussen ons lê.
 2. FRANS : Welkom dan in Grandma's feather bed.
 3. BELINDA : (LAG) Dankie.

FX KLOP AAN KAMERDEUR. ELMO BLAF VRIENDELIK

EN GEE FYN TJANKIES VAN OPGEWONDENHEID.

4. SALACIA : Tallaa, Frans en Belinda.
 5. FRANS : Sally? Kom in.
 6. BELINDA : Is daar fout?
 7. SALACIA : Nee, daar is nie fout nie. Ek het julle hoor praat. Frans en Belinda kan ook nie rus nie?
 8. FRANS : Nee.
 9. SALACIA : Ek voel my suster se pyn. Sy roep na my...
 10. FRANS : Ek is so jammer, Sally. Dit sal nie meer lank wees nie. Ons gaan haar uit kry, ek belowe.
 11. SALACIA : Ek mis my susters, my familie...Alleen is vreemd vir my. Die waterkamer is baie eensaam...en een van jou krane drup.
 12. BELINDA : Wil jy by ons kom slaap, Sally?
 13. SALACIA : Belinda is suster...Frans en Belinda is familie...
 14. FRANS : Wel, ek veronderstel so...ek het 'n dogter...ons het 'n dogter.
 15. SALACIA : *Eeass. Yareli.*
 16. FRANS : En dit maak ons familie, nie waar nie?
 17. SALACIA : *Eeass.Faarrarrii.*
 18. BELINDA : *Faarrarrii. Familie?*
 19. SALACIA : Ja. Familie slaap saam waar ek is.
 20. FRANS : Hoe meer siele hoe meer vreugde, sê ek altyd.

1. SALACIA : Is ek beskawing genoeg? Ek het handoek gebruik en myself gedroog. Ek het Belinda se klere aangetrek. Ek het dit reg gedoen? Lyk ek mooi?
2. BELINDA : Perfek. Jy kan hier langs my kom inkruip, Sally.
3. FRANS : Miskien moet ek in die gastekamer gaan slaap...
4. BELINDA : Wat? Nee. Jy bly net waar jy is.
5. FRANS : (NONCHALANT) Geen probleem nie.
6. SALACIA : Frans Baker bly by ons. Familie slaap saam.
7. FRANS : (GENIET DIT) Wel...as julle twee daarop aandring...sal ek maar die minste wees...en in die middel lê... Elmo! Af!
8. SALACIA : Susters is liefde. Familie is liefde. Belinda is liefde. Frans Baker is liefde. (OOMBLIK) Ek verstaan nie. Belinda waarom het jy liefde vir Richard Dick gegee as Frans Baker die liefde in jou kop is?
9. BELINDA : Sally...moenie...
10. FRANS : Ek is? Vertel my meer, Sally.
11. BELINDA : Sally, klim uit my kop...Stop.
12. SALACIA : En Frans Baker...jou gedagtes wemel van Belinda se beelde soos duisende visse in die water...
13. BELINDA : Wat? Ek wemel in sy brein? Moet nie stop nie, Sally, watse beelde...kan jy my dit laat sien?
14. FRANS : Sally...stoppit.
15. SALACIA : Julle het liefde vir mekaar. Waarom maak julle asof julle nie weet nie. Ek verstaan nie. Mers maak liefde, wys liefde. Mense kan liefde geen en neem, soos Mers...liefde is belangrik.

1. FRANS : Wat doen jy, Salacia?
2. SALACIA : Frans is liefde...
3. BELINDA : Sally...
4. SALACIA : Belinda is liefde...Salacia is diep soos die oseaan...Belinda wil in my water swem...ek weet...ek voel dit...
5. BELINDA : Sally...ek...
6. SALACIA : Susters swem saam...Frans Baker wil saam met ons swem...wil jy nie? Vriende...vriende is ook liefde, vriende swem saam...vergeet van probleme...en laat almal beter voel...en vul die ruimtes tussen ons...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 19:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. HANS CLAASSEN

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. OSEAAN IN A/G. DAG. MOTOR KOM TOT
STILSTAND. DEURE OOP EN TOE.**

1. FRANS : Is dit reg hier?
2. SALACIA : *Eeass.* Dit is perfek. Oseaan is reg hier. Die stroom sal my neem, my help om vinniger te beweeg.
3. BELINDA : Wel, dit is doodstil hier, nie 'n mens in sig nie. Ek dink nie die hoenders is al mooi wakker nie.
4. FRANS : Beter so. Ons soek nie 'n gehoor nie. (AAN SAL) Het jy alles wat jy nodig het, Sally?
5. SALACIA : Ek dink so. Jou vriende het goed gedoen. Jy het goeie vriende.
6. FRANS : Ja, ek moet sê hulle het my verbaas. Ek's jammer oor die paar items wat ons nie kon kry nie. Gaan dit 'n probleem wees? Sal jy die herstelwerk steeds daarsonder kan doen?
7. SALACIA : As ek BIANCA kan ontwaak, sal sy self verder kan genees en herstel.
8. FRANS : Hoe lank gaan jy wees?
9. SALACIA : Ek sal terugkom as son sak.
10. BELINDA : Ons sal net hier vir jou wag.
11. SALACIA : Dis nie nodig nie. Ek sal kom na jou woning.
12. BELINDA : Nee. Dis te gevaarlik. Ons gaan hier wag tot dit donker is. Dit sal veiliger wees as jy in die donker terug keer.
13. FRANS : Beslis. Buitendien Belinda het 'n hele piekniekmandjie gepak. Ons gaan dit 'n dag op die strand maak.
14. SALACIA : Liefde maak?

1. BELINDA : (LAG) Nee, Salacia. Hemel jy het 'n one track mind...Ons gaan net ontspan en bietjie in die son brand.
2. SALACIA : Hoekom wil julle in die son brand?
3. BELINDA : Om bietjie bruin te word. Dis wat ons doen.
4. SALACIA : Mense is vreemd.
5. FRANS : Kom, ek help jou met die rugsak.
6. SALACIA : *Eeass*. Ek moet gaan. Dis amper lig. Laat ek net klere uittrek.
TREK UIT: Daar. Belinda se klere. Hou tot ek terugkom.
7. BELINDA : Ons sal net hier wees.
8. FRANS : Draai so. PLAAS RUGSAK: Lig op jou arms. (STEUN) Magtig die strap kom net-net by. Jy's breër as wat jy lyk. Daar's hy.
9. BELINDA : Hoe vêr is jou tuig?
10. SALACIA : Omtrent tweehonderd seemyle in daardie rigting.
11. BELINDA : Maggies. En jy gaan dit swem?
12. SALACIA : Met hulp van vriende.
13. FRANS : Vriende?
14. SALACIA : *Cheehuui*.
15. FRANS : Wie?
16. SALACIA : Sien daar! Hulle wag vir my. *Cheehuui*.
17. BELINDA : (OPGEWONDE) Kyk Frans! Dolfyne!
- FX** : **DOLFYN GELUIDE. 'N GESPREK VIND PLAAS.**
18. SALACIA : *Cheehuui*. Hulle swem en ek ry saam. Soos taxi.
19. FRANS : Slim.
20. SALACIA : *Cheehuui* tweede hoogste intelligensie op planeet. Hulle is nie visse nie. Net dom mense wat so dink. Ek moet gaan.

FX : OSEAAN OP V/G. DOLFYNE OPGEWONDE

1. FRANS : En daar gaan sy.
2. BELINDA : Maggies, het jy dit gesien? Die stert...haar bene...die transformasie.
3. FRANS : Niemand sal ons ooit glo nie...
4. BELINDA : So vinnig. Hoe doen sy dit? Hoe is dit eens moontlik vir so iets om te gebeur?
5. FRANS : Die natuur is ongelooflik. Ek sou sê, gevorderde selle...soos salamanders wat ledemate kan groei of soos plante en insekte wat die vermoë het om te kan transformeer. Hulle kan dit net baie vinniger en beter doen.
6. BELINDA : En met 'n sprinkeling van towerkrag...
7. FRANS : Prima Matra...Hulle is inderdaad magies wesens, is hulle nie? Elke oomblik in haar teenwoordigheid besef ek net meer en meer hoe min ons regtig weet. REK BEHAAGLIK UIT: Wel, ons kan ons net sowel tuis maak en die dag geniet. Ek weet nie wanneer ek laas net 'n dag kon af vat nie. Mev. Steenkamp sal die fort hou tot ons weer terug is. Ons het die hele dag voor ons. Ek sal die sambreel en die mandjie kry. (BEAT) Belinda? Is daar fout? Jy lyk skielik so bedruk.
8. BELINDA : (WEEMOEDIG) Ek voel skielik so leeg.
9. FRANS : Salacia?
10. BELINDA : Ja. Dit voel of iemand my binnegoed met 'n stomp lepel uitgehol het.
11. FRANS : Ek weet wat jy bedoel. Ek voel dit ook. Asof iets weg is.

1. BELINDA : Wat as sy nie weer terugkom nie, Frans?
2. FRANS : Moenie so dink nie. Natuurlik sal sy terugkom. Haar suster is nog in daai klomp swart mossels se hande.
3. BELINDA : Ek weet. Maar alles binne my wil agter haar aangaan in die see in. Elke sel in my liggaam begeer om by haar te wees. Ek dink ek weet hoe sy voel oor haar suster, hoe hulle voel oor mekaar...hoe meerminne met mekaar verbind, wat 'n kragtige konneksie tussen hulle is. Ek kan dit voel.
4. FRANS : Die konneksie was daar van die begin af, Belinda. Dis oor wat sy gesê het. Oor jou herkoms.
5. BELINDA : Dat my moeder een van hulle was. My kop draai nou nog.
6. FRANS : Ek dink nie sy het dit uit haar duim gesuig nie.
7. BELINDA : Nee, sy het nie.
8. FRANS : Dit verklaar soveel goed omtrent jou. Jou vreemde skoonheid, jou liefde vir die see, jou atletiese bou, die feit dat jy haar taal kon verstaan, jou sterk aangetrokkenheid tot haar.
9. BELINDA : Praat jy van wat nou die aand in jou kamer gebeur het? Wat tussen ons gebeur het?
10. FRANS : Ja en meer. Ek dink nie Salacia het ons beïnvloed nie. Dit was alles onself. Dit was natuurlik.
11. BELINDA : Hemel dit was intens. Sý was intens.
12. FRANS : Is jy okay met wat gebeur het? Jy weet...ek bedoel...tussen ons nou die nag in my kamer...
13. BELINDA : Heeltemal. Ek het geen gewetenswroeging daaroor nie. Jy?

1. FRANS : Nee. Ek dink dit was een van die hoogtepunte van my lewe.
Ek hoop alles tussen my en jou is nog okay?
2. BELINDA : Natuurlik, Frans. Vir die eerste keer in my lewe voel ek gemaklik in my eie vel. As ons eerlik wil wees met onself, daar was 'n sterk aantrekkingskrag tussen my en jou van die begin af. Jy weet wat ek bedoel?
3. FRANS : Ja, ek weet. Ek het dit ook gevoel. In fact almal het dit gesien en geweet, dis net ons twee wat heelyd in denial was...Dit het 'n meermin gekos om ons wakker te skud.
4. BELINDA : Wel, ek is bly sy het. Ons hoef nie meer te pretend nie.
5. FRANS : Maar hoekom het jy met daai boks steroids deurmekaar geraak? Ek verstaan nog steeds nie hoekom jy by hom kon intrek nie. Wat het jou besiel? Ek wou byna histories raak toe ek hoor jy gaan aan hom verloof raak!
6. BELINDA : Ek weet nie. Ek dink ek was tydelik kranksinning. Miskien was dit omdat ek jou wou spite? Maak dit sin?
7. FRANS : Jy wou my jaloers maak? Is dit wat jy sê?
8. BELINDA : Soort van. Ek dink iets binne my wou heelyd hê jy moet my stop... Ek... ek wou jou vermaak...miskien seermaak. Ek kon die pyn op jou gesig sien elke keer as ek van hom praat of naby jou gekom het met hom.
9. FRANS : Hemel, maar hoekom? Jy het nie nodig gehad om jouself in 'n só 'n situasie in te dompel nie. Jy't geweet hoe ek oor jou voel.
10. BELINDA : Jy is my baas, Frans. Jy was nie toeganklik nie.

1. FRANS : Wat! Dis snert. Jy kon net die woord sê, ek sal vir jou deur die vuur geloop het. Jy kon jousef al hierdie verleentheid en abuse gespaar het.
2. BELINDA : Ek weet dit nou. Ek was stupid. Ek weet.
3. FRANS : Wat van Richard? Is jy oor hom?
4. BELINDA : Ek dink so.
5. FRANS : Wat beteken dit?
6. BELINDA : Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek het geen gevoelens meer vir hom nie, nie na wat hy gedoen het nie.
7. FRANS : Good. Wel, hy is nie meer jou probleem nie. Bygones.
8. BELINDA : Ek wonder net wat van hom geword het? Toe ek my klere en goed gaan kry, het, was hy nie by sy plek nie, ook nie sy Harley nie. Dit was vreemd stil.
9. FRANS : Miskien het hy sy wonde iewers gaan lek. Ek dink sy manlike ego het 'n slegte knou gekry. Sy't hom goed op sy moer gegee.
10. BELINDA : Dis lig gestel. As dit nie met my eie oë gesien het nie, sou ek dit nie geglo het nie.
11. FRANS : Kan jy dink wat sy met jou kan aanvang as sy jou in die water moet beet kry? Die krag en spoed.
12. BELINDA : Sy's ongelooflik.
13. FRANS : Ek dink sy is baie ander dinge wat ons nog nie eens gesien het nie. (OOMBLIK) Het jy iets om te eet in daai mandjie van jou?
14. BELINDA : Is jy honger? Jy's al van douvoordag af aan die gang.
15. FRANS : Ek kan doen met 'n koppie koffie en 'n toebroodjie.
16. BELINDA : Ek kry vir jou.

BYK: OORGANG: OSEAAN. BUIITE. DAG. SEE EN MEEUE.

1. HANS : (TOT SELF) DRINK UIT BOTTEL: Verkeerd...altyd verkeerd...(EMOSIE) Ek's so jammer, Angie, so jammer... Alles loop altyd verkeerd...ek probeer goed doen, maar altyd loop dit verkeerd. Ek was verkeerd...weer verkeerd...oor hulle ...oor die boot...oor alles. Ek is die koning Midas van Verkeerd! Alles wat ek aanraak verander in verkeerd. Ons het baie in gemeen, Midas en ek. (SKREE) Nie waar nie, Midas!

MUSIC UP AND UNDER. SEE EN MEEUE OP V/G.

2. HANS : (VOLG) Nie waar nie! (VERDRIETIG) Ons het beide ons dogters vermoor, hét ons nie? Jy't jou liefing dogter in goud verander... en ek het myne vermink en in 'n monster verander...(PYN) Ek's jammer, Angelique. Vergewe my...vergewe my. Ek sal alles regmaak, alles beter maak. Ek sal die Verkeerd in my gryp en dit in die dieptes werp waar dit nie weer sal kan skade doen nie...Ek kom Angelique...ek kom...ons sal weer saam wees...alles sal beter wees...alles gaan weer reg wees...jy sal sien...

FX OORGANG: MUSIEKBRUG: OSEAAN/ MEEUE OP V/G.

3. FRANS : Die heelyd wat sy jou haar suster genoem het, was sy ernstig. Sy het dit letterlik bedoel en ons het dit nie besef nie.
4. BELINDA : Hoe kón ons? Wie weet watter geheime sy nog vir ons inhou?
5. FRANS : Die tyd sal wel leer. Hel, my lewe het 'n honderd -en -tagtig grade draai geneem vandat sy opgedaag het.

1. BELINDA : Myne ook. Toe sy nou die aand nadat ons ... jy weet ...mekaar beter leer ken het...toe sy my van my moeder vertel het...ek was verbaas, maar ook terselfdertyd nie verras nie. Dit was asof ek dit net geweet het... al die jare, dat ek anders is, dat my oorsprong anders was...elders was...iets spesiaals...

FX **TERUGFLITS: FRANS SE KAMER. AAND.**

2. SALACIA : Daryah. Jou moeder se naam was, Daryah.
3. BELINDA : (VERDWAAS) My moeder was een van julle? 'n Meermin?
4. SALACIA : *Eeass.*
5. BELINDA : Hemel...
6. FRANS : Ek het altyd geweet daar's iets anders omtrent jou.
7. BELINDA : Dit klink ongelooflik en tog begin so baie dinge uit my lewe nou vir my sin maak asof 'n sluier gelig is.
8. FRANS : Soos wat?
9. BELINDA : Ek het dit nog vir min mense vertel, maar ek is in 'n karton boks voor die deur van die weeshuis gelaat. Die kombes waarin ek toegedraai was, is nog in my besit. Dit is die enigste besitting wat ek uit my verlede het. Toe ek kon begin lees, het ek 'n woord op die kombes ontdek. Dit was baie klein aan die kant geborduur: “**ÄSHERAH**” Ek het altyd oor die woord gewonder.
10. SALACIA : **Dit** is jou ware naam. Dit beteken “sy wat in die see loop.” Belinda is die naam wat die mense jou gegee het. Dalk het hulle nie die naam op die kombes gesien nie.

1. BELINDA : Äsherah? Dis my naam. My regte naam... Äsherah.
2. FRANS : En wat 'n pragtige naam. Maar ek sal maar knor om Belinda in die drom te gooi.
3. BELINDA : Dit sal nie nodig wees nie, Frans. Ek sal nie 'n stert groei en wegswem nie. (BEAT) Sally, dink jy sy leef dalk nog...iewers.
4. SALACIA : Nee, Belinda. Haar bewussyn het aan beweeg.
5. BELINDA : Maar waarom het sy my dan weggegooi?
6. SALACIA : Mer sal nooit haar baba weggooi nie. Daryah het gekom om essens te neem, maar het nooit terug gekeer nie.
7. BELINDA : Die mans in swart?
8. SALACIA : Setanor, ja. Dis wat ons dink. Hulle het haar geneem soos vir suster nou. Hulle sou enige iets gee om 'n Mer met baba te kon kry en te bestudeer.
9. FRANS : En sekerlik mee te eksperimenteer...haar geheime te ontrafel.
10. SALACIA : Ja, Frans Baker. Sy het skielik verdwyn. Ons het kom soek, maar daar was geen gedagtes, geen essens. Hulle het miskien suster se brein... en haar stem beskadig sodat sy nie kon roep nie, nie kon veg nie...
11. FRANS : Hulle sou haar dalk onder verdowing geplaas het in 'n klankdigte kamer en tenk...diep ondergronds?

1. SALACIA : Eeas. Dit is hoekom ons haar nie kon hoor nie. Dit is wat hulle doen. Ons het haar Vhiamana verlate op die bodem van die oseaan gevind. Ons het gedink dat sy gesterf het, maar toe, byna 'n jaar later het ons weer haar vibrasies gevoel. En daar was ook 'n tweede lewe.
2. BELINDA : Die baba. Sy het geboorte geskenk.
3. SALACIA : Eeas. Dit was net vir baie kort tyd, maar dit was daar. Sy moes op een of ander manier ontsnap het.
4. BELINDA : (EMOSIE) Ek sidder om te dink wat hulle alles aan haar gedoen het in daardie tyd, in daardie plek.
5. FRANS : Of nog van plan was om te doen...of aan jou...
6. SALACIA : Sy het jou probeer red.
7. BELINDA : Van 'n lewe erger as die dood.
8. FRANS : 'n Meermin en menslike hibriede spesie...iets wat perfek in hul siek planne van 'n Herrenvolk sou pas. Hulle sou jou soos 'n klok uitmekaargehaal het om te sien wat binne jou aangaan...(OOMBLIK) en ook jou moeder...
9. BELINDA : Ek dink dis wat hulle aan haar gedoen het.
10. SALACIA : Frans Baker is reg...Belinda is reg. Ons het haar gevind in oseaan...of wat oor was van haar... (OOMBLIK) Alles was stil. Ons kon ook nie meer die ander lewe voel nie.
11. BELINDA : Soos jou suster?

1. SALACIA : Ja.
2. FRANS : Waarom kan jy steeds Nerissen se vibrasies voel? As hulle met haar gedoen het wat hulle met Daryah gedoen het en haar in een van daai ondergrondse plekke aanhou, hoe is dit moontlik?
3. SALACIA : Ek weet nie. Maar ek kan haar steeds voel en hoor. Die baba was nie volwaardige Mer nie, die transformasie kon nooit plaasvind op Atlantea nie en Prima Matra het nooit ontwikkel nie. Ons kon nie die baba hoor nie. Vir tien van julle aardse jare was alles stil. Daryah en haar dogter was weg. Maar toe...een dag...(POUSE)
4. BELINDA : Ja?
5. SALACIA : Daar was 'n puls. In jou tiende jaar het iets gebeur, jy het verander, jou liggaam en brein het ontwikkel en ons kon jou vibrasie weer voel. Ons was verbaas.
6. FRANS : In haar tiende jaar? Jy praat van puberteit.
7. SALACIA : *Eeass*. Verandering na vrou. Iets het verander. **Jy** was anders. Ons het jou kom soek en gevind.
8. BELINDA : Maar my daar gelos? Waarom?
9. SALACIA : Jy was nie volle Mer nie, Belinda. Maar daar was iets spesiaals aan jou. En ons het jou nie alleen gelos nie. Jy was nie alleen nie al dink jy so.

1. BELINDA : Wat bedoel jy? Natuurlik was ek alleen. Ek het niemand gehad wat vir my omgee het nie — (BESEF) Behalwe ... Nee...dit kan nie wees nie...kan dit?
2. SALACIA : Ek sien jy onthou haar nou in jou gedagtes.
3. BELINDA : Juffrou Fisher. Juffrou Doris Fisher...
4. SALACIA : Eeass, Belinda. Een van baie susters wat verkies om hier op Terra te verkeer en hul lewe op Atlantea prys te gee om hier te help en te onderrig.
5. FRANS : Van wie praat julle?
6. BELINDA : (INGEDAGTE) My Biologie onderwyseres. Sy was vir my soos 'n moeder. Sy het in my lewe opgedaag toe ek Hoërskool toe is. Ek was mal oor haar. Sy het my gereeld by die kinderhuis kom haal oor naweke en my na haar huis geneem. Dit was die wonderlikste plek. Die huis was feitlik teen die see gewees...Nou besef ek hoekom.
7. FRANS : Sy was meermin...
8. BELINDA : So baie maak nou vir my sin. Ek het altyd gewonder hoekom 'n pragtige juffrou soos sy nie getroud was nie. Daar was ook nie 'n kêrel nie. Sy was mal oor die see, ons het saam gaan swem, geduik...So baie saamgedoen. Haar huis was vol wonderlike skatte uit die see. Ek het altyd gewens ek kon by haar gaan bly, dat sy my sou aanneem, maar dit het nie nooit gebeur nie...

1. SALACIA : Sy kon nie...
2. BELINDA : Ek verstaan nou ja. In my matriekjaar het sy bedank en die skool verlaat. Sy het 'n nuwe pos aanvaar by 'n privaat skool oorsee. Dis wat hulle gesê het. Ek het myself byna leeg gehuil toe sy die dag vertrek het. Ek het nooit weer van haar gehoor nie...
3. SALACIA : You were all grown up, Belinda. Jy het haar nie meer nodig gehad nie. She was needed elsewhere. Jy verstaan.
4. BELINDA : (EMOSIE) Ek verstaan nou...ek verstaan alles nou. Doris Fisher. Juffrou Fisher. Die huis. Die see. Haar kennis van seelewe... Hemel, Frans jy sou van haar gehou het...
5. FRANS : Ek's seker ek sou. Maar nou weet ons jy hét 'n familie. Geen wonder die privaat speurders wat ons gehuur het, kon niks uitgerig kry nie.
6. BELINDA : Ek sal wat wou gee om haar weer te kon sien...
7. SALACIA : (GEHEIMSINNIG) Wie weet, miskien sal jy, Belinda.

FX OORGANG: DIE STRAND. BUIE. SEE EN BRANDERS

8. FRANS : Wat dink jy het Salacia daarmee bedoel?
9. BELINDA : Ek weet nie, sy wou nie sê nie. Net op haar sy gedraai en toe geslaap. Ek wou nie aandring nie.
10. FRANS : Ek weet, ek was daar. Sy hou daarvan om 'n bom op jou te drop en dan niks verder te sê nie.
11. BELINDA : Soos met jou dogter?
12. FRANS : Yep.

1. BELINDA : Salacia is soos 'n kaleidoskoop. Sy is vol verassings. Máár ek het ook geleer dat as sy iets sê dan is dit so. Sy praat nie omdat sy haar eie stem wil hoor nie.
2. FRANS : Ek dink nie hulle is in staat om te lieg nie, hulle kommunikeer met hul gedagtes, emosies en woorde. Alles wat sy ons vertel het, is die waarheid, ek twyfel nie vir 'n oomblik daaraan nie. Ek het dit gaan Google en het op dié afgekóm in die King James weergawe: “For they deliberately overlook this fact, that the heavens existed long ago, and the earth was formed out of water and through water by the word of God...”
3. BELINDA : Dis **presies** wat sy gesê het. Dis in die Bybel? Waar staan dit, in Genesis?
4. FRANS : Nee. **Dis** wat so interessant is. Dit is in die Nuwe Testament in die tweede boek van Petrus. Kan jy dit glo.
5. BELINDA : (PEINSEND) Ons is almal uit die water, alles kom vanuit die water, vanuit die sout...
6. FRANS : (PEINSEND) Alles is vibrasie, alles vibreer op die stem van die Eerste Woord, alles sing, alles is musiek soos die Skepper van alles.
7. BELINDA : Ek het so baie vrae in my kop, so baie wat ek haar wil vra.
8. FRANS : Ek ook. So baie wat ek wil weet. Maar so min tyd...
9. BELINDA : (OOMBLIK) Frans?
10. FRANS : Hmm?
11. BELINDA : Die dogter wat jy by Salacia het...dink jy ooit aan haar?
12. FRANS : Die hele tyd vandat sy my dit vertel het.

13. BELINDA : Het sy enige iets verder gesê oor haar?
1. FRANS : Nee. Ek weet haar naam is Yareli en sy is ongeveer vyftien jaar oud in ons terme van tyd. Dis al.
2. BELINDA : En jy kan hoegenaamd niks onthou van wat gebeur het nie? Ek bedoel, jy weet, dat julle twee...saam was nie?
3. FRANS : Nope. Niks. Nie soos nou die aand nie. **Dit** sal ek nie ooit kan vergeet nie...
4. BELINDA : Nie een van ons sal kan nie.
5. FRANS : Hulle maak seker dat hul geheime bly waar dit is.
6. BELINDA : Dink jy sy gaan ons breine ook skoon vee as alles verby is? Maak dat ons nooit sal weet sy was ooit hier nie. Ons alles laat vergeet. (BEAT) Ek wil nie vergeet nie.
7. FRANS : Ek weet nie, Belinda. Ek dink nie so nie. (BEAT) Ek hoop nie so nie. Hierdie afgelope paar dae is iets wat ek ook nie wil vergeet nie. Maar ons sal haar nie kan stop nie, sal ons?
8. BELINDA : Dalk hét sy alreeds. Miskien is alles wat tans met ons gebeur slegs 'n droom, beelde, gedagtes wat sy in ons koppe geplant het... As jy so daaraan dink, kan die helfte van die wêreld se manlike bevolking reeds betrokke wees by hul voortbestaan en dit nie eens beseef nie.
9. FRANS : (LAG) As jy my vra is dít waar die hele storie van “alien abductions” vandaan kom. Dit was nooit “aliens” nie. Dit was die hele tyd hulle. Al die eeue nog. Mers.
10. BELINDA : Miskien het hulle opsetlik daardie beelde in mense se koppe geplant om ons op 'n dwaalspoor te hou.

1. FRANS : Of ons word gebreinspoel deur ons eie mense om die waarheid te verdoesel. Vreemde vlieënde voorwerpe, ligte in die see, frats storms, Roswell, die Bermuda Driehoek...so baie dinge waaroor ons altyd gewonder het, begin nou sin maak.
2. BELINDA : Die Bermuda Driehoek? Ek het daai gedeelte gemis.
3. FRANS : Sy sê dis 'n portaal na die binne-dimensies waarvan sy gepraat het, dit wat hulle die **Rift** noem. Dit lê diep onder op die oseaan vloer en kan Tyd en Ruimte verbuig. Dis soos 'n kosmiese deur na die res van die heelal.
4. BELINDA : Soos Alice in Wonderland. 'n Deur na 'n ander wêreld?
5. FRANS : Jy kan so sê.
6. BELINDA : Wat ek nie sal gee om haar wêreld te mag aanskou nie.
7. FRANS : Sy sê daar is nóg so 'n portaal diep in die Stille Oseaan naby die eiland van Guam in die area bekend as die Mariana Trench, die diepste gedeelte van die oseaan op aarde. Dit is so diep dat jy die hele Mount Everest daarin sou kon plaas en sy kruin sal steeds etlike myle onderwater wees. Niemand weet wat daaronder is nie.
8. BELINDA : Dalk veel meer as net meerminne...
9. FRANS : Ons móét vanaand in die Ankers bymekaarkom. Dis tyd om haar suster te gaan red. Ek dink nie sy gaan meer lank oorleef nie, haar laaste kontak met Salacia was baie kommerwekkend. Dis tyd om die plan in werking te stel.
10. BELINDA : Dis 'n desperate plan. Pyl en boë teen die weerlig...

1. FRANS : Ons het nie juis 'n ander keuse nie, het ons? As ons haar suster nie gou daar uitkry nie...Ek's bevrees dat sy dieselfde pad as jou moeder gaan loop.
2. BELINDA : Ek weet, maar ons het darem ons eie geheime wapen...
3. FRANS : Salacia.
4. BELINDA : Ja. Jy het gesien wat sy kan doen.
5. FRANS : Ek weet. Maar daai klomp psigopate in swart daar buite het gesofistikeerde wapentuig en is tot die tande toe gewapen. Ek dink nie Salacia is koeëlbestand nie.
6. BELINDA : Ek sal my nie verbaas as sy is nie...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 20:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. BRINK
5. KEARNEY
6. JANTJIES

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienuommer

UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. OSEAAN IN A/G. LATER DIESELFDE DAG.**

1. FRANS : Ek dink jy het dit bietjie oordoen. As jy enigsins langer in die son gebak het, was jy well done.
2. BELINDA : Ek kan dit voel. Sal jy bietjie van die lotion op my rug en skouers invryf.
3. FRANS : Sekerlik. Draai so. VRYF HANDE: Shit...Belinda...
4. BELINDA : Wat?
5. FRANS : Jou rug.
6. BELINDA : Moet nie daarna kyk nie. Dit lyk erger as wat dit is. Regtig.
7. FRANS : Moet nie vir hom probeer skerm nie.
8. BELINDA : Ek probeer nie vir hom skerm nie. Hy's 'n siek mens. Die kneusplekke sal genees... Ek's net jammer vir hom.
9. FRANS : Jammer (BITTER) Ek's jammer Salacia het hom nie nog harder ge —
10. BELINDA : Los dit, Frans. Asseblief. (OOMBLIK) Kom ons pak op.

FX PIEKNIKGOED WORD OPGEPAK ONDER DIALOOG

11. FRANS : Nog geen teken van haar nie en die son trek al water.
12. BELINDA : Sy't gesê sy sal kom as dit donker is.
13. FRANS : En sy sal.
14. BELINDA : Dink jy ons word steeds dopgehou?
15. FRANS : Ek dink nie so nie. Ek het doodseker gemaak dat ons nie agtervolg is vanoggend nie. Behalwe daai paar hengelaars wat daar op die rotse rondgehang het vandag, was daar niemand anders hier vandag nie. Nie wat ek kon sien nie.

1. BELINDA : Wat as hulle ons dalk uit die lug dophou? Jy weet. Satelliete.
2. FRANS : Dan's ons geskroef.
3. BELINDA : Wat as hulle haar ook gevang het?
4. FRANS : Hou op spoke opjaag, Belinda. Ek's seker sy's veilig en oppad terug. (BEAT) Jy kan haar nie voel nie, kan jy?
5. BELINDA : Jy bedoel soos sy haar suster kan aanvoel?
6. FRANS : Ja. Jy is half-meermin. Jy kon hulle taal verstaan.
7. BELINDA : Nee, ek kan nie. Ek dink ek is té menslik daarvoor.
8. FRANS : Ek het net gewonder...
9. BELINDA : (OPGEWONDE) Frans! Daar! Daar's sy! Ek sien haar
10. FRANS : Waar?
11. BELINDA : Daar! Net agter die breek van die branders. Op die groot rotse.
12. FRANS : Damn, jy't goeie oë. Ek sien haar ook nou. Die rugsak...
13. BELINDA : Waarom kom sy nie nader nie?
14. FRANS : Ek dink sy wag vir die regte oomblik om te transformeer.
15. BELINDA : En daar is dit... al sien ek dit 'n duisend keer sal ek steeds nie daaraan gewoond kan raak nie. Dis so ongelooflik...soos om na 'n wonderwerk te kyk.
16. FRANS : Ja, wel, dis presies wat hulle is, nie waar nie...Hier kom sy met 'n spoed. (LAG) Imagine haar by 'n Olimpiese spele!
17. BELINDA : Frans? (OOMBLIK) Wat het met haar vel gebeur? Kyk!
18. FRANS : Ontspan, Belinda. Dis nie haar vel nie, dis iets soos 'n tipe van swempak wat sy aan het. Ek het dit al voorheen gesien, daai eerste dag toe sy op die trawler verskyn het.

1. BELINDA : Jitte, dis kief, ek het gedink dis haar vel, jy kan elke spier en kontoer sien. Dit moet papierdun wees.
2. FRANS : Dis soos 'n tweede vel.
3. BELINDA : Ten minste loop sy nie meer in haar geboortepak rond nie.
(SKERTS) En jy hoef nie meer jou oë toe te maak nie.
4. FRANS : (SARKASTIES) Dankie, vir daardie vergunning, juffrou Tutton. Maar ek is bevrees dáái beeld van haar is in my geheue ingebrand, vir ewig. Jy's bietjie laat.
5. BELINDA : (SPEEL) Sies, Frans. (LAG) Maar ek neem jou nie kwalik nie...Sy is eenvoudig asemrowend, is sy nie?
6. FRANS : (TERG) Asem, verstand, hart, longe, bloedsomloop...alles.
7. BELINDA : SLAAN HOM OP ARM: Klim terug in jou kassie, Baker.
8. FRANS : Eina hel! Waarvoor was daai hou?
9. BELINDA : Ek is nie 'n volle meermin nie, maar ek kan jou gedagtes hoor.
10. FRANS : (ASPRIS) Belinda Tutton! Is jy jaloers?
11. BELINDA : Blameer jy my? Hemel kyk net na haar ...
12. FRANS : Komaan, jy onderskat jousef heeltemal. Jy moet my gedagtes hoor as dit by jou kom—
13. BELINDA : (LAG) Regtig?
14. FRANS : Meermin verby...soos tien Salacia's...
15. BELINDA : (SPEEL) Net tien? Ons sal moet werk aan daai gedagtes van jou Mnr. Baker.
16. FRANS : Beloftes maak skuld.
17. SALACIA : (NADER NA MIK) *Jai-quay, talaa*, Belinda en Frans.
18. BELINDA : Welkom terug, Sally. DRUK HAAR: Ek's so bly om jou te sien.

1. FRANS : As julle twee mekaar klaar verwurg het. Hier, kom ek help jou met die rugsak, Salacia. Draai so. HAAL SAK AF: Dis nie leeg nie.
2. SALACIA : Ek bring hulp saam. Hulp vir ons plan. Hulp om suster te red.
3. FRANS : Wat se hulp? Wat het jy alles hierin?
4. SALACIA : Ek sal julle wys by jou woonplek. Nie hier nie.
5. FRANS : Het jy die herstelwerk kon doen? Het dit gewerk?
6. SALACIA : Eeass, Frans. BIANCA is weer bewus en aktief. Dis genoeg om kommunikasie met Atlantea te herstel en terug te keer deur Rift. Sy behoort die reis te kan hanteer. Op Atlantea sal sy volkome kan herstel word.
7. BELINDA : Het jy hulp gevra van jou wêreld?
8. SALACIA : Ja, maar die tyd is nie genoeg nie. Nerissen sal nie oorleef nie. Ek het hulle ook gewaarsku oor die soniese wapen wat die Setanor in hulle besit het en wat dit kan doen.
9. FRANS : So, ons is steeds op ons eie. Ons hou by die plan.
10. SALACIA : Eeass, ons bly by die eerste idees.
11. FRANS : Ons moet die ander agtuur by die kroeg ontmoet.
12. BELINDA : Dit gee ons twee ure om huis toe te gaan en Sally reg te kry. Ek kan doen met 'n vinnige stort. Ek het sand op plekke waar ek nie geweet het sand kan gaan nie.
13. FRANS : En ek kan doen met iets om te eet. Jou piekniek goodies was lekker, Belinda, maar ek voel nog bietjie hol.
14. BELINDA : Mans is hol tot by hulle tone.
15. SALACIA : Ek verstaan nie...

1. BELINDA : Toemaar sommer 'n uitdrukking, Sally. Het jý al geëet?
2. SALACIA : Nulma. BIANCA verskaf voedsel. Maar ek sal hou van suiker-koffie by Frans Baker se kombuis. Ek benodig baie soet.
3. BELINDA : (LAG) Nou toe klim in. Ek sal vir jou die beste koffie maak wat jy nog ooit geproe het. Ek dink dis tyd dat jy vir Cuppuchino ontmoet.
4. SALACIA : Wie is dit?
5. BELINDA : Melkkoffie.
6. SALACIA : Met baie suiker?

FX **OORGANG: MUSIEKBRUG. DIE DRIE ANKERS. URE**

LATER. KROEG AKOESTIEK.

7. KEARNEY : Dan het julle nog nie gehoor nie?
8. BELINDA : Wat gehoor?
9. BRINK : Van Hans. Hy is dood.
10. FRANS : (VERBAAS) Wat? Maar hoe?
11. KEARNEY : Dit lyk of hy selfdood gepleeg het.
12. BRINK : Die polisie was hier. Klomp vrae gevra.
13. BELINDA : Die arme man.
14. FRANS : Wat het gebeur?
15. BRINK : Hulle sê hy het blykbaar die see ingeloop my Meeuklip. 'n Hengelaar wat daar naby was, het gesien hoe hy sy klere uittrek en in die branders verdwyn.
16. FRANS : Damn. Het hulle 'n liggaam gekry?

1. KEARNEY : Nee. Net sy klere en 'n leë drankbottel op die rotse. Teen hierdie tyd het die hamerkoppe hom al bygekom. Hulle sal nie nou meer iets kry nie.
2. JANTJIES : Skipper, Claassen het baie albatrosse om sy nek gehad.
3. FRANS : Dalk het ons hom te vêr gedryf met alles wat gebeur het.
4. SALACIA : Die vader van Angelique het transformeer?
5. FRANS : Ja, Salacia. Hy is dood.
6. BELINDA : Hy het homself om die lewe gebring.
7. SALACIA : Ek verstaan nie. Waarom maak mense hulleself dood? Mense is die enigste lewe wat ek ken wat hulself doodmaak voordat hul tyd daar is.
8. FRANS : Ek dink Hans Claassen het jare gelede gesterf saam met sy boot. Dit was net 'n leë dop wat hier rondgeloop het.
9. KEARNEY : Sy gewete moes hom lewendig opgevreet het...oor wat hy gedoen het. Oor wat hy aan sy eie dogter gedoen het.
10. BRINK : Miskien het nou die aand se onthullings finaal die kameel se rug geknak.
11. FRANS : **Of** hom finaal verlos van die leun wat hy al die jare geleef het. Miskien het ons het hom bevry van sy albatros.
12. SALACIA : Die skerp tande het hom geneem?
13. BRINK : Ja, dis wat hulle dink, Salacia.
14. SALACIA : Die Seemoeder neem dit wat die water sin is. Ons het hom gered van die water, maar Sy neem dit wat haar toekom soos dit moet wees. Niemand ontsnap die sout nie.
15. BRINK : Wel, mag Hans Claassen vrede vind.

FX GLASE KLINK.

1. FRANS : Op oom Hans.
2. BELINDA : Arme man.
3. JANTJIES : Op skipper, Claassen. Mag sy skip veilig seil.
4. BELINDA : Miskien moet iemand 'n paar woorde sê? Ek het hom nie so goed geken nie. Maar ons was soort van sy enigste familie.
5. KEARNEY : Miskien jy, Frans. Jy en Angelique was baie close...
6. FRANS : Nee. Nie ek nie. Jy't saam met hom gewerk, John.
7. KEARNEY : Nee, ek wil nie iets sê nie. Nie na wat hy aangevang het nie.
8. BELINDA : Niemand? Niemand gaan iets sê nie?
9. SALACIA : Mag ek woorde sê vir vader van Angelique?
10. ALMAL : (VERBAAS) ADLIB: Ja, natuurlik. Sekerlik. Jy's welkom, Sally.
11. SALACIA : Beautiful Sea Goddess, I call on you to assist the energy and essence of this consciousness once known as Hans, in moving towards all that he can become as he leaves behind what he can no longer be and sails towards a new existence in your many depths. Guide him that he may swim gracefully to your embrace and his new home on your shores....CromaaT.
12. BELINDA : (AANGEDAAN) Dankie, Sally. Dit was pragtig.
13. FRANS : Dit was, Salacia. Dankie.
14. KEARNEY : Hy sou dit waardeer het. Dankie.
15. JANTJIES : Ja, daai was baie diep...Die Skipper sou dit ge-like het.
16. BRINK : Dankie, Salacia. (BEAT) Ons moet seker vorentoe swem, soos jy sal sê, Salacia.
17. SALACIA : *Eeass.* Jy leer my woorde. Die wat lewe het ons nodig.

1. BRINK : So, wat is die plan van aksie?
2. FRANS : Salacia?
3. SALACIA : Frans sal wys op kaart waar Nerissen gevange is.
4. FRANS : Sy is hier. VOU KAART UIT: Hier is die ou steenwerkepad. As jy daarmee aanhou dan kom jy by Malgasrots uit, hier.
5. BRINK : Ja, ons weet waar dit is. Daar's boggerôl. Net kus en rots.
6. FRANS : Ek weet. Maar as jy af stap met die paadjie, dan lei dit na die ingang van die groot stormwaterstelsel wat op die berg inloop.
7. BRINK : Steeds boggerôl.
8. FRANS : Nee. Salacia sê **die** tunnel daar lei na die ondergrondse laboratorium waar haar suster gevange gehou word. Dit is binne die berg versteek met 'n onderwater ingang teen die kus.
9. KEARNEY : Wat? Jy bedoel daar's 'n Nazi-basis reg onder on voete?
10. BRINK : Ek dog al die jare dis net 'n dreinstelsel?
11. SALACIA : Nee. Ingang tot die basis is onderwater, hier, langs die kus. Nie moontlik om daar te gaan nie. Nog 'n ingang is hier in rotsmuur. Dit lyk soos rots, maar is vals rots.
12. FRANS : Die stormwaterstelsel is 'n bedekte lugtoevoer vir die basis. Daar is nog een hier en hier.
13. SALACIA : Maar hierdie is beste plek om in te gaan. Ons sal daar gaan.
14. BRINK : Was jy al binne een van daai plekke?
15. SALACIA : (AARSEL) Nee.
16. BRINK : Hoe weet jy dan wat daar binne aangaan?
17. KEARNEY : Ja, julle weet nie eens hoe dit daar binne lyk nie, of waar haar suster presies aangehou word nie.

1. SALACIA : Ek sal weet. Nerissen sal my wys.
2. BRINK : Julle gaan dus half blind daar in?
3. KEARNEY : Net jy en Salacia?
4. FRANS : Dis die plan.
5. JANTJIES : Dit klink bietjie baie risky vir my, Skipper.
6. KEARNEY : Sonder wapens? Daai lot gaan tot die tande gewapen wees.
7. JANTJIES : Julle gaan na 'n gunfight toe met niks, Mr Baker?
8. BRINK : Dis malligheid. Die plek gaan sekerlik gevul wees met soldate en die hel weet wat nog.
9. KEARNEY : Hoe groot is so 'n basis?
10. SALACIA : Dit verskil. Hierdie een is medium grootte.
11. BRINK : Wat beteken dit?
12. FRANS : Miskien die oppervlak van 'n klein mall en miskien meer as een verdieping diep.
13. BRINK : Bliksem. Dis glad nie klein nie.
14. FRANS : Ons het die element van verrassing aan ons kant. As ons die plek ongemerk kan infiltrer, haar suster kry en weer uitglip voordat hulle iets agterkom, kan dit werk.
15. JANTJIES : Met alle respek, Mr Baker. Daai klomp pshyco's sal nie huiwer om te skiet nie. En julle is nie een bulletproof of invisible nie.
16. SALACIA : Maar ons sál wees. BIANCA het voorsien.
17. FRANS : Salacia het 'n hele paar truuks in haar sak wat sy van die tuig af saambring het. Tegnologie wat ons teen koeëls sal kan beskerm én ons 'n fighting chance sal gee.
18. JANTJIES : Regtig?

1. BRINK : Jy bedoel soos 'n koeëlvaste baadjie?
2. FRANS : Nee, Brink. Meer soos 'n koeëlvaste vel.
3. KEARNEY : Okay, so julle twee gaan julle nekke waag om haar suster daar te gaan uitsmokkel. Wat doen die res van ons?
4. FRANS : Die eerste ding wat julle moet doen sodra ons hier klaar is, is om wyd en suid te verkondig dat julle gehoor het dat daar 'n meermin in Baker en Seun se besit is.
5. JANTJIES : Wat?
6. KEARNEY : Hoe nou?
7. BRINK : Ek dog ons het besluit om niks te sê nie.
8. FRANS : Wag dat ek klaar praat. Die idee is om die boodskap by die regte ore uit te kry en ek dink hulle het **orals** ore. As hulle dink ons het 'n meermin in ons besit, gaan hulle beslis agter ons aankom, of liever hulle gaan agter **julle** aan kom. Julle moet die woord versprei dat die Seeheks nou die dag 'n meermin gevang het en dat sy in die geheim in die trawler se ruim gevange gehou word.
9. BELINDA : Frans? Is jy seker? Wat van, Sally? Dit kan haar in gevaar stel. Wat as hulle besluit om te kom kyk?
10. FRANS : Dis juis wat ons wil hê, Belinda.
11. BELINDA : Nou volg ek nie.
12. FRANS : Hulle is reeds agterdochtig. Dit sal nie veel vat om hulle te oortuig dat dit dalk waar is nie.
13. BELINDA : Okay...en?

1. FRANS : Ons moet ook die gerug versprei dat die Seeheks môre vroeg gaan uitseil na die diepsee, met die doel om die meermin terug te plaas in die oseaan waar sy gevind is. Hulle wéét dat daar een hier aan land gekom het — en Salacia sê dat hulle haar naam ken. Sy het al voorheen onderonsies met hulle gehad. As ons 'n naam aan die meermin koppel, gaan hulle nie twyfel daaraan dat die storie waar is nie. Ons ken haar naam.
2. BELINDA : (DINK) Ek dink ek weet wat julle wil doen.
3. BRINK : Ek ook. Devide en conquer.
4. FRANS : Ja. Hulle sal nie iets hier aan land waag nie, maar op die oop oseaan...en hulle sal nie die kans laat glip om nog 'n Mer in die hande te kry nie.
5. SALACIA : As die mans in swart môre agter Seeheks gaan, sal daar minder in basis wees om ons te sien.
6. FRANS : En dit gaan ons 'n beter kans gee om haar suster te red.
7. BRINK : (IN GEDAGTE) Hulle sal alles wat hulle kan spaar agter die Heks aanstuur om so 'n gesogte prys te kan op te raap. Minder probleme vir julle. Slim. Dit kan dalk net werk.
8. FRANS : Kearney, jy en Jantjies moet môre vroeg die trawler uitvat. Ons het 'n paar uur nodig om die basis deur die stromwatersisteem binne te gaan en haar suster daar uit te kry. Julle moet hulle op die oseaan besig hou so lank as wat julle kan.
9. KEARNEY: Geen probleem nie. Maar wat as hulle agterkom dis alles 'n scam?

1. FRANS : Al hoe dít kan gebeur is as hulle fisies aan boord die Heks kom om haar te kry. Hulle sal dit móét doen, want hulle kan nie waag dat julle haar in die see terug plaas nie.
2. KEARNEY : Ja, maar wat as hulle ons te vroeg stop?
3. FRANS : Ek dink nie hulle sal nie. Hulle sal dit nie naby aan die kus waag nie. Julle sal hulle moet besig hou vir solank as wat julle kan. Hulle sal julle nie stop voordat hulle nie dink julle is by die plek waar sy moet losgelaat word nie, want op die bodem wag 'n veel groter prys...
4. JANTJIES : Die UFO...ek bedoel daai flying machine met die funny naam.
5. FRANS : Bingo, Jantjies. Dis wat hulle soek. Teen die tyd dat hulle beseft wat aangaan sal alles hopenlik verby wees.
6. KEARNEY : Los dit vir my, Fransman. Ek sal daai klomp swart brommers op 'n Disney ride vat wat hulle nie gou sal vergeet nie.
7. FRANS : En net om die hele storie meer geloofwaardig te maak, wil ek hê jy en Jantjies moet vannag op die Heks slaap. Maak seker julle word gesien. Hou die ligte aan, maak beurte om soort van wag te staan deur die nag, asof daar iets aan boord is wat opgepas moet word. Lyk verdag, as jy weet wat ek bedoel.
8. JANTJIES : Kan ek 'n gun bring, Mr Baker?
9. FRANS : Nee, Jantjies, ek dink nie dis nodig nie.
10. JANTJIES : Maar wat as hulle probeer om deur die nag iets te doen?
11. FRANS : Hulle het min tyd om alles in orde te kry. Hulle gaan nie iets hier waag nie, hulle soek nie daardie tipe blootstelling nie.
12. KEARNEY : Maar jy kan verseker wees hulle gaan die trawler dophou.

1. JANTJIES : En wat as hulle nie byt aan die aas nie?
2. FRANS : Ek's seker hulle sal. Kontak almal wat julle kan en versprei die woord. Julle kan begin by ons eie crew. Hulle sal dít wat hulle nou die dag op die dek gesien het soos 'n veldbrand versprei en jy kan verseker wees hulle sal die ekstra stertjies baie vinning byvoeg.
3. BRINK : Wat moet ek doen?
4. FRANS : Jy moet die rumours hier in die kroeg begin versprei, Brink. Jy weet wie die skinderbekke hierrond is. Fluister 'n storie of twee in die regte ore en die res sal vanself gebeur.
5. BRINK : No problem. Ek kan dit doen.
6. BELINDA : En ek?
7. FRANS : Jy bly veilig by die kantoor en hou die fort. Tree normaal op.
8. BELINDA : Wat? (VIES) Te hel ek sal, Frans Baker!
9. FRANS : Ek wil jou nie in gevaar stel nie, Belinda. Ek sal myself nooit vergewe as jy iets moet oorkom nie.
10. BELINDA : Wat? Jy wil hê ek moet hier sit en mooi lyk terwyl julle almal julle nekke gaan uitsteek om Sally te help!
11. FRANS : Hierdie is gevaarlike mense, Belinda. Die tipe wat 'n gun op jou sal leegmaak net om te sien of dit werk.
12. BELINDA : As jy dink ek gaan hier rond staan soos 'n winkelpop, maak jy 'n groot fout, Frans Baker!
13. FRANS : Wees tog redelik, Belinda... Dit kan gevaarlik wees.
14. BELINDA : O, en dis nie gevaarlik vir jÓú nie? Presies wanneer het jy in Rambo se broer verander? Ek gaan saam met jou en Salacia.

1. FRANS : Komaan, Belinda —
2. BELINDA : Ek gaan saam en dis klaar! Probeer my stop!
3. SALACIA : (KALM) Belinda sal saam gaan.
4. FRANS : (VERBAAS) Maar ek dog jy wou die groep so klein as moontlik hou...dat ons besluit het sy sal bly...
5. SALACIA : Belinda kan help met suster. Drie is beter as twee.
6. BELINDA : Dankie, Sally.
7. SALACIA : Buitendien haar gedagtes is soos sterk branders. Jy sal haar nie oortuig nie, Frans Baker. Water verweer die rotse.
8. FRANS : (GEE OP) Nou goed. Ek staan nie 'n kans teen julle twee nie.
9. BELINDA : (STOUT) Nee, jy doen nie. Soos nou die nag...
10. BRINK : (AGTERDOGTIG) Het ons iets gemis?
11. FRANS : Nee, Brink. (SKERM) Kan ons terug keer na die plan?
12. JANTJIES : Ek het 'n vraag.
13. FRANS : Ja, Melvin?
14. JANTJIES : As daai Nazi's ons trawler board, wat doen ons dan?
15. KEARNEY : Ons speel dom, Jantjies. Dom soos bird shit. Ons frons en vra of ons ook kan kry van dít wat hulle rook? 'n Meermin? Op ons trawler? Waar hoor hulle daai storie? Komaan!
16. JANTJIES : Ás julle manage om haar suster daar uit te kry, wat gebeur dan?
17. FRANS : Wel, die plan is om haar so vinnig moontlik na veiligheid te bring en haar in die die tuig te kry voordat daai lot besef dat hulle op 'n wild goose chase geneem is.
18. KEARNEY : En hopenlik terugkeer na hul basis toe en ons nie sink nie.

1. FRANS : Ja, John. Salacia en haar suster sal onmiddellik terug keer na hul wêreld en ons klomp kom weer môreaand almal hier bymekaar as alles verby is.
2. JANTJIES : En dis dan dit?
3. FRANS : Dis dit. Salacia keer terug na haar wêreld en ons lewens sal hier aangaan soos normaal. (OOMBLIK) As so iets eens moontlik sal kan wees.
4. BRINK : (SAD) So, na vanaand is dit dus good-bye? Salacia sal weg wees.
5. FRANS : Ek's bevrees so, Brink. Julle sal vanaand moet afskeid neem van Salacia.
6. SALACIA : Ek sal ook almal van die Drie Ankers mis. Ek sal nie vergeet wat julle vir my gedoen het nie.
7. BRINK : Dit klink so eenvoudig en finaal.
8. FRANS : Ons sal darem almal 'n fantasties storie hê om eendag ons kinders te vertel.
9. BRINK : Wat as iets verkeerd loop?
10. FRANS : 'n Duisend dinge kan verkeerd loop, Brink. Ons bly positief.
11. BRINK : Ja, maar wat as julle gevang word...of erger...
12. FRANS : Dan's ons geskroef, Brink. En sal ons heel moontlik sonder taal of tyding verdwyn.
13. BRINK : Ek wil nie eens daaraan dink nie.
14. FRANS : Wel, moet dan nie. Ons is almal bereid om op te offer vir Salacia. (OOMBLIK) Is daar iemand hier wat nie so voel nie? (OOMBLIK VAN STILTE) Nou is die tyd om uit te stap.

1. STEMME : Nee, ons is in/ Natuurlik/ Ons is in/ ens.
2. FRANS : (STILTE) Nog goed. Ons gaan minstens probeer, even if it kills us. Ons weet nie wat binne daai bunker op ons wag nie. Maar solank as wat julle die aandag van ons kan aftrek en ons die verrassingelement aan ons kant het, kan dit dalk net slaag.
3. JANTJIES : Dis 'n desperate plan, Skipper. Klink vir my soos 'n klomp dwergies wat die draak se tande met 'n toothpick wil gaan krap.
4. BRINK : Dawid teen Goliat.
5. FRANS : Okay, ons kry die idee. Dis ál plan wat ons het. Ons móét dit laat werk.
6. BELINDA : Ek is seker dit sal werk. Ek twyfel nie daaraan nie. Nie vir een oomblik nie.
7. JANTJIES : En wat maak jou so positive, Miss Tutton?
8. BELINDA : Dis eenvoudig.
9. BRINK : Wat is?
10. BELINDA : Ons het Salacia aan ons kant...and a whole lot of magic.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 21:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. KAPT. KEARNEY

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. FRANS SE WONING. LATER DIESELFDE
AAND.**

1. FRANS : Sal Jy dit vir my doen, John?
2. KEARNEY : Natuurlik, Frans.
3. FRANS : Ek het geen ander familie nie. Jy ken die besigheid beter as ek. Jý is al wat dit sál kan doen.
4. KEARNEY : Ek voel geërd, Frans. Ek hoop nie dit sal nodig wees nie, maar wees gerus, Baker en Seun, sal in goeie hande wees.
5. FRANS : Dankie, John. Alles is in die koevert. Indien iets gebeur...as ons nie terugkom nie. Al die papierwerk is daar in. Alles is aan jou bemaak.
6. KEARNEY : Ek verstaan, Frans. Maar ek is seker ons sal mekaar môre aand weer in die Drie Ankers sien.
7. FRANS : Ek hoop so, John. Maar eerder bang Jan as dooie Jan, nè.
8. KEARNEY : Wel, ek moet Jantjies oor 'n uur by die trawler kry. Ek moet seker gaan. Dit gaan 'n lang nag wees.
9. FRANS : Nogmaals dankie vir wat jy bereid is om te doen, John. Dis nie deel van jou normale verpligtinge nie.
10. KEARNEY : Niks omtrent hierdie afgelope paar dae is juis "normaal" nie, is dit? Daar's 'n vlees en bloed meermin in jou sitkamer.
11. FRANS : Ek weet. Nogtans... (OOMBLIK) John?
12. KEARNEY : Ja.
13. FRANS : As ek nie terugkom nie... Elmo...sal jy vir hom sorg?
14. KEARNEY : Natuurlik, Frans. Elmo is familie. Hy gaan nêrens heen nie.

1. FRANS : Dankie.
2. KEARNEY : Nou ja. Ek's weg. Sterkte, Frans. Ek gaan sommer hier agter uit.
3. FRANS : Gaan jy nie vir Salacia groet nie?
4. KEARNEY : Ek's nie goed met afskeid nie, Frans, jy ken my. Sê vir haar en Belinda...(BREEK) SNUIF: Jy weet...
5. FRANS : Ek sal vir hulle sê. Totsiens, John. Ek sien jou môre-aand by die Ankers.
6. KEARNEY : Ek sal die eerste rondte koop.

FX OORGANG: DIE SITKAMER. OOMBLIKKE LATER.

7. BELINDA : Is Kearney weg? Sonder om te groet.
8. FRANS : Hy't gesê ek moet namens hom groet. Jy weet hoe hy is.
9. BELINDA : Ja, ek weet. 'n Beer met 'n klein hartjie. Onthou jy hoe hy gehuil het toe hy gehoor het ek is wees gelaat?
10. FRANS : Yep, dis, Kearney.
11. SALACIA : Kaptein Kearney het ons verlaat?
12. BELINDA : Ja, Sally.
13. SALACIA : Hy skud nie my hand nie?
14. FRANS : Hy wou, maar hy sou heel moontlik aan die huil geraak het.
15. SALACIA : Ek verstaan. Kaptein Kearney dra my in sy hart. Ek sal hom ook in my harte dra vir al my leeftye.
16. FRANS : Dankie, Sally.
17. BELINDA : Weet hy van my en Fredericks? Het jy iets gesê oor wat gebeur het?
18. FRANS : Nee, ek het niks gesê nie.

1. BELINDA : Dis beter so. As hy moet uitvind sal hy hom vir die haaie voer.
2. SALACIA : Dit sal nie nodig wees nie.
3. FRANS : Wat?
4. BELINDA : Wat het jy met hom gedoen?
5. SALACIA : Ek het niks gedoen nie. Hy het alles self gedoen.
6. FRANS : Wat bedoel jy?
7. SALACIA : Ek wys hom sy donkerste binneste. Hy soek na homself.
8. BELINDA : Waar is hy?
9. SALACIA : Waar hy sy eie hart gaan soek het. In die dieptes.
10. BELINDA : Dan is hy dood?
11. SALACIA : *Eeass.* Soos Hans Classen, vader van Angelique. Hy rus ook in die sout. Die Water het hom ook geneem.
12. FRANS : Selfmoord?
13. SALACIA : Richard Dick is alles wat fout is met julle wêreld. Setanor.
14. BELINDA : Moet ons nie iets sê nie?
15. FRANS : Nee. Dit sal nie wys wees nie.
16. BELINDA : Maar miskien moet ek hom as vermis gaan aangee. Wat as die polisie kom vrae vra. Netnou dink hulle ek het iets met sy verdwyning te doen?
17. FRANS : Ek twyfel. Julle is nie meer bymekaar nie. Jy het nie meer kontak met hom nie en dis al. Ons gee dit nog 'n paar dae en as niemand ongemaklike vrae kom vra nie dan kan ons hom by die polisie gaan aanmeld as vermis.
18. BELINDA : As iemand dit nie alreeds gedoen het nie.
19. FRANS : Dan sou hulle seker al aan jou deur kom klop het.

1. BELINDA : Ook waar.
2. FRANS : Vergeet van hom. Ons het meer belangriker goed om te bespreek as 'n vroueslaner. Fredericks was 'n ongeluk wat een of ander tyd sou gebeur het.
3. SALACIA : *Eeass*. Hy wás in 'n ongeluk by die rotse.
4. FRANS : Ek wil eerder nie vra nie. (BEAT) Salacia, jy het tegnologie om aan ons te verduidelik?
5. SALACIA : Ja. *Xhenodermongraft*.
6. FRANS : Dis die velagtige kledingstuk wat jy aan gehad het?
7. SALACIA : Dit is 'n biologiese sintetiese membraan wat met jou vel en DNA saamsmelt. Julle wetenskaplikes werk reeds aan 'n soortgelyke tegnologie, maar dit is nog in julle kinders se skoene. Ek sê reg? Aan die begin?
8. BELINDA : Dis reg, Sally.
9. SALACIA : *Xheno* is geweldig sterk. Dit is feitlik bestand teen alles.
10. FRANS : Kan dit koeëls keer?
11. SALACIA : Ja. Alles. Brand, ontploffings...
12. FRANS : Hoekom was jy dan so sleg gewond toe jy by my opgedaag het nou die nag? Jy het die membraan aangehad toe jy op die boot was.
13. SALACIA : *Xheno* is teen alles bestand. Beskerm in water, op land, ook in kosmos. Dit beheer lugdruk, temperatuur, alles. Daar is net een ding wat dit kan beskadig: soniese vibrasie.
14. FRANS : Klank?

1. SALACIA : Ja, Frans. As jy die korrekte vibrasie noot kan maak. Die soniese wapen waarmee die setanor die *Vhiamanha* beskadig het, kan ook die Xheno- membraan beskadig en deaktiveer.
2. FRANS : (DINK) Dís die vreemde geluid wat ons gehoor het die dag op die oop see. Ons het gedink dit was een of ander dieptebom.
3. SALACIA : Ja. Dit is 'n nuwe wapen wat mans in swart ontwikkel het. Dit het B.I.A.N.C.A verlam.
4. FRANS : En ons elektronika op die trawler uitgeslaan.
5. SALACIA : Dit sal ja. Die dermo het van my ontrek en ek het die beserings opgedoen wat jy gesien het.
6. FRANS : Wat bedoel jy dit het van jou “ontrek”.
7. SALACIA : *Xhenoderma* is nie soos klere wat jy aantrek nie. Dit versmelt met jou.
8. BELINDA : Versmelt?
9. SALACIA : Ek sal wys. B.I.A.N.C.A het drie nuwe sfeer kapsules verskaf. Een vir elk van ons. Ek het dit saam gebring vanaf haar.
10. FRANS : So, jy het geweet dat Belinda gaan saamgaan, nog voordat ons gepraat het?
11. SALACIA : Ja. Jammer, Frans. Ek wou eers nie sê nie, maar Belinda móét saamgaan. Ek sal verduidelik as dit tyd is. Nou eers verduidelik ek *Xhenoderma*. Dit is eerste belangrik nou.

FX

RITSLUITER WORD OOPGETREK. HOUER WORD

UITGEHAAL EN OOP GEMAAK. ‘N VREEMDE GONS

GELUID EN PULS KAN GEHOOR WORD.

12. BELINDA : Hemel... Dit lyk dan lewendig!

1. FRANS : Drie pullsende albasters.
2. SALACIA : (LAG) Nee, nie albasters nie. Hier, hou in jou hande.
3. FRANS : Is dit veilig?
4. SALACIA : Nulma. Hier neem.
5. FRANS : Dis warm.
6. BELINDA : Dit prikkel.
7. FRANS : Wat is in die binnekant? Daar kolk iets soos 'n lig in die binnekant.
8. BELINDA : Dis so mooi. Soos 'n maalkolk van reënboog lig...
9. SALACIA : Xhenoderma is soos BIANCA. Dit is lewendige biologiese sintetiese lewensvorm. Dit sal jou DNA ontleed en saam met jou smelt.
10. FRANS : Hoe werk dit?
11. SALACIA : Plaas eers die kapsules op die tafeltjie. Verwyder nou eers julle mensklere.
12. BELINDA : Ons moet uitrek?
13. SALACIA : Ja.
14. BELINDA : (NONCHALANT) Okay. Geen probleem nie.
15. FRANS : (HUIWER) Jy bedoel, alles?
16. BELINDA : Ja, Frans. Jy't niks wat ons nog nie gesien het nie. Doen dit.
17. SALACIA : *Eeass*. Dermo versmelt met vel nie met klere nie. Dit verbind direk met die dermis en epidermis van vel, DNA en brein. Ek sal demonsteer.
18. FRANS : Gaan jy nie ook uittrek nie?

1. SALACIA : Nee. Dis nie nodig nie. Ek weet hoe om dit te doen. Jy en Belinda moet leer voor die dag van môre kom. Ek sal net wys hoe om te begin.
2. FRANS : O, wel, hier gaan ons. Na nou die aand in my kamer hoef ons seker nie meer skaam te wees vir mekaar nie.

FX **KLERE WORD UITGETREK. ELMO BLAF AANHOUDEND.**

3. BELINDA : (LAG) Elmo dink dis 'n speletjie.
4. FRANS : Nie nou nie, Elmo. Gaan lê. Elmo! Komaan!
5. SALACIA : Ek dink die Xhenodermo ontplooiing gaan sy ore seer maak. Dit is baie hoe frekwensies. Elmo sal dit kan hoor.
6. FRANS : Hy moet maar leer. (BEAT) Right, ons is gereed, Sally. Wat nou?
7. SALACIA : Neem jou kapsule in die linker hand.
8. FRANS : Hoekom links?
9. SALACIA : Linkerkant is negatief en neem in. Regterkant is positief en straal uit.
10. FRANS : Hoe?
11. BLINDA : Doen so, Frans. Linker hand.
12. FRANS : Okay. Linkerhand.
13. SALACIA : Hou dit op jou hand se palm. Moet nie 'n vuis maak nie.
14. BELINDA : So.
15. SALACIA : Ja. Belinda doen dit reg.
16. FRANS : Dis maklik genoeg. En dan? Hoe skakel jy dit aan? Waar's die skakelaar?
17. SALACIA : Jou brein.

1. FRANS : Wat?
2. SALACIA : Jy aktiveer dit met jou gedagtes.
3. FRANS : Damn...hoe doen ek dit?
4. SALACIA : Konsentreer op die ligkolk binne die sfeer. Fokus jou aandag op die lig alleenlik, soos wat jy sal konsentreer op 'n kersvlam.
5. FRANS : Kan ek sit?
6. SALACIA : Nee, Frans Baker. Hou jou arm reguit. Fokus op die lig en beveel dit om jou te bedek. Stuur die gedagte.
7. FRANS : Dis makliker gesê as gedoen.
8. SALACIA : Jou gedagtes is soos wilde visse, Frans. Fokus. Stuur vibrasie na sfeer. Een gedagte. Stuur dit deur jou arm na jou hand se palm en in die sfeer. Maak jou gedagtes een.
9. FRANS : Ek probeer. Niks gebeur nie.
10. BELINDA : O my genade! (LAG) Ek dink iets gebeur! Kyk! Ek kry dit reg! Kyk! O my soul!

FX DIE SONIESE KLANK VERANDER. ELMO BLAF.

11. SALACIA : Mooi, Belinda. Jy doen dit reg. Hou aan.
12. BELINDA : Kyk, Frans! Dit vloei soos water oor my arm. (GIGGEL) Dit kielie! (GIGGEL EN LAG)

FX DIE DERMO ONTPLOOI MET 'N VREEMDE GELUID.

13. FRANS : Verdomp. Hoekom kry jy dit so maklik reg, Belinda?
14. BELINDA : Ek weet nie, Frans. Dit het net gebeur. Probeer weer.
15. FRANS : Ek probeer, ek probeer...maar niks wil gebeur nie.
16. SALACIA : Belinda is half-Mer. Die dermo verbind makliker met haar brein en DNA. Dit herken die Mer in haar DNA.

1. BELINDA : Dit voel of miljoene klein vingertjies my vel maseer.
2. SALACIA : Dis die derma wat verbind met die senuweepunte in jou vel. Dit neem 'n paar sekondes om jou hele liggaam te bedek.
3. BELINDA : Hemel, Frans, jy moet dit ervaar! Dis asof die feetjies jou 'n full body massage gee! Dis ongelooflik!
4. FRANS : (ONGEDULDIG) Ek probeer, Belinda. Dammit!
(KONSENTREER HARD) Komaan, doen dit,
komaan...ontplooï, ontplooï...
5. BELINDA : Dit help nie jy praat daarmee nie, Frans. Dis nie voice activated nie.
6. FRANS : Ek wéét Belinda. Ek probeer die woorde stuur, maar dit werk nie. My arm raak al lam. Jy laat dit maklik lyk. Ek dink nie die ding hou baie van my nie.
7. BELINDA : (LAG) Komaan, Frans! Wag. Stop. Okay, jy het gesien hoe dit van my hand af oor my arm begin vloei het?
8. FRANS : Ja.
9. BELINDA : In plaas daarvan om die woorde te stuur, probeer om eerder **die beeld** van wat jy gesien het te stuur.
10. SALACIA : Belinda is reg, Frans Baker. Dermo verstaan nie woorde nie. Dit werk soos ons vaartuie. Dit gaan waar ons dink.
11. BELINDA : **Sién dit** wat moet gebeur in jou verbeelding. Soos 'n film.
12. FRANS : Soos 'n film?
13. BELINDA : Ja. Probeer. Speel dit in jou kop soos 'n film. Visualiseer dit.
14. FRANS : Okay. Here goes nothing. (KONSENTREER) Visualiseer...
Komaan...komaan. Ontplooï...

1. BELINDA : Sonder die Afrikaanse subtitles, Frans.
2. FRANS : Jammer.
3. BELINDA : Hou aan...moet nie stop nie.
4. FRANS : Ek hou...ek hou...
5. BELINDA : Kyk!

FX **DIE SONIESE KLANK VERANDER. ELMO BLAF**

OPGEWONDE. DIE DERMO ONTPLOOI MET 'N NAT

GELUID.

6. FRANS : DAMN! Ek het dit gedoen!
7. SALACIA : Geluk, Frans Baker. Hou die beeld in jou gedagtes totdat die Xhenodermo volledig met jou verbind het.
8. BELINDA : Dit voel of ek niks aan het nie. (BEAT) Dit sal ons beskerm?
9. SALACIA : Teen alles behalwe as jy in die son so val...
10. BELINDA : Regtig?
11. SALACIA : Miskien 'n kernontploffing....
12. FRANS : Hel, ek sien wat jy bedoel, Belinda. Dis beter as my eie vel.
Dis wonderlik. Kan ons dit aanhou, Sally?
13. SALACIA : Ja, Frans. Jy kan jou klere daaroor aan trek as jy wil. Maar ek wil hê julle moet dit nog oefen. Met genoeg oefen sal julle dit vinniger kan aantrek en uittrek.
14. BELINDA : Hoe trek ons dit uit?
15. SALACIA : Soos aantrek. Plaas sfeer in regterhand se palm om dermo terug te plaas. In gedagtes, visualiseer dermo wat terug vloei in die sfeer.
16. FRANS : Dis al? Ons **dink** dit weer terug?

1. SALACIA : Ja. Maar daar is nog ander eienskappe wat julle moet leer.
2. FRANS : Soos?
3. SALACIA : Om die kopstuk te aktiveer.
4. FRANS : Daar's 'n kopstuk?
5. SALACIA : Eeass.
6. BELINDA : Waar?
7. FRANS : Ek sien niks.
8. SALACIA : Hou jou regterhand onder jou ken. So.
9. BELINDA : So?
10. SALACIA : Ja. Beweeg jou hand oor jou gesig na die agterkant van jou kop om die helm te aktiveer.

FX **SONIESE KLANKE. HELMS ONTPLOOI.**

11. FRANS : (FILTER) Jeez!
12. BELINDA : (FILTER) Maggies! Dis só cool!
13. SALACIA : Die helm het verskeie visuele en ander funksies. Tik twee maal met jou indeks vinger langs jou regter oog.

FX **SONIESE KLANKE.**

14. FRANS : (FILTER) Infrarooi sig!
15. SALACIA : (FILTER) Tik tweemaal met die indeks vinger langs linker oog.

FX **SONIESE KLANKE.**

16. BELINDA : (FILTER) Ultraviolet visie!
17. SALACIA : Plaas beide hande oor julle ore. Tik met die indeksvinger teen die kant van jou kop twee keer.
18. BELINDA : Teen die slape?
19. SALACIA : Eeass. Die slape. So. Tik twee maal teen die kant van jou kop.

FX **SONIESE KLANKE.**

1. BELINDA : (FILTER/MUTE) Hallo? Waar het die klank heen gegaan? Ek kan niks hoor nie.
2. FRANS : (FILTER/ MUTE) Wat? Wat sê julle? Ek kan nie hoor nie! Hallo.
3. SALACIA : Doen dit weer. Hou jou hande oor jou ore en tik langs jou kop met die vinger twee keer.
4. FRANS : (FILTER/MUTE) Wat? Ek hoor niks.
5. SALACIA : Ek wys weer. Twee keer. Doen dit weer.

FX **SONIESE KLANKE.**

6. FRANS : (NORMAAL) Aha! Hemel ek het gedink ek het doof geword.
7. BELINDA : (NORMAAL) Ek ook. Dis amazing!
8. SALACIA : Ja, geen klank. Die helm laat jou ook toe om onder water asem te haal of in kosmos-ruimte. Om deur helm te kommunikeer plaas vinger oor mond. Om kommunikasie te stop, plaas weer vinger oor mond soos om iemand stil te maak.
9. FRANS : Dis soos ons slimfoone se die bewegings, dis intuïtief.
10. BELINDA : Net ongelooflik ver gevorderd.
11. FRANS : Hoe verwyder ek weer die helm?
12. SALACIA : Plaas hand agter kop by nek en trek weer oor jou gesig tot onder jou ken.

FX **SONIESE KLANKE. HELMS MAAK WEER OOP.**

13. FRANS : Geen wonder daai klomp Nazi's is desperaat om hul kloue op jul tegnologie te kry nie. Kan jy dink wat ons hiermee kan doen? Die militêre implikasies.
14. BELINDA : Ek sidder om te dink wat hulle daarmee sal kan doen.

1. FRANS : Of **wil** doen.
2. SALACIA : Xhenodermo is eenvoudige Mer-tegnologie. Daar is ander wat julle meer sal verbaas.
3. FRANS : Het die dermo enige ingeboude wapens?
4. SALACIA : Nee, Frans. Dit is slegs vir beskerming.
5. FRANS : Het julle enige wapentuig?
6. SALACIA : Nie soos julle nie, nee. Ons benodig nie wapentuig soos julle nie. Mer is self 'n wapentuig. *Vhiamanha* is 'n wapentuig.
7. FRANS : Jy bedoel?
8. SALACIA : *Vhiamanha* dra tegnologie soos ons stemme en kan voorwerpe disintegreer soos wat ek met glas in Drie Ankers gedoen het. Ons gebruik dit net wanneer in gevaar. Soos ons stemme. Soniese vibrasies. Die natuur en elemente is ons wapentuig.
9. FRANS : Soos wat julle gedoen het met die helikopters daar op die oop see nou die dag?
10. SALACIA : Eeass. Dit was 'n klein demonstrasie van wat ons kan doen.
11. BELINDA : Nou voel ek baie beter oor môre.
12. SALACIA : Dit is goed. Ons sal setanor verras. Ek gaan nou tot rus verkeer. Môre gaan 'n lang dag wees vir ons.
13. FRANS : Ja, ek dink dis 'n goeie idee. Kom ons gaan slaap.
14. SALACIA : Nee. Nie julle twee nie. Jy en Belinda moet nog oefen met dermo. Julle moet dit vinniger kan aan - en uittrek. Doen dit binne drie sekondes van julle tyd, dan mag julle kom slaap. Belinda, jy moet Frans help.

1. BELINDA : Dis goed so, Sally. Ek sal hom dril tot hy dit behoorlik in drie sekondes kan doen.
2. FRANS : Hel, ek het nie gedink ek sal die dag sien wat 'n vroumens in drie sekondes kan aan -en uittrek nie!
3. BELINDA : Jy's laf, Frans. Kom laat ons begin. Trek uit die dermo.
4. FRANS : (ASPRIS) Jy wil my net weer uittrek...
5. BELINDA : Frans! (LAG) Hou op. Komaan, ons het nie heel nag tyd nie.
6. SALACIA : Ek gaan vir my melkkoffie maak en vir julle wag in die kamer. Ek sal rus en dink, oor môre. Ek sal wag vir Frans en Belinda op bed van Frans.
7. FRANS : Jy kan gerus maar slaap, ons kan dalk ure wees.
8. SALACIA : Nee. (BEWEEG VAN MIK) Ek sal wag op die bed. Familie slaap saam, familie is liefde en swem saam in dieptes...
9. FRANS : (FLUISTER) Bedoel sy wat ek dink sy bedoel?
10. BELINDA : Moet jou nie dom hou nie, Frans. Natuurlik is dit wat sy bedoel. En hoekom fluister jy, sy kan jou gedagtes sien.
11. FRANS : Ek dink sy's net so gestress soos ons, al wys sy dit nie.
12. BELINDA : Sy is. Toe jy met Kearney besig was het sy dit in soveel woorde probeer sê. Haar suster kommunikeer byna nie meer met haar nie.
13. FRANS : Ek hoop nie ons is te laat nie.
14. BELINDA : Ons dink nie daaraan nie. Een ding op 'n slag, Frans.
15. FRANS : Jy's reg. Een ding op 'n slag. (OOMBLIK) So, is jy reg?
16. BELINDA : Vir wat? Vir oefen?

1. FRANS : Ja, dit ook. Maar ek bedoel vir wat in daai mooi meerminkop daar in my kamer broei.
2. BELINDA : Oor môre? (BEAT) Of bedoel jy *Taafoowii*...
3. FRANS : Ek bedoel *Taafoowii*.
4. BELINDA : Wel... jy moet erken, ons is almal baie gestress, en ek dink *taafoowii* is dalk net die ding om dit mee te verlig...
5. FRANS : My gedagtes ook. Buitendien dis baie moeilik om vir haar nee te sê.
6. BELINDA : Ek weet... (OOMBLIK) Jy lyk baie sexy in die dermo.
7. FRANS : Jy dink so?
8. BELINDA : Hmm.
9. FRANS : Jy ook.
10. BELINDA : (SPEEL) Dink jy jy kan binne drie sekondes daar uit kom?
11. FRANS : Elmo, ek's bevrees jy slaap weer buite vannag.

BYK: ELMO KLA EN SUG. SLOTKENWYSIE EN

EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 22:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. KAPT. KEARNEY
5. JANTJIES
6. VAN RÖHM
7. NERISSEN

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienommer
UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. DIE VOLGENDE DAG. BUIE AKOESTIEK
NABY OSEAAN. DIE INGANG TOT DIE BASIS.**

1. FRANS : Ons is geskroef! Die ingang is gesluit met 'n enorme ketting en slot. Daar's geen manier wat ons hier gaan inkom sonder 'n bolt cutter nie. Ons moes daaraan gedink het! Verbrands!
2. BELINDA : Wat doen ons nou?
3. FRANS : Ek sal moet terug gaan en 'n paar cutters gaan kry. Ek het nie verwag dat die ingang met 'n traliehek sou gesluit wees nie.
4. SALACIA : *Nema.* Dit sal nie nodig wees nie.
5. FRANS : Wat gaan jy doen, Sally?
6. SALACIA : Dis geroes. Dit sal maklik breek. Staan terug.

FX METAAL KRAAK EN BUIG. KETTING BREEK.

7. FRANS : Herinner my om nooit met jou in 'n armdruk-kompetisie betrokke te raak nie.
8. BELINDA : (LAG) Ek het mos gesê dis goed om haar aan ons kant te hê.
9. SALACIA : Belinda jy moet stap tussen my en Frans.

**FX HEK KRAAK OOP. AKOESTIEK VERANDER NA BINNE
STORMWATER SISTEEM. BUIE OSEAAN AKOESTIEK
VERVAAG SOOS WAT HULLE DIEPER BEWEEG.**

10. FRANS : Magtig, dis enorm.
11. SALACIA : Volg my.
12. FRANS : Ons is op jou hake. Dis donker. Moet ons die helms aanskakel?
13. SALACIA : Nee, dis nog nie nodig nie. Ek sal sê. Dermo het ingeboude nimbus vir lig. Druk hier met jul vingers.

FX ELEKTRONIESE ZING AS LIG GEAKTIVEER WORD.

1. BELINDA : (BANGSTE GIL) Ahhh!
2. FRANS : (BEKOMMERD) Belinda?
3. BELINDA : (GRIL) Spinnerakke...
4. FRANS : (VERLIG) Dis net spinnerakke. Vee dit net uit die pad.
5. BELINDA : Ja, maar waar's die spinnekoppe aan wie dit behoort... juk!
6. FRANS : (LAG) Hulle het weggehardloop toe hulle hoor jy kom.
7. BELINDA : Jy's nie snaaks nie Frans. Ek haat spinnekoppe.
8. FRANS : Jy het 'n dermo aan wat jou teen 'n bom kan beskerm, Belinda.
Ek's seker dit sal 'n spinnekop kan weerstaan.
9. BELINDA : Ek weet. (GRIL) Nog steeds... flip...dis spinnekoppe...
10. SALACIA : Die spinnekoppe is goeie teken. Hier was niemand hier
binne nie, sien. Die spinnerakke is nie gebreek nie. Kom.
11. FRANS : Ek wonder hoe dit met Kearney-hulle daar buite op die oseaan
gaan?

FX OORGANG: TRAWLER MOTOR. OOP OSEAAN.

12. KEARNEY : Sien jy iets, Jantjies?
13. JANTJIES : Niks, Skipper. All quiet.
14. KEARNEY : Dalk het hulle nie gebyt nie.
15. JANTJIES : Miskien, Skipper. Maar dalk hou hulle ons dop op 'n ander
manier.
16. KEARNEY : Soos wat? Ek sien niks. Nie 'n boot of helikopter in sig nie.
17. JANTJIES : Miskien onder die water. 'n Submarine, Skipper?

1. KEARNEY : 'n Duikboot? (DINK) Ek het nie daaraan gedink nie. Dink jy hulle het sulke goed?
2. JANTJIES : As hulle sulke fancy choppers kan vlieg dan kan hulle seker sulke goed ook hê. Miskien.
3. KEARNEY : Ons sonar is nog steeds dood na nou die dag se fiasko. Ek kan nie eens check nie. (BEKOMMERD) Hulle kan reg onder ons wees, en ons sal nie weet nie.
4. JANTJIES : Miskien, Skipper.
5. KEARNEY : Ons het ook geen manier om Frans-hulle te kontak en te laat weet wat aangaan nie. (OOMBLIK) Ek hoop hulle is okay...

FX **OORGANG: BINNE STORMWATERTONNELS.**

6. FRANS : Ek hoop hulle is okay daar buite...
7. BELINDA : Ek's seker hulle sal wees.
8. SALACIA : Stop...Kyk.
9. FRANS : Is daar fout, Sally?
10. SALACIA : Die tunnel verdeel hier voor, sien.
11. FRANS : Watter kant kies ons? Link of regs?
12. SALACIA : (BESLIS) Links. Ons gaan links.
13. FRANS : Jy's baie seker van jou saak?
14. SALACIA : Ja. Regter tunnel is watervoor. Linker tunnel is 'n vals kanaal.
15. BELINDA : Hoe weet jy dit?
16. SALACIA : Jou spinnekop vriende. Baie meer in die linker kanaal. Daar vloei nie water nie. Dit is die regte rigting om te gaan. Maar ek volg ook suster se essens. Dit is daardie kant toe.
17. BELINDA : Kan jy haar nog voel?

1. SALACIA : Dis baie swak, maar ek kan haar steeds voel.
2. FRANS : Links is dit dan. Voorwaarts.
3. BELINDA : Hoe ver nog?
4. SALACIA : Nie seker nie. Hierdie tonnel verskaf atmos aan basis. Ons moet gaan tot waar dit met die basis verbind en toegang vind.
5. FRANS : In die monster se bek in...
6. BELINDA : Ek wonder of dit al lig is buite?
7. FRANS : Ek het geen benul van tyd nie. Ek dink dit moet nou so net na sewe wees. Kearney-hulle behoort al halfpad te wees.

FX **OORGANG: TRAWLER. OOP OSEAN.**

8. JANTJIES : Miskien moet ons omdraai, Skipper.
9. KEARNEY : Wat's dit met jou en al die "miskien's". Jy's so jumpy soos 'n blerrie jellievis, al van gisteraand af.
10. JANTJIES : Ek bedoel maar net, dit lyk nie of hulle die bait geneem het nie. Ons is al halfpad na die waypoint en daar is niks daar buite nie. Net oseaan.
11. KEARNEY : Nee. Ons hou by die plan come hell or high water. My guts sê vir my hulle is daar buite. Hulle hou ons dop.
12. JANTJIES : (ASIDE) **My** guts voel nie te goed nie.
13. KEARNEY : Daar was gisternag laat 'n swart sedan wat op die kaai geparkeer het. Dit was heel nag daar en toe vroeg vanoggend was dit weg.
14. JANTJIES : (NAAR) Ek voel nie te lekker nie, Skipper.
15. KEARNEY : En van wanneer af raak jy skielik seesiek? Wat de hel gaan aan met jou?

1. JANTJIES : Ek's net nervous, Skipper. My maag kan nie die stress hanteer nie.
2. KEARNEY : Jy raak nie hier binne naer nie. Gaan daar buite. En as jy terug kom dan maak jy vir ons koffie. Ruk jousef reg, man. Ons sal die dag ook oorleef.
3. JANTJIES : Ek hoop so, Skipper. Ek hoop so...

FX

OORGANG: BINNE STORMWATERTONNELS.

LUGTOEVOER MOTOR DREUN IN A/G. MASSIEWE

SKROEWE WAT SWIEP EN DRAAI.

4. FRANS : (MISMOEDIG) Dis die einde van die pad. Dis 'n doodloop. Daar's geen manier wat ons deur daai massiewe skroewe gaan kom nie. As een van daai blades jou tref is dit tickets. Tensy ons die krag van die motor kan vind en afsny.
5. BELINDA : En hoe gaan jy dit doen?
6. FRANS : Geen idee nie. Ons is geskroef, letterlik en figuurlik.
7. SALACIA : Kyk rond. Daar moet 'n ingang wees. Daar is ligte hier.
8. FRANS : Jy's reg. Die motor moet gediens word en die ligte moet vervang word. Iewers moet 'n diensluik of deur wees.
9. BELINDA : Hier's niks aan my kant nie. Net soliede muur.
10. FRANS : Ek sien nie 'n sy-deur of iets nie, maar hier moet **iets** wees.
11. BELINDA : Hier! Hier's 'n deksel in die vloer. Hier in die hoek.
12. FRANS : Dank die gode!
13. SALACIA : Nulma! Dis wat ons moet gebruik om binne die basis te kom.
14. FRANS : Kom ons hoop dis nie gesluit of vasgeroes nie. **STEUN EN KREUN OM LUIK OOP TE MAAK:** Sally, ek het hulp nodig.

FX LUIK KRAAK EN KLAP OOP. METAAL BUIG EN BREEK.

1. SALACIA : Daar. Nou is dit oop.
2. FRANS : (VERDWAAS) Dankie, Sally. (SARKASTIES) En ek dink dit sal ook nie weer kan toe maak nie...
3. SALACIA : Ek sal eerste gaan. Daar is 'n leer na benede.

FX KLIM AF TEEN METAAL LEER.

4. FRANS : Kan jy iets sien?
5. SALACIA : (VAN MIK) Nee. Ek sal verder af beweeg en kyk.

FX KLIM AF TEEN METAAL LEER.

6. SALACIA : (ROEP TERUG/EFFEK) Dis 'n groot vertrek.
7. FRANS : Kan jy sien wat dit is?
8. SALACIA : (EFFEK) Dit is diep donker. Die dermo se lig strek nie so vêr nie. Aktiveer kopstukke. Skakel die nag-visie aan.

FX HELMS AKTIVEER. (DIALOOG FILTER)

9. SALACIA : (FILTER) Ek gaan verder afklim.
10. FRANS : (FILTER) Ons kom. Belinda, gaan jy eerste.
11. BELINDA : (FILTER) Goed.

FX METAALLEER KLANKE ONDER VOLGENDE DIALOOG.

12. FRANS : Versigtig. Hou vas.
13. BELINDA : Ek haat hoogtes.
14. FRANS : Moet dan nie af kyk nie.
15. BELINDA : Waar's Sally?
16. FRANS : Reg onder jou. Hou aan met beweeg.
17. BELINDA : Ek ruik petrol.
18. FRANS : Dit ruik soos jet fuel. Ek dink ons is in 'n stoor area of so iets.

1. BELINDA : Frans! Kyk. Sien jy dit?
2. FRANS : Damn. Dis nie 'n stoor nie, dis 'n vliegtuigloods.
3. BELINDA : Is dit die helikopter waarvan julle gepraat het.
4. FRANS : Ja, dis die een wat weggekom het.
5. BELINDA : Lyk nie soos enige helikopter wat ek al gesien het nie. Weird.
6. FRANS : Ons is beslis op die regte plek.
7. BELINDA : Frans. Wat is dit? Daar onder.
8. FRANS : Dis lyk soos 'n duikstasie vir 'n duikboot.
9. SALACIA : (FILTER/BENEDE) Ek is op die vloer! Kom hier.
10. FRANS : Ons kom.

FX METAALLEER KLANKE. KLIM EINDIG.

11. SALACIA : (NADER) Ek weet wat hierdie plek is.
12. FRANS : Ja, dis 'n vliegtuigloods en 'n duikboot ankerplek.
13. SALACIA : Nulma. Waar is die duikboot?
14. FRANS : Baie goeie vraag.

FX OORGANG: TRAWLER. OOP OSEAAN. TRAWLER MOTOR

SNY EN KOM TOT STILSTAND.

15. JANTJIES : Wat doen ons nou, Skipper?
16. KEARNEY : Ons wag en kyk wat byt aan die lyn. Hou jou oë oop.
17. JANTJIES : Reg so, Skipper. (OOMBLIK) Wat as hulle miskien nie kom nie?
18. KEARNEY : Daar gaan jy alweer met die "miskien".
19. JANTJIES : Ek sê maar net, Captain. Miskien moet ons maar omdraai.
20. KEARNEY : Nee. Ons is hier. Ons wag.
21. JANTJIES : Hoe lank gaan ons wag?

1. KEARNEY : (VERVIES) So lank as wat dit nodig is, magtig!
2. FRANS : Reg so, Skipper.
3. KEARNEY : Hou jou oë oop. Ek gaan nog koffie kry.

FX **OORGANG: BINNE BASIS AKOESTIEK. VOETSTAPPE.**

4. SALACIA : (FLUISTER) Hier langs. Nerissen is aan die einde van hierdie gang. Sy is naby. Ek kan haar voel.
5. FRANS : (FLUISTER) Waar is al die mense? Ek het nog nie 'n lewende siel gesien nie.
6. BELINDA : Dalk het ons plan beter gewerk as wat ons gedink het.
7. FRANS : Daar's geen kameras of surveillance hierbinne nie. Niks. Hulle is of baie dom of baie arrogant.
8. BELINDA : Ek dink dis die laaste een.
9. FRANS : Dis baie stil. Te stil.
10. SALACIA : Jy is reg. Nerissen probeer iets vir my wys. Maar sy is baie verswak. Ek verstaan nie wat sy probeer sê nie.
11. FRANS : Iets is af... Hierdie plek is 'n rilling wat 'n ruggraat soek om teen op te kruip. Ek vertrou nie die vrede nie.
12. BELINDA : As dit te goed is om waar te wees...
13. SALACIA : Julle kan gaan. Ek sal alleen verder gaan. Nerissen is in die vertrek voor ons. Ek kan haar nie los nie.
14. FRANS : Nee, ons bly. In for a penny, in for a pound. Belinda?
15. BELINDA : In die oseaan kan jy net vorentoe swem...om 'n goeie vriendin uit die oseaan aan te haal.
16. SALACIA : Dankie, Frans en Belinda.
17. BELINDA : Sal ons klop en binne gaan?

1. FRANS : Well, here goes nothing...

FX

ELEKTRONIESE DEUR SKUIF STADIG OOP.

OORGANG: DIE TRAWLER OP DIE OOP SEE

2. KEARNEY : (ONTPLOF) Jy het wat!

3. JANTJIES : Ek's jammer, Skipper.

4. KEARNEY : Stinkende rooiaas! Idoot! Besef jy wat jy gedoen het!

5. JANTJIES : Hulle het my 'n fortuin aangebied...

6. KEARNEY : Jou Judas! Jy het ons uitverkoop vir dertig stukkies silwer! Ek is lus en gooi jou oorboord!

7. JANTJIES : Ek het nie 'n keuse gehad nie, Captain. Hulle het my gedreig!

8. KEARNEY : Hulle het my ook gedreig, maar ek het nie my vriende uitverkoop nie! My magtig, Jantjies! Hoe kon jy!

9. JANTJIES : (EMOSIE) Vergewe my, Skipper.

10. KEARNEY : Vergewe? Vergewe! Weet jy wat jy gedoen het!

11. JANTJIES : Ek's jammer...

12. KEARNEY : Jy het Frans Baker vermoor! Jy het Belinda Tutton vermoor!

13. JANTJIES : Nee...moet nie dit sê nie...

14. KEARNEY : Jy het Salacia vermoor en haar suster...

15. JANTJIES : Ons moet teruggaan. Ons moet hulle gaan waarsku!

16. KEARNEY : En hoe wil jy dit doen! Dis te laat. (VERSLAE) Dis te laat...

17. JANTJIES : Nee, ons kan hulle stop...ons kan...(BESEF) Wat het my besiel...

18. KEARNEY : Hoeveel het hulle jou aangebied?

19. JANTJIES : 'n Fortuin, Skipper.

20. KEARNEY : HOEVEEL!

1. JANTJIES : Twee miljoen...
2. KEARNEY : Wat het jy hulle alles vertel?
3. JANTJIES : Alles.
4. KEARNEY : Alles? Dan's ons ook dood.
5. JANTJIES : Wat bedoel jy?
6. KEARNEY : Het jy die geld?
7. JANTJIES : Hulle het my honderd duisend kontant gegee. Hulle het gesê ek sal die res kry wanneer ek terug is.
8. KEARNEY : En jy het hulle geglo. Jou idoot. Jou idoot...
9. JANTJIES : Ek het die geld gesien, Skipper. Twee groot tasse.
10. KEARNEY : Het jy van die geld by jou?
11. JANTJIES : Ja.
12. KEARNEY : Ek sien.
13. JANTJIES : HAAL GELD UIT: Hier.
14. KEARNEY : (OOMBLIK) Nes ek gedink het. Toilet papier is meer werd.
15. JANTJIES : Wat?
16. KEARNEY : Dis vals jou mamparra! Jy het jou siel aan die duiwel verkoop vir toilet papier. Kyk!
17. JANTJIES : Nee. Dit kan nie wees nie...Ek het dit gesien...(BESEF) Jirre. Wat het ek gedoen.
18. KEARNEY : Hulle was nooit van plan om jou te betaal nie, jou idioot. Ons gaan almal verdwyn...almal.
19. JANTJIES : Wat bedoel jy, Skipper. Ons kan nie net verdwyn nie. Dis nie moontlik nie. Nie in vandag se lewe nie.

1. KEARNEY : Groei 'n blerrie brein, Jantjies! Ons is hier kilometers in die diep oseaan op 'n boot wat sleg beskadig is. Niemand weet ons is hier nie. Ons het geen comms nie. Ek het geen vaartplan gefile nie. Ons is in die wind...
2. JANTJIES : Niemand weet ons is hier buite nie?
3. KEARNEY : Net Brink. Niemand weet waar Frans en Belinda hulle bevind nie. Salacia bestaan nie...ons is spoke...verdwynbaar.
4. JANTJIES : (BEVREES) Ons gaan nie terug nie...gaan ons, Captain?
5. KEARNEY : Nee. Hierdie was ons laaste vaart.
6. JANTJIES : Dink jy hulle gaan ons sink, Skipper?
7. KEARNEY : Ek dink nie so nie, ek is seker daarvan. Die dooies kan nie praat nie. Ons moet hier weg.
8. JANTJIES : (emosie) Wat het ek gedoen...stupid... stupid!
9. KEARNEY : Hoe lank kan jy water trap, Jantjies?
10. JANTJIES : Hoe no, Skipper?
11. KEARNEY : Jy was reg. Hulle **het** die bait gevat. **Ons is** die bait...
12. JANTJIES : Hoe weet jy, Skipper?
13. KEARNEY : Dit **is** 'n duikboot. Kyk. Aan die stuurboord-kant. Dis jou nuwe vriende. Ons is nou in die hande van die gode...

FX **DUIKBOOT VERREIS UIT DIE OSEAAN.**

OORGANG: DIE BASIS. DIE DEUR SKUIF OOP.

LABORATORIUM ATMOSFEER.

14. SALACIA : Bly agter my. Hou julle oë oop.
15. BELINDA : Genugtig...wat is hierdie plek?
16. SALACIA : Setanor... (VLOEK) *Jaazhic!*

1. FRANS : Dis 'n soort laboratorium... ek dink.
2. BELINDA : Vir?
3. FRANS : Necropsy.
4. BELINDA : Ek wil eerder nie vra wat **dit** beteken nie. Die plek gee my die horries. Hemel wat doen hulle hier?
5. FRANS : Sally, waar is Nerissen? Sien jy haar?
6. SALACIA : Daar. In die middelste bio-tenk.
7. FRANS : Ek sien niks. Die water is te troebel.
8. SALACIA : Sy is op die bodem... Ek dink nie ons is meer alleen nie.
9. FRANS : Jy's reg. Ek kan dit voel.
10. BELINDA : Ek ook. Oor my hele liggaam.
11. SALACIA : Dis die dermo. Dit weet. Hulle is oral om ons. Ek hoor hul gedagtes.
12. FRANS : Hoeveel?
13. SALACIA : Omtrent dertig.
14. FRANS : Hel! Dis 'n lokval. En ons het oop oë daarin geloop!
15. BELINDA : Maar hoe het hulle geweet?
16. FRANS : Ek het geen idee nie. Wat doen ons nou?
17. SALACIA : Wag hier. Bly bymekaar. Ek gaan nader aan die tenk.
18. BELINDA : Wees versigtig.
19. SALACIA : KLOP AAN GLAS: (FILTER GEDAGTE GESPREK MET VOLGENDE DIALOOG) Nerrisen? (BEAT) Nerrisen? Ek is hier. Kan jy my hoor? Dis Salacia.
20. BELINDA : (OP MIK) Wat doen sy?
21. FRANS : (OP MIK) Ek dink sy praat met haar suster.

1. SALACIA : (FILTER) Nerissen...
2. NERISSEN : (FILTER) (SWAK) Salacia...
3. SALACIA : (FILTER) (BLY) Ek is hier! Ek het jou kom haal.
4. NERISSEN : (FILTER) Gevaar....ek het probeer. Jy moet nie hier wees nie.
5. SALACIA : (FILTER) Ek kon nie jou gedagtes reg hoor nie.
6. NERISSEN : (FILTER) Setanor weet alles...julle is in gevaar...jy moet gaan...los my... gaan...gaan nou...
7. SALACIA : (FILTER) Nee! Jy kom saam met ons.
8. NERISSEN : (FILTER) Jy verstaan nie. Hierdie plek....dit is anders...
9. SALACIA : (FILTER) Ek gee nie om wat dit is nie. Ek los jou nie hier nie.
10. NERISSEN : (FILTER) Hulle het my essens gevat....my stem gevat...
11. SALACIA : (FILTER) Kan jy transformeer? Sal jy kan loop?
12. NERISSEN : (FILTER) Ek weet nie. Daar is gevaar in die water...ons stemme werk nie hier nie...niks werk hier nie....
13. SALACIA : (FILTER) Wat bedoel jy?
14. NERISSEN : (FILTER) Setanor... (VAAG WEG) Setanor weet van ons frekwensies...vibrasies...hulle het ontwikkel...
15. SALACIA : (FILTER) Nerissen! Nerissen!

FX 'N ALARM GAAN IEWERS DOF IN DIE VERTE AF.'N P.A.

SYSTEM KRAAK AAN.

16. VAN RÖHM : (FILTER/interkom) So, swimmer, you finally decided to grace us with your presence! We've been waiting for you. And it seems you've made some new friends as well.
17. SALACIA : Setanor!

1. VAN RÖHM : Oh, and by the way, you are surrounded and outnumbered. So don't try anything stupid or your pretty little sister there is going to have the shock of her life. And I mean that in the true sense of the word.
2. SALACIA : What do you mean? Wat het jy gedoen?
3. VAN RÖHM : Connected to that tank is a very high electrical voltage. You Aquans are tough, but believe me I'll put enough electricity through her to light up a small city. So, if you don't want her to become fried fish, stay right where you are and don't try any of your fancy tricks, they won't work in here.
4. FRANS : Waar is jy? Show yourself you cowardly shit!
5. VAN RÖHM : (LAG) Ah! Mr. Baker. You gave us the slip there for a moment the other day and you put on a good little show, but you must think us stupid.
6. FRANS : It was you? At my house...
7. VAN RÖHM : We're not idiots Mr. Baker. We saw through your little game quickly enough and your boatsman, Jantjies, was a **sea** of information, pardon the pun. (LAG EGGO) It's so difficult to get good reliable help these days, isn't it?
8. FRANS : (ONGELOWIG) Jantjies? Jantjies het ons verraai?
9. BELINDA : Genade. Jantjies?
10. FRANS : Jantjies would never betray us. What did you do to him?
11. VAN RÖHM : My dear Mr. Baker, you do realize that human nature is what it is. Your boatsman, like any other greedy human had his price. He sold you out for the proverbial thirty pieces of silver.

1. FRANS : Bliksems.
2. VAN RÖHM : Yes, we know all about your little game of cat and mouse. He told us everything. We played along. But now the mouse became the cat, ja? They walked into the trap like you did.
3. FRANS : Wat het jy met hulle gedoen?
4. VAN RÖHM : You realize of course that we can never allow them to reach the shore...a damaged boat at sea...just another tragic disappearance at sea that cannot be explained.
5. FRANS : You murderous bastard!
6. BELINDA : Kalmeer, Frans. Moet nie laat hy jou onstel nie. Dis wat hy wil hê.
7. FRANS : You will not get away with this.
8. VAN RÖHM : Oh, but we will. We have been doing so for many years. The Sea Witch will mysteriously disappear in the ocean. There will be the usual search and rescue, and eventually they will give up and life will go on as normal. Just another mystery claimed by the vast and deep oceans of the world. Another story to be told in your pubs and drinking holes for years to come. The Three Anchors shall have a tragic accident, a fire in which many will perish, including the owner. Very sad. So, yes, Mr. Baker, we shall get away with it, we always do. You on the other hand, will not leave here. This is the end of the line for you and your two pretty female companions. It is check mate for you, as they say in the game of chess. So, nothing to say now? No witty remarks? Cat got your tongue?

1. BELINDA : (BEVREES) Hemel...ons is dood...ons is almal dood...Kearney...Brink, almal...
2. FRANS : Salacia...ek's jammer. Jantjies. Jirre...wie sou kon dink. Ek het nie dit verwag nie... nie geweet nie..
3. SALACIA : (LAG) Niks jammer nie, Frans Baker. Hoe sê julle: Die opera is nog nie verby nie en die vet dame moet nog sing... Have a little faith...
4. FRANS : Wat? Wat bedoel jy?
5. BELINDA : Salacia? Hoe kan jy daar staan en glimlag. Ons het gefaal. Dis verby...
6. SALACIA : In my wêreld het ons ook 'n gesegde: Selfs die haai glimlag voor dat dit byt...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 23:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. KAPT. KEARNEY
5. JANTJIES
6. VAN RÖHM
7. NERISSEN

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019

Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646

Registrasienommer

UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. DIE LABORATORIUM.**

1. VAN RÖHM : Oh, and thank you for bringing the Halfling as well, Swimmer. We've been after her for so long after her mother gave us the slip many years ago, but eventually we got her.
2. BELINDA : Dit was julle? Julle het haar gejag? Salacia?
3. SALACIA : *Eeass*, Belinda. Dit is waar hulle haar gehou het...dit is waar jy gebore is...
4. BELINDA : Hier? In hierdie hel-pit?
5. VAN RÖHM : Welcome back. Our scientists can't wait to see what a Mer and Human combination would produce. Probing you would be very interesting indeed.
6. FRANS : Raak aan haar jou siek menslike kiem en ek sweer...
7. VAN RÖHM : (LAG) And you'll what? Look around you Mr. Baker. You forget where you are. You are not in a position to do anything. If you all come quietly and co-operate, I promise, you will all be treated humanely and —
8. BELINDA : (BITTER) You can't spell the word "humane" you sad excuse for a human being.
9. VAN RÖHM : Full of fire, just like your mother used to be...
10. FRANS : I warn you. If you touch her, you will regret it!
11. VAN RÖHM : Oh, spare me the bravado Mr. Baker?
12. SALACIA : What do you want, Van Röhm?
13. VAN RÖHM : Aha, I see you know who I am. Good. I also know who you are. Princess Salacia.

1. FRANS : Prinses?
2. BELINDA : Salacia?
3. FRANS : Wat bedoel hy?
4. SALACIA : Nie nou nie. Ek sal verduidelik. Later.
5. FRANS : As daar 'n "later" gaan wees.
6. VAN RÖHM : Oh, it seems you did not realize who you had in your house, Mr. Baker. Full of secrets and little tricks these Aquans, are they not? Let me enlighten you then. Standing next to you is the daughter of Atlantea's most important personality, Queen **SHYAEL** and the successor to the throne of **Atlantea**.
7. FRANS : Genade, Sally. Hoekom het jy niks gesê nie?
8. SALACIA : Dit was nie belangrik nie.
9. FRANS : Maak jy 'n grap? Natuurlik is dit belangrik.
10. BELINDA : Jy's 'n prinses?
11. SALACIA : Asseblief, nie nou nie. Nerissen is nou belangrik. Help my. (AAN VAN RÖHM) Heinrich van Röhm. Doctor Heinrich van Röhm. We have a name for you on Atlantea. "Der Metzger"
12. VAN RÖHM : The Butcher? Now why would they call me that?
13. SALACIA : (SARKASTIES) Maybe because you are a murdering piece of flotsam scum?
14. VAN RÖHM : One man's murderer is another's scientist, ja?
15. SALACIA : How many of my kind have you killed in the name of your so-called "science", Butcher?

1. VAN RÖHM : We don't keep count, Swimmer. If you and your mother kept your promise in 1938, all of this would not be necessary. The world would be a better place today.
2. SALACIA : (LAG) And we would all be singing "**Deutschland über alles**" and have a picture of Adolf Hitler on our walls. Never.
3. VAN RÖHM : Do you think the world is any good as it is today? Just look at it! It is a disgusting mess. It is over populated by Untermenschen and idiots running around everywhere. Insects that are crawling on the planet's surface, killing the oceans and the entire planet. We could have made a difference. With your technology we could have changed everything. We had the solution.
4. SALACIA : The solution? You mean like you had for the people called the Jews? That is your solution? If we opened up the Rift to you, who would be next on your "solution" list?
5. VAN RÖHM : Look. All I want is the location of your interdimensional craft and what is inside it, and I shall let you all go free.
6. SALACIA : You speak with a forked tongue Van Röhm. You have no intention of letting any of us go. You said so just a few minutes ago. But I have a better proposal for you.
7. VAN RÖHM : Oh, you do? And what is that?
8. SALACIA : You let us go and I'll spare all your lives.
9. VAN RÖHM : (LAG) Oh that is so amusing. See, there is just two small little problems with that proposal of yours.

1. SALACIA : And that is?
2. VAN RÖHM : A little rule you call The First Directive. Your Law does not allowed you to interfere with human development and you cannot attack or harm us. And two, didn't your little sister there tell you that your powers do not work in here? We opened up a channel so you could hear her thoughts, but none of your mind-control tricks or sonic weapons will function in here. Look up at the ceiling. Do you see the instrument there? It has been reversed engineered from your sound technology. Neither your sonic vibrations or mind manipulations will work in here. You have been muted Calamari Girl.
3. FRANS : (ONDER STEM) Ek sal daarvan hou om jou te "mute" jou misgewas.
4. SALACIA : (SAG) Kalmeer, Frans. Ek het gewonder hoekom ek Nerissen kon hoor. Nou weet ek.
5. FRANS : (FLUISTER) Sy was die aas.
6. BELINDA : (SAG) Wat gaan ons doen, Sally?
7. SALACIA : Aktiveer julle helms. As die hel losbars neem Nerissen en volg die pad soos ons ingekom het. Sal julle dit kan doen?
8. FRANS : Ek en Belinda behoort haar te kan hanteer. Wat gaan jy doen?
9. SALACIA : Dit wat al eeue gelede gedoen moes word...

FX **HELMS AKTIVEER.**

10. VAN RÖHM : What do you say princess of Fishes? Give me the coordinates of your vessel. Or I can simply have it extracted from your mind like we took the essens from your sister. Is that what you want?

1. SALACIA : I'm impressed with all the new advancements in technology that you have made, Van Röhm. Effectively cancelling out our sonic vibrations and minds. How many of my kind did you butcher to find those secrets inside of us?
2. VAN RÖHM : Enough. We learn fast.
3. SALACIA : (MIMIEK) There are two little things **you** forget, Van Röhm.
4. VAN RÖHM : (ARROGANT) Und just what is that?
5. SALACIA : I don't much care for our First Law. You would know that if you did your homework properly. When I take over from my mother there will not be a rock or stump under which you and your black wolves can crawl. You have been arrogantly playing with the tail of The Kraken for too long. It stops here, today. Now. It is time you meet your future...
6. VAN RÖHM : (VERMAAK) The Kraken? Gah! And just what do you intend doing? There's nothing you can do in here. Maybe bite me? There are more than thirty of my best storm troopers waiting for you on the other side of that door. Not even those fancy suits you are wearing will be able to protect you. Our new sonic weapon will render them useless like it did your flying machine. Give up and stop this nonsense. You are powerless.
7. SALACIA : (ONHEILSPELLEND) No I'm not.
8. VAN RÖHM : (AGTEDOGTIG) What do you mean?
9. SALACIA : You forget that we control the elements. I am the ocean in the shape of a woman and I can bring forth the fury of the oceans.

1. VAN RÖHM : (LAG) Not in here you don't. You can only do so over salt water and the ocean. The ocean is out there and there is no salt or water in this room, you stupid sea whore!
2. SALACIA : Oh that's where you are wrong...there's plenty water and salt in here...
3. VAN RÖHM : What are you on about Aquan?
4. SALACIA : You don't know? I thought you are a scientist?
5. VAN RÖHM : I'm growing tired of this silly conversation with you and...Gott in Himmel! Nein! You would not dare...
6. SALACIA : Ah! I see the penny finally dropped. Salt and water, you arrogant human. **You** are salt and water...will your clever little gadget prevent me from stirring up a tempest inside your blood!
7. VAN RÖHM : (VREES) Scheisse!

FX **'n ALARM BEGIN KLA.**

(VOLG) Achtung! Alarm! Alarm! Kill them! Kill them now!!

FX **ALARM KLA.'N GELUID SOOS 'n AARDSKUDING**
BEGIN. VLEES WAT SKEUR EN BREEK. GLAS EN
MEUBELS SKUD EN VIBREER. GLAS BREEK. PYNLIKE
DOODSGILLE ORAL. DIE KLANKE STERF STADIG WEG
TOTDAT DIT WEER STIL IS. ALARM GAAN STEEDS AF IN
AGTERGROND.

8. FRANS : Genugtig...
9. BELINDA : Is hulle almal dood?
10. SALACIA : Ja, Belinda. Hulle breek soos die glas in Die Drie Ankers.

1. BELINDA : Hemel...wat 'n gemors. Dit lyk of hulle van binne ontplof het.
2. SALACIA : Die dermo het julle beskerm. Frans. Neem Nerissen en gaan vinnig na die oppervlak. Doen so nou.
3. FRANS : Goed. Wat gaan jy doen?
4. SALACIA : Die eerste kop van hierdie slang af kap. Gaan nou en moet nie terug kyk nie. Beweeg so vinnig as julle kan.
5. FRANS : Nee. Ek laat jou nie alleen hier nie.
6. SALACIA : Gaan, Frans. Gaan nou. Wag vir my by die motor. Ek sal kom.
7. FRANS : (TEENSINNIG) Nou goed. Kom Belinda. Help my om haar uit die tenk te kry.

FX OORGANG: DIE OOP OSEAAN. DIE TRAWLER.

8. KEARNEY : Wel, ons het probeer.
9. JANTJIES : Dis alles my skuld.
10. KEARNEY : Ja, dit is. En staan op van die vloer af! Jy's nie twee jaar oud nie. Ek's steeds lus en vermoor jou. Maar jou vriende met die duikboot **daar** sal dit seker binnekort vir ons albei doen.
11. JANTJIES : Wat doen hulle, Captain? Ek kannie kyk nie.
12. KEARNEY : Die ding lê net daar soos 'n groot walvis.
13. JANTJIES : Ek wil nie nou al doodgaan nie, Skipper. Ek's nog te jonk.
14. KEARNEY : Jy moes daaraan gedink het voordat jy jou siel aan die duiwel verkoop het, Jantjies.
15. JANTJIES : Kom ons start die trawler en maak dit vir die huis, Skipper. Hulle gaan ons nie vang nie.

1. KEARNEY : Nog een van jou blerrie briljante idees. Of het jy vergeet ons sit op 'n stromverwoeste sinkbad. Ons was gelukkig om tot hier te kon kom. Doen my 'n guns en hou jou idees vir jousef.
2. JANTJIES : The suspense is killing me, Skipper.
3. KEARNEY : Shut up!

FX DUIKBOOT ALARM LUI KORT. DIE LUIK WORD

OOPGEMAAK. STEMME IN DUIJS WAT BEVELE SKREE.

4. KEARNEY : Hier kom dit nou.
5. JANTJIES : Wat doen hulle?
6. KEARNEY : Wat dink jy doen hulle, Jantjies? Vang 'n rookbreek op die dek? Staan op en kyk self.
7. JANTJIES : (VERSIGTIG) Jirre...ons is dood...Captain. Viskos. Dis nog een van daai Gatling masjiengewere.
8. KEARNEY : Ons is seker nie 'n missiel of torpedo werd nie.
9. JANTJIES : (BEVREES) Ek wil nie sterf nie...ek wil nie sterf nie...
10. KEARNEY : Totsiens, Jantjies. Ek kan nie juis sê dit was 'n voorreg om jou te kon ken nie...

FX DIE WAPEN BEGIN VUUR. 'n ONAARDSE

MONSTERAGTIGE KREET VERDOOF DIE GELUID.

DOODSGILLE. METAAL WAT KRAAK EN BREEK. WATER

WAT BRUIS EN SPAT. BOOT WAT SINK EN DAN

ONTPLOF.

11. JANTJIES : IS ONS DOOD, SKIPPER!
12. KEARNEY : Nee jou idioot! Maar hulle is! Heilige seebamboes! Het jy dit gesien!

1. JANTJIES : Wat was daai?
2. KEARNEY : Ek weet nie. Dit het van onder die boot gekom! Het jy dit gesien, Jantjies! Shitting seemmeue!
3. JANTJIES : Daai was een moerse Great White. Ek het nie geweet hulle word so groot nie.
4. KEARNEY : Great White, my gat! Daai was Megalodon! Holy crap!!
5. JANTJIES : Megalodon? Is jy seker, Skipper? Daai bestaan nie!
6. KEARNEY : Soos soutwaterhekse? Jy't dit gesien, man. Wat dink jy kan 'n duikboot in twee byt,huh?
7. JANTJIES : (BANG) Miskien moet ons hier weg kom, voordat daai monster besluit om ook aan nons te kom proe.
8. KEARNEY : Start die engines, Jantjies.
9. JANTJIES : Yes, Skipper. Met plesier.

FX **DIESEL ENGINES SKOP AAN. BOOT VERTREK.**

10. KEARNEY : (STEEDS VERBAAS) Megalodon. Bliksems. Niemand gaan my ooit glo as hulle dit vertel nie.
11. JANTJIES : Waar het dit vandaan gekom?
12. KEARNEY : Sy't gesê daar is goed in die oseaan wat ons eerder nie van wil weet nie.
13. JANTJIES : Ja, sy het. Wat as daai ding besluit om agter ons aankom, Skipper. We won't stand a chance...
14. KEARNEY : Ek dink nie so nie, Jantjies.
15. JANTJIES : Jy klink baie seker van jou saak, Captain.
16. KEARNEY : Het jy nie gesien wat op daai moster se rug gery het nie, Jantjies?

1. JANTJIES : Nee. Ek het niks gesien nie, net daai bek en massiewe tande.
2. KEARNEY : 'n Seeheks. Daar was 'n seeheks op daai monster se rug en sy het hom gery soos 'n perd.

FX OORGANG: BUIITE. DIE STRAND. OSEAAN.

3. FRANS : Nog geen teken van, Salacia nie?
4. BELINDA : Nee.
5. FRANS : Hoe gaan dit met, Nerissen?
6. BELINDA : Nie goed nie. Sy is baie swak en het nog nie weer bygekom nie. Ek het haar gemaklik gemaak op die agterste sitplek.
7. FRANS : My rug en bene is af. As jy nie by was nie... ek sou haar nooit op my eie tot hier gekry het nie.
8. BELINDA : Al daai ure in die gym het darem uiteindelik handig te pas gekom anders sou ek nie kon cope nie. Dit voel vir my of ek 'n paar bloke sement rondgesleep het. Sy is baie swaarder as wat sy lyk. Soliede spier.
9. FRANS : Soos, Salacia.
10. BELINDA : Sy was vreesbevange vir jou.
11. FRANS : Kan jy haar blameer. Na wat daai klomp monsters aan haar gedoen het. Ek sou ook geen man naby my toegelaat het nie. Gelukkig was jy daar anders het sy nie gekom nie.
12. BELINDA : Ek raak nou regtig bekommerd oor, Sally. Waar bly sy so lank?
13. FRANS : Miskien moet ek gaan kyk.

FX 'N KRAGTIGE AARDSKUDDING VIND PLAAS. ROTSE

STORT. DIT DOOF GELEIDELIK WEG.

1. BELINDA : Genade! Wat was dit?
2. FRANS : 'n Aardskudding. Die hele een kant van die kuslyn en die berg het inmekaar gestort! Kyk! (BEAT) Genade, Salacia?
3. BELINDA : O, nee! Sy's nog daar binne, Frans!
4. FRANS : Nee, nee, nee...ek gaan kyk. Wag hier! Bly by Nerissen.
5. SALACIA : (VAN MIK) Hallo! Het julle my gemis? (NADER TOT OP MIK) Hoekom lyk julle so verskrik?
6. BELINDA : (VERHEUG) Sally! Vrek! Ons het gedink jy is nog daar binne.
7. FRANS : Salacia! Dank die gode! Waar was jy?
8. BELINDA : Wat het gebeur?
9. FRANS : Die hele stuk kuslyn het inmekaar gestort. Is dit jou handewerk?
10. SALACIA : Hierdie bouse plek sal nie weer een van my susters gevange hou nie. Setanor sal nou weet met wat hulle te doen het. Al hul koppe sal vergruis word. Een vir een.
11. FRANS : Hoogtyd. Ek verstaan nie hoe julle al die jare toegelaat het dat hulle so met julle mors nie. Hoekom?
12. SALACIA : Die Eerste Wet. Maar dit sal verander in my tyd.
13. FRANS : En jy is 'n prinses?
14. SALACIA : Skuldig, ja.
15. FRANS : Is **dit** wat Angelique in haar boodskap bedoel het toe sy gesê het jy is **spesiaal**?
16. SALACIA : *Eeass.*
17. FRANS : Dan moet ons seker vir jou sê "U hoogheid"?
18. SALACIA : (LAG) Nou is jy die mamparra.

1. BELINDA : (LAG) Waar hoor jy daai word?
2. SALACIA : Ek het dit by Frans Baker geleer.
3. FRANS : So graag as wat ek meer wil weet, moet ons nou eers jou suster by veiligheid kry.
4. SALACIA : Waar is sy?
5. FRANS : Agter in die kar.
6. SALACIA : Ons moet gaan. Sy moet in die sout kom, so gou as moontlik. Daar was iets in daardie tenk wat haar bedwelm het. Ons moet dit uit haar liggaam kry. BIANCA sal kan help.
7. FRANS : Die hele dorp daar onder is in rep en roer na daardie aardbewing. Dis nie veilig hier nie. Daar kan dalk nog instortings wees. Waarheen moet ons gaan, Sally?
8. SALACIA : Die plek waar julle my laas by die see laat ingaan het. Die *Vhiamanha* is daar naby. Ek het dit nader gebring toe ek nou die dag teruggekeer het. Ons moet vinning gaan.
9. BELINDA : Ek sal voor by Frans sit.

FX MOTORDEURE OOP EN TOE. MOTOR AAN EN VERTREK

OORGANG: BINNE MOTOR AKOESTIEK.

10. SALACIA : Nerissen. Kan jy my hoor?
11. BELINDA : Sy het vir 'n oomblik bygekom in die tunnel.
12. FRANS : Sy was glad nie bly om **my** gesig te sien nie.
13. SALACIA : Setanor het pynlikhede aan haar gedoen.(AAN NERISSEN)
Nerissen? Kan jy my hoor. Nerissen? Jy is veilig.
14. NERISSEN : (SWAK) Salacia...
15. SALACIA : (EMOSIE) Ek is hier. Jy is veilig. Jy is veilig...

1. NERISSEN : (BEVREES) *Setanor! Setanor!*
2. SALACIA : Nulma Setanor.
3. NERISSEN : *Uuriigo deeragoh gahfooruu yeeni III!*
4. SALACIA : Nulma. Dit is Frans Baker, is seun van George Baker. Belinda. Vriende. Äsherah is dogter van Darhya.
5. NERISSEN : Asherah? Asherah is lewendig...
6. SALACIA : *Eeass*. Dit is Frans Baker. Frans Baker. Vriende.
7. NERISSEN : Frans Baker? Angelique? Seun van George Baker?
8. SALACIA : *Eeass*. Nulma Setanor.
9. NERISSEN : Frans Baker is lief...liefde...goeie essens...George Baker en Seun...(VAAG WEG) Nulma Setanor...(BREEK)
10. BELINDA : Sy is weer bewusteloos.
11. SALACIA : Nerissen. Nerissen?
12. FRANS : Salacia? Wat gaan aan? Hoekom ken julle my pa? Wat vertel jy my nie? Genoeg van al die geheime! En dit lyk of jy en Van Röhm ook 'n geskiedenis gehad het?
13. SALACIA : Ja. Van Röhm en ek het al voorheen met mekaar kontak gehad. En jou vader, George Baker is nie 'n vreemdeling vir my familie nie.
14. FRANS : Wat?
15. SALACIA : Ek is jammer, Frans. Ek het nie alles vir jou vertel nie. Daar is so baie wat jy moet weet en nog nie weet nie. En jy sal dit weet. Ek belowe.
16. FRANS : Gaan jy my weer aan 'n lyntjie hou?
17. SALACIA : (VERSTAAN NIE) Aan lyntjie hou?

1. FRANS : My laat wag om te hoor wat werklik aangaan?
2. SALACIA : O, ek verstaan. Ja. Jy sal die lyntjie 'n bietjie langer moet vas hou. Jy sal alles hoor, alles weet, alles verstaan. Maar jy sal dit nie van my hoor nie. Daar is 'n **nader** wat wag om jou alles te vertel.
3. FRANS : Wie?
4. SALACIA : SHYAEL, my moeder.
5. FRANS : Jou moeder? En hoe gaan sý met my praat? Deur jou halo?
6. SALACIA : Nee. Ek het opdrag gekry om julle na Atlantea te bring. Vir jou en Belinda.
7. FRANS : (VEBAAS) Wat?
8. BELINDA : (OPGEWONDE) Regtig?
9. SALACIA : Setanor sal julle nie met rus laat nie. Julle lewens sal in gevaar wees as julle hier bly. Dit sal nie veilig wees nie. Ons kan nie die kans waag nie. Julle is te belangrik. Jy en Belinda.
10. BELINDA : Ons is? Dit klink ernstig.
11. FRANS : Maar ek kan nie net alles los nie. Wat van Kearney-hulle? Ons weet nie eens of hulle nog lewe, of wat van hulle geword het nie. Ek moet hom in die kroeg kry vanaand.
12. SALACIA : Ek's bevrees dit sal nie kan wees nie. Maar wees gerus, Kaptein Kearney en die Seeheks is veilig en wel.
13. FRANS : Hulle is? Hoe weet jy?
14. SALACIA : Ons het gesorg. Die oseaan is my speelplek. My susters is oppad hierheen. Hulle sal veilig bly. Ons sal sorg dat hulle almal veilig sal wees.

1. BELINDA : Maar wat van julle Eerste Wet? Ons mag nie julle wêreld aanskou nie. Veral nie Frans nie. Hy is 'n manlike wese.
2. FRANS : Presies my gedagte ook. Wat kan so belangrik wees dat julle bereid is om jul Eerste Wet totaal te verontagsaam.
3. BELINDA : Dit moet iets werklik belangriks wees.
4. SALACIA : Dit is.
5. FRANS : Soos wat?
6. SALACIA : Die voortbestaan van my spesie en die mensdom...

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 24:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. NERISSEN
5. B.I.A.N.C.A

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer

UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. DIE STRAND.**

1. SALACIA : Nerissen. Kan jy tot by die water kom?
2. NERISSEN : (KREUN) *Nulma salmha prombash.*
3. BELINDA : Wat het sy gesê? Ek volg nie.
4. SALACIA : Sy sal probeer. Frans kan jy my help om haar in die water te kry?
5. FRANS : Natuurlik.
6. NERISSEN : (SWAK) Frans Baker. Ek is jammer...
7. FRANS : Waaroor?
8. NERISSEN : Oor my woorde. Omdat ek jou soos vuil water behandel het. Ek vra jou verskoning.
9. FRANS : Daar's niks om verkoning oor te vra nie. Vergeet dit.
10. NERISSEN : (BEWONDERING) Jy is werklik Frans Baker, seun van George Baker?
11. FRANS : Hulle sê so ja.
12. NERISSEN : Salacia, suster. Gaan hulle saam met ons na Atlantea?
13. SALACIA : Dit is moeder se wens ja.
14. NERISSEN : Dit is goed. (IN PYN) Kry my by BIANCA of ek sal beswyk...
15. SALACIA : Ons is byna daar, suster. Wees sterk. (AAN BELINDA) Belinda, hou haar in die water. (AAN FRANS) Frans, die tuig is in daardie rigting. Dit sal twintig swem- minute neem om dit te bereik. Dit is tweehonderd van julle fatome onder die water.
16. FRANS : Driehonderd meter. Ek het net een stel scuba gear agter in die kar.

1. SALACIA : Nee, dis nie nodig nie. Die Dermo is al wat julle benodig. Los alle besittings in jou motor.
2. FRANS : Alles? My kar...my beursie...ons selfone...
3. SALACIA : Waar julle gaan, sal julle dit nie benodig nie. Ons moet gaan. Setanor sal kom soos woedende bye om julle te kom soek. Dit sal nie meer veilig wees hier nie.
4. FRANS : Nou goed.
5. SALACIA : Aktiveer helms van Dermo. Dit sal atmos verskaf onder water. Ons sal met mekaar kan kommunikeer. Ek wys.

FX **DERMO AKTIVEER/ ELEKTRONIESE KLANKE**

6. SALACIA : Ek neem aan julle altwee kán swem?
7. BELINDA : Soos visse.
8. SALACIA : Dis goed. Volg my. (AAN NERISSEN) Kom suster. Tyd om huis toe te gaan.

FX **KORT OORGANGS MUSIEK. DOOF IN: ONDERWATER**

ATMOSFEER. DIALOOG GEFILTER.

9. BELINDA : Stadiger, Sally. Ons het nie julle kragtige sterte nie.
10. SALACIA : Julle doen goed. Hanteer julle die dermo's?
11. FRANS : Dis ongelooflik. Belinda, kan jy dink wat ons met sulke tegnologie kon doen?
12. BELINDA : Nou klink jy nes daai klomp Nazi's, Frans.
13. FRANS : Geen wonder hulle sal moor daarvoor nie.
14. BELINDA : Dis waarom dit nie in hulle vuil hande kan beland nie.
15. FRANS : Hoe is Nerissen?
16. NERISSEN : Ek is goed, Frans Baker. Die soutwater deur my longe help.

1. FRANS : Dank die gode daarvoor.
2. BELINDA : Jy lyk al klaar beter.
3. FRANS : Hoe vêr nog, Sally? Ek het geen idee hoe diep ons al geduik het nie en ek verstaan nie die karakters op die Dermo se skerm nie. Dis hiërogliewe vir my.
4. SALACIA : Die *Vhiamanha* is reg onder ons.
5. FRANS : Wat? Waar? Ek sien niks.
6. SALACIA : Presies. Jy sal niks sien totdat BIANCA dit toelaat nie. Volg my. Ons moet nog so twintig meter daal. Bly naby my.
7. BELINDA : Ons is reg agter jou.
8. FRANS : Ek sien nog steeds niks. Ek kan die bodem sien en daar is niks.
9. BELINDA : Ek sien ook niks. Net bodem. Is ons op die regte plek?
10. SALACIA : BIANCA. *Khundalini metaphor, nu Salacia.*

FX DIE TUIG MANIFESTEER MET SWAAR PULSE EN KLANK.

11. BIANCA : Dhiatome, dhuan, Salacia. *Talaa/ daahsu. Ruutaroo meetamaa setanim?*
12. SALACIA : BIANCA. Activate Terrean protocol 475AATXTX.
13. BIANCA : Compliance. Terrean Protocol active. Default language for region, English. Welcome princessa Salacia. Which language would you prefer me to manifest in?
14. SALACIA : English and Afrikaans.
15. BIANCA : One rift second. (BEAT) Language compliant. Active. Please specify mode for my expression.
16. SALACIA : Physical, biological.

1. BIANCA : Compliance.
2. SALACIA : Thank you, BIANCA. Open consciousness level and allow us in.
3. BIANCA : Compliance. Please move closer and standby for assimilation through membrane into inner dimensional space.

FX VREEMDE ELEKTRONIESE KLANKE. SWAAR PULS.

BINNE RUIMTELIKE ATMOSFEER SOOS IN GROOT

RUIMTETUIG. SEE BORRELS / VAAG NA A/G.

4. FRANS : Salacia? Wat is aan die gebeur?
5. SALACIA : Sy is besig om julle te skandeer, Frans. Ontspan.
6. FRANS : Skandeer? Maar ek sien steeds niks. Waar's jou tuig?
7. SALACIA : (LAG) Julle is alreeds binne-in haar. Kyk om jou.
8. FRANS : Hemel. Wat het so pas gebeur? Waar's die oseaan heen?
9. BELINDA : Waar is ons?
10. SALACIA : Julle is binne-in BIANCA. Julle kan die helms nou afskakel, maar hou die Ekso-dermo aan. Dit sal julle beskerm tydens die reis deur die skadu-materie.

FX DERMO HELM DE-AKTIVEER.

11. FRANS : BIANCA? Sy is die tuig?
12. SALACIA : Ja, Frans. Ek het gedink jy verstaan.
13. FRANS : Ek begin verstaan. Genugtig, jy het nie vergroot toe jy gesê het julle tegnologie is ligjare voor ons nie.
14. SALACIA : Ons het ietwat van 'n paar biljoen aard-jare voorsprong bo julle.
15. BIANCA : Een tyds-oomblik.

FX BIANCA MANIFISTEER.

1. BIANCA : Manifestasie voltooi. Is my biologiese voorkoms aanvaarbaar?
2. SALACIA : Dankie, BIANCA. Dit is baie geskik vir ons gaste.
3. BIANCA : Welkom in my bewussyn, u Hoogheid. Genoom skandering van vreemde entiteite aan boord geïdentifiseer as DNA helix van Fransios Baker, seun van George Baker. Marienebioloog, Woonagtig te Bloubaai. Suid-Afrika. Tweede DNA helix, setanim Belinda Tutton, essens is sessanim van Daryah. Äsherah.
4. SALACIA : Ek het haar gevind BIANCA.
5. BIANCA : U moeder sal verheug wees. Nerissen is prioriteit. Ek bespeur veelvuldige beserings. Sy benodig dringend heelingstyd. Plaas haar asseblief in heelinghuls vir genesing. Hersteltyd: onbekend.
6. SALACIA : Ek sal haar neem. BIANCA sien asseblief om na ons gaste. En maak gereed om te vertrek.
7. BIANCA : Compliance. Wanneer u gereed is om met my te verbind, u Hoogheid kan ons vertrek.
8. SALACIA : Kom Nerissen.
9. NERISSEN : Wag...net 'n oomblik.
10. SALACIA : Is daar fout?
11. NERISSEN : Nee. Ek wil woorde spreek met Frans Baker en Äsherah.(BEAT) Dankie dat julle my kom red het van die *Setantreaya*. Dankie, dat julle jul lewens vir my gegee het...
12. FRANS : Dis ons voorreg gewees, Nerissen.
13. BELINDA : Ek sal dit weer doen as ek moet.

1. FRANS : En dis nie asof ons regtig ons lewens opgeoffer het nie, is dit?
2. NERISSEN : Maar julle het. (AAN SALACIA) Hulle verstaan nog nie?
3. SALACIA : Nee.
4. NERISSEN : Jy het nie verduidelik nie?
5. SALACIA : Daar was nie tyd nie.
6. FRANS : Waarvan praat julle?
7. BELINDA : Sally? Wat gaan aan?
8. SALACIA : BIANCA sal verduidelik. Ek moet eers na Nerissen omsien.
9. BIANCA : Frans Baker en Äsherah het baie vrae?
10. SALACIA : Sal jy hulle help, BIANCA. Verduidelik. Kom Nerissen.
11. NERISSEN : *Enda hisna rendi – to fan sesmuna.* (BEWEEG VAN MIK) Ek sal julle in my essens dra vir altyd, Frans Baker en Äsherah. Tot ons weer mekaar sal sien.
12. FRANS : Totsiens, Nerissen.
13. BELINDA : Ek hoop jy herstel vinning.
14. BIANCA : Äsherah toon tekens van veelvuldige beserings. Het jy ook heeling nodig?
15. BELINDA : Nee, dankie, BIANCA. Dit is nie nodig nie. Dis my ego wat erger beseer is.
16. BIANCA : Ego? Sigmund Freud. Deel van psige.
17. BELINDA : Ja.
18. BIANCA : Benodig jy daar herstel?
19. BELINDA : Wat? Bedoel jy jy kan ook dit herstel?
20. BIANCA : Compliance. Benodig jy herstel?
21. BELINDA : (OORBLUF) Nee, dis in die haak. Ek sal oorleef.

1. BIANCA : Affirmatief. Ek neem julle na wooneenheid waar julle sal verkeer vir ons reis na Atlantea. Volg my asseblief.

FX **STAP INGANG AF.**

2. BELINDA : (FLUISTER) Frans, hou op!
3. FRANS : (FLUISTER) Wat?
4. BELINDA : (FLUISTER) Hou op om so na haar agterstewe te staar.
5. FRANS : (LAG ONDER STEM) Dis moeilik om nie te kyk nie.
6. BELINDA : (FLUISTER) Jy besef dat waar ons heen gaan daar 'n planeet vol van hulle gaan wees. Wat gaan jy dan doen?
7. FRANS : (FLUISTER) Here lies Frans Baker, died and gone to heaven.
8. BELINDA : (PROES) Jy's nie snaaks nie.
9. FRANS : (FLUISTER) Is jy jaloers?
10. BELINDA : (FLUISTER) Natuurlik!
11. FRANS : (FLUISTER) Dis nie nodig nie. Jy's die liefde van my lewe.
12. BELINDA : (FLUISTER) Wat?
13. FRANS : (FLUISTER) Jy't my gehoor. En moet nie so verbaas wees nie. Jy weet dit al van lankal af.
14. BELINDA : (FLUISTER) En jy sê dit nou eers?
15. FRANS : (FLUISTER) Ons sal later praat. Shhhht, Bianca kyk vir ons.
16. BIANCA : Is daar iets waarmee ek kan help?
17. FRANS : Nee, ons dink sommer net hardop.
18. BIANCA : (SPEELS) Frans Baker bewonder my fisiese voorkoms.
19. FRANS : Uhm...ja, maar hoe het jy geweet...(BESEF) Jy kan ook gedagtes lees. Ek moes geweet het.
20. BELINDA : (ASPRIS) Plaas in wag voor jou gedagtes, Baker.

1. BIANCA : Äsherah het liefde vir Frans Baker, en dink hy lyk
(BEAT) ...seksueel...(BEAT) sexy? in die dermo.
2. FRANS : (LAG) **Jy** moet 'n wag voor jou gedagtes plaas, juffrou Tutton.
3. BELINDA : (FLUISTER AAN FRANS) Hemel sy's erger as Salacia!
4. BIANCA : Julle gedagtes is baie. Julle het baie vrae.
5. FRANS : Ons het 'n miljoen vrae.
6. BIANCA : En BIANCA het miljoene antwoorde.

FX **OORGANG: DIE SIEKEBOEG VAN DIE TUIG.**

7. SALCIA : Is jy gemaklik?
8. NERISSEN : Ja. Dankie.
9. SALACIA : Rus en genees. Dis verby. Dit sal nie weer gebeur nie. Ek
belowe jou. Nooit weer nie.
10. NERISSEN : Jy het hulle almal getransformeer?
11. SALACIA : Ja.
12. NERISSEN : Jy het al die wette oortree, Salacia.
13. SALACIA : Ek weet. En ek sal dit weer doen. En weer, as ek moet.
14. NERISSEN : Jy sal gestraf word.
15. SALACIA : Ek gee nie om nie. Die wette is verouderd. Dit moet eindig. As
ek oorneem by moeder sal alles verander. Dit gaan.
16. NERISSEN : Ek swem saam met jou in wat jy ook al wil doen. Ek dink baie
sal.
17. SALACIA : Maar jy moet nou rus. Ek sal weer in tyd kom kyk of jy goed is.
18. NERISSEN : Tyd. Die landbewoners, hulle weet nie wat besig is om te
gebeur nie?
19. SALACIA : Nee.

1. NERISSEN : Jy het nie verduidelik nie?
2. SALACIA : Nee. Dan sou hulle dalk nie gekom het nie.
3. NERISSEN : Ons het nog nie vertrek nie. Dis nog nie te laat nie.
4. SALACIA : Nee. Hulle moet saamgaan. Dit is belangrik.
5. NERISSEN : Ek verstaan. Jou gedagtes is privaat. Wanneer sal jy hulle vertel?
6. SALACIA : BIANCA sal. Sy sal dit beter kan doen as ek.
7. NERISSEN : Dit is waar.
8. SALACIA : Rus nou. Ons moet vertrek. BIANCA wag vir my om te skakel met haar. Ek sal jou ontwaak as ons Atlantea bereik het.

FX **OORGANG: FRANS EN BELINDA SE KAJUIT. IMPULS**

MOTORE DREUN IN A/G

9. FRANS : (GESKOK) Jy bedoel ons is dood?
10. BIANCA : Julle sal wees. In julle tydlyn.
11. BELINDA : Maar ek vestaan nie. Dit voel vir my ons is nog nie eens 'n dag weg nie.
12. BIANCA : Tyd soos julle dit verstaan funksioneer anders hier. Een dag is soos 'n duisend jaar, 'n duisend jaar is soos een dag.
13. FRANS : My kop draai.
14. BIANCA : Julle meet ruimtetyd in ligjare. Die kosmiese neuron-netwerk funksioneer in skadu-materie. Julle noem dit donker-materie. Die kosmos is energie. Tyd is energie. As julle op aarde vlieg met julle vliegtuie, dan gaan julle oor verskillende tydsgrense?
15. FRANS : Ja, dit is so.

1. BIANCA : So is dit in die netwerk. Ons deurkruis baie dimensies of tydsgrense op ons pad na Atlantea. Ure hier is maande in tyd terug op Terra. Selfs jare.
2. BELINDA : Hoe lank gaan ons weg wees?
3. BIANCA : Ons reis na Atlantea sal vir julle voel soos drie aardse dae en ons sal slegs een dag in julle bewussyn op Atlantea kan vertoef.
4. FRANS : Net een dag?
5. BIANCA : Ja. Atlantea het nie dag en nag soos op Terra nie. Tyd soos op aarde, een dag, is al wat julle op die planeet sal kan wees.
6. FRANS : Hoekom?
7. BIANCA : Julle liggame sal nie die planeet se invloede langer as dit kan hanteer nie. Die vibrasies van Atlantea is van 'n hoër aard as die van julle wêreld. Daarom moet julle die dermo aanhou vir beskerming. Die terugreis na julle wêreld sal weer relatief soos drie dae van julle tyd voel.
8. FRANS : Sewe dae. Ons sal dus sewe dae weg wees.
9. BIANCA : Ja, dit sal vir julle bewussyn voel soos sewe dae...maar...
10. BELINDA : Maar?
11. BIANCA : Op Terra sal julle tyd-dimensie aan beweeg het met byna tien van julle aardse jare.
12. BELINDA : (SKOK) My genade...tien jaar?
13. FRANS : Hel. As ons terugkeer aarde toe sal dit tien jaar later wees?
14. BIANCA : Ja. Julle sal steeds wees soos julle nou is, maar alles op aarde sal met tien jaar aan beweeg het.

1. FRANS : (STEEDS OORBLUF) Tien jaar?
2. BIANCA : Tien jaar, ses maande, agt ure en twintig minute. Die jaar 2031.
3. FRANS : Maar Baker en Seun? Kearney? My huis...Brink en die Drie Ankers...my lewe...Elmo...Bloubaai. Wat daarvan?
4. BIANCA : Dit is verby. Julle kan nie weer terugkeer na julle vorige lewens nie. Hoe verduidelik julle tien jaar en waar julle was?
5. BELINDA : Sy's is reg, Frans. Steeds...Hemel. Tien jaar.
6. BIANCA : Nie te bekommer. John Kearney is nou die eienaar van Baker en Seun en jou vader se besigheid is veilig en florerend. Dit is nou meer welvarend as ooit tevore.
7. FRANS : Die aand voor ons vertrek het, ek het alles aan hom bemaak.
8. BELINDA : Jy het?
9. FRANS : Ja. Dit lyk of hy sy woord gehou het. Magtig dit voel of ek in 'n tydsmasjien vasgevang is.
10. BIANCA : Baker en Seun het versmelt met 'n besigheidsvernoot 'n jaar nadat julle as vermis aangegee is. Aquarius Holdings. Dit het groot finansiële inspuiting en voordele gebring.
11. FRANS : Aquarius Holdings? Wie besit dit?
12. BIANCA : Ek dink jy weet reeds.
13. FRANS : Natuurlik. Hoe weet jy dit alles?
14. BIANCA : Ek sal probeer beskryf sodat julle kan verstaan. Daar is 'n dimensie in die Kosmos bewussyn.
15. FRANS : Die Kosmos het 'n bewussyn?

1. BIANCA : (VERBAAS) Natuurlik. Ons, julle, alles beweeg in die bewussyn van die Skepper Meesters. Dit is wat ek sal noem die area van konkrete gedagtes. Dit is 'n stoorplek. Alles wat in kosmos gebeur, word hier opgeteken. Die verlede en die hede is hier. Alles wat was, alles wat is en wat sal wees vloeï van hier.
2. BELINDA : Die toekoms? Dit bevat ook die toekoms?
3. BIANCA : Ja. Die Verlede en die Hede is die moeder en vader van die toekoms. Die verlede en die hede is stabiel en fluktueer nie. Die toekoms wissel en dobber soos wat die verlede en hede dit bepaal. Die verlede bepaal die hede, die Nou bepaal die toekoms. Maar alles is egter Een. Een bewussyn.
4. FRANS : Jy sê ons is as vermis verklaar?
5. BIANCA : Ja. Ek sal bewys gee van aardse nuus.

FX ELEKTRONIESE HOLOGRAM AKTIVEER.

6. BIANCA : Hier is 'n koerantberig van julle verdwyning. Sal ek dit vir julle voorlees?
7. FRANS : Nee, ek sal self lees.
8. BIANCA : Wil jy 'n hardekopie van koerantberig besit?
9. FRANS : Jy kan dit doen?
10. BIANCA : Compliance.

FX PAPIER KOPIE VAN BERIG WORD GELEWER.

11. FRANS : Damn. Ek sal seker nog daaraan gewoon moet raak.
Dankie. NEEM KOERANT:
12. BIANCA : Die inskrywing is op bladsy twee.

1. FRANS : *(LEES) 'n Bekende inwoner van Bloubaai, Frans Baker (32) en sy persoonlike assistente Belinda Tutton (27) is as vermis verklaar nadat meneer Baker se motor verlate by Malgasklip sowat vyftien kilometer buite die kUSDorpie gevind is.*
2. BELINDA : *Hulle dink ons is dood.*
3. FRANS : *Ek's bevrees so.*
4. BELINDA : *Lees verder.*
5. FRANS : *LEES: Meneer Baker se vader, George Baker was die eienaar van Baker en Seun vissery op die dorp. Meneer Baker junior 'n marienebioloog van beroep, het sowat vyf jaar gelede die bekende besigheid op die dorp oorgeneem na die afsterwe van sy vader.

Daar word vermoed dat meneer Baker en sy persoonlike assistente, slagoffers kon wees van die onverklaarbare aardverskuiwing wat sowat 'n week gelede die area getref het. Meneer Baker en sy assistente is as vermis aangemeld deur lede van hul werkspan nadat hulle nie vir werk opgedaag het nie. 'n Sekretaresse van Baker en Seun het aan ons gemeld dat meneer Baker 'n paar dae voor die verdwyning verlof ingesit het nadat die maatskappy se grootste vissersboot byna gesink het tydens 'n fratsstorm ter see.*
6. BELINDA : *Hulle dink ons het verdrink?*
7. FRANS : *Dis hoe dit lyk.*
8. BELINDA : *Wat sê dit nog?*

1. FRANS : LEES:
- 'n Polisiewoordvoerder, Kaptein Jeremy Cupido het gesê dat geen gemenespel vermoed word nie. "Dit wil voorkom of meneer Baker en sy assistente gaan duik het langs die kus toe hulle deur 'n rotsstorting wat deur die vreemde aardskudding veroorsaak is, oorval is.*
- "Al hul persoonlike besittings is net so in die motor gevind. Hul klere, selfone en selfs meneer Baker se beursie is in die motor gevind. Die motor was ook nie gesluit nie en daar was duiktoerusting agter in die luik van die motor."*
- 'n Week lange soektog na die twee vermiste persone het niks opgelewer nie en polisie-duikers het hul soektog amptelik gestaak.*
- Juffrou Tutton se verloofde, Richard Fredericks (30) is ook as vermis aangegee nadat sy motorfiets op die rotse in dieselfde omgewing gevind is."*
2. BELINDA : Hulle het die motorfiets gevind?
3. FRANS : Dit lyk so.
4. BELINDA : En Richard?
5. FRANS : Nee. Dit sê dat dit lyk of hy beheer oor die motorfiets verloor het en deur die relings gejaag het. Hulle is nie seker wanneer dit gebeur het nie en of dit verwant is aan ons verdwyning nie. Dit lyk nie of daar 'n konneksie is nie.
6. BELINDA : Dank die gode daarvoor.

1. FRANS : Verder sê dit net dat daar 'n reeks onverklaarbare verdwynings was in die Baai die afgelope tyd en dit noem ook onder andere Claassen se selfdood.
2. BELINDA : Claassen?
3. FRANS : Yep. En dan net 'n stuk oor die aardskudding wat die hele dorp die skrik op die lyf gejaag het en skade gedoen het aan geboue en strukture. En hulle weet nie wat dit veroorsaak het nie. Hulle vermoed 'n aardskudding wat in die see net van die kus af plaasgevind het.
4. BELINDA : Dis al?
5. FRANS : Dis al.
6. BELINDA : Ons is dan dood.
7. FRANS : Soos mossies.
8. BELINDA : Was daar 'n begrafnis?
9. FRANS : Ek weet nie.
10. BIANCA : Daar was 'n seremonie op die kaai by Baker en Seun. Wil julle die berig in koerant sien? Daar is beelde.
11. BELINDA : Nee, ons neem jou woord daarvoor. Ek dink nie ek wil my eie begrafnis sien nie.
12. FRANS : Ek wonder of daar baie mense by ons begrafnis was?
13. BELINDA : Dit voel vreemd om dood te wees.
13. FRANS : Jantjies? Wat het van hom geraak?
14. BIANCA : Oomblik... Jantjies. Bootsman. Hy is tans kaptein van Baker en Seun se jongste en nuutste vissersboot, Die Seeheks Twee.

1. FRANS : Wat? Is jy seker? Jantjies is 'n Kaptein op een van my trawlers?
2. BELINDA : Dis nie meer joune nie, Frans.
3. FRANS : Ek weet. Jy weet wat ek bedoel. Wat het van Die Seeheks geword?
4. BIANCA : Dit het sowat twee kilometer van die kus af gesink op die dag van julle verdwyning. Seeredding het die bemanning opgetel. Daar is 'n koerantberig. Benodig jy 'n hard kopie van koerante om dit te sien? Ek sal manifesteer.
5. FRANS : Nee, dankie. Ek's steeds duiselig van die eerste een.
6. BELINDA : Wie weet wat daar buite gebeur het daardie dag. Dink jy John weet wat Jantjies gedoen het? Dat hy ons verrai het?
7. FRANS : Ons sal dít seker nooit weet nie.
8. BELINDA : Óf hoekom hy dit gedoen het nie.
9. BIANCA : Wil julle weet?
10. FRANS/ BELINDA: (EEN STEM) Nee dankie!
11. BIANCA : Kaptein John Kearney is nou aan die stuur van Baker en Seun, nie meer 'n boot nie. Jou familiebesigheid is in goeie hande seun van George Baker. Jy kan vrede hê in jou binnekant.
12. FRANS : Wat gebeur nou? Met my en Belinda? Ek bedoel, Äsherah.
13. BIANCA : Ons sal in binnekort by Atlantea wees. Die Suzariaan van die Mer sal julle persoonlik spreek.
14. FRANS : Suzariaan?
15. BIANCA : Die koningin van die Mer. Moeder van Salacia.

1. FRANS : Natuurlik.
2. BIANCA : 'n Nuwe pad sal vir julle begin. Al hoe jy 'n nuwe pad maak, is om te begin loop. Julle gaan 'n nuwe pad loop.
3. FRANS : Wat bedoel jy? Wat gaan ons doen?
4. BIANCA : Die profesie vervul, julle wêreld verander en die geskiedenis herskryf vir beide Mer en Mens.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING:

DIE SOUTWATERHEKS

deur

MARTYN LE ROUX

Episode 25:

ROLVERDELING:

1. FRANS BAKER
2. SALACIA
3. BELINDA
4. SHYAEL
5. KAPT. KEARNEY
6. DANIE BRINK
7. YARELI

Alle regte Voorbehou mhleroux©2019
Mernoleonstraat 19, Paarl, 7646
Registrasienuommer

UZFasb4M9T6a2zZp



**BYK: OORGANGSMUSIEK OP EN SPEEL OP VOORGROND,
DAN NA A/G. ATLANTEA.**

1. BELINDA : As ek nooit aan 'n towerwêreld geglo het nie, dan doen ek nou beslis so. Angélique was reg, dis asemrowend mooi.
2. FRANS : Ek het nie woorde nie. Wie sal ons ooit glo? Geen wonder sy het gedink sy is in die hemel nie. Hoe beskryf mens dit alles aan iemand in woorde? Dis eenvoudig onmoontlik.
3. BELINDA : Soveel skoonheid... 'n waterplaneet met drie mane...
4. FRANS : En twee sterre... Ek dink daar was wel 'n stukkie land aan die een kant. Ek het dit gesien toe ons ingekom het. Of miskien het ek my dit net verbeel?
5. BELINDA : Nee, ek het dit ook gesien. Ek wonder waarvoor hulle die land area gebruik?
6. FRANS : En ek wonder steeds waarom ons hier is.
7. BELINDA : Ons sal wel binnekort uitvind.
8. FRANS : Ek's so senuagtig soos 'n skoolkind wat 'n slegte rapport vir sy ouers moet gaan wys.
9. BELINDA : Ek weet hoe jy voel. Ek wil kort-kort badkamer toe gaan. Het jy gesien hoe anders hulle badkamers is?
10. FRANS : Ek het. Ons het baie om te leer.
11. BELINDA : Hoe spreek mens die koningin van die meerminne aan? U hoogheid?
12. FRANS : Ek het geen idee nie. Dink jy ons moet buig of so iets? Waar bly Salacia? My senuwees is gedaan.
13. BELINDA : Kalmeer, Frans. Hier kom sy.

1. SALACIA : (NADER OP MIK) Ek is jammer dat ek julle so lank alleen moes laat. Nerissen. My moeder sal julle nou sien.
2. BELINDA : Hoe gaan dit met Nerissen?
3. SALACIA : Sy is baie beter. BIANCA sê sy sal volkome genees.
4. BELINDA : Dankie, tog daarvoor.
5. SALACIA : Het jy al kans gehad om al jou niggies te ontmoet, Belinda?
6. BELINDA : Hemel, ja. Al dertig van hulle. En die een mooier as die ander. (LAG) Arme Frans het dit amper nie gemaak nie. Hulle het hom omtrent onderhande gehad en ek bedoel letterlik!
7. FRANS : Dis 'n wonder ek het 'n haar op my kop oor. En ek moes net vir my...uhm... wickets keer...genade hulle is erg.
8. SALACIA : Wickets? (LAG) Aha! Ons is van nature 'n baie nuuskierige spesie, Frans. Ons het nie die inhibisies wat julle vanweë julle sondeval het nie. Jy is die eerste vlees en bloed manlike wese wat hulle in hulle leeftyd sien.
9. FRANS : Dis alles in die haak.(BEAT) Jou moeder. Hoe spreek ons haar aan? Moet ons buig of kniel?
10. SALACIA : (LAG) Nee. Dis nie julle wêreld nie. Sy is Shyael. Spreek haar op haar naam aan. Probeer om nie lank in haar oë te kyk nie, maar moet ook nie op die vloer kyk as jy met haar praat nie. As sy met jou praat kyk na haar. Dit is eerbetoon in my wêreld. Shyael is byna 'n millennium en in haar is opgesluit die essens van al haar voorgangers.
11. FRANS : Genugtig. Nou is ek nog meer senuagtig.

1. SALACIA : Ontspan, Frans Baker. 'n Laaste wenk. Probeer om nie na haar te staar as julle binne gaan nie.
2. BELINDA : Hoekom?
3. SALACIA : Julles sal wel sien. Sal ons ingaan?
4. FRANS : Nou of nooit. Voor my moed my begewe.

FX 'N GROOT SWAAR DEUR GAAN OOP. BINNE ATMOSFEER

VAN GROOT SAAL. HEMELSE MEERMIN STEMME WAT

SING KAN GEHOOR WORD IN DIEP A/G.

5. SHYAEL : (AFSTAND) Salacia, bring ons besoekers vanaf Terra nader.
6. SALACIA : Moeder ek groet U. VOETSTAPPE NADER:
7. SHYAEL : Welkom in Atlantea, Frans Baker en Äsherah.
8. FRANS : (ONDER STEM) O, my goeie genade...Belinda. KYK!
9. BELINDA : (SAG) Ek sien. Moet nie staar nie, Frans! Jy staar. Stoppit!
10. SHYAEL : Ek vertrou julle verblyf hier was sovêr aangenaam.
11. FRANS : Dankie, u hoogheid. Dit is wonderbaarlik.
12. BELINDA : Ons het nie woorde nie.
13. SHYAEL : (VRIENDELIK) Ek is Shyael. Jy mag my op my naam noem, seun van George Baker. Kom nader dat ek jou beter kan aanskou. (OOMBLIK) Ja, jy lyk so baie na hom. Ek sien jy staar na my? Is jy verbaas oor my vlerke of is dit omdat ek nie oud en verrimpeld lyk nie?
14. FRANS : (SENUAGTIG) Nee... ek bedoel ja, u is ongelooflik beeldskoon vir u ouderdom en die vlerke is nie wat ek verwag het nie. Ek is jammer as ek gestaar het.

1. SHYAEL : (LAG) Dit is alles wel, seun van George Baker. Jy mag maar wonder en vra.
2. FRANS : Dankie Shyael.
3. SHYAEL : Om jou gedagtes te antwoord: Atlantea funksioneer amper soos 'n byekolonie op Terra. As koningin ontvang ek die kennis en essens van al my voorgangers. Koninginne word nie verkies soos wat julle politieke leiers verkies op Terra nie, maar sy word gevorm uit biljoene leeftye voor haar se essens en transformeer met vlerke wanneer haar tyd kom. Salacia sal my binnekort opvolg as opperheerser.
4. FRANS : En sy sal soos u word?
5. SHYAEL : Presies. Maar sy sal beter en veel magtiger wees as wat ek was. My saadatom en essens sal by al die ander voor my gevoeg word en in haar manifesteer. (LAG) Jy is verward. Julle vlak van bewussyn en begrip is nog nie so dat jy my woorde en ons realiteit volkome sal kan begryp nie.
6. FRANS : Dis alles so fantasties. Maar ons probeer om te verstaan.
7. SHYAEL : Ons staar ook na jou. Jy is die tweede manlike wese wie se oë ons wêreld aanskou in 'n baie lang tyd. Jy maak geskiedenis.
8. FRANS : Die tweede? Mag ek vra wie die eerste was?
9. SHYAEL : Jy mag, maar ek dink jy weet reeds, seun van Baker.
10. FRANS : Nee, ek het geen idee nie.
11. SHYAEL : Jy staar nie na my net oor my voorkoms nie, seun van Baker. Ek sien jou gedagtes. Jy herken my in jou dieptes?

1. FRANS : Dit voel vir my ek het u al voorheen gesien. Maar dit is nie moontlik nie, is dit?
2. SHYAEL : Niks is onmoontlik nie. Soek deur jou gedagtes. Jy sal my vind.
3. FRANS : Ek probeer. Maar ek dink nie so nie.
4. SHYAEL : Sal ek help?
5. FRANS : Asseblief.
6. SHYAEL : Die dag van jou pa se begrafnis op Terra.
7. FRANS : Die begrafnis?
8. SHYAEL : Sien.
9. FRANS : (BESEF) Ja! Ek onthou nou. Hemel, ja ek sien nou.
10. SHYAEL : Dis reg. Jy sien my nou?
11. FRANS : Ja! U was daar! Die mooi, vreemde vrou. Ek onthou nou. Ek het gewonder wie dit was. Sy was nie familie nie en ook nie op die gastelys nie. Maar hoe? Daar was geen vlerke nie?
12. SHYAEL : Vlerke doen soos ons bene en sterte. Ons kan transformeer.
13. FRANS : My pa was hier, in Atlantea?
14. SHYAEL : Ja. Jou vader en ek het mekaar geken. Soos jy en Salacia mekaar geken het. Daar is 'n lang geskiedenis.
15. FRANS : Jy bedoel jy en my pa...het verenig?
16. SHYAEL : *Eeass*. Die bloedlyn en essens van Baker is al vir baie geslagte met ons verbind. Dit is 'n goeie verbintenis wat die see en land oor baie tyd heen het. Jou voorgeslagte was O' Byrne en Murray vanuit Ierland. Weet jy wat op hul familiewapens is?
17. FRANS : Nee.
18. SHYAEL : Meerminne. Jy moet dit naslaan op julle internet.

1. FRANS : Ek het nie besef nie.
2. SHYAEL : Jou familienaam is bekend onder almal van ons.
3. FRANS : Ek kom so agter. (BESEF) Salacia. Beteken dit dat sy van my vader kom? (BEKOMMER) Is sy my suster?
4. SHYAEL : Nee, Frans Baker. Salacia kom van 'n tyd voor jou, jy vergeet sy is driehonderd van julle aard-jare. Sy kom wel van jou families se essens, drie geslagte verwyder soos baie van ons. Maar jou dogter is van jou essens. Jy is bewus van jou dogter?
5. FRANS : Yareli. O, Ja. Pynlik so.
6. SHYAEL : En dít is hoekom julle hier is. Dit is hoekom ons die wette van ons wêreld moes verbreek.
7. FRANS : Ek begryp steeds nie.
8. SHYAEL : Jy sal. (AAN BELINDA) Äsherah, dogter van Daryah, kom nader. Jy is waarlik sy. Dis is 'n heuglike dag. Jy was verlore vir ons, maar nou het jy jou ware oorsprong gevind. Jou menslike natuur verhoed jou om by ons te mag bly, maar jy is die eerste van jou soort. Jy staan met jou een voet in Terra se grond en die ander in Atlantea se waters. Jy dra in jou die saad van verandering en die sleutel tot beide wêrelde se toekoms.
9. BELINDA : Ek verstaan nie.
10. SHYAEL : Die nuwe lewe wat in jou begin vorm is spesiaal.
11. BELINDA : Ek...wat? Hemel...Jy bedoel ek is swanger?
12. SHYAEL : Die essens van Frans Baker binne jou sal 'n seun voortbring. 'n Seun met beide mens en meermin DNA soos jy.

1. BELINDA : Maar hoe seker is dit? Ek was in 'n verhouding met 'n ander man voor ek en Frans mekaar...leer ken het.
2. SHYAEL : Jy bedoel Richard Fredericks?
3. BELINDA : Genade is daar iets waarvan julle nié bewus is nie?
4. SHYAEL : Hy kon jou nie swanger maak nie al het hy honderd keer probeer. Sy essens was vrot soos hy. Jy dra binne jou die goeie essens van Baker. BIANCA maak nie foute nie. Die geboorte het reeds plaasgevind.
5. BELINDA : Nee dit het nie.
6. FRANS : Ek en Belinda het maar eers onlangs saam verkeer.
7. SHYAEL : Geboorte begin met die samesmelting van die lewensessens. Dit is die begin. Dit is die lewe. Dit is die geboorte, die dag van konsepsie. Nie soos in julle wêreld waar julle glo dat geboorte slegs is as die nuwe lewe die water binne die moeder vir die atmos van die land verruil en die moeder verlaat, asof alles wat vooraf gebeur vir nege maande, tydens die geboorte van die drievoudige gees, drievoudige liggaam en drievoudige verstand, niks daarmee te doen het nie.
8. FRANS : Drievoudige gees, liggaam en verstand? Drie maande?
9. SHYAEL : Vir julle menslike manifestasie, ja. Nege maande. Julle besef nie wat julle doen nie, net soos met julle planeet. Skepping het reeds binne Äsherah plaasgevind.
10. BELINDA : (VERDWAAS/GELUKKIG) Frans, ek is swanger...
11. FRANS : En dit sal 'n seun wees?

1. SHYAEL : Dit sal. Dit is die ander rede waarom ons julle beide hier laat kom het. Äsherah, toe jou moeder geneem is deur die mans in swart het hulle goed aan haar gedoen, goed wat hulle in hul onkunde gedoen het, maar nie beseft het wat die resultaat sou wees nie. Dit wat hulle gedoen het, het veroorsaak dat jy nie soos in ander gevalle volkome menslik gebly het nie maar wel 'n halfling geword het.
2. BELINDA : Sê jy dat wat met my gebeur het, wat ek is, was 'n ongeluk?
3. SHYAEL : Niks in die kosmos is 'n ongeluk nie. Alles gebeur met 'n doel. Maar jy is uniek en ons wil kyk na die lewenshelix binne jou en ook die essens van Frans Baker wat tans binne jou vorm. Ons sal dit aanpas sodat dit as manlike wese sal manifesteer. Een met baie spesiale vermoëns.
4. FRANS : Julle wil haar DNA manipuleer?
5. SHYAEL : Dit verbeter. Ons vra julle toestemming om haar aan die slaap te maak en dit te volbring. Dit kan slegs hier gedoen word op Atlantea.
6. FRANS : Maar hoekom?
7. SHYAEL : Salacia? Het jy nie verduidelik aan hulle nie?
8. SALACIA : Nee, moeder. Ek het gedink dit sal beter wees as jy dit self doen. Frans, Belinda...luister na wat my moeder aan julle sal beskryf en gee ons dan 'n antwoord. Beide julle essens is betrokke. Beide ons lewens en ons wêreld is betrokke. Mer en Mens.

1. SHYAEL : Alle planete beweeg. Daar is drie bewegings. Terra wentel om haar ster en julle noem dit jare. Dit draai om haar eie as en julle noem dit dag en nag. Korrek?
2. FRANS : Dis reg, ja. Wat het dit met my en Belinda se DNA te doen?
3. SHYAEL : Julle sien maar sien ooknie. Julle planeet en alle planete in die kosmos het ook 'n derde beweging wat sal meebring dat julle eendag sal op kyk in die nag en 'n nuwe hemel bokant julle koppe sal sien en julle sal afkyk en 'n nuwe aarde onder julle voete sien. 'n Nuwe aarde en 'n nuwe hemel.
4. FRANS : Waarvan praat u? Hoe is dit moontlik?
5. SHYAEL : Julle aarde gaan op sy rug draai en kantel reeds op haar as stadig maar seker.
6. FRANS : Wat? Die aarde is besig om op sy as te kantel?
7. SHYAEL : Julle wetenskaplikes verwys verkeerdelik daarna as aardverwarming. Julle kyk nog nie lank genoeg vanuit die ruimte na julle eie wêreld om te besef wat aan die gebeur is nie. Noord sal Suid word en Suid Noord.
8. BELINDA : Hoe is dit moontlik? Wanneer?
9. SHYAEL : Terra het al ses kantelings voltooi in die tyd. Die sewende een het reeds begin. Dit is vervroeg met baie eeue as gevolg van die meer as tweeduisend kern ontploffings wat sedert julle Tweede Wêreldoorlog op die planeet uitgevoer is. Dit het die balans van julle wêreld se magneetveld versteur en die kanteling het reeds begin.
10. FRANS : Dit sal katastrofies wees vir alle lewe op aarde.

1. SHYAEL : Dit sal wees. Seisoene sal skuif. Kontinente sal onder water verdwyn. Nuwe land sal wees waar water voorheen was.
Temperature en weersomstandighede sal verander. Kosmies en ander uitstralings sal jul aarde bereik en alle lewe affekteer.
2. BELINDA : Hoe lank sal so 'n kanteling duur?
3. SHYAEL : Dit is 'n stadige beweging wat miljoene jare sal duur. Baie sal sterf en baie sal oorleef. In die vorige kosmiese tydvlak is alle lewe op aarde byna uitgewis. Ook die groot landdiere kon nie oorleef nie en het uitgesterf oor baie eeue.
4. FRANS : Die dinosourusse?
5. SHYAEL : Dit is hoe hulle tyd geëindig het. Primitiewe lewe. Sommige het oorleef, soos in die oseaan en dieper watermassas op land. Julle suster planeet, Mars, was nie so gelukkig nie.
6. FRANS : Dis wat met Mars ook gebeur het?
7. SHYAEL : Korrek. Julle is egter 'n belangrike spesie vir ons en ons eie oorlewing. Die mensdom moet oorleef sodat ons kan oorleef. Julle tegnologie kan help om julle voortbestaan te verseker as die tyd kom, maar dit is nog nie reg nie. Julle vordering word belemmer deur bose magte op julle planeet wat vir selfsugtige redes die ondergang van alle lewe op Terra sal veroorsaak.
8. BELINDA : Die Mans in Swart?
9. SHYAEL : En ander. Hulle sal verwyder moet word. Ons sal help as die tyd ryp is, en onself stelselmatig aan die aardbewoners bekend maak. Maar om die ware oorlewing van die mensdom te verseker moet die mens self verander.

1. FRANS : 'n Nuwe generasie.
2. SHYAEL : 'n Nuwe mens. Een wat die invloede van die kanteling en die geweldige kosmiese veranderinge wat dit sal meebring sal kan hanteer en oorleef.
3. FRANS : 'n Nuwe spesie? 'n Supermens?
4. SHYAEL : As jy dit so wil stel. Dit is die **enigste** manier om julle voortbestaan te verseker. Ons kan help. Ons wil help.
5. FRANS : Wat van julle Eerste Wet?
6. SHYAEL : Ek en Salacia het gepraat. My tyd is byna voltooi. Die Eerste Wet het ons vir baie tydsvlakke goed gedien, maar alles het verander, alles **móét** verander. Die ou wette kan nie meer geld vir die toekoms nie. Die Eerste Wet sal ook moet verander.
7. SALACIA : Ons wêreld en julle sin sal moet verander as ons dit gaan oorleef. Maar ons moet vroegtydig begin. Ek sal doen wat ek moet wanneer dit begin. Ek sal my wêreld op 'n nuwe pad lei. Een wat Mer en Mens weer sal verenig in tyd soos aan die begin. Ons sal uit die water kom en julle sal van die rots moet klim en ons ontmoet.
8. BELINDA : Julle gaan juisself aan die mensdom onthul?
9. SHYAEL : Dit is al manier om ons beide se oorlewing te verseker.
10. FRANS : Genugtig, dis 'n skop in die maag. Ek begin nou verstaan.
11. SHYAEL : Die essens wat in Äsherah is en wat in haar toekomstige seun se essens sal wees, sal ons oorlewing verseker. *Sessanim en Setanim to fan sesmuna.*

1. BELINDA : Meermin en mens moet verenig. Die Mer-gene sal 'n sterker mensdom lewer wat die effek van die kanteling sal kan weerstaan.
2. SALACIA : En dit sal met julle begin. Jy en Frans sal die nuwe gene begin versprei op aarde. Julle kinders se kinders sal vermeerder en die aarde begin vul, genoeg sal oorleef om eendag die nuwe aarde en nuwe hemel te aanskou en dit te bewoon. 'n Nuwe kans. 'n Nuwe kosmiese dag vir Terra.
3. SHYAEL : Wat is julle antwoord? Äsherah sal geen pyn of ongemak verduur nie. Ons sal haar aan die slaap maak en na kort tyd sal sy ontwaak en alles sal verby wees. Maar 'n nuwe era sal in die geskiedenis van die mensdom plaasvind.
4. FRANS : Ek verstaan nou. "Julle sal die wêreld verander en die geskiedenis herskryf." Julle het nie my toestemming nodig nie, dit is Belinda wat moet besluit.
5. BELINDA : Wel, aangesien ek binne in my die toekoms van twee wêrelde dra, het ek nie juis 'n keuse nie, het ek? Waar meld ek aan?
6. SHYAEL : (VERHEUG) Dankie, Äsherah. Ons is almal jou baie dank verskuldig. Jy en Frans Baker sal die Adam en Eva wees van 'n nuwe geslag mensdom. BIANCA sal jou kom haal en neem na waar die prosedure sal plaasvind. Julle sal onmiddellik daarna weer moet terug keer na jul eie wereld. Ons dank julle.
7. BELINDA : Askies, u hoogheid, ek bedoel, SHYAEL. Ek het 'n versoek?
8. SHYAEL : Enige iets, Äsherah. Binne my vermoë.

1. BELINDA : As ek reeds Frans se kind binne my dra...dan wil ek getroud wees. Ek weet dit is nie belangrik vir julle wêreld nie. Ek wil vra om met Frans Baker te mag trou, hier in Atlantea.
2. SHYAEL : Julle wil 'n aardse troue hier maak?
3. BELINDA : Ja.
4. SALACIA : (OPGEWONDE) Ek dink dis 'n fantastiese idee. Ek het dit nog net op prente gesien.
5. FRANS : Belinda?
6. BELINDA : Wat Frans? Moet nie so verbaas lyk nie. Het jy my lief?
7. FRANS : Natuurlik. Jy weet mos.
8. BELINDA : Sê dit dan?
9. FRANS : Ek het jou lief.
1. BELINDA : Vra my.
2. FRANS : Sal jy met my trou?
3. BELINDA : Ja, ek sal. Hier in die paradys.
4. SHYAEL : Ek kan nie sien hoekom nie.
5. BELINDA : Regtig! Ons sal kan?
6. SHYAEL : (VRIENDELIK) Net as ek die huwelik kan uitvoer.
7. BELINDA : Natuurlik!
8. SHYAEL : Salacia sal jy dit reël. BIANCA kan die ritueel opsoek en memoriseer. Ons kan dit in die Tuine van Neptune op die land doen. Maar dit sal alles vandag nog moet geskied.
9. FRANS : So daar is wel 'n land gedeelte? Ek het my verbeel ek het dit gesien toe ons die planeet genader het.

1. SHYAEL : O, ja, Frans Baker. Waar dink jy oefen ons ons bene en transformasies. (AAN SAL) Toe Salacia, tyd is essens. Ons het 'n troue om te reël.
2. SALACIA : Ja, Moeder. Ek sal dit organiseer terwyl Belinda vir die prosedure gaan. Dit sal ons genoeg tyd gee om alles in plek te kry. (OPGEWONDE) 'n Troue op Atlantea!
3. FRANS : (KUG) Mag ek ook iets versoek?
4. SHYAEL : Ja, Frans Baker? Wat is jou versoek?
5. FRANS : My dogter, Yareli. Mag ek haar sien?
6. SHYAEL : Aan daardie versoek kan Salacia voldoen.
7. SALACIA : Natuurlik, Frans. Sy wag al baie tye lank om jou te ontmoet.
8. FRANS : En ek haar. Wanneer kan ek haar sien?
9. SALACIA : Draai om. Sy staan reg agter jou.

FX KORT MUSIEKBRUG. DOOF. 'N TUIN VAN DIE PALEIS. DIE GEGIGGEL VAN JONG MEERMINNE KAN GEHOOR WORD.

10. YARELI : Ek vra verskoning vir my suster-vriendinne. Dit is vreemd om 'n man mens hier te sien.
11. FRANS : Ek skat dit is byna soos om 'n meermin in my wêreld te sien.
12. YARELI : Ja. Moet ek hulle verdryf?
13. FRANS : Nee. Hulle pla my nie.
14. YARELI : Jy is my vader essens. Hulle weet nie wie hulle vader essens is nie. Min van ons weet wêre ons vader essens is?
15. FRANS : Wel, baie min mans op my wêreld het die voorreg om 'n pragtige meermin dogter te hê en haar te mag sien.
16. YARELI : Ek is 'n voorreg?

1. FRANS : O, jy is. 'n Baie groot een. Glo my.
2. YARELI : (MAAL WOORD IN KOP) Voorreg... ek leer jou woorde in *jashiwaha*. Ek leer dit goed sodat wanneer ek eendag Terra toe gaan dat ek met jou kan praat.
3. FRANS : Jashiwaha? (Ja-she-wa)
4. YARELI : Waar ons leer van Terra. Soos julle skool.
5. FRANS : Ah! Jy het dit baie goed geleer. Jy praat Afrikaans baie goed.
6. YARELI : Angelique leer my baie. Ons praat. Dit is 'n nuwe taal.
7. FRANS : Jy het Angelique geken?
8. YARELI : Ja. My moeder het haar gered. Sy het by ons gebly. (BEAT) Jy was lief vir haar?
9. FRANS : Ek was ja.
10. YARELI : Julle was seun en meisie? (DINK) Soos Romeo en Juliet. Ek ken dit. Julle was so. Ware liefde?
11. FRANS : (LAG) Ja, jy kan so sê.
12. YARELI : Jy is lief vir Belinda?
13. FRANS : Ja.
14. YARELI : Ware liefde? Julle gaan trou maak? Man en vrou?
15. FRANS : Ja. Ons gaan.
16. YARELI : Dit gaan wonderlik wees om te sien. (OOMBLIK) En my moeder, Salacia? Jy het ook liefde vir haar?
17. FRANS : (OOMBLIK) Ja, ek het. Sy is baie anders, spesiaal.
18. YARELI : Manwesens kan liefde deel met baie vroue?
19. FRANS : Nie altyd nie. Dis ingewikkeld...ek bedoel wat tussen my, jou moeder en Belinda is. Een dag sal jy dalk beter verstaan.

1. YARELI : Een dag? Wat is 'n dag?
2. FRANS : Ek bedoel in tyd. Wanneer jy ouer is, soos Salacia.
3. YARELI : Salacia sê die moederplaneet is 'n gevaarlike plek. Maar ek is nie bang nie. Ek kan nie wag om ook eendag daar te gaan om liefde te vind nie. Dan sal ek vir jou kom kuier en ons sal koffie drink en bye-soet eet, ja? Suiker-koffie en melk-koffie?
4. FRANS : (LAG) Ek sien Salacia het jou goed geleer en vertel.
5. YARELI : Ons deel alles in gedagtes. Ek sien alles wat sy doen.
6. FRANS : (KOMMER) Alles?
7. YARELI : (LAG) Behalwe wat sy nie wil hê ek moet sien nie. (STOUT)
Soos taafowii.
8. FRANS : (VERLIG) Dank Neptunus daarvoor. Jy's nog bietjie jonk daarvoor, nie waar nie.
9. YARELI : (PROESLAG) Ek is honderd van julle aardjare oud. Ouer as jy.
10. FRANS : (BESEF) Dis ook weer waar. Maar ek bedoel soos in julle jare.
11. YARELI : Waarom is jou gesig so rooi?
12. FRANS : (KUG) Niks. Dit sal wonderlik wees as jy kom kuier. Daar's baie wat ek jou sal kan wys.
13. YARELI : Ek kan nie wag nie. Salacia sê jy het 'n troeteldier met lang ore?
14. FRANS : Ek het...of liever ek het een gehad.
15. YARELI : Hier is nie troeteldiere nie. Behalwe dolfyne en seekatte Maar jy kan hulle nie in jou kamer hou nie. Ek sal graag een wil hê. Wat is joune?

1. FRANS : Dis 'n hond.
2. YARELI : Wat noem jy hom. Sy naam bedoel ek?
3. FRANS : Sy naam is...was Elmo. Ek is nie seker of hy nog lewe nie.
4. YARELI : Ek verstaan. Die tyd tussen Terra en Atlantea skep verwarring.
Hoe oud raak 'n hond troeteldier soos Elmo?
5. FRANS : Veertien aardse jare. Miskien.
6. YARELI : Dit is vreeslik kort. Hoe lewe jy net so kort?
7. FRANS : Dis hoe dit is, ongelukkig. Julle lewens is baie langer as ons
sin. Maar, jy sal gou moet kom kuier, ek mag dalk al dood wees
teen die tyd dat jy Terra besoek.
8. YARELI : Dit sal my harte baie seermaak en ek sal vir jou mis.
9. FRANS : Ek is net bly dat ek jou kon sien, Yareli.
10. YARELI : En ek vir jou. Jou voorkoms is vir my aangenaam. En ek sal jou
graag weer wil sien en ruik.
11. FRANS : Natuurlik. Ek ook.
12. SALACIA : (NADER OP MIK) O, hier kruip julle twee weg in die tuin.
13. FRANS : Hallo, Salacia.
14. YARELI : *Talaa*, Moeder. Ons praat woorde in Afrikaans taal.
15. SALACIA : Ek hoop julle het genoeg gesels. Ons moet ongelukkig gaan.
16. FRANS : Is dit verby?
17. SALACIA : Ja. Alles is wel. Belinda is alreeds besig om aan te trek.
18. FRANS : Dit was vinnig.
19. SALACIA : Die prosedure is vinnig. Ons sal egter vinnig moet maak. Daar
is binnekort 'n opening in die kosmos waardeur julle moet
terugkeer na Terra. Dit is belangrik dat julle nou gaan.

1. YARELI : (SOEBAT) Kan hy nie nog bly nie, asseblief. Asseblief!
2. SALACIA : Nee, Yareli.
3. YARELI : Asseblief. Net 'n kort tyd meer. Daar is soveel wat ek nog wil vra en praat.
4. SALACIA : Nee. Jy weet hoekom. Frans en Äsherah moet terug. Elke oomblik wat hulle hier vertoef is 'n leeftyd in hulle wêreld.
5. YARELI : (AFGEHAAL) Ek weet...ek verstaan. Dis soos die hond, Elmo.
6. SALACIA : Ja. Dit is anders vir ons as vir hulle.
7. YARELI : Kan ek die troue bywoon?
8. FRANS : Maar natuurlik! Hoe dan anders. Ons het 'n strooimeisie nodig om die ring vas te hou.(BESEF) 'n Ring. Ek het nie 'n ring nie.
9. SALACIA : (LAG) Ontspan, Frans. BIANCA het vir alles gesorg. Daar is 'n pragtige rok vir Belinda gemanifesteer asook 'n pak klere vir jou en 'n trouering van pêrels en goud. Alles is gereed. Al wat kortkom is die bruid en die bruidegom. Sal ons gaan?
10. FRANS : Natuurlik. Kom ons gaan maak geskiedenis?
11. SALACIA : Beslis. Yareli, vind vir BIANCA en sê vir haar ons kom.
12. YARELI : (OPGEWONDE) Ek gaan die ring vashou! (VAN MIK) Daar gaan 'n troue wees op Atlantea! En ek gaan die ring gee...

FX JONG MEERMINSTEMME WAT LAG EN GIGGEL. DOOF

13. FRANS : Salacia...
14. SALACIA : Ja, Frans.
15. FRANS : Kan jy vir 'n oomblik sit, asseblief.
16. SALACIA : Jy wil praat met my?

1. FRANS : Ja. Ek wil net dankie sê vir Yareli. Ek bedoel dat ek haar mag aanskou. Sy is... hemelsmooi. Ek het nie dít verwag nie. Sy is inderdaad spesiaal net soos alles hier...toweragtig. Soos jy.
2. SALACIA : Ek sal nie belofte verbreek nie. Ek weet wat in jou gedagtes is, Frans Baker. Jy hoef nie te vrees nie. Ek sal haar na jou bring op Terra. Jy sal haar weer sien. Ons sal mekaar weer sien wanneer die tyd reg is en die verbintenis moet plaasvind tussen Yareli en julle seun. Sy weet nog nie.
3. FRANS : Dis wat ek wou weet. Dankie. Ek tel elke oomblik tot ek haar weer sal kan sien...en vir jou.
4. SALACIA : En ek vir jou, Frans Baker. Daar gaan oorlog wees tussen my wêreld en die setanor op julle wêreld en ek weet nie hoe lank dit sal neem nie,maar ek sal kom. (BEAT) Ek is bly jy trou met Belinda. In my binnekant is ek soos water wat borrel van vreugde vir julle, maar ook hartseer.
5. FRANS : Hoekom?
6. SALACIA : Jy kan nie in my waters sien nie, maar ek kan sien in jou. Jy het ook liefde vir my.
7. FRANS : Jy weet ek het. Jy het diep in my hart gekruip en jy sal altyd daar bly. Maar ons is twee wêrelde van mekaar verwyder.
Letterlik.
8. SALACIA : Ek weet. Ek het liefde vir jou en Belinda.
9. FRANS : Ek weet. En ons vir jou. Dit sal nooit verander nie.
10. SALACIA : Dit is goed. Familie swem saam.
11. FRANS : Ons swem saam. (OOMBLIK) Wat gaan nou met ons gebeur?

1. SALACIA : Daar is 'n plek op Terra waar meerminne 'n algemene gedagte is. Julle sal 'n nuwe lewe begin in Kopenhagen, Denemark. Dit is waar ons julle gaan plaas.
2. FRANS : Kopenhagen? Regtig? Dit was nog altyd my droom om daar te kon gaan.
3. SALACIA : Ek weet. Jy sal nou **dit** kan doen wat jy nog altyd wou doen, marinebioloog wees, boeke skryf en films maak oor die oseaan en die lewe daarin.
4. FRANS : Ek was altyd beter onder die water as daar bo-op.
5. SALACIA : Jou werk gaan van kardinale belang wees vir die wêreld wat kom. Jy sal ontdekkings maak en boeke skrywe wat die wêreld se bewussyn sal verander en 'n slapende wêreld sal laat ontwaak en voorberei vir die transformasie van die aarde.
6. FRANS : Ontdekkings soos beeldskone wesens wat vir miljoene jare vir ons versteek was in die oseaan?
7. SALACIA : Ja. 'n Bietjie op 'n slag. Ons sal jou wys.
8. FRANS : Ek neem ook aan ons sal hervestig word onder nuwe name.
9. SALACIA : Ja. Frans Baker en Belinda Tutton sal nie meer wees nie.
10. FRANS : En Belinda?
11. SALACIA : Belinda gaan haar eie gimnasium asook 'n reeks gesondheids produkte en aanvullings begin verkoop en bemark.
12. FRANS : Dis iets wat sy nog altyd wou doen. Iets waarvan sy al baie gepraat het, maar nooit kon nie.
13. SALACIA : Presies, en nou sal sy dit kan doen.

1. FRANS : Wat presies gaan sy doen?
2. SALACIA : Dié produkte wat sy gaan ontdek, sal 'n geweldige impak op mense se fisiese gesondheid en welstand hê, regoor die aarde.
Maar dit sal veel meer as net dit doen.
3. FRANS : Genetiese verandering?
4. SALACIA : Opgradering. Genesing van siektes wat julle wêreld tans teister, beskerming teen dit wat kom en nog veel meer.
5. FRANS : Produkte wat julle sal verskaf?
6. SALACIA : Ja. Julle sit al die eeue op die panacea vir al julle voedsel en gesondheidsprobleme en beseft dit nie.
7. FRANS : Die oseaan?
8. SALACIA : En alles wat daarin is. Maar julle verkies om die bron van julle lewe en redding in 'n plastiese, toksiese vuilgoedhoop te verander. Dit wat jy en Belinda gaan doen, sal saam groot veranderinge in julle leeftyd meebring en in die toekoms. Julle kinders sal dit verder voer.
9. FRANS : Ook met julle bystand natuurlik.
10. SALACIA : Alles is klaar gereël. Dokumentasie, alles. Julle sal geen geldelike of ander te kort hê nie. Ek weet daar is baie wat julle sal moet opoffer, baie wat julle sal moet agter laat. Maar julle sal 'n goeie en gelukkige lewe daar geniet.
11. FRANS : 'n Nuwe lewe, 'n nuwe begin.
12. SALACIA : Ja. 'n Kans om van vooraf te begin.
13. FRANS : Daar is min mense wat 'n tweede lewe in een lewe kan kry.

1. SALACIA : Dis is so. BIANCA sal alles aan julle verduidelik op julle terugreis. O, ek het amper vergeet.
2. FRANS : Wat? Dit lyk of julle alles haarfyn beplan het.
3. SALACIA : Nee, dis iets waaroor Belinda baie bly sal wees.
4. FRANS : Oor wat?
5. SALACIA : Wanneer julle in Kopenhagen kom, sal julle ontmoet word deur 'n bekende gesig wat julle sal help om gemaklik in te skakel en deel te word van julle nuwe lewe.
6. FRANS : Wie?
7. SALACIA : Doris Fisher haar juffrou van haar skooltyd.
8. FRANS : Weet Belinda dit?
9. SALACIA : Nee. Jy kan dit hou om haar mee skrik te maak as julle daar kom.
10. FRANS : (LAG) Jy bedoel haar "verras".
11. SALACIA : Ja, dit ook. Kom Frans Baker. Daar is 'n bruid wat wag op haar bruidegom en 'n hele planeet vol Mer wat met groot afwagting 'n aarde-huwelik op Atlantea wil aanskou.
12. FRANS : Genade! Bedoel jy die hele planeet gaan dit sien?
13. SALACIA : Natuurlik! Opdrag van my moeder, álmal moet dit sien. Dis geskiedenis! Dis die eerste hoofstuk van 'n nuwe kosmiese boek en julle twee sal dit skryf.
14. FRANS : Jy gaan nie saam met ons terug nie?
15. SALACIA : Nee, Frans Baker. Ek sal ook ongelukkig nie jou vereniging met Belinda kan kom aanskou nie.
16. FRANS : Dis jammer, maar ek sal nie vra hoekom nie.

1. SALACIA : Want jy weet reeds.
2. FRANS : Ja, ek dink so. Twee meerminne sal bietjie erg wees om te hanteer in my lewe.
3. SALACIA : (HARTSEER) Ja. Een en 'n halwe meermin.
4. FRANS : So, dis dan vaarwel?
5. SALACIA : Vir nou. Tot ons weer sien, Frans Baker.
6. FRANS : Jy sal haar na my toe bring? Yareli.
7. SALACIA : Ek het belowe, het ek nie?
8. FRANS : Jy het. Totsiens, Salacia. Ek sal jou mis.
9. SALACIA : Totsiens, Frans Baker. Mag jy altyd 'n mooi skulp in jou broeksak dra en goue seesand in jou skoene hê.

FX **OORGANGSMUSIEK/ DIE DRIE ANKERS KROEG**

10. KEARNEY : Wat is so dringend dat ek **nou** hierheen moes kom, Danie? Dit het geklink of jou plek besig is om af te brand.
11. BRINK : Nee, Kearney. **Daar** lê die rede voor jou op die toonbank.
12. KEARNEY : Jy bedoel die koevert?
13. BRINK : Ja. Dis aan ons albei geadresseer. Ek wou dit nie oopmaak sonder dat jy by is nie.
14. KEARNEY : Waar kom dit vandaan?
15. BRINK : Ek het geen idee nie. Lynette sê dat dit per hand hier afgelewer is vroeër vandag.
16. KEARNEY : Eienaardig...daar's geen adres of inligting op nie. Niks.
17. BRINK : Net ons name.
18. KEARNEY : Kon die kelnerin sien wie dit afgelewer het?

1. BRINK : Ja, sy het. Dit was 'n jong meisie, **maar** sy kan om die dood nie onthou hoe die persoon gelyk het nie al probeer sy.
2. KEARNEY : Wat? Dit klink bekend.(OOMBLIK) Dink jy waaraan ek dink?
3. BRINK : Al die heelmiddag. Dit was een van hulle.
4. KEARNEY : (ANGSTIG) Maak oop die koevert, Brinkie.
5. BRINK : Genade, my hande bewe...KOEVERT WORD OOPGEMAAK:
6. KEARNEY : Wat is dit?
7. BRINK : Dit lyk soos twee foto's. (OOMBLIK)
8. KEARNEY : Nou haal dit uit dat ons kan sien. HAAL UIT:
9. BRINK : (GESKOK) Kearney... O, my goeie genade...Kyk!
10. KEARNEY : Wie is dit, laat ek sien. (VERBAAS) Nee.Dit kannie wees nie...
11. BRINK : (OPGEWONDE) Jirre, hulle leef, Kearney. Hulle leef nog!
Frans en Belinda! Dis hulle!
12. KEARNEY : (EMOSIE) Ek sien, Brinkie, ek sien! Dank die gode...
13. BRINK : Maar hoe is dit moontlik? Vyf jaar...Waar was hulle?
14. KEARNEY : Ek weet nie, Brink. Maar dit lyk soos 'n troufoto. Hulle het wragtig die strop gehaak iewers op 'n strand.
15. BRINK : Hawaii. Dit lyk soos Hawaii. Dink jy dis waar hulle is?
16. KEARNEY : Nee, nie Hawaii nie. **Dié** foto is nie in Hawaii geneem nie.
17. BRINK : Lyk vir my baie soos Hawaii.
18. KEARNEY : Aikona. Kyk mooi, Brink. Sien jy dit?
19. BRINK : Sien wat? Wat bedoel jy?
20. KEARNEY : Kyk na die agtergrond. Hierdie foto is nie hierrond geneem nie. Nie op hierdie aarde nie.
21. BRINK : Wat? Laat ek weer kyk...

1. KEARNEY : Ons het nie twee sonne nie. Sien jy dit?
2. BRINK : Damn. (VERBAAS) Miskien 'n lens refleksie?
3. KEARNEY : Nee, kyk na hul skaduwees op die sand...dis dubbel.
4. BRINK : Shit...jy's reg. Ek het dit nie opgemerk nie. Dis beslis nie op ons aarde geneem nie.
5. KEARNEY : Wat is op die ander foto?
6. BRINK : Dis nie 'n foto nie, dis net 'n poskaart met 'n standbeeld van 'n meermin op 'n rots. Kyk.
7. KEARNEY : (OOMBLIK) Ek ken daardie beeld. Waar het ek dit al gesien...
8. BRINK : Ek ook, maar ek kan dit nie plaas nie...
9. KEARNEY : Kyk agter op die poskaart, man.
10. BRINK : Kopenhagen, Denmark. Dis Kopenhagen!
11. KEARNEY : Dink jy dis waar hulle is?
12. BRINK : Ek weet nie. Dis 'n boodskap. 'n Bedekte boodskap. Om ons te laat weet hulle is okay. Hulle leef.
13. KEARNEY : Miskien moet ons die nuus met Jantjies deel?
14. BRINK : Ja, die arme drommel het seker al genoeg pyn verduur. Netnou het ons 'n tweede Hans Claassen op ons hande. Maar kom ons wag so 'n week of twee, laat hy nog so 'n bietjie kan suffer vir wat hy gedoen het.
15. KEARNEY : Is daar nêrens 'n adres of datum nie?
16. BRINK : Nee, net **dit** is in 'n fyn vroulike handskrif agterop geskryf.
17. KEARNEY : (LEES) "In die oseaan swem ons altyd vorentoe."
18. BRINK : Salacia?
19. KEARNEY : Salacia!

1. BRINK : Gee hier.
2. KEARNEY : Wat doen jy nou?
3. BRINK : Ek gaan dit op my fotobord vassteek vir almal om dit te sien.
4. KEARNEY : Ek dink nie dis wat ons veronderstel is om daarmee te doen nie. Ek dink dis net vir ons oë bedoel, jy weet.
5. BRINK : Te moer daarmee. Ek sit dit op. Shit...hulle is okay. Hulle leef, John!
6. KEARNEY : Jy's reg. Te moer daarmee. Sit dit op die bord.

FX STAPLE FOTO'S TEEN AANSTEEKBORD VAS.

7. BRINK : Daar's hy! Ek het 'n baie duur 2015 bottel Black Label Pinotage onder die toonbank. Ek dink dis tyd om hom oop te maak. Ek hou hom al lank vir 'n spesiale geleentheid, en **die** kwalifiseer beslis daarvoor.
8. KEARNEY : Ek sekondeer. Haal uit en wys.

FX BOTTEL OOP. GLASE. SKINK TWEE.

9. BRINK : Hier's op Frans, Belinda en Salacia...waar hulle ook mag wees.
10. KEARNEY : KLINK GLAS: En mag hulle veilig wees.
11. BRINK : (BESLIS) Weet jy wat gaan ek doen?
12. KEARNEY : Wat? Moet nie vir my sê jy gaan hulle loop soek nie. Ek dink nie dis wat hulle wil hê nie.
13. BRINK : Nee. Maar net môre gaan ek die naam van hierdie kroeg verander. Die logo, menu's, alles. Nes Frans se pa destyds met die Seeheks gedoen het.
14. KEARNEY : Is jy seker? Die Drie Ankers is al so lank hier.

1. BRINK : Soos nog nooit in my lewe nie. Ek gaan 'n groot neon sign op die voorkant laat aanbring, een wat jy kilometers vêr sal kan sien, maak nie saak wat dit kos nie. En almal wat my vra hoekom ek dit gedoen het, gaan ek die hele storie vertel.
2. KEARNEY : En wat gaan jy die plek dan noem?
3. BRINK : Die Soutwaterheks.

BYK: SLOTKENWYSIE EN EINDAANKONDIGING: